APPÈL MET DIE OOG OP REGSHERSTEL

'N GEREFORMEERD KERKREGTELIKE STUDIE

GJ MEIJER

APPÈL MET DIE OOG OP REGSHERSTEL

'N GEREFORMEERD KERKREGTELIKE STUDIE

GJ Meijer
B.A., Th.M.

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Promotor: Prof dr A le R du Plooy
Hulppromotor: Prof dr M te Velde (TU, Kampen Nederland)

Potchefstroom
2006

VOORWOORD

Uit God en deur God en tot God is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid (Romeine 11:36). Dit geld vir alles in die lewe – ook vir hierdie werkstuk. Ek dank die troue Verbondsgod vir liggaamlike sowel as geestelike vermoëns om dié studie te kon aanpak en afhandel. Deursettingsvermoë en volharding is onontbeerlike gawes van Hom. My bede is dat die inhoud van die studie tot opbou van die kerke, en so tot Sy eer sal strek.

In die proses van studie het die Here talle mense gebruik om te help. My dank gaan aan:

- Prof A le R du Plooy, my studieleier, vir opbouende skaafwerk in gedagtes en woorde.
- Prof M te Velde van die Teologiese Universiteit te Kampen (Broederweg), wat bereid was om – selfs tydens sy ernstige siekte – as hulppromotor te dien.
- Henriëtte – die hulp wat by my pas – vir baie ure van saamdink, luister, begrip, motiveer, klankbord wees, taalversorging en tegniese afronding van die manuskrip.
- Ons seuns: Jannes, Gerben, Arno en Dirk. Julle moes dikwels sonder pa klaarkom. Dankie vir julle ondersteuning, elkeen op sy eie manier.
- My ouers, Egbert en Janny Pouwels, wie se huis, haard en hart altyd oopgestaan het om in rustigheid te kon studeer.
- My suster, Joke de Wind, vir die groot taak om die dokument te proeflees.
- Die biblioteek-personeel van die Teologiese Skool Potchefstroom, die Teologiese Universiteit Kampen (Broederweg) en die Teologiese Universiteit Apeldoorn vir hulpvaardigheid in die soek en vind van die noodsaaklike bronne.
- Kenners op die gebied van die kerklike appèlreg, veral in Nederland. Dit was 'n voorreg om gesprek te kon voer met mr DAC Slump, ds K Harmannij, dr HJCCJ Wilschut, prof H Selderhuis en prof W van't Spijker – almal broeders wie se harte warm klop vir die teorie en praktyk van die kerklike regspraak.
- Die Potchefstroom-kampus van die Noordwes Universiteit en die Teologiese Skool Potchefstroom vir finansiële bystand, onder andere om die studiereis na Nederland moontlik te maak.

Laaste, maar beslis nie die minste nie: ons geliefde broeders en susters van die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort, ons geloofsfamilie. Dankie vir al julle hulp, voorbidding, omgee en begrip. Dankie aan die kerkraad wat by verskeie geleenthede bereid was om studieverlof toe te staan. Daarsonder sou die studie beslis nie afgehandel kon word nie.

Pretoria, Augustus 2006

Gerard Meijer

OPSOMMING

Konflik en verongelyking is eie aan die mens se gebroke bestaan. Die kerk van Christus is nie daarvan gevrywaar nie. Verskeie weë kan gevolg word om konflikte in die kerk op te los. In hierdie studie gaan dit oor regsherstel by wyse van beroep op 'n meerdere vergadering, soos dit in Artikel 31 Kerkorde gereël word.

Probleemstelling

Skriftuurlike begronding van die reg tot appèl ontbreek tot 'n groot mate in die Gereformeerde kerkreg. Daarmee saam is daar 'n gebrek aan 'n duidelike omlyning van die begrip 'verongelyk' in Artikel 31 Kerkorde. Wat die praktyk in die GKSA betref, is sinode-uitsprake oor appèlle deurgaans van so 'n aard dat daar geswyg word oor die pad wat gevolg moet word om versoening te bewerk. Dit het tot gevolg dat die uitslag van 'n appèl nie noodwendig tot oplossing van die konflik en herstel van gebroke verhoudings bydra nie.

Doelstelling en werkwyse

Met hierdie studie word gepoog om:

- deur middel van Skrifstudie te bepaal wat die skriftuurlike grondslag vir appèl en regsherstel in die Gereformeerde kerkreg is;
- vas te stel wat die wese en inhoud van appèl in die Gereformeerde kerkreg is;
- die funksionering, hantering en toepassing van appèl met die oog op regsherstel in die GKSA te evalueer en leemtes in hierdie verband aan te spreek.

Bevindings

Regsherstel vind plaas wanneer:

- 'n appèl volgens duidelik geformuleerde norme beoordeel is;
- 'n uitspraak ooreenkomstig dieselfde norme gelewer is;
- die nodige aksies onderneem is om die partye wat by die appèl betrokke is met mekaar te versoen.

Indeling

Die studie word in vier hoofdele verdeel:

- skriftuurlike begronding van appèl met die oog op regsherstel;
- historiese ontwikkeling van appèl met die oog op regsherstel;
- prinsipiële omlyning van appèl met die oog op regsherstel;
- praktiese hantering van appèl met die oog op regsherstel;

Ter afronding word die navorsingsvrae wat uit probleemstellings voortvloei, by wyse van slotstellings beantwoord.

ABSTRACT

Conflict and injustice are endemic to the imperfectness of human existence, and the Church of Christ is not immune to them. Various means can be adopted to solve conflict in the church. This study is concerned with legal restitution through calling at a major assembly, as provided in Article 31 Church Order.

Statement of the problem

Biblical grounds for the right of appeal are largely lacking in the Reformed church polity. In addition, there is no clear definition of the concept 'injustice' in Article 31 Church Order. In the case of appeals brought to a synod of the RCSA, the verdict usually contains no guidelines on how the matter should be dealt with in practice in order to effect reconciliation. Consequently, the outcome of an appeal does not necessarily contribute to the solution and restoration of broken relationships.

Aim and method of work

This study endeavours to

- determine the biblical grounds of appeal and legal restitution in Reformed church polity through scriptural study;
- establish the essence and content of appeal in Reformed church polity; and
- examine the functioning, treatment and application of appeal with a view to legal restitution in the RCSA, and address shortcomings in this respect.

Findings

Legal restitution occurs when

- an appeal is judged according to clearly defined norms;
- the verdict rests on the same norms; and
- the necessary steps had been taken to reconcile the parties involved in the appeal.

Organisation

The study is divided into four main sections:

- biblical foundation of appeal with a view to legal restitution;
- historical development of appeal with a view to legal restitution;
- fundamental definition of appeal with a view to legal restitution; and
- practical treatment of appeal with a view to legal restitution.

Finally, the research questions born from the problem statement are answered by means of concluding statements.

SLEUTELTERME / KEY TERMS

▪ Verongelyk	▪ Been wronged
▪ Verontreg	▪ Injustice
▪ Reg van appèl	▪ Right of appeal
▪ Meerdere vergadering	▪ Major assembly
▪ Regsherstel	▪ Legal restitution
▪ Versoening	▪ Reconciliation
▪ Kerkreg	▪ Church polity
▪ Artikel 31 Kerkorde	▪ Article 31 Church Order
▪ Appèlprosedure	▪ Procedure for appeal

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 ORIËNTASIE 1
1.2 PROBLEEMSTELLINGS 2
1.3 AKTUALITEIT 5
1.4. NAVORSINGSDOELSTELLINGS EN -VRAE 5
1.4.1 Navorsingsdoelstellings 5
1.4.2 Navorsingsvrae 6
1.5 SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT 6
1.6 METODE VAN ONDERSOEK 7
1.7 INDELING 7
1.8 TEGNIESE ASPEKTE 8
1.8.1 Afkortings 8
1.8.2 Ekskursies en bylaes 8
1.8.3 Bronverwysings en bronnelys 9

HOOFSTUK 2: SKRIFTUURLIKE BEGRONDING

2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS 10
2.1.1 Die Skrif as primêre bron 10
2.1.2 Skrifhantering 10
2.1.3 Werkwyse 12
2.2 ALGEMENE SKRIFONDERSOEK 13
2.2.1 Reg en geregtigheid 13
2.2.1.1 Reg en geregtigheid in die Ou Testament 13
2.2.1.2 Reg en geregtigheid in die Nuwe Testament 15
2.2.2 Regspreek en regspraak 17
2.2.2.1 Regspreek en regspraak in die Ou Testament 17
2.2.2.2 Regspreek en regspraak in die Nuwe Testament 19
2.2.3 Beroep doen op 22
2.2.3.1 Beroep doen op in die Ou Testament 22
2.2.3.2 Beroep doen op in die Nuwe Testament 23
Ekskursie 1: Paulus se beroep op die keiser 24
2.2.4 Versoen en versoening 25

2.2.4.1 Versoen en versoening in die Ou Testament 25
2.2.4.2 Versoen en versoening in die Nuwe Testament 27
2.2.5 Diagram van Hebreeuse, Griekse, Latynse en Afrikaanse begrippe 31
2.2.6 Onderlinge verband tussen begrippe 31
2.3 BESONDERE SKRIFONDERSOEK 31
2.3.1 Die Skrif oor die verontregte 31
2.3.1.1 Die verontregte se reg op regspraak 31
2.3.1.2 Die verontregte se motief vir regspraak 32
2.3.1.3 Die verontregte se doel met regspraak 34
2.3.2 Die Skrif oor die verontregte se saak 36
2.3.3 Die Skrif oor die regter 37
2.3.3.1 Die regter se posisie 37
Ekskursie 2: Die (skeids)regter in 1 Korintiërs 6 45
Ekskursie 3: Die Talmud oor die Sanhedrin en appèl 49
2.3.3.2 Die regter se gawes en ingesteldheid 50
2.3.3.3 Die regter se taak 51
2.3.4 Die Skrif oor die proses van regspraak 53
2.3.4.1 Bekendmaking van vermeende verontregting 53
2.3.4.2 Ondersoek van vermeende verontregting 56
2.3.4.3 Regsuitspraak 58
2.3.5 Die Skrif oor regsherstel as doel en gevolg van regspraak 60
2.4 RESULTAAT VAN SKRIFONDERSOEK 62
2.4.1 Kerklike appèl 'n *non liquet*? 63
2.4.2 Die verontregte 65
2.4.3 Die verontregte se saak 66
2.4.4 Die regter 67
2.4.5 Regspraak 69
2.4.6 Regsherstel 71

HOOFSTUK 3: HISTORIESE ONTWIKKELING

3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS 73
3.2 APPÈL IN DIE VROEË EUROPESE REG 74
3.3 APPÈL IN DIE VROEË EUROPESE KERKREG 76
3.4 APPÈL IN DIE GEREFORMEERDE KERKREG – EERSTE ONTWIKKELINGE 81
3.4.1 Calvyn 81
3.4.2 Franse Gereformeerde kerke 83

3.4.3 Lyn van denke en doen 85

3.5 APPÈL IN DIE GEREFORMEERDE KERKREG – VERDERE ONTWIKKELINGE 86

3.5.1 Konvent van Wesel 1568 86

3.5.2 Eerste Gereformeerde sinodes in die Nederlande 87

3.5.2.1 Sinode Emden 1571 88

3.5.2.2 Sinode Dordrecht 1574 90

3.5.2.3 Sinode Dordrecht 1578 90

3.5.2.4 Sinode Middelburg 1581 91

3.5.2.5 Sinode 's Gravenhage 1586 94

3.5.2.6 Sinode Dordrecht 1618/19 94

3.5.3 Lyn van denke en doen 96

3.6 APPÈL IN DIE GEREFORMEERDE KERKREG – ONTWIKKELINGE NA 1618/19 98

Ekskursie 4: Voetius oor appèlreg 98

HOOFSTUK 4: PRINSIPIËLE OMLYNING

4.1 INLEIDENDE OPMERKINGS 102

4.2 APPÈL IN DIE KERKLIKE EN BURGERLIKE REG: ONDERLINGE VERHOUDING 102

4.2.1 Bipolêre verhouding 103

4.2.2 Polêre verhouding 105

4.2.3 Gesinchroniseerde verhouding 106

4.2.4 Slotsom 109

4.3 BEGRIPSBESKRYWING 110

4.3.1 Appèl in die burgerlike reg 110

4.3.2 Appèl in die Gereformeerde kerkreg 114

Ekskursie 5: Appèl, beswaar en revisie 115

4.3.3 Regsherstel in die Gereformeerde kerkreg 117

4.3.4 Appèl met die oog op regsherstel 118

4.4 BESKRYWING VAN WESENLIKE ASPEKTE 120

4.4.1 Wesenlike aspekte met betrekking tot die appellant 120

4.4.1.1 Die appellant se gronde vir appèl 120

4.4.1.2 Die appellant se motief vir appèl 124

4.4.1.3 Die appellant se doel met appèl 128

4.4.2 Wesenlike aspekte met betrekking tot die partye 130

4.4.2.1 Identifisering van die partye betrokke by die appèl 130

4.4.2.2 Die 'derdes' 132

4.4.2.3 Advokaat by appèl 133
4.4.3 Wesenlike aspekte met betrekking tot die appèlskrif 134
4.4.3.1 Reëls vir appèl 134
4.4.3.2 Maatstaf vir appèl 137
4.4.3.3 Vorm van appèl 138
4.4.3.4 Tyd van appèl 141
4.4.3.5 Kennisgewing van appèl 143
4.4.3.6 Indiening van appèl 143
4.4.3.7 Aantal appèlle 145
4.4.4 Wesenlike aspekte met betrekking tot die regter 147
4.4.4.1 Beroepsinstansies 147
4.4.4.2 Appèlkommissie, appèldeputate, appèlkollege 150
4.4.4.2.1 Appèlkommissie 150
4.4.4.2.2 Appèldeputate 151
4.4.4.2.3 Appèlkollege 153
4.4.4.2.4 Slotsom: wie moet regspreek? 156
4.4.4.3 Toegang tot die burgerlike regter 159
4.4.5 Wesenlike aspekte met betrekking tot die behandeling van die appèl 162
4.4.5.1 Ontvanklikheid 163
4.4.5.1.1 Bereidwilligheid tot regspraak 163
4.4.5.1.2 Maatstaf vir ontvanklikheid 164
4.4.5.1.3 Besluit oor ontvanklikheid 167
4.4.5.2 Grondtoon 167
4.4.5.2.1 Grondreëls vir kerklike regspraak 168
4.4.5.2.2 Kerklike klimaat en styl 172
4.4.5.3 Die saak op tafel 176
4.4.5.3.1 Die saak op die klassistafel 176
4.4.5.3.2 Die saak op die sinodetafel 178
4.4.5.4 Proses van behandeling 180
4.4.5.4.1 Regsondersoek 180
4.4.5.4.2 Regsvinding 182
4.4.5.4.3 Proses-verbaal 185
4.4.6 Wesenlike aspekte met betrekking tot die uitspraak oor appèl 185
4.4.6.1 Verantwoorde uitspraak 185
4.4.6.2 Kerklike uitspraak 187
4.4.6.2.1 Slotbevinding 187
4.4.6.2.2 Pastorale regspraak 187

4.4.6.2.3 Implikasies en advies 188
4.4.6.3 Regskragtige uitspraak 190
4.4.6.3.1 Uitspraak van mindere vergadering nietig verklaar? 191
4.4.6.3.2 Effektuering van uitspraak 195
4.4.6.4 Wanneer 'n appèl in proses is 196
4.5 APPÈL EN ALTERNATIEWE METODES VAN GESKILBESLEGTING 198
4.5.1 Inleidende opmerkings 198
4.5.2 Arbitrasie 198
4.5.3 Mediasie 200
4.5.4 Bindende advies 202
4.5.5 Kommissie van wyse persone 203
4.5.6 Kerkvisitasie 204
4.5.7 Slotsom 205
4.6 SINTESE 206
4.6.1 Partye 206
4.6.2 Appèlskrif 207
4.6.3 Regter 208
4.6.4 Regspraak 209
4.6.5 Regsherstel 211

HOOFSTUK 5: PRAKTIESE HANTERING

5.1 INLEIDING 212
5.2 TEORIE EN PRAKTYK VAN APPÈL MET DIE OOG OP REGSHERSTEL IN DIE GKSA 212
5.2.1 Kerklike appèl en die kerkregtelike stand van sake, 1652 tot 1859 212
5.2.1.1 Eerste periode: Die kerk onder beheer van die Oos-Indiese Kompanjie (1652-1795) 213
5.2.1.2 Tweede periode: Die kerk onder regstreekse staatsbestuur (1795-1843) 217
5.2.1.3 Derde periode: Die kerk op die kruispad (1843-1859) 222
5.2.1.4 Samevatting: Kerklike appèl in die jare 1652 tot 1859 224
5.2.2 Artikel 31 KO en die goedgekeurde appèlprosedure 224
5.2.2.1 Redaksiegeskiedenis van Artikel 31 KO 224
5.2.2.2 Ontwikkeling van 'n appèlprosedure 226
5.2.3 Appèl in praktyk 233
5.3 APPÈLPROSEDURES IN ANDER KERKE 249
5.3.1 Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) 249
5.3.2 Protestantse Kerk in Nederland 252

5.3.3 Gereformeerde Gemeenten 257
5.3.4 Orthodox Presbyterian Church 261
5.3.5 Christian Reformed Church in North America 264
5.3.6 Free Church of Scotland 268
5.3.7 Resultaat 271
5.3.7.1 Kennisgewing van appèl 272
5.3.7.2 Indiening van appèl 272
5.3.7.3 Inhoud van appèl 273
5.3.7.4 Die partye 274
5.3.7.5 Die regsprekende vergadering 274
5.3.7.6 Behandeling van appèl 276
5.3.7.7 Slotbepaling 280
5.4 EVALUERING VAN DIE APPÈLPROSEDURE EN -PRAKTYK VAN DIE GKSA 280
5.4.1 Partye 280
5.4.1.1 Partye: die norm 280
5.4.1.2 Partye: die appèlprosedure aan die norm getoets 281
5.4.1.3 Partye: die praktyk aan die norm getoets 282
5.4.1.4 Partye: bevinding 283
5.4.2 Appèlskrif 285
5.4.2.1 Appèlskrif: die norm 285
5.4.2.2 Appèlskrif: die appèlprosedure aan die norm getoets 285
5.4.2.3 Appèlskrif: die praktyk aan die norm getoets 286
5.4.2.4 Appèlskrif: bevinding 287
5.4.3 Regter 288
5.4.3.1 Regter: die norm 288
5.4.3.2 Regter: die appèlprosedure aan die norm getoets 289
5.4.3.3 Regter: die praktyk aan die norm getoets 289
5.4.3.4 Regter: bevinding 290
5.4.4 Regspraak 291
5.4.4.1 Regspraak: die norm 291
5.4.4.2 Regspraak: die appèlprosedure aan die norm getoets 292
5.4.4.3 Regspraak: die praktyk aan die norm getoets 293
5.4.4.4 Regspraak: bevinding 300
5.4.5 Regsherstel 303
5.4.5.1 Regsherstel: die norm 303
5.4.5.2 Regsherstel: die appèlprosedure aan die norm getoets 303
5.4.5.3 Regsherstel: die praktyk aan die norm getoets 303

5.4.5.4 Regsherstel: bevinding 305
5.5 LEEMTES EN REMEDIE 305
5.5.1 Identifisering van leemtes 306
5.5.2 Remedie: handhawing van die norm in die praktyk 308
5.5.2.1 Norm en prosedure 308
5.5.2.2 Die norm in praktyk 309
5.5.2.3 Redaksie van Artikel 31 KO 311

HOOFSTUK 6: SLOTSTELLINGE

6.1 EERSTE VRAAG: SKRIFTUURLIKE GRONDSLAG 312
6.2 TWEEDE VRAAG: APPÈL IN DIE KERKORDE 314
6.3 DERDE EN VIERDE VRAAG: PRINSIPE EN PRAKTYK 315
6.4 VYFDE EN SESDE VRAAG: APPÈL IN DIE GKSA, LEEMTES EN REMEDIE 317
6.5 TEN SLOTTE 319

BYLAES

Bylae 1: Kerkorde artikels waarna in die studie verwys word 320
Bylae 2: Appèlprosedure van die GKSA 326
Bylae 3: Stappenplan voor de behandeling van een kerkrechtelijke casus 329
Bylae 4: Handreiking voor de behandeling van appèlzaken 331

BRONNELYS

Bronnelys 336
Aanvullende Bronnelys 359

HOOFSTUK 1
INLEIDING

1.1 ORIËNTASIE

Botsing van belange en menings, onderlinge geskille en onenigheid is eie aan die gebroke bedeling na die sondeval[1]. Konflik, stryd, verongelyking en verontregting gaan dikwels daarmee gepaard. Die kerk van Jesus Christus, die gemeenskap van heiliges, is nie van dié sondige gebrokenheid gevrywaar nie; inteendeel[2].

Verskeie weë kan gevolg word om konflikte in die kerk op te los en onreg wat iemand aangedoen is, reg te stel. Onderlinge vermaning ooreenkomstig die eis van Matteus 18:15 is 'n weg wat bewandel kan en moet word. Inroep van medegelowiges om die reg te help herstel, is 'n verdere weg[3]. Die hulp van ampsdraers kan verkry word om 'n saak te besleg[4].

In aansluiting by die regstel van vermeende onreg tussen gelowiges onderling skep Artikel 46 KO ruimte om beswaar in te dien as iemand dit noodsaaklik ag om 'n bestaande besluit van 'n kerklike vergadering te verander. Indiening van sodanige beswaar is eweneens 'n versoek om 'n betwiste besluit reg te stel, al is dit nie noodwendig 'n besluit as gevolg waarvan die beswaarde persoonlik onreg aangedoen is nie.

In hierdie studie gaan dit nie oor regsherstel langs die weg van beswaar ooreenkomstig Artikel 46 KO nie. Dit gaan wel oor regsherstel by wyse van beroep wat op 'n meerdere vergadering gedoen word, soos wat dit in Artikel 31 KO gereël is.

In die wye verskeidenheid gepubliseerde handleidings by die Gereformeerde Kerkorde[5] word algemene uiteensettings van die proses van 'beroep doen op 'n meerdere vergadering', of te wel 'kerklike appèl' gegee. In onderskeiding van al die algemene opmerkings word in dié studie gefokus op kerklike appèl as 'n middel om *regsherstel* tussen gelowiges, wat in 'n staat van *verontregting* leef, te help bewerk.

---

[1] Wiskerke, 1964:76
[2] Martin, 1995:26-28
[3] Matteus 18:16
[4] Eksodus 18:16; 1 Timoteus 5:19
[5] Onder andere Jansen, 1923:142-146; Spoelstra, 1966:197-205; Van der Linde, 1983:130-133; Spoelstra, 1989:196-202; Harmannij, 1990:47-49; Van Rongen, 1995:58-61; Visser, 1999:141-148; Bouwman, 2000:127, 133-134

1.2 PROBLEEMSTELLINGS

Beroep op 'n meerdere vergadering is in die Gereformeerde kerkreg 'n saak wat veelbesproke is[6] en dikwels hanteer word[7]. Dit wil egter voorkom asof daar, met name in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, aan die verhouding tussen appèl en die herstel van reg nie genoegsaam aandag gegee word nie. Die volgende probleemstellings dien as motivering vir dié vermeende leemte.

Probleemstelling 1

Uit bestudering van relevante bronne blyk dat skriftuurlike begronding van die reg tot appèl tot 'n groot mate ontbreek.

De Kock[8] het 'n beperkte studie oor die skriftuurlike begronding van kerklike appèlle gedoen. Enkele jare later het Kruger[9] 'n poging aangewend om by wyse van 'n beswaarskrif enkele skriftuurlike lyne insake appèlreg te trek. Dit is, sonder enige weerlegging uit die Skrif of die belydenis, deur die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika van die hand gewys.

In Nederland het Holwerda[10] op grond van die eksegese van Deuteronomium 16 en 17 by sekere stellings insake appèl uitgekom, wat deur Deddens[11] in fyner besonderhede uitgewerk is en deur Roeleveld[12] vir die Suid-Afrikaanse kerkregering in 'n artikel verwerk is. Te Velde[13] het enkele verdere Bybelse riglyne vir die hantering van appèlle uitgestippel. Die *Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)* in Nederland het 'n studie onderneem met die oog op die daarstel van nuwe appèlprosedure[14]. Dit is egter opvallend dat in dié deeglike studie so te sê geen skriftuurlike gronde vir appèlreg gegee word nie. Bouwman[15] bevestig dat hierdie leemte eweneens in die Gereformeerde Kerke in Australië en Kanada bestaan. Hy noem dat daar oor die algemeen heelwat Skrif*aannames* is, maar dat Skrif*bewyse* ontbreek.

---

[6] Smit, 1995:395
[7] Vergelyk Acta, 1997:49-118; 2000:41-182; 2003:41-115
[8] De Kock, 1982:5-7
[9] Acta Algemene Sinode, 1988:132-138
[10] Holwerda, 1957:457-478
[11] Deddens, 1953a:366
[12] Roeleveld, 1972a:41-51
[13] Te Velde, 1994a:580-582
[14] Haitsma, 2002a:1-11; Haitsma, 2002b:1-9; Haitsma, 2004:5-12
[15] Bouwman, 2000:127

Probleemstelling 2

Volgens Artikel 31 KO is appèl na 'n meerdere vergadering moontlik as iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is. Sommige verklaar verongelyking as persoonlike verontregting wat bewys moet word[16]. Ander beskou dit as 'n breër term, wat op regskrenking in die algemeen dui[17]. 'n Duidelike omlyning van die begrip 'verongelyk' ontbreek.

Reeds van die eerste eeue af was appèl in die kerklike lewe bekend[18]. In die ontstaan en ontwikkeling van die kanonieke reg in die Roomse Kerk is daar riglyne vir appèl neergelê. Met die reformasie in Frankryk is daar onder leiding van Calvyn aandag aan appèl gegee[19]. In navolging van die Franse Kerkorde is appèl deur die Konvent van Wesel 1568 binne die konteks van ampstug in die artikels van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke opgeneem[20]. Die Sinode van Emden 1571[21] het appèl binne 'n breër konteks geplaas. Die Sinode van Dordrecht 1578[22] het die bepaling van appèl in die vorm gegiet waarin die Dordtse Kerkorde[23] dit ook het. Dit is nie duidelik wat die motivering was waarom die reg tot appèl uit die konteks van ampstug geneem is en in 'n breër konteks gestel is nie. Dit is eweneens nie duidelik met watter begrensing die kerke die term appèl (*provocatio*) binne die twee verskillende kontekste in die kerkorde opgeneem het nie.

Probleemstelling 3

Weens die oënskynlike gebrek aan skriftuurlike begronding (probleemstelling 1) en duidelike omlyning van vermeende verontregting (probleemstelling 2) bestaan daar 'n verdere leemte, naamlik die verband tussen appèl en regsherstel.

Uitsprake van meerdere vergaderinge van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor appèlle is deurgaans van so 'n aard dat die vergaderinge hulle daarvan weerhou om noukeurig uiteen te sit wat die pad is wat gevolg moet word om versoening te bewerk[24]. Dit wek die indruk dat die appèl en die behandeling daarvan 'n op sigself staande saak word wat losgemaak word

---

[16] Visser, 1999:142
[17] Bouwman, 1970b:42; Bouma, 1988:43; Van Dellen en Monsma, 1954:141; Spoelstra, 1966:197; Van der Linde, 1983:132
[18] Deddens, 1953v:60
[19] Roeleveld, 1972a:48
[20] Bouwman, 1970b:41
[21] Acta, Artikel II.3
[22] Acta, Artikel 19
[23] Artikel 31 Dordtse Kerkorde
[24] Byvoorbeeld Acta, 1997:49-118; 2000:41-182; 2003:41-115

van die konflik wat daaraan grondliggend is. Dit het tot gevolg dat die uitslag van 'n appèl nie noodwendig tot oplossing van die konflik, herstel van gebroke verhoudings, versoening en vrede in die kerklike lewe bydra nie[25].

In die huidige appèlprosedure van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word daar nie na herstel van reg, en hoe om dit te bereik, verwys nie.

Probleemstelling 4

Dit wil voorkom asof die behandeling en afhandeling van appèlle in sekere gevalle tot verdere regskrenking en nuwe appèlle lei, instede daarvan dat die reg en die vrede herstel word.

'n Appèl is 'n regsaak[26]. Diegene wat oor die appèl uitspraak moet lewer, moet met die reg asook met die inhoud van die saak vertroud wees[27]. Kruger[28] stel dat afgevaardigdes by meerdere vergaderings oor die algemeen geen kenners van die reg is nie. As gevolg van die wyse waarop appèlle hanteer word, is afgevaardigdes deurgaans ook nie ten volle met die inhoud van die saak vertroud nie. Derhalwe word uitsprake gelewer deur regters wat nie by magte is om tot sodanige uitspraak te kom nie. Dit skep 'n situasie waarin onreg seëvier, en opnuut geappelleer word[29].

Probleemstelling 5

Dit blyk dat daar in die wêreldlike reg[30] na regsherstel as vrug van 'n appèl gestreef word[31]. Dit is nie duidelik hoe dié strewe in die kerkregering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwesenlik word nie.

Oor die algemeen word daar gewaarsku teen toepassing van 'wêreldlike' regspraktyke in die kerklike reg, veral wat die hantering van kerklike appèlle betref[32]. Die rede(s) hiervoor word deurgaans nie verskaf nie, of slegs in die verbygaan genoem sonder om dit grondig te motiveer.

---

[25] Spoelstra, 1966:205; Visser, 1999:145; vergelyk Jonker, 1965:14; Kamphuis, 1966:150; Smit, 1987:20; Strating, 1984:25; Van der Walt, 1976:165
[26] Spoelstra, 1989:191
[27] Roeleveld, 1972b:61
[28] Kruger, 1992:66
[29] Hodge, 1884:498; Kruger, 1992:72; vergelyk Smit, 1987:27; Spoelstra, 1986:104
[30] Nie-kerkregtelike regsisteme word in hierdie studie met die versamelterm 'wêreldlike reg' aangedui. In bepaalde gevalle word die nie-kerklike reg nader aangedui as burgerlike reg, konstitusionele reg, strafreg of prosesreg, afhangende van die konteks waarbinne dit gebruik word.
[31] Hiemstra, 1987:755
[32] Hooijer, 1865:203; Roeleveld, 1972a:41; Smit, 1984a:103; Spoelstra, 1989:190; Van der Linde, 1983:133

Ooreenkomste en verskille tussen appèl met die oog op regsherstel in die wêreldlike reg en in die kerklike reg word nie noukeurig omskryf nie.

1.3 AKTUALITEIT

Die vyf probleemstellings verwoord tot 'n groot mate die aktualiteit van die studie.

Aanvullend tot die probleemstellings moet daarop gewys word dat die besinning oor die reg tot appèl voortdurende aandag geniet, veral wat betref die verfyning van die appèlprosedure[33].

Die feit dat elke nasionale sinode en bykans elke partikuliere sinode appèlle hanteer, onderstreep eweneens die aktualiteit van die studie.

Dit moet ook gestel word dat 'n regsbeginsel en -praktyk wat so 'n groot invloed en uitwerking op die kerklike lewe het, nie onbespreek mag bly nie – veral nie in ag genome die vermeende leemtes wat daarin bestaan nie.

1.4 NAVORSINGSDOELSTELLINGS EN -VRAE

1.4.1 Navorsingsdoelstellings

Die doel van die studie is om:

- deur middel van Skrifstudie te bepaal wat die skriftuurlike grondslag vir appèl en regsherstel in die Gereformeerde kerkreg is (vergelyk probleemstelling 1);
- uit die destyds heersende wêreldlike asook kanonieke reg vas te stel wat die wese en inhoud van appèl is soos dit in 1568 in die kerkorde van die Gereformeerde kerke opgeneem is; om verder vas te stel hoe appèlreg in die Gereformeerde kerkreg ontwikkel het (vergelyk probleemstelling 2);
- vanuit die Skrif, die kerkgeskiedenis en die wêreldlike reg – met inagneming van heersende etiese norme – die beginsels waarop appèl en regsherstel rus, asook die wesenlike aspekte waaruit dit bestaan, te identifiseer en te beskryf (vergelyk probleemstelling 3);
- die funksionering, hantering en toepassing van appèl met die oog op regsherstel in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, met verwysing na appèlprosedures van enkele ander

[33] GKSA, 1998:45

kerke (veral in Nederland, waar die wortels van die GKSA lê), te evalueer (vergelyk probleemstelling 4);

- die belang van Skrifgefundeerde hantering van appèl met die oog op regsherstel, asook vermeende leemtes in hierdie verband, vir die kerkreg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uit te wys (vergelyk probleemstelling 5).

1.4.2 Navorsingsvrae

In ooreenstemming met en in aansluiting by die doelstellings word gepoog om die volgende navorsingsvrae te beantwoord:

- Is daar in die Skrif sprake van appèl soos dit in Artikel 31 KO verwoord is? Wat word in die Skrif binne die breë konteks van God se geregtigheid oor die reg van die verontregte, die posisie en taak van die regter en oor die proses van regspraak in geval van verontregting geopenbaar?
- Wat is die wese en inhoud van appèl soos dit in 1568 in die Kerkorde van die Gereformeerde kerke opgeneem is en daarna in die Gereformeerde kerkreg tot en met Dordrecht 1618/19 ontwikkel het?
- Wat is volgens die Skrif, die kerkgeskiedenis en die wêreldlike reg die beginsel(s) waarop appèl en regsherstel in die kerklike lewe rus? Uit watter wesenlike aspekte bestaan dit? Hoe kan dié aspekte beskryf word?
- Hoe funksioneer appèl met die oog op regsherstel in die konteks van die Gereformeerde kerkorde en kerkregering? Wie is geroep om reg te spreek? Watter bevoegdhede het die kerklike regters? Volgens watter kriteria en prosedure moet hulle regspreek? Wat is die grense van hulle regspraak? Op watter wyse moet hulle regspraak deur die betrokkenes in die regsaak ontvang en nagekom word?
- Wat is die resultaat as die hantering en toepassing van appèl met die oog op regsherstel in die verloop van die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die hand van die geformuleerde norme geëvalueer word?
- Watter moontlike leemtes is daar in die hantering van appèl met die oog op regsherstel in die kerkregering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, en hoe kan daardie leemtes aangespreek word?

1.5 SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT

Regsherstel vind plaas wanneer:

- 'n appèl volgens duidelik geformuleerde formele sowel as materiële norme beoordeel is;
- 'n uitspraak ooreenkomstig dieselfde norme gelewer is;

- die nodige aksies onderneem is om die partye wat by die appèl betrokke is (te wete die appellant en die respondent), met mekaar te versoen.

1.6 METODE VAN ONDERSOEK

Uit die Skrif, sowel as uit eksegetiese, dogmatiese en kerkregtelike bronne word vasgestel wat die skriftuurlike fundering vir onderskeidelik kerklike appèl en regsherstel is. Besondere aandag word aan Skrifuitsprake oor die reg en taak van die verontregte, die posisie en roeping van die regter, asook die proses van regspraak en die onderlinge verhouding tussen regspraak en regsherstel gegee.

Ten einde die historiese ontwikkeling van appèl met die oog op regsherstel te beskryf, sal eerstens vasgestel word wat appèl in die wêreldlike reg beteken. Regswoordeboeke en studies in die prosesreg word geraadpleeg om te bepaal wat die wese en begrensing van appèl is. Aandag word geskenk aan appèl in die *Corpus Iuris Canonici* van die Roomse Kerk, soos wat dit gedurende die sestiende eeu, toe dit in die Gereformeerde kerkorde opgeneem is, hanteer is. Uit kerkhistoriese bronne word ondersoek wat die Konvent van Wesel bepaal, bedoel en vasgestel het toe hulle die term appèl in navolging van die Franse Kerkorde in die Gereformeerde kerkorde opgeneem het. Kerkhistoriese navorsing insake Sinodes Emden 1571, Dordrecht 1578, Middelburg 1581 en Dordrecht 1618/19 word gebruik om die herkoms van en die redes vir die invoering van appèl in die kerkorde na te gaan.

Vir die identifisering en beskrywing van die wesenlike aspekte van kerklike appèl word Artikel 31 KO as primêre bron bestudeer. Appèlprosedures, kerkorde-handleidings, kommentare en toeligting op die kerkorde asook relevante wetenskaplike artikels dien as sekondêre verwysingsmateriaal.

Die appèlprosedure van die GKSA sowel as die praktiese hantering van appèlle, soos wat dit uit die acta van nasionale sinodes van die GKSA na vore kom, word krities beskryf. Relevante standpunte ten opsigte van die kerklike appèl - hetsy bevestigend, hetsy weerleggend - word so volledig moontlik weergegee en bespreek.

1.7 INDELING

Die studie word in vier hoofdele verdeel:

- skriftuurlike begronding van appèl met die oog op regsherstel;
- historiese ontwikkeling van appèl met die oog op regsherstel;
- prinsipiële omlyning van appèl met die oog op regsherstel;

- praktiese hantering van appèl met die oog op regsherstel;

In 'n slothoofstuk word die navorsingsvrae (paragraaf 1.4.1.2) beantwoord.

1.8 TEGNIESE ASPEKTE

1.8.1 Afkortings

Die volgende afkortings word gebruik:

Kerke

CRCNA	Christian Reformed Church in North America
FCS	Free Church of Scotland
GG	Gereformeerde Gemeenten, Nederland
GKSA	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
GKV	Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt), Nederland
NGK	Nederduits Gereformeerde Kerk, Suid-Afrika
NGSK	Nederduits Gereformeerde Sendingkerk, Suid-Afrika
OPC	Orthodox Presbyterian Church
PKN	Protestantse Kerk in Nederland

Belydenis en Kerkorde

NGB	Nederlandse Geloofsbelydenis
HK	Heidelbergse Kategismus
DLR	Dordtse Leerreëls
KO	Kerkorde

1.8.2 Ekskursies en bylaes

In enkele gevalle word 'n ekskursie tot die teks toegevoeg. Die inhoud van die ekskursie dra nie direk tot die ontwikkeling van die gedagtegang in die teks by nie. Dit dien as newe-teks en bevat belangrike inligting wat op die betrokke deel in die hoofteks van toepassing is.

Sekere dokumente waarna reëlmatig in die studie verwys word en van belang is om in geheel van kennis te neem, word as bylaes ná die slothoofstuk ingevoeg.

1.8.3 Bronverwysings en bronnelys

Daar word van die aanbevole en gebruiklike Harvard-metode van bronverwysing afgewyk[34]. In navolging van studies in die regswetenskappe word van voetnote gebruik gemaak[35]. Voetnote maak, in die geval van hierdie studie, die teks makliker leesbaar. In sommige gevalle word voetnote gebruik om 'n newe-gedagte of kommentaar op 'n bepaalde deel in die teks weer te gee. Voetnote verwys na die bronnelys waarin volledige bibliografiese gegewens van die betrokke publikasie verstrek word.

In die bronnelys word slegs na bronne verwys wat in die geskrewe dokument voorkom. Ander bronne wat in die studie gebruik is, maar waarna nie in die geskrewe dokument verwys word nie, word apart gelys.

[34] Noordwes Universiteit, Handleiding vir Nagraadse Studie D 18/2004 (2.5.3)
[35] Noordwes Universiteit, Handleiding vir Nagraadse Studie D 18/2004 (2.5.4)

HOOFSTUK 2
SKRIFTUURLIKE BEGRONDING

2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

2.1.1 Die Skrif as primêre bron

In die Gereformeerde kerkreg, soos in alle ander dele van die Gereformeerde teologie, staan die Woord van God in die sentrum. Die Skrif is die primêre bron; in 'n sekere die enigste bron[1]. Die belydenisskrifte en liturgiese geskrifte, die geldende kerkorde en geskrifte van canonici is hulpbronne omdat en vir sover hulle met die enigste bron – die Skrif – ooreenstem. In dieselfde sin bied die reëls van natuurlike geregtigheid (*ius naturale*) 'n algemene verwysingsraamwerk waarmee in die bestudering en beoefening van die kerkreg voortdurend rekening gehou moet word[2].

Deddens[3] merk in verband met die Skrif as primêre bron vir die kerkreg op dat 'het zoeken en vinden van het recht, het toepassen van't recht zulk een hoge en heilige zaak is, dat we zonder de voortdurende leiding des Geestes daartoe onbekwaam zijn. Daarbij sluit zich onmiddellijk aan als onmisbaar vereiste: kennis van het Woord des Heeren. Geen studie en uitwerking van 'regeltjes' los van het Woord. Maar bij alle beoefening en toepassing van het recht in Christus' kerk moet de Schrift het eerste en laatste woord hebben: heel de Kerkenorde, alle overeengekomen bepalingen dienen bezien en toegepast te worden in het licht van het Woord'.

2.1.2 Skrifhantering

Die vertrekpunt dat die Skrif as primêre bron vir die bestudering van die Gereformeerde kerkreg in die algemeen en hierdie studie in besonder dien, vereis nadere uitleg. Van't Spijker[4] waarsku teen 'n biblisistiese Skrifberoep in die kerkreg. 'n Biblisistiese Skrifberoep kom daarop neer dat 'n stelsel of 'n gebruik met 'n enkele Bybelvers of -verse geregverdig word. Van't Spijker[5] waarsku tegelyk teen fundamentalisme in die kerkreg. Fundamentalistiese Skrifgebruik vind sy vergestalting in 'n reduksie van die Skrif tot enkele fundamentele

---

[1] Van't Spijker, 1998:23
[2] Douma, 1990:26-28; Blok, 1990:772; sien hoofstuk 4.4.5.2.1, waar die reëls van die *ius naturale* met betrekking tot die Gereformeerde kerkreg en kerkregering bespreek word.
[3] Deddens, 1953a:227
[4] Van't Spijker, 1998:37
[5] Van't Spijker, 1998:39

waarhede. Reduksie van waarhede is deurgaans willekeurig. Bepaalde Skrifdele word bo ander verhef en buite konteks geplaas.

Met betrekking tot regte Skrifhantering merk Te Velde[6] op dat daar voortdurend besin moet word oor en herinner moet word aan die hermeneutiese vrae wat grondliggend aan die kerkreg is. Te Velde gaan eweneens daarvan uit dat die Skrif die bron van besinning is. Maar hoe? Die Skrif mag nooit misbruik word deur op 'n simplistiese manier reëls daaruit af te lees en dit dan klakkeloos in huidige omstandighede toe te pas nie. Te Velde pleit daarvoor dat daar in kerkreg, soos in alle ander teologiese arbeid, konsekwent verder gedink moet word. Die Skrif moet met 'n gehoorsame lewe beantwoord word. Met die oog daarop moet konkrete omstandighede in die huidige tydsgewrig met sy eise deeglik verreken word. Bybelse antwoorde vir kerkreg in gegewe omstandighede kan nie sommer 'één op één' uit die Skrif afgelei word nie.

Verdam[7] wys eweneens op die gevaar van 'n oorvereenvoudigde 'één op één' toepassing van die Skrif. In 'n referaat oor die toepassing en bestudering van die Mosaïese reg beklemtoon hy die uniekheid van die Mosaïese wet. 'Veel meer dan juridische wet in de tegenwoordige zin, was de Mozaïsche wet meer een instruerend en onderwijzend geheel van regels, mee omdat daarin niet alleen wat wij rechtsleven noemen in betrokken wordt, maar het gehele leven besproken wordt'. Verdam wys daarop dat daar in die struktuur van die Mosaïese wet geen sorgvuldige onderskeiding tussen burgerlike, strafregtelike en staatsregtelike voorskrifte in die moderne sin van die woord gemaak word nie. Regsvoorskrifte met religieuse en morele bepalings is ineengeweef. Verdam waarsku teen pogings om met moderne regsbegrippe die wetgewing van Moses te deurvors. In so 'n geval word sowel die eie struktuur van die Mosaïese reg as die blywende waarde van die Ou Testament misken.

Verdam[8] onderstreep voorts die belang van die feit dat die rabbyne die wet van Moses aangevul het, en dat Christus die wet van Moses vervul het. In die dae van Christus se omwandeling op aarde het die Mosaïese wet steeds besondere krag gehad. Dit is deur die rabbyne uitgelê en toegepas en met reëls aangevul. Die rabbynse invulling en aanvulling van die wet het 'n moderner wetgewing tot stand gebring, waaraan Jode buite Palestina eweneens gebind is. Tegnies-juridies word die wet van Moses met die skeuring van die tempelgordyn op Goeie Vrydag vervul. *De facto* het die vervulling van die wet van Moses eers later gestalte

[6] Te Velde, 2004c:125
[7] Verdam, 1956:4
[8] Verdam, 1956:6-7

gekry: Handelinge 15. Daar is 'n binding aan die wet van Moses, maar op 'n unieke wyse. Die vryheid in Christus, wat die wet van Moses vervul het, staan in die sentrum[9].

Toegepas op die bestudering en hantering van appèlreg, is dit volgens Te Velde[10] belangrik om allereers gehoorsaam na die Skrif te luister, maar ook om te hoor wat gelowiges deur alle eeue oor dieselfde onderwerp gesê het, en ten slotte om fyn na die eise van die moderne samelewing te luister. Te Velde identifiseer gevolglik drie luistergebiede: die Skrif, die kerk en die leefwêreld. Al drie word deur die Gees van God omspan. Te Velde[11] kom tot die slotsom dat, wie met inagneming van die drie luistergebiede te werk gaan, bemerk dat daar geen outomatiese antwoorde op vrae is nie. Hermeneuse is 'n voortdurend voortgaande beweging. Telkens weer kom die vraag na vore: wat wil die Here hier en nou?

Met betrekking tot die Skrifstudie wat volg, sal in gedagte gehou word:

- wat die direkte konteks (religieus-regtelik, siviel-regtelik, maatskaplik, sosiaal) is waarbinne 'n Skrifgegewe staan en verstaan moet word;
- wat die historiese ontwikkeling is wat bepaalde wette en vorme van regspraak ondergaan het;
- hoe 'n Ou Testamentiese gegewe in Christus vervul is (heilshistoriese lyn);
- op watter wyse die in-Christus vervulde Ou Testamentiese gegewe in die Nuwe Testament en vandag van toepassing is.

2.1.3 Werkwyse

Op die basis van bogenoemde gaan gepoog word om vas te stel wat die skriftuurlike grondslag vir appèl en regsherstel in die Gereformeerde kerkreg is[12].

Algemene Skrifondersoek

Omdat die sleutelbegrippe appèl en regsherstel, soos wat dit in hierdie studie gebruik word, nie as sodanig in die Skrif voorkom nie[13], sal daar eerstens 'n *algemene* Skrifondersoek gedoen word.

- In verband met appèl gaan veral aan die begrip 'beroep doen op' aandag gegee word (paragraaf 2.2.3).
- In verband met regsherstel word op die begrip 'versoening' gefokus (paragraaf 2.2.4).

---

[9] Verdam, 1956:11; vergelyk ook Artikel 25 NGB
[10] Te Velde, 2004c:126
[11] Te Velde, 2004c:127
[12] Sien probleemstelling 1 onder hoofstuk 1.2 en die eerste navorsingsvraag onder hoofstuk 1.4.2.
[13] Sien paragraaf 2.4.1

- Die twee sleutelbegrippe word binne die breë Skrifkonteks van reg, geregtigheid en regspraak nagegaan (paragrawe 2.2.1-2.2.2).

Dit is uiteindelik en ten diepste die bedoeling om die onderlinge verband tussen al die begrippe aan te toon en vas te stel hoe 'beroep doen op' en 'versoening' in die Godgegewe reg en regspraak ingebed en verweef is en as grondslag vir die regter se regspraak ten opsigte van 'n verontregte gelowige behoort te dien.

Besondere Skrifondersoek

In die tweede, die *besondere* deel van die Skrifondersoek word op vyf hoofsake[14] gefokus:

- Die *verontregte* en die teenparty (paragraaf 2.3.1).
- Die vermeende *onreg* wat hom aangedoen is (paragraaf 2.3.2).
- Die *regter* (paragraaf 2.3.3).
- Die proses van *regspraak* (paragraaf 2.3.4).
- *Regsherstel* as doel en gevolg van regspraak (paragraaf 2.3.5).

Spesifieke vrae wat by elke hoofsaak beantwoord word, is:

- Wat is die verontregte se reg op, motief vir en doel met regspraak?
- Wanneer kan/mag iemand van verontregting kla?
- Wie is die regter?
- Watter norme geld vir regspraak; hoe moet die norme in praktyk gebring word?
- Hoe moet regspraak tot regsherstel bydra?

2.2 ALGEMENE SKRIFONDERSOEK

2.2.1 Reg en geregtigheid

2.2.1.1 Reg en geregtigheid in die Ou Testament

Reg (*tsedeq*) en geregtigheid (*tsedaqah*) is juridiese begrippe met 'n ryk, positiewe inhoud[15]. Dit wys in die eerste plek op God, wat 'n regverdige Regter (*sjofet tsadiq*) genoem word[16].

---

[14] Die vyf hoofsake wat hier genoem word, loop soos 'n goue draad deur die hele studie (vergelyk hoofstuk 4.4 en 5.4).
[15] Snaith, 1947:69; Pop, 1984:237; Te Velde, 1994a:580
[16] Psalm 7:12; vergelyk De Kock, 1982:5

Omdat God reg is[17], en daar in Hom geen onreg is nie[18], eis Hy dat sy volk reg sal doen[19]. Die volk moet die reg najaag wat van God uitgaan[20].

God se reg staan objektief vas, in dié sin dat Hy bepaal wat reg is[21]. God maak sy reg aan die mens bekend. Die mens word geroep om God se reg in gehoorsaamheid aan Hom te bedien. Bediening van reg hou in dat daar ooreenkomstig die wil van God reg gedoen word aan iemand wat onreg ly.

Die juridiese begrippe reg en geregtigheid is tipiese verbondsbegrippe[22], wat op aktiewe toepassing van God se verbondsgenade, -eis en -wraak dui[23]. God se geregtigheid is gerig op die beveiliging van die lede van die verbondsvolk[24], die voorreg dat elkeen die vrug van sy arbeid kan geniet[25], die eis dat geen mens belaster mag word nie[26], die reg van 'n verarmde om weer as 'n vry mens in die samelewing te beweeg[27], die beskerming van minderbevoorregtes, armes en gestremdes[28]. Lede van die verbondsvolk het kragtens die verbond die voorreg om op God se geregtigheid aanspraak te maak. Dit kom veral na vore in die selfstandige naamwoord *dhîn*, wat nou aansluit by *tsedeq*[29]. *Dhîn* dui op 'Rechtsanspruch, Rechtstreit, Rechtsfrage, Rechtspruch, Urteil'[30].

Oor die effek van God se reg en geregtigheid skryf Smit[31]: 'YHWH se reg en geregtigheid akkommodeer ook betekenisaspekte van die begrippe herstel, normaliseer, en ophef in verskeie kontekste ... Deurdat YHWH sy volk in 'n verbondsrelasie betrek, normaliseer hulle hele lewe, deurdat dit opgehef word tot die vlak wat dit behoort te wees: die vlak van vrede met God vanweë toegewyde gehoorsaamheid aan sy heerskappy'. Smit wys aan die hand van Genesis 30:6 en Deuteronomium 32:36 daarop dat God 'n gebroke, ontoereikende situasie deur sy *tsedeq* in die teendeel verander. God se geregtigheid is gerig op verlossing[32] en

---

[17] Deuteronomium 32:4
[18] Psalm 92:16
[19] Esegiël 18:5-9
[20] Deuteronomium 16:20
[21] Te Velde, 1994a:580
[22] De Kock, 1982:5; Lion-Cachet, 1994:254
[23] Pop, 1984:238
[24] Eksodus 21:28-31; Deuteronomium 22:8
[25] Levitikus 19:13; Deuteronomium 24:14
[26] Deuteronomium 19:15-19
[27] Deuteronomium 15:12-18
[28] Deuteronomium 23:19
[29] Botterweck, Ringgren en Fabry, 1982:201
[30] Koehler en Baumgartner, 1958:208
[31] Smit, 1984a:166
[32] Snaith, 1947:69

vergewing van sonde. As vergewing van sonde tot die beloofde behoud van die volk lei, is die vergewing as sodanig 'n bewys dat God sy reg handhaaf[33]. God soek lewe vir sy volk[34].

In die Ou Testament word die komende Messias verwag as die beloofde Koning wat die onreg, wat as gevolg van sonde ontstaan het, herstel[35]. Die beloofde Messias sal reg doen aan verdruktes en Hy sal aan die regverdiges gee wat hulle van Godsweë beloof is[36]. Deur die Messias sal Jahweh se reg oor die hele wêreld werklikheid word en nie net tot Israel beperk bly nie[37]. Die vrug van die Messiaanse regsherstel is 'n toestand van geregtigheid (*tsedaqah*) waarin die Godsvolk sal leef[38].

Wat laasgenoemde betref is daar 'n duidelik omlynde eskatologiese verwagting vir die gelowige wat God se reg handhaaf[39]. Die regverdige sal, danksy God se geregtigheid, deur die geloof lewe[40]. Die hoop van die gelowige is dat God ongetwyfeld sál laat reg geskied[41].

2.2.1.2 Reg en geregtigheid in die Nuwe Testament

Die Griekse begrippe *dikaios*, *dikaiosune* en *dikaiôo* is ontleen aan die stam *dik*, wat 'rigting gee, koers aanwys' sowel as 'dit wat aangewys is' beteken[42]. Die begrip *dikaio* het 'n bepaalde ontwikkeling ondergaan, wat soos volg saamgevat kan word: 'What is established becomes a state of manner, so that *dikê* means: a. what is customary, b. what is proper, and c. what has to be. 2. Legally, what is established is what is laid down by law as a. law, b. legal case or plea or decision, and c. punishment'[43]. *Dikê* is verwant aan die werkwoord *deiknumi*, wat 'aantoon, aanwys, openbaar maak, bewys, duidelik maak' beteken[44].

Die naamwoord *dikaios* dui op 'regverdig, billik, ooreenkomstig sedes en regte, eerlik, gelykwaardig, onpartydig, goed, wettig, eksak, korrek'[45]. *Dikaios* sluit inhoudelik aan en bou voort op die reg in die Ou Testament[46].

---

[33] Pop, 1984:239
[34] Psalm 51:16; Psalm 143:1,2; Miga 7:9
[35] Koch, 1979:526; De Kock, 1982:4
[36] Jeremia 23:6; Jesaja 11:3-5; Psalm 72:12-14
[37] Koehler en Baumgartner, 1958:794; Pop, 1984:239
[38] Jesaja 1:26-31; Daniël 9:24; vergelyk Koch, 1979:526,527
[39] Pop, 1984:239
[40] Psalm 37:29; Habakuk 2:4
[41] Psalm 42:12
[42] Muller en Thiel, 1969:200; Bromiley, 1985:168-169
[43] Bromiley, 1985:169; Danker, 2000:250
[44] Cremer, 1915:295; Muller en Thiel, 1969:171
[45] Schrenk, 1950:184-186; Muller en Thiel, 1969:199; Danker, 2000:246-247
[46] Schrenk, 1950:190

God is *dikaios*. Hy is regverdig in sy oordele[47]; sy gebooie is regverdig en goed[48]. God se reg word die duidelikste in die soendood van Jesus Christus sigbaar[49]. God doen reg wanneer Hy oordeel én wanneer Hy red[50].

Die Messias is dié Regverdige[51]. So is daar van Hom geprofeteer[52], en so het Hy in Israel bekend geword – selfs onder die heidense Romeine. Pilatus se vrou noem Hom 'die regverdige man'[53]. Schrenk[54] toon aan dat die *dikaiosune* van die Messias in die eerste plek beteken dat Hy God se Raad vervul het[55]. Dit beteken verder dat Hy, die Sondelose, vir sondige mense gesterf het[56]. As Regverdige verkondig die Messias God se reg, en roep Hy sy luisteraars tot geregtigheid op[57]. In Openbaring 19:11 word bekend gemaak dat Christus, die regverdige Regter, kom om in geregtigheid te oordeel[58].

Dikaiosune wys op die staat van geregtigheid en regverdigheid wat langs die weg van regspleging tot stand kom[59]. *Dikaiosune* is 'n heilsgawe van God[60]. Die algemeen juridiese betekenis van *dikaiosune* is regsherstel by wyse van toekenning van dit wat verskuldig is[61].

In die Skrif val die klem eerstens op God se geregtigheid[62]. Die Septuagint gebruik die woord *dikaiosune* konsekwent vir die Hebreeuse *tsedaqah*[63]. Soos *tsedaqah*, is *dikaiosune* 'n verbondsbegrip. Binne die raamwerk van verbondsgenade, -eis en -wraak dui *dikaiosune* op Goddelike oordeel. Die geregtigheid van die mens bestaan daarin dat hy om Christus wil van skuld verlos en vrygespreek word, en opnuut in die regte verhouding tot God te staan kom[64]. Schrenk[65] noem dié handeling van God 'forenschische Gerechtsprechung': regspraak wat in die hof gelewer word.

---

[47] 1 Petrus 2:23; Openbaring 16:5
[48] Romeine 7:12
[49] Romeine 3:21-26; vergelyk Pop, 1984:240
[50] 1 Johannes 1:8-10
[51] Vergelyk Cremer, 1915:210; De Kock, 1982:5
[52] Jeremia 23:5; Sagaria 9:9
[53] Matteus 27:19
[54] Schrenk, 1950:190-191
[55] Handelinge 3:13, 14 en 7:52
[56] Matteus 27:4
[57] Matteus 5-7; Johannes 5:30
[58] De Kock, 1982:5
[59] Muller en Thiel, 1969:199
[60] Cremer, 1915:311; Danker, 2000:247-249
[61] Schrenk, 1950:195
[62] Onder andere Romeine 3:25; 2 Korintiërs 5:21
[63] Schrenk, 1950:197
[64] Romeine 4:22
[65] Schrenk, 1950:207

Sonder geloof in Christus, dié Regverdige, kan daar geen *dikaios* wees nie[66]. 'Man wird aber dadurch ein *dikaios*, dass man die enthüllte *dikaiosune Theou* und *soteria* im Glauben empfängt ... Der *dikaios* ist der durch Glauben Gerechtfertigte'[67]. Dit is slegs genade om geregtigheid van God in en deur Christus te ontvang[68]. Bromiley[69] merk op grond van Titus 3:5 op: 'Salvation is by divine mercy, not in virtue of deeds that we have done in righteousness'. Die balans tussen reg en genade is Godgegewe en uniek. 'Justice and grace are actively united for all time and at the deepest level. This means that antinomian laxity is excluded, for forgiveness is an act of judgment which expresses God's uncompromising No to sin. God's righteousness is judical and gracious at the same time in the one act of salvation in Christ'[70].

Deuteronomium 17:4 verwys na die verantwoordelikheid van die regter om in alle sake wat voor hom dien 'terdeë ondersoek in te stel'. Die Griekse begrip *anakrino* bevestig die regter se verantwoordelikheid. *Anakrino* verwys na die regsproses, wat meestal die vorm van 'n geregtelike ondervraging aangeneem het[483]. Daar mag nie op gerugte afgegaan word nie. Deur middel van ondervraging en deeglike ondersoek moet die inhoud van die klag van verontregting sover moontlik gekontroleer en geverifieer word[484].

'n Integrale deel van die ondersoek is gevolglik om alle betrokke partye in die regsaak aan te hoor. Op die pleine by die stadspoort het prosedures gegeld wat klem op die aanhoor van die saak plaas[485]. Salomo het 'n spesiale regsaal in sy paleis gehad waar hy sake aangehoor het[486]. In die hantering van die klag word die aangeklaagde eers geleentheid gegee om sy saak persoonlik teenoor die klaer te stel. Sake is meestal mondeling[487], maar soms ook skriftelik gestel[488]. Nadat die klaer en die aangeklaagde aangehoor is, kry beide geleentheid om getuies op te roep. Getuies moet weet dat hulle getuienis 'n saak van groot erns is, aangesien hulle deel word van vonnis-voltrekking[489].

Net soos in die Ou Testament, is daar in die Nuwe Testament besonder klem op hoor en wederhoor – die *audi alteram partem*-reël – geplaas[490]. So het Christus voor Annas, Kajafas, Pilatus én Herodes verskyn alvorens 'n uitspraak gelewer is[491]. Paulus is deur die Joodse Raad, die Romeinse owerste oor duisend, Felix, Festus én Agrippa aangehoor voordat hy in appèl na Rome gaan om deur die keiser self gehoor te word[492].

In hulle regspleging moet die regters verseker dat die feite op grond waarvan hulle moet oordeel, vasstaan[493].

---

[482] Holwerda, 1957:430
[483] Lukas 23:14; Handelinge 4:19; vergelyk Cremer, 1915:630-632; Büchsel, 1950:944-955; Bromiley, 1985:473-475
[484] Holwerda, 1957:447-448
[485] Deddens, 1953n:370
[486] 1 Konings 7:7
[487] Deuteronomium 1:16, 21:20; 1 Konings 3:16-22; Spreuke 18:17
[488] De Vaux, 1973:277
[489] Deuteronomium 17:7; 1 Konings 21:13; Handelinge 6:11-13, 7:58
[490] Deddens, 1953n:370
[491] Lukas 22:63-23:25
[492] Handelinge 22 tot 26
[493] Deuteronomium 13:14, 17:4, 19:18

Billikheid is 'n skriftuurlike eis met betrekking tot regspraak[494]. In Psalm 58:2 kla Dawid dat die billikheid (*misjoor*) by regspraak ontbreek. Jesaja[495] profeteer dat billikheid die beginsel is waarvolgens die Messias sal regspreek. Billikheid hou rekening met die uniekheid en eiesoortigheid van elke saak. Plek, tyd en omstandighede speel 'n belangrike rol in die billike beoordeling van feite. Elke saak moet op eie meriete oorweeg word – dit is 'n ou regsreël. Dit is onmoontlik om alle omstandighede in 'n regsreël vas te lê[496]. Regters moet hulle verstand gebruik en vroom wees.

In die Skrif val die klem ook op die spoed waarmee die materie van 'n regsaak hanteer moet word[497]. Onreg moet so gou moontlik aangewys en weggedoen word; die verongelykte se reg moet haastig herstel word; die weg van vrede moet sonder verspilling van kosbare tyd betree word; alles wat die voortgang van die reg vertraag moet haastig uit die weg geruim word.

2.3.4.3 Regsuitspraak

Die resultaat van die geregtelike ondersoek is: die saak staan vas[498]. Blykens Deuteronomium 17:9 het die priesters en die regter die gesamentlike taak om na afloop van die ondersoek 'n regsgeldige, en daarom bindende uitspraak (letterlik: woord van reg) te lewer[499]. Reg doen is: 'Jemanden für den erklären, der das Recht an seiner Seite hat, ihn für Gerecht erklären'[500]. Die regter moet ooreenkomstig God se wet die skuldige straf en die onskuldige (verdrukte) verlos. Regters moet in hulle regspraak enersyds onkreukbaar en onomkoopbaar wees; andersyds moet hulle vol barmhartigheid vir die ellendige wees. Dan word daar regverdige regspraak beoefen wat deur 'die verkiesende styl van Jahweh' beheers word[501].

In die Nuwe Testament word die ampsdraers in die *ekklesia*, sowel as die *ekklesia* self vir uitspraak in 'n regsaak verantwoordelik gehou. Uit Matteus 18:17 word dit duidelik dat, indien 'n sondaar die vermaning van die hele *ekklesia* in die wind slaan, 'n regsdaad plaasvind: afsnyding[502]. Hierdie regsdaad impliseer nie dat die draad van soekende liefde geheel en al verbreek word nie[503]. Christus self het getoon en geleer dat Hy gekom het om heidene en

---

[494] Deddens, 1953o:378
[495] Jesaja 11:4
[496] Deddens, 1953o:379
[497] Deddens, 1954h:208
[498] Deuteronomium 16:18b; Deuteronomium 17:4
[499] Vergelyk Eksodus 20:24; Psalm 132:9; Holwerda, 1957:474
[500] Gesenius, 1886:709; vergelyk Koch, 1979:514
[501] Holwerda, 1957:425-426
[502] Calvyn, 1971:76-77; Trimp, 1982:158-168
[503] Rienecker, 1953:256; Van Bruggen, 1990:350

tollenaars tot bekering te roep[504]. Die hoop bly altyd bestaan dat die sondaar oor wie daar reg gespreek is, tot inkeer sal kom.

Intussen moet die erns van die uitspraak wat op aarde gelewer word, nie onderskat word nie. 'Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees'[505]. Die inleidende formule 'Amen, Ek sê vir julle' wys op die besondere nadruk en erns wat in die uitspraak opgesluit lê[506]. Die aksies van bind en ontbind verwys terug na die bevoegdheid van Petrus en die ander dissipels om die leer van Christus met gesag te bedien[507]. Die regsuitspraak op aarde het geldigheid voor God, die Regter op die hemelse troon. 'In Petrus spreekt God zélf en naar het op aarde verkondigde woord zal God eenmaal oordelen'[508].

Die erns van die uitspraak word in Matteus 18:19 onderstreep: 'Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is'. Dit word aanvaar dat die 'vra' op die algemene gebedslewe van die *ekklesia* dui[509]. Die direkte verband tussen verse 15 tot 18 en verse 19 tot 20 is egter ooglopend en van belang[510]. Die belang van nougesette regspraak, asook gebed tot die Here om wysheid in die regspraak te gee, word bevestig. Op die gelykluidende getuienis van twee of drie (vers 17a) word die sondaar wat hom nie bekeer nie aan die gemeente bekend gemaak. By volharding van sonde word hy op grond van God se bindende en ontbindende Woord regtens van die gemeenskap met die Verbondsgod en sy verbondsvolk afgesny[511].

Waar die *ekklesia* wettig in die Naam van die Koning van die kerk vergader, en ooreenkomstig sy Woord regsuitsprake doen, kan op sy teenwoordigheid gereken word[512]. Die 'daar is Ek in julle midde' herinner aan die uitspraak van 2 Kronieke 19:6 – 'En hy het aan die regters gesê: Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die HERE; en *Hy is by julle* in die regspraak'. Goddelike teenwoordigheid dien tot bemoediging van hulle wat moet regspreek; dit onderstreep tegelyk die ontsaglike verantwoordelikheid van die aardse regters teenoor die hemelse Regter.

---

[504] Lukas 15:2, 19:1-10; vergelyk Grosheide, 1922:219
[505] Matteus 18:18
[506] Van Bruggen, 1990:351
[507] Matteus 16:19
[508] Trimp, 1982:155
[509] Grosheide, 1922:220; Rienecker, 1953:256
[510] Calvyn, 1971:80; Hendriksen, 1976:702; Van Bruggen, 1990:352
[511] Van Bruggen, 1990:352
[512] Matteus 18:20; Calvyn 1971:81

Die noodsaaklikheid van stiptelike en konsekwente optrede word in 2 Kronieke 19:7 bevestig: 'Mag die skrik van die HERE dan nou op julle wees; handel nougeset, want by die HERE onse God is geen onreg of partydigheid of aanneming van geskenke nie'. Eerbied vir die HERE is die vrug van 'n diep besef dat die HERE se wet heilig is[513], en dat die HERE sy wet met onweerstaanbare krag toepas[514]. Die skrik van die HERE moet regters tot nougesette optrede verbind. Kruger[515] beklemtoon in hierdie verband die persoonlike verantwoordelikheid van die regter by regspraak. Hy verwys na die 1983 Afrikaanse vertaling van 2 Kronieke 19:6 – 'die verantwoordelikheid van die reg rus op julle'. Alhoewel dit geen eksak letterlike weergawe van die Hebreeuse teks is nie, is die slotsom waartoe gekom word, korrek. 'n Regter kan en mag nie voor God en die mense wegskram van sy verantwoordelikheid vir sy regspraak nie[516]. Calvyn[517] bevestig regters se persoonlike aanspreeklikheid in sy kommentaar op Psalm 82:3: 'Daar de verdrukking dus uit zich zelve luid genoeg roept, en de rechter, die in zijne hooge plaats is gezeten, zich houdt alsof hij niets ziet of hoort, verklaart de Profeet dat dusdanige veinzerij niet ongestraft zal blijven'.

2.3.5 Die Skrif oor regsherstel as doel en gevolg van regspraak

Uitspraak in 'n regsaak kan en mag nie formeel soos 'n emmer koue water uitgegiet word nie. 'De rol van de rechter bestond niet zozeer in het opleggen van een straf als wel in het beslechten van een geschil door op te komen voor de rechtvaardigheid. Hij was meer een verdediger van het recht (Amos 5:10), dan een bestraffer van de misdaad. Hij was een rechtvaardige scheidsrechter (Job 9:33)'[518].

Die uitspraak van die regter het wetlike en morele implikasies: 'Legally - a person whose conduct is examined and found to be unobjectionable: not guilty, innocent, in the right. Morally in the right - innocent, guiltless; and therefore just, righteous'[519]. In die uitspraak van regters moet klaers en aangeklaagdes die hand en stem en leiding van die HERE bemerk[520]. Regsuitsprake wil mense oortuig, en hang ten nouste saam met liefde, barmhartigheid en wysheid[521]. 'De rechtspraak moet concrete mensen zien, moet levenswarm zijn, en moet dan sanerend, zuiverend, heel-makend en vrede-brengend zijn. Ze moeten dwalende en fouten makende mensen verder helpen en weer in het rechte spoor brengen, twisten beslechten, de

[513] Deuteronomium 4
[514] Noordtzij, 1938:235
[515] Kruger, 1986:47
[516] Vergelyk Psalm 94:14-23
[517] Calvyn, s.j.b.:212
[518] De Vaux, 1973:277; vergelyk Heaton, s.j.:150
[519] Holladay, 1971:303
[520] Te Velde, 1994a:580
[521] Wiskerke, 1964:76

zaken weer terechtbrengen. In de aanpak van de rechtspraak moet dat merkbaar worden. Je bent niet klaar als je hebt uitgemaakt wie gelijk of ongelijk heeft. Er is een verder liggend doel: dat alles weer in orde komt, dat mensen geleid worden op de weg van vrede. Dat is de teneur van het spreken van de Schrift over recht en rechtspraak. De goede rechter is herderlijk, pastoraal bezig, onderwijzend, vermanend, waarschuwend, overredend'[522]. Die uitspraak word op sigself 'n appèl op die broederhart. Onreg moet uitgesuiwer word en plek maak vir reg. Konflikte in die onderlinge omgang tussen lede van die verbondsvolk moet opgelos word. 'Waar mensen met elkaar zijn vastgelopen, moeten ze weer verder kunnen'[523]. As sake só verloop, vind reg en vrede mekaar[524].

Goeie regspraak is 'n seën van God. Dit dien tot behoud van die verbondsvolk in geheel en die lede van die verbondsvolk individueel[525]. Te Velde[526] stel aan die hand van Sagaria 8:16 - 'Zij die geroepen worden om recht te spreken, moeten steeds het groter kader in het oog houden, waarin hun rechtspraak een plaats heeft. Het gaat de Here om het goede voor zijn volk, om recht en heil, vrede en genezing'. Regverdige regters, 'n regverdige regstelsel en wyse regshandhawing is nodig om 'n rustige gemeenskap te skep; 'n gemeenskap waarin mense mekaar onderling kan vertrou[527].

Die effek van goeie regspraak is helend en genesend van aard. Jetro is daarvan oortuig dat sy raad aan Moses – mits dit volgens die wil van God is – tevredenheid onder die volk tot gevolg sal hê. Na deeglike regspraak sal al die betrokke partye in vrede na hulle woon- en werkplek kan terugkeer[528].

Vrede sal slegs 'n werklikheid word as die uitspraak van die regter in gehoorsaamheid aan God eerbiedig word. Dit word in Deuteronomium 17:10 beklemtoon: 'En jy moet handel ooreenkomstig die uitspraak wat hulle jou te kenne sal gee, uit dié plek wat die HERE sal uitkies; en jy moet sorgvuldig doen net wat hulle jou sal leer'. Omdat die uitspraak die wil van die HERE in die gegewe omstandighede is, mag dit op geen manier in die wind geslaan word nie. Verontagsaming van 'n regsuitspraak is niks anders nie as verontagsaming van die HERE. Vandaar die herhaling: *'en jy moet sorgvuldig doen'*. Die werkwoord *'leer'* aan die einde van die sin het die grondbetekenis van 'aanwysing gee, die pad wys, opdragte saamgee'[529]. Regspraak in Israel is baie meer as kliniese toepassing van die wet in 'n regsaak. 'Het is de

---

[522] Te Velde, 1994a:581
[523] Te Velde, 1994a:581; vergelyk Moscati, 1953:142
[524] Psalm 85:11-14
[525] Smit, 1985:166
[526] Te Velde, 1994a:581
[527] Lion-Cachet, 1994:257
[528] Gispen, s.j.:49
[529] Koehler en Baumgartner, 1958:403

genadegave van iemand de rechte weg wijzen, met bevel van, nu dat licht hem gegeven is en de weg hem gewezen, nu ook op die weg te gaan'[530]. Die eis tot stiptelike gehoorsaamheid word in Deuteronomium 17:11 saaklik herhaal en onderstreep: 'Ooreenkomstig die wet wat hulle jou leer en volgens die regspraak wat hulle jou sê, moet jy handel; jy mag nie regs of links afwyk van die uitspraak wat hulle jou te kenne gee nie'. Die kombinasie van die terme wet (*torah*) en regspraak (*misjpat*) is veelseggend[531]. Die wet (*torah*) is die Woord van God, soos bedien deur die priesters. Die regspraak (*misjpat*) is die uitspraak van God, soos bedien deur die regter. Die priesters, wat die saak ondersoek, kom in die lig van Godsopenbaring tot die slotsom: so sê die HERE in hierdie geval. Dié aanwysing maak die pad vir die regter, wat nie meer geweet het hoe om die saak te beoordeel nie, oop om tot regspraak oor te gaan[532].

In Deuteronomium 17:12 word 'n waarskuwing toegevoeg: 'En die man wat vermetel handel, dat hy nie luister na die priester wat staan om daar die HERE jou God te dien, of na die regter nie – dié man moet sterwe'. Opstand teen die ampsdraer impliseer opstand teen die Ampgewer. Die man wat nie wil buig voor die gesag van die HERE nie, moet weens sy eiewaan gestraf word omdat hy God en sy gebod minag[533]. Tug oor verbondsbreuk deur 'n enkeling werk genesend vir die verbondsvolk in geheel. Omdat die volk by die teregstelling van die verbondsbreker betrokke is (vers 7), sal almal opgeskerp word om hulle van onregmatige optrede – waaronder negering van regsuitsprake – te weerhou[534].

2.4 RESULTAAT VAN SKRIFONDERSOEK

Die bedoeling met die Skrifstudie is om vas te stel wat die skriftuurlike grondslag vir appèl en regsherstel in die Gereformeerde kerkreg is. In verband hiermee moet die volgende vrae beantwoord word[535]:

- Is daar in die Skrif sprake van appèl soos dit in Artikel 31 KO verwoord is?
- Wat word in die Skrif binne die breë konteks van God se geregtigheid oor die reg van die verontregte geopenbaar?
- Wat maak die Skrif oor die posisie en taak van die regter bekend?
- Wat word uit die Skrif duidelik met betrekking tot die proses van regspraak in geval van verontregting?

---

[530] Holwerda, 1957:475
[531] Sien paragraaf 2.2.2.1; Ridderbos, s.j.:11; Deddens, 1953h:283-285
[532] Holwerda, 1957:476; Vonk, 1966b:600
[533] Ridderbos, s.j.:12; Holwerda, 1957:476-477; Vonk, 1966b:601
[534] Holwerda, 1957:478
[535] Sien hoofstuk 1.4.2

Die resultaat van die Skrifondersoek word as antwoorde op genoemde vrae geformuleer. Die resultaat sal as basis vir die vervolg van die studie dien.

2.4.1 Kerklike appèl 'n *non liquet*?

Dit word algemeen aanvaar dat kerklike appèl, soos wat dit in Artikel 31 KO voorkom, nie op duidelike en/of direkte Skrifuitsprake rus nie[536].

Anders as die algemene aanvaarding teken Menochius (De republ. Hebr. I,6.4) – soos aangehaal deur Deddens[537] – by Eksodus 18:21 aan dat daar beroep moontlik sou wees vanaf die owerste oor tien op die owerste oor vyftig, vanaf die owerste oor vyftig op die owerste oor honderd, ensovoorts. Gispen[538] se opmerking dat 'Mozes zelf het hoogste beroep moet vormen' sluit hierby aan, alhoewel Gispen kwalifiseer wat hy met 'hoogste beroep' bedoel: 'zodat hij zich niet meer behoeft in te laten met elke kleine zaak'. Volgens Deddens het die opvatting van hoër beroep in Eksodus 18 geen redelike gronde nie. Vers 22 vermeld uitdruklik dat alle groot (ingewikkelde) sake na Moses gebring moes word, terwyl kleiner sake deur owerstes hanteer kon word. Dit kán impliseer dat sake wat nie voor 'n owerste besleg kon word nie na Moses verwys is, maar dit is volgens Deddens geen 'hoër beroep' soos dit in Artikel 31 KO voorkom nie. Dit was nie so dat 'n mens hom vanaf die oordeel van 'n laer regter op 'n hoër regter kon beroep omdat hy hom in sy reg gekrenk geag het nie. Deddens sien die struktuur van Eksodus meer in lyn met Artikel 30 Dordtse Kerkorde – 'n mindere vergadering kon 'n saak nie afhandel nie, nou word dit aan 'n meerdere vergadering voorgelê. Dié opvatting van Deddens word in Deuteronomium 1:17 en 17:8 gesteun, en word derhalwe as deurslaggewende argument ter weerlegging van Menochius se aantekening by Eksodus 18:21 aanvaar.

Holwerda[539] stel as opskrif bo Deuteronomium 17:8-13 'Het hof van appèl'. By die bespreking van Deuteronomium 16:18 merk hy op[540]: 'Over de vraag of er ook instanties waren voor hoger beroep, en indien ja, hoever dergelijke bevoegdheden zich uitstrekten, kunnen we hier niet spreken; te zijner tijd hopen we in ander verband daarop terug te komen'. Weens sy plotselinge afsterwe het Holwerda nooit by 'te zijner tijd' uitgekom nie. Junker, soos aangehaal deur Holwerda[541] is van mening dat daar in Deuteronomium 17 van 'n appèlhof sprake is: 'hier (wird) ein oberstes Zentralgericht für die schwierigeren Fälle und jedenfalls auch für

---

[536] Vergelyk Deddens, 1953q:19; Roeleveld, 1972a:46; De Kock, 1982:24
[537] Deddens, 1953q:19
[538] Gispen, s.j.:49
[539] Holwerda, 1957:457
[540] Holwerda, 1957:425
[541] Holwerda, 1957:458

Berufungen eingerichtet'. Hierteenoor is eksegete deurgaans eenstemmig dat daar in Deuteronomium 16 en 17 nie van 'n *beroeps*instansie sprake is nie, maar van 'n *hoër* geregshof, waar moeiliker sake vir meerdere besinning voorgelê word[542].

Indien dit so is dat daar vir kerklike appèl geen direkte Skrifuitspraak(e) bestaan nie, lei dit noodwendig tot die volgende twee vrae: kan daar van 'n skriftuurlike fundering vir kerklike appèl sprake wees; en: as die Heilige Skrif kerklike appèl soos dit in die Gereformeerde kerkregering toegepas word, nie ken nie – is dit dan hoegenaamd geoorloof?

In antwoord op dié vrae stel Deddens[543]: alles wat in die Skrif nie gebied word nie of nie met Skrifvoorbeelde verifieerbaar is nie, is om daardie rede nog nie ongeoorloof nie. Net so min is nie alles geoorloof wat nie *expressis verbis* in die Skrif verbied word nie. Die feit dat Paulus hom op die keiser beroep is volgens Deddens as sodanig 'n bewys dat appèl nie *per sé* deur die Here afgekeur word nie.

Deddens noem verder dat dit nie vreemd is dat daar in die Nuwe Testament geen vergadering was waarop lidmate hulle beroep het nie. Lidmate kon hulle op die apostels beroep[544]. Deddens se slotsom is: 'Uit het zwijgen van het Nieuwe Testament over kerkelijke appèl is dus niet te concluderen, dat na het wegvallen van het apostolisch ambt zulk appèl ongeoorloofd zou zijn'. Deddens steun op die *argumentum e silentio*.

Met betrekking tot die vraag of kerklike appèl 'n *non liquet* is, moet tussen twee sake onderskei word. Die aksie van appèl is een saak. Die regsinstansie (in terme van Artikel 31 KO: die kerklike meerdere vergadering) op wie 'n beroep vir regspraak gedoen word is 'n ander saak.

Met betrekking tot die aksie van appèl is aangetoon dat die Ou Testamentiese *tsa'aq 'al* 'n regsbegrip is, wat 'beroep doen op' beteken[545]. In geval van verontregting is daar ruimte om dié verontregting uit te wys en op regsherstel aanspraak te maak. Nieteenstaande die feit dat Albertz[546] van mening is dat *tsa'aq 'al* nooit 'n vakterm vir 'n duidelik omlynde regsprosedure geword het nie, wys hy tog daarop dat *tsa'aq 'al* uitgaan van iemand wat in 'n staat van onreg is. In aansluiting by die betekenis van *tsa'aq 'al*, skryf Liedke[547] oor die gebruik van *sjafat* dat die gelowige wat verontreg is, is kragtens God se verbondsbelofte op regspraak geregtig. Die

[542] Ridderbos, s.j.:10; Von Rad, 1964:84; Vonk, 1966b:600
[543] Deddens, 1953s:35
[544] 1 Korintiërs 4:21; 2 Korintiërs 13:2; 2 Tessalonisense 3:6; 3 Johannes verse 9 en 10
[545] Sien paragraaf 2.2.3.1
[546] Albertz, 1979:571-575
[547] Liedke, 1979:1002

Nuwe Testamentiese *boao* en *epikaleomai tina* is eweneens begrippe met 'n juridiese belading[548], wat met die Latynse *appellare* en *provocare* ooreenkom.

Uit dit alles, sowel as uit die ander gegewens wat onder paragraaf 2.2.3 weergegee en bespreek is, word dit duidelik dat skriftuurlike begronding van kerklike appèl nie op 'n *argumentum e silentio* berus, soos Deddens aanvoer nie. Dit is ook geen *non liquet*, soos eksegete deurgaans meen nie. Inteendeel, die Skrif gee genoegsame en deurslaggewende getuienis vir die *feit dat* daar geappelleer kan word, die *wyse waarop* dit behoort te geskied, asook die *behandeling en afhandeling* van 'n appèl tot eer van God en die herstel van die versteurde geloofsgemeenskap.

Oor die regsinstansie(s) by wie geappelleer word, sal in hoofstuk 4 verdere ondersoek gedoen word[549].

2.4.2 Die verontregte

Die Skrif openbaar binne die breë konteks van reg en geregtigheid talle besonderhede oor lede van die verbondsvolk wat onreg ly.

Die verontregte se reg op regspraak

- In sy geregtigheid waak God oor die lede van die verbondsvolk, in besonder dié lede wat verontreg word.
- Die oomblik as 'n lid van die verbondsvolk in terme van God se geregtigheid op watter manier ook al verontreg word, is so 'n persoon kragtens God se verbondsbelofte op regspraak en regsherstel geregtig.
- 'Beroep doen op' reg dui op 'n sterk persoonlike aanspraak (appèl) op God om in te gryp in die nood van die verontregte.
- Aan die kruis het Christus die reg op regspraak ontbeer en sodoende die sekerheid verwerf dat almal wat in sy Naam tot God om hulp roep wel deur Hom gehoor word.
- Christus verwerf vir sy mede-erfgename die reg om op die reg 'n beroep te doen.
- Die gelowige kan by wyse van gebed tot God nader en beroep doen op herstel van gedane onreg.
- Daarmee saam kan die gelowige Godgegewe regters op aarde nader om in sy nood in te gryp. In dié geval word die beroep hardop uitgespreek en kenbaar gemaak.

---

[548] Sien paragraaf 2.2.3.2; Schmidt, 1950:498; Cremer, 1915:569
[549] Sien in besonder hoofstuk 4.4.4

Die verontregte se motief

- As gevolg van die mens se sondige aard kan negatiewe emosies of dryfvere die motief vir die aangaan van 'n regsaak beïnvloed.
- Teenoor die gevaar van eiegeregtigheid en selfhandhawing, beklemtoon Matteus 18:15 dat intense droefheid oor die naaste se (vermeende) skuld voor God die dryfveer vir bestraffing moet wees.
- Geen regsaak kan vrugte dra as dit nie uit liefde vir God, respek vir die gemeenskap van broeders en erkenning van persoonlike geringheid hanteer word nie. Die wet van liefde en soeke na reg verbied iemand om sommer 'n regsaak aan te gaan.
- In die proses van soeke na reg mag die eerste noodsaaklike treë van teregwysing en bestraffing nie oorgeslaan word nie. Eers as dit blyk dat die teenstander die onreg handhaaf, gaan die teregwysing en bestraffing oor in 'n klag.
- Die persoon wat van onreg kla, moet onthou dat hyself 'n sondaarmens is vir wie die reël van Galasiërs 6:1 geld: '... terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie'.
- Diepgewortelde droefheid en benoudheid weens regskrenking behoort die motief te wees waarom die verontregte hom op regspraak beroep.

Die verontregte se doel

- Die eerste doel met regspraak is die soeke na God se eer deur te streef na herstel van reg voor sy aangesig. As die Verbondsgod in die regspraak geëer word, sal die regspraak vir sy getroue verbondsgenote verlossend wees.
- Op die basis van hierdie 'vertikale' doel, is onderlinge herstel van reg en gevolglike verlossing uit nood, droefheid en benoudheid die 'horisontale' oogmerk waarmee verontregte gelowiges om regshulp roep. Dié doel word bereik deur die sondaar te bestraf sodat hy sy skuld voor God sal erken en bely. Skuldbelydenis voor God sal noodwendig herstel van versteurde broederbande en vrede tot gevolg hê.
- Wanneer onderlinge onreg voor God reggestel is, word 'n verdere doel verwesenlik, naamlik gesamentlike deelname aan 'n onversteurde erediens waarin God gedank en geloof word vir die uitkoms wat Hy ná verontregting bewerk.
- 'n Vierde doel is die effek wat regspraak op die sondige wêreld het. Die voortgang van die evangelie word versterk wanneer daar onder gelowiges reggespreek en -gedoen word. 'Laat julle lig só skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke (ook regverdige regspraak – GJM) kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik' (Matteus 5:16).

2.4.3 Die verontregte se saak

- Die saak van die verontregte kan in een woord saamgevat word: onreg.

- Die onreg wat aangedoen is, kan uiteenlopend van aard wees. Onreg kan onder meer dui op gemene spel, arglistige optrede, slinksheid, onregverdigheid, onbillikheid, enigiets wat nie met die sedes en regte ooreenkom nie, oneerlikheid, ongelykwaardigheid of partydigheid.
- Daar is 'n gemeenskaplike faktor in alle onreg: die gebod van die Verbondsgod word oortree; dit lei tot verontregting onder lede van die verbondsvolk.

2.4.4 Die regter

Verskeie Skrifuitsprake werp lig op die posisie en taak van die regter voor die aangesig van die Regter te midde van die verbondsvolk.

Gewer en bedienaar van reg

- God is die hoogste Regter. As hoogste Regter bepaal Hy wat reg is en hoe die reg op aarde bedien moet word. Sy gegewe reg staan objektief vas.
- God bind Homself aan die reg wat Hy ingestel het en oplê. In gelyke mate bind Hy sy verbondsvolk daaraan.
- Regters is nie wetgewers nie, maar wethandhawers en wetstoepassers – dit wil sê bedienaars van die reg. Hulle is diensknegte van God, die hemelse Regter.
- Regters is wettig aangestelde ampsdraers. Die instelling van die regter-amp kom reeds in die vroeë geskiedenis van Israel voor.
- Die afleiding kan tereg gemaak word dat regters bepaalde gawes en skoling vir die bediening van die regter-amp nodig gehad het.
- Meer as een regter is per stad aangestel. In 'n kollege van regters is meer kennis en wysheid saamgevoeg; dit bied ook beter waarborge teen korrupsie of eensydige beoordeling van sake.
- Dat daar van meet af aan in élke stad van Israel, en boonop volgens die stamme regters en opsigters aangestel is, wys op noodsaaklike desentralisasie van regspraak. Dié desentralisasie word dwarsdeur die Skrif gehandhaaf en ontwikkel.
- Behalwe 'n menigte plaaslike regbanke was daar in Israel 'n sentrale regbank wat uit Levitiese priesters en regters en familiehoofde bestaan het. In die sentrale regskollege behartig verskillende regters ter wille van effektiwiteit en ooreenkomstig hulle kwaliteite verskillende sake. Die Sanhedrin, wat in die tyd na die ballingskap ontstaan en gedurende die vroeë Nuwe Testament prominent gefigureer het, het as 'Hof van Justisie' gedien.
- Sentrale regspraak het nie die plaaslike regspraak vervang of oorbodig gemaak nie. 'n Plaaslike hof kan 'n bepaalde saak na die sentrale hof verwys. 'n Verontregte persoon kan hom egter ook op die sentrale hof beroep sonder dat sy saak vir meerdere beraadslaging daarheen verwys is.

- Gedurende die Ou Testament word daar geen eksakte onderskeid tussen 'burgerlike' en 'religieuse' regters en regsake gemaak nie. Oudstes in die stadspoort, priesters en konings het oor alle sake reg gespreek. In die Nuwe Testament word egter duidelik tussen regters in die burgerlike hof (Pontius Pilatus en die keiser in Rome) en regters in die *ekklesia* (raad van ouderlinge) onderskei.
- Ampsdraers in die *ekklesia*, sowel as die *ekklesia* self word vir uitspraak in 'n regsaak verantwoordelik gehou.
- Ná Christus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster, het Christus aan die wettig ingestelde raad van apostels, in wie se amp alle latere amptelike bevoegdheid inbegrepe is, amptelike gesag verleen. As die apostels wegval, regeer en lei Christus elke plaaslike kerk deur die besondere amp van die Woordbedienaar en die ouderlinge.
- Christus bewerk ook gemeenskap tussen kerke onderling. Plaaslike kerke moet mekaar met hulp en raad, ook wat regspraak betref, bedien.
- Goddelike teenwoordigheid dien tot bemoediging van hulle wat moet regspreek; dit onderstreep tegelyk die ontsaglike verantwoordelikheid van die aardse regters teenoor die hemelse Regter.

Die ingesteldheid van die regsdienaar

- Regters moet bekwame, wyse, verstandige en ervare manne wees wat amptelike diens kan verrig. Hulle moet aan Geesvervuldheid, Godsvrees, betroubaarheid en geloofwaardigheid geken word. Hulle moet onregverdige wins haat en onomkoopbaar wees. In hulle daaglikse handel en wandel moet hulle bo verdenking wees.
- Regters moet in hulle optrede onbevooroordeeld wees, sonder aansien des persoons oordeel, besondere aandag vir swakkes en verdruktes hê – sonder om hulle voor te trek of om hulle reg te verdraai – en konsekwent in hulle regspraak wees. In die regspraak gaan dit oor bestryding van onreg, partydigheid en omkopery.
- Regters moet bereid wees om die HERE en hulle naaste te dien. Dienende regspraak word geken aan geloof, wysheid, onderskeidingsvermoë, liefde, betroubaarheid, eerlikheid, versigtigheid, deurtastendheid en deskundigheid. Billikheid is 'n skriftuurlike eis met betrekking tot regspraak. Elke saak moet op eie meriete oorweeg word.
- Die werk van regters moet voortdurend krities beoordeel word ten einde te verseker dat regverdige regspraak geskied. Die Skrif waarsku indringend teen regskrenking deur regters. Regskrenking kan op verskeie maniere plaasvind, waaronder persoonlike bevoordeling, omkopery of maatskaplike druk. Growwe onreg geskied wanneer 'n regter onder druk van 'n massa swig.
- Regters moet verantwoordelikheid aanvaar vir die regspraak wat hulle lewer. Hulle is aan die hemelse Regter verantwoording oor hulle regspraak verskuldig.

Die taak van die regsdienaar

- Dit is die taak van die regter in Israel om die juridiese ewewig, wat as gevolg van onreg versteur is, te herstel.
- 'n Onderskeid word tussen die omvang, moeilikheidsgraad en inhoud van regsake getref. Ooreenkomstig hulle onderskeie gawes is regters geraadpleeg om sake te ondersoek en reg te spreek. Deur verdeling van pligte kom daar verligting van werk. Bowendien lei meerdere beraadslaging tot bevordering van goeie regspraak.
- Bediening van reg loop hand aan hand met 'help'. God eis dat regters in Israel verontregte lede van die verbondsvolk deur middel van regverdige regspraak in hulle onreg bystaan en hulle daaruit help.
- Suiwer bediening van reg word ten volle sigbaar in die optrede van die beloofde Messias. Hy doen reg aan verdruktes. Hy gee aan die regverdiges wat hulle van Godsweë beloof is. Hy verkondig God se reg en roep sy luisteraars tot geregtigheid op.
- Bediening van reg is ondergeskik aan God se Woord, en daarom toetsbaar aan die Woord.
- Afgesien van die regspraak wat hulle moet lewer, moet regters die volk op grond van algemene Godgegewe rigtingwysers oor 'n lewe in ware Godsvrees onderrig. Die onderrig bevat tewens 'n element van waarskuwing. Israel moet deur voortdurende wetsonderrig leer om nie van God se wet af te wyk of daarteen in opstand te kom nie.

2.4.5 Regspraak

Uit die bestudering van die Skrif kan die volgende stappe met betrekking tot die proses van regspraak in geval van verontregting onderskei word.

Bekendmaking van 'n regsaak

- Iemand wat verontreg is moet die regsgronde vir sy verontregting in afhanklikheid van die Here ernstig ondersoek, voordat 'n regskollege genader word om 'n ondersoek in te stel en regspraak te lewer.
- Die verontregte lid van die verbondsvolk (na hemelvaart: die kerk) moet aan die vertrekpunt vashou dat hy en die party wat hom onreg aangedoen het mekaar se broeders is, nieteenstaande die feit dat hulle 'n regsgeding met mekaar het. Geskille hef die broederskap nie op nie, maar moet eerder as basis vir die herstel van reg dien.
- Voordat 'n regsaak aanhangig gemaak word, moet die verontregte gelowige aan die sondaar-medegelowige 'n diens bewys deur na hom te gaan en hom op sy sonde te wys. Versuim om dit te doen, kom neer op ontrou jeens God en die naaste.

- Die verontregte gelowige moet sy medegelowige(s) wat hom 'n onreg aangedoen het, bestraf deur die sonde wat gepleeg is aan die lig te bring, rekenskap daaroor te vra, die verkeerdheid daarvan uit te wys en vanuit die gebod van God 'n gepaste vermaning te rig.
- Dié bestraffing moet onder vier oë plaasvind. In die geval van berou en skuldbelydenis is daar wins – in die hemel én op aarde.
- Wanneer 'n bestraffing onder vier oë nie die gewenste uitwerking het nie, moet die verontregte gelowige 'n tweede poging tot behoud aanwend deur getuies saam te neem. Getuies moet die sondaar bearbei, en – indien nodig – in 'n latere regsproses getuienis lewer.
- In verband met regspraak volgens die 'reël van Matteus 18' moet teen twee gevare gewaak word: formalisme en spiritualisme. Die reg beteuel die valse drif van die aanklaer en beskerm die posisie van die aangeklaagde.
- Wanneer die verontregte ooreenkomstig die voorskrifte van God se Woord nie anders kan as om tot 'n formele regsaak oor te gaan nie, geskied dit by wyse van 'n openbare sitting.

Hantering van 'n regsaak

- Die regsproses word deur die verontregte as aanklaer begin. Die verontregte stel sy saak, tesame met die redes waarom hy meen dat hy verontreg is. Regters moet te alle tye bereid wees om gehoor te gee as iemand 'n klag van verontregting lê en op reg aanspraak maak.
- Regters moet 'n aangeklaagde, sonder aansien des persoons, tot 'n regsgeding dagvaar. Die aangeklaagde word, nadat die verontregte sy klag gestel het, geleentheid gegee om sy saak persoonlik teenoor die klaer te stel.
- Nadat die klaer en die aangeklaagde aangehoor is, kry beide geleentheid om getuies op te roep. Getuies moet weet dat hulle getuienis 'n saak van groot erns is.
- Deur middel van wedersydse ondervraging moet die regter die inhoud van die klag van verontregting sover moontlik kontroleer en verifieer. Die feite op grond waarvan reg gespreek word, moet vasstaan. Daar mag nie op gerugte afgegaan word nie.
- Die regter moet deeglik ondersoek doen deur regsvrae te stel en langs dié weg sake onderskei, saamvoeg en met mekaar vergelyk sodat tot die kern van die vermeende onreg deurgedring word.
- Die saak in geding, naamlik die klag van verontregting, moet aan die hand van God se Woord gemeet word.

Bevinding en uitspraak

- Na afloop van die ondersoek moet die regter tot 'n regsbevinding kom deur die reg en onreg van alle betrokkenes met duidelike bewyse aan te toon.

- Die regter moet 'n regsoordeel oor die partye fel. Aan beide partye moet toegeken word wat hulle toekom.
- Die uitspraak van die regter is regsgeldig en daarom bindend. Die uitspraak ontleen sy gesag nie aan die kwaliteit of die persoon van die regter nie, maar aan die belofte van die HERE dat Hy die seën van die oplossing van onoplosbare vrae deur die mond van sy getroue dienare bring.
- Die regsproses moet sonder onnodige uitstel met spoed verloop. In die uitspraak van regters moet klaers en aangeklaagdes die hand en stem en leiding van die HERE bemerk. Die Godgegewe reg moet tegelyk pastoraal-bewoë bedien word aan hulle wat onreg gedoen het én aan hulle wat onder die gedane onreg gely het.

2.4.6 Regsherstel

Regsherstel as doel en gevolg van regspraak

- Die versoeningswerk van Christus het 'n besondere effek op die gemeenskap van gelowiges. Die gemeenskap van gelowiges moet vanuit die versoening met God ook – in geval van onderlinge onenigheid – met mekaar versoen raak. Daar mag geen vervreemding tussen gelowiges bestaan nie. Die eenmalige feit van Christus se versoening moet meermalig aan die gevalle wêreld bedien word. Bediening van die versoening sluit sowel die verkondiging as die belewing daarvan in.
- Versoening is gerig op die herstel van ewewig wat as gevolg van misdaad of onreg versteur is. Die effek van versoening is herstel van 'n gebroke verhouding. Uit die versoening vloei vrede voort: vrede met God, innerlike vrede, en vrede tussen hulle wat eens van mekaar geskei was.
- Ampsdraers op aarde bedien die versoening, maar God gee en waarborg dit.
- Die wesenlike elemente van versoening is: herkenning van skuld; erkenning van skuld; belydenis van skuld; pleit op die soenoffer (Christus); bereidwilligheid om te vergewe en aanvaarding van die soenoffer (wat die verontregte betref); lewe uit die vergewing; die soeke na paaie en middele om verhoudings en situasies wat versteur was, te verander.
- Regspraak kan in die lig hiervan nooit abstrak en formeel wees nie. Regsuitsprake wil mense oortuig. Die uitspraak word 'n appèl op die broederhart. Onreg moet uitgesuiwer word en plek maak vir reg.
- Regspraak is nog nie afgehandel as die regter bevind het wie gelyk en wie ongelyk het nie. Die einddoel van regspraak is dat alles weer in orde kom, dat mense gelei word op die weg van vrede. In sake waar twee mense op 'n suiwer persoonlike vlak met mekaar bots, moet regters poog om met hulle regsuitspraak tot onderlinge versoening by te dra.
- Vrede sal slegs 'n werklikheid word as die uitspraak van die regter deur alle betrokkenes in gehoorsaamheid aan God eerbiedig word.

- Verontagsaming van 'n regsuitspraak is niks anders nie as verontagsaming van die HERE. Die persoon wat nie wil buig voor die gesag van die HERE nie, moet weens sy eiewaan gestraf word. Tug oor verbondsbreuk deur 'n enkeling werk genesend vir die verbondsvolk in geheel.

Eskatologiese verwagting insake regspraak

- Ou Testamentiese profete moes die verbondsvolk Israel en die regters in Israel by herhaling daaraan herinner dat God die Regter is wat op die dag van die HERE finaal gaan oordeel. Met die oog op die aanbreek van dié dag moet regters nougeset regspraak lewer.
- Ook vir die Nuwe Testamentiese gelowiges bly daar 'n eskatologiese verwagting oor. Met die wederkoms van die Christus sal Hy as Regter kom om in geregtigheid finaal oor lewendes en dooies te oordeel.
- Die koms van Christus as Regter in die eindoordeel is vir die gelowige verontregte 'n bron van vreugde, aangesien Christus die laaste en hoogste Regter sal wees op Wie appèl gedoen kan word. Christus is tegelyk Vredevors vir almal wat in Hom glo.

HOOFSTUK 3
HISTORIESE ONTWIKKELING

3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Skrifgefundeerde appèl, soos wat dit in Artikel 31 van die Kerkorde van die GKSA verwoord word, het sy oorsprong in die Dordtse Kerkorde van 1618/19[1]. Die Dordtse Kerkorde, op sy beurt, het 'n ontwikkelingsproses ondergaan waarvan die eerste beginsels in die Franse kerke van die sestiende-eeuse reformasie teruggespoor word[2]. Op daardie stadium was appèl al eeue lank in die kerkreg van die Roomse kerk[3], per implikasie ook vir die kerke van die reformasie[4], bekend. Voor die ontwikkeling van die Roomse kerkreg het die Grieke en Romeine reeds appèlreëls vir die burgerlike samelewing neergelê[5]. Die Grieke het dié reëls na aanleiding van die so genoemde *ius naturale* opgestel[6]. Appèl kan dus met reg as 'n algemene, eeue-oue regsfenomeen beskou word.

In hierdie studie word Artikel 31 van die Dordtse Kerkorde van 1618/19 as die sentrale punt en basis vir die historiese ontwikkeling van appèl in die Gereformeerde kerkreg beskou[7].

In die ondersoek na appèl in Artikel 31 van die Dordtse Kerkorde word twee spore nagegaan: die ontwikkeling van appèl in die kerklike lewe tot en met 1618/19, en die ontwikkeling van appèl in die breë Europese samelewing gedurende dieselfde periode. Hierdie twee spore staan nie onafhanklik los van mekaar of ewewydig langs mekaar nie. In die tyd toe kerklike appèl formeel sy beslag in die Dordtse Kerkorde gekry het, was kerk en samelewing onlosmaaklik aan mekaar verbind en in mekaar verweef. Tussen kerklike reg en nie-kerklike reg was daar geen duidelike skeidslyn nie. *Ius naturale* is tot 'n groot mate met *ius divinum* vereenselwig[8].

---

[1] In 'n oorsig oor die redaksie van Artikel 31 KO toon Spoelstra (1989:22, 191-192) aan dat die GKSA, na jarelange studie oor moontlike veranderinge van die kerkorde, in 1964 besluit het om by die Dordtse Kerkorde van 1618/19 te bly (sien hoofstuk 5.2.2.1).

[2] Die ontwikkeling word in paragrawe 3.3.3 en 3.3.4 beskryf.

[3] Rommel, 2000:145-146

[4] Die kerke van die reformasie was deeglik op hoogte van die inhoud en toepassing van die Roomse kerkreg. Vergelyk Calvyn, Institusie 4,IV tot 4,XI.

[5] Gordon, 1918:615; Roeleveld, 1972a:47; Listl *ea.*, 1983:26

[6] Van Warmelo, 1978:220; Van den Berg, 1985:7

[7] Die Dordtse Kerkorde, in samehang met die belydenisskrifte, word algemeen deur Gereformeerde kerke en kerkregtelikes as basis vir die Gereformeerde kerkreg en kerkregering aanvaar. Vergelyk die Openlike Verklaring by meerdere kerklike vergaderinge (GKSA, 1998:85); Jansen, 1923:2; Van der Linde, 1983:6; Spoelstra , 1989:21; Harmannij, 1990:11; Van Rongen, 1995:8-10.

[8] Van den Berg, 1985:7. Douma (1990:10-20) verwys na Thomas van Aquino (1225-1274 nC), wat die 'rasionele natuurreg' van die oorspronklike 'biologiese natuurreg' onderskei het. Met betrekking tot 'rasionale natuurreg' maak Aquino 'n verdere onderskeid tussen die *lex aeterna* (ewige wet), die *lex naturae* (natuurlike wet) en die *lex humana* (menslike wet).

Die geskiedenis van appèl in die wêreldlike reg en die kerkreg van die eerste vyftien eeue na Christus word in enkele groot lyne geskets. Dit dien slegs as agtergrond en oriëntasie vir die ontwikkeling van appèl in die kerkregering van die kerke van die sestiende-eeuse reformasie. Laasgenoemde, wat deel van die fokuspunt van die studie vorm[9], word in meer besonderhede ondersoek.

3.2 APPÈL IN DIE VROEË EUROPESE REG

Appèl, soos wat dit gedurende die Middeleeue in die Europese wêreldlike reg ontwikkel het, kan teruggevoer word na ou Griekse en Romeinse regspraktyke[10].

Plutarchus, 'n Atheense wetgewer, was die baanbreker vir die instelling van die *Heliae*, 'n soort jurie-gerig[11]. Die *Heliae* is elke jaar deur loting uit manne bo die ouderdom van 30 jaar aangewys. In alle gevalle waar die *Archonton* (die raad van hoogste staatsbeamptes, onder andere belas met regspraak) iemand tot 'n swaar vonnis veroordeel het, kon die veroordeelde hom op die *Heliae* beroep. Die *Heliae* was in dié opsig 'n appèlhof met juridiese bevoegdheid[12]. Namate die demokrasie gegroei het, het die mag van die *Heliae* toegeneem. Kleisthenes het die aantal Heliaste vanaf 400 tot 500 verhoog en bepaal dat teen alle vonnisse van die *Archonton* insake misdade, vergrype en siviele sake, onmiddellike appèl op die *Heliae* moontlik was[13].

Onder die Romeinse bewind het die reg tot appèl bly voortbestaan. Appèl beteken dat 'n herverhoor van die saak in sy geheel plaasvind. Nuwe feite en getuies word vrylik in die herverhoor toegelaat[14]. Appèl is onderskei van *restituo in integrum*, 'n proses waarin dieselfde magistraat wat uitspraak in 'n saak gelewer het, vir hersiening van sy besluit gevra word[15].

Enigiemand wat oor die uitspraak van 'n magistraat kla, kon hom op 'n ander magistraat of 'n hoër regter beroep om die gevolge van die uitspraak kragteloos te maak[16]. Selfs Romeinse christene, wat oor die algemeen wreed deur die Romeine onderdruk is[17], het toegang tot appèl

---

[9] Sien hoofstuk 1, probleemstelling 2 asook navorsingsdoelstellings 1.4.1.2 en 1.4.1.2
[10] Gordon, 1918:615; Roeleveld, 1972a:47; Listl *ea.*, 1983:26
[11] Deddens, 1953t:43
[12] Woodhouse, 1944:136
[13] Woodhouse, 1944:155
[14] Gordon, 1918:615
[15] Van Warmelo, 1978:331. Die proses van *restituo in integrum* is vergelykbaar met die behandeling van 'n revisie-versoek (sien hoofstuk 4.3.2).
[16] Deddens, 1953t:43; Van Warmelo, 1978:331
[17] Nolet (1926:14) verwys in hierdie verband na die uitspraak *Christianos esse non licet* - dit is nie geoorloof om christen te wees nie.

gehad[18]. As 'n appellant egter onsuksesvol is, is hy daarvoor verantwoordelik gehou om sy teenparty viervoudig vir aangegane koste in die saak te vergoed[19]. Nuttelose en onnodige appèlle is sodoende ontmoedig[20].

Met verwysing na die gebeure rondom Paulus se beroep op die keiser in Handelinge 25:11 en 12 stel Van Eck[21] dat daar in die republikeinse tyd 'n reg van beroep was teen vonnisse of beslissings waarmee iemand nie kon saamstem nie.

In die wet van die Twaalf Tafels, wat as basis vir die Romeinse reg beskou word[22], word voorgeskryf dat die eiser die gedaagde, waar hy hom ook al bevind, kan aansê om hom onmiddellik na die *praetor* (regter) te vergesel[23], waar hulle in mekaar se teenwoordigheid verskyn en aangehoor word[24]. Die regsproses voor die *praetor* kan in enkele onderskeie handelinge saamgevat word[25]:

- 'n *Inquisitio* (voorlopige ondersoek) het plaasgevind waarin beide partye hulle bewerings mondeling aan die regter moes voordra. Eers moet die eiser sy eis volledig voordra. Dan kry die gedaagde geleentheid om hom oor die klag van die appellant uit te laat. Indien 'n laer magistraat reeds oor die saak uitspraak gelewer het, en daar op 'n hoë regter geappelleer word, moet 'n verslag van die laer magistraat ingedien word waarin hy volledig toeligting op sy regspraak gee[26]. In die Romeinse reg is daar besondere klem op die aanhoor van die appellant en die verweerder geplaas. Beide partye het ook die reg om by elke proseshandeling teenwoordig te wees en afskrifte te eis van elke stuk waarvan die teenparty gebruik maak. Indien een van die partye versoek om die saak nog verder mondelings toe te lig, word alle partye tot addisionele pleidooie toegelaat[27]. Die *inquisitio* het normaalweg drie dae geduur. Die volk het vrye toegang tot die proses gehad en kon die verloop van die saak noukeurig volg.
- Die resultaat van die *inquisitio* is deur die *praetor* by wyse van 'n *accusatio* (klag) geformuleer.
- Na oorweging van al die feite en getuienisse giet die *praetor* die *accusatio* in die vorm van 'n *irrogatio* (oplegging van boete), waaroor gestem moes word.
- Nadat die uitslag van die stemming bekend gemaak is, spreek die *praetor* die beslissing en vonnis uit. In geval van hoër beroep is die uitspraak van die hof *ad quem* geldig in die plek

[18] Barde, 1910:516
[19] Gordon, 1918:615
[20] Van Warmelo, 1978:332
[21] Van Eck, 2003:510
[22] Allcroft *ea.*, 1944:98
[23] Deddens, 1953n:370
[24] Van Warmelo, 1978:331
[25] Gordon, 1918:616
[26] Van Warmelo, 1978:332
[27] Deddens, 1954j:223

van die uitspraak van die hof *a quo*, sonder dat laasgenoemde uitspraak noodwendig bevestig of verwerp is.

- Die vonnis tree onmiddellik in werking. *Executio* in geval van skuldigbevinding vind direk plaas.

Vanaf die laer magistrate was beroep op die keiser, wat aan die spits van die Romeinse hiërargie gestaan het, moontlik[28]. Beroep op die keiser is deurgaans met omsigtigheid hanteer; nie net deur die appellant nie, maar ook deur die keiser self. 'Men stelde er een eer in dat in het Romeinse Rijk niemand rechteloos was'[29]. Daarom is daar nie ligtelik met regsake omgegaan nie. In 'n uitsonderlike geval kon daar beroep op die volk gedoen word[30]. Die 'volktribune' kon met vetoreg in 'n appèlsaak tussenbeide tree[31]. Grosheide[32] toon aan dat hierdie beroep op die volk (*provocatio*) tegnies onderskei is van beroep op die keiser (*appellatio*). Later het die verskil tussen *provocatio* en *appellatio* heeltemal verdwyn, en was dit slegs moontlik om op die keiser te appelleer.

Keisers was nie alleen by magte om vonnisse te kasseer nie, hulle kon dit selfs verander[33].

Onder die invloed van die Romeinse reg het die reg van appèl algemeen in die wêreldlike reg gevestig geraak[34]. Dit blyk onder andere uit die ontwikkeling van die Germaanse[35] en Frankiese[36] reg.

3.3 APPÈL IN DIE VROEË EUROPESE KERKREG

Via die destyds heersende Grieks-Romeinse natuurreg het daar sedert Konstantyn die Grote (306–337 nC) 'n christelike natuurreg ontwikkel[37]. Verskeie kerklike voorgangers het die christelike natuurreg vir die regering van die kerk uitgewerk en toegepas. So het die reg van appèl te midde van die breë ontwikkeling van die kerkreg onder invloed van die Romeinse regspraak gedurende die eerste eeue na Christus in die kerke posgevat[38].

---

[28] Deddens, 1953t:43; Van Warmelo, 1978:330
[29] Sizoo, 1948:105
[30] Allcroft *ea.*, 1944:64
[31] Deddens, 1953t:43
[32] Grosheide, 1948:351
[33] Deddens, 1953t:43
[34] Roeleveld, 1972a:47. Heggelbacher (1974:222-224) toon aan dat daar in die Siriese kerke eweneens ruimte vir kerklike appèl was: 'Für Kläger, Beklagte, Richter, Verhandlung, Beweisfahren, Urteilsfällung ist im Sinne eines summarischen Verfahrens jedenfalls Vorsorge getroffen'.
[35] Deddens, 1953u:50
[36] Deddens, 1953u:51
[37] Feine, 1950:57-58; Van Zyl, 1983:163
[38] Plöchl, 1960:94; Roeleveld, 1972a:47

Die gewone 'geestelike' regter in die kerk was die biskop. Later van tyd het hy hom deur die aartsdiaken laat verteenwoordig, wat met die bestuur van alledaagse sake gemoeid was. Met verloop van jare is daar meer aartsdiakens aangestel. Vir elkeen van hulle word 'n eie gebied afgebaken waar hulle in die eerste plek vir regspraak verantwoordelik gehou is. Vanaf die aartsdiaken kon daar na die biskop geappelleer word. Later jare het die biskop hom deur 'n *vicarius* laat verteenwoordig om appèlsake aan te hoor[39]. Verontregte gelowiges kon hulle op die beraadslaging en regspraak van meerdere vergaderinge beroep[40].

Plöchl[41] beskryf die wyse waarop kerklike regspraak gedurende die eerste vier eeue beoefen is:

- Die regsprekende vergadering bestaan uit die biskop, priesters en diakens.
- Die regter moet voortdurend voor oë hou dat die behandeling van die saak en die uitspraak wat gelewer word 'in die Gees' moet geskied, asof Christus Self as Berader en Regter teenwoordig is.
- Klaer en aangeklaagde moet gelyktydig voor die regsprekende vergadering verskyn en in mekaar se teenwoordigheid aangehoor word.
- Klaer en aangeklaagde moet as broeders aangespreek word, en met die vredesgroet in die regsaak verwelkom word.
- Die regsondersoek begin met aanhoor van die klaer en die aangeklaagde. Op grond van die klag en die weerlegging daarvan moet vasgestel word of daar nie ook nog ander persone is wat by die klag geïmpliseer word nie.
- Die regsprekende vergadering moet ondersoek of die klaer se klag nie op vyandskap of nyd berus nie. Daar moet voorts vasgestel word of die klaer vertoornd is, en of hy in sy alledaagse lewe daarvoor bekend is dat hy losbandig is. Hierdie ondersoek moet gedoen word om die geloofwaardigheid van sy klag te bepaal.
- In navolging van die wêreldlike regspraktyk moet die aangeklaagde volle geleentheid ontvang om sy kant van die saak te stel.
- Die regsprekende vergadering moet sover moontlik seker maak dat die feite waaroor gekla word, vasstaan.
- Nadat die ondersoek afgehandel is, moet 'n tydperk vir die klaer en aangeklaagde vasgestel word waarbinne hulle geleentheid kry om die onderlinge stryd te besleg en vrede te herstel.
- Na verloop van dié tydperk kom die regsprekende vergadering tot 'n uitspraak.

---

[39] Feine, 1950:317; Deddens, 1953u:51

[40] Calvyn (Institusie 4,4,4) beskou die hantering van appèlle gedurende die eerste eeue positief. Teenoor diegene wat hulle negatief ten opsigte van appèl op 'n konsilie opgestel het omdat dit tot hiërargie sou lei, is Calvyn van mening dat die vorming van konsilies ooreenkomstig die voorskrif van God se Woord is.

[41] Plöchl, 1960:95-97

- Indien bevind word dat die klaer se aanklag vals was, word hy ernstig bestraf. Dit kan selfs gebeur dat hy, as hy nie oor sy valse klag boete doen nie, uit die gemeente uitgesluit word.
- Indien die klag tereg is, word die aangeklaagde tot skulderkenning en boetedoening verplig.
- Nadat die boetedoening deur óf die klaer óf die aangeklaagde plaasgevind het, word hulle weer met 'n 'rekonziliatorischen Handauflegung' (versoenende handoplegging) in die volle gemeenskap opgeneem.
- Daar is vir enigeen van die partye geleentheid om 'n konsilie vir revisie van die uitspraak en/of straf van die regsprekende vergadering te vra[42].

Aansluitend by hierdie algemene beskrywing, veral die laaste punt daarvan, blyk dit uit die acta van konsilies van die eerste millennium hoe juridiese sake hanteer is. Enkele uittreksels dien ter illustrasie:

- *Rome* 313 nC. Donatistiese biskoppe appelleer by keiser Konstantyn teen die wettigheid van Caecilianus se verkiesing tot biskop van Kartago[43]. Die keiser laat die beslissing in die appèl oor aan 'n sinode te Rome, waar 'n vergadering van biskoppe oor die saak sal besin. Caecilianus moet met tien biskoppe na Rome kom; sy teenstanders met eweveel biskoppe[44].
- *Antiochië* 341 nC. 'n Priester of diaken mag hom vanaf die uitspraak van sy biskop op 'n meerdere sinode beroep, maar nie op die keiser nie[45].

---

[42] Plöchl (1960:99) merk in verband hiermee op: 'Von einem eigentlichen Berufungsverfahren war also noch nicht die Rede, wohl aber melden die Quellen von den Fällen, da die Bestraften sich an Konzile zur Revision der Urteile oder der Strafen mit Erfolg wandten'.

[43] Maassen, 1956:9

[44] Calvyn (Institusie 4,7,10) gee nadere toeligting oor en beskouing van die gebeure in Rome 313 nC: 'Donatus van Casae Nigrae het 'n klag gelê teen Caecilianus, die biskop van Karthago. Hy (Caecilianus – GJM) is verdoem ten spyte daarvan dat sy saak nie verhoor is nie. Aangesien hy trouens geweet het dat 'n komplot deur die biskoppe teen hom gesmee is, wou hy nie voor hulle verskyn nie. Daarna het die saak by keiser Konstantyn uitgekom. Aangesien hy (Konstantyn – GJM) wou hê dat die saak volgens die oordeel van die kerk besleg moes word, het hy die ondersoek daarvan aan Melciades, die biskop van Rome opgedra en enkele biskoppe uit Italië, Frankryk en Spanje as kollegas aan hom gegee. As dit volgens die gewone jurisdiksie van die Roomse setel was om 'n appèl in 'n kerklike saak aan te hoor, waarom laat Melciades toe dat ander assessore na die oordeel van die keiser by hom gevoeg word? Ja, waarom onderneem hy die verhoor eerder op bevel van die keiser as na aanleiding van sy ampsplig? Maar laat ons hoor wat daarna gebeur het. Caecilianus wen die saak. Donatus van Casae Nigrae val vanweë sy lasterlike optrede. Hy appelleer. Constantinus dra die verhoor van sy appèl aan die biskop van Arles op. Hy sit as regter om vir die Roomse pous aan te kondig wat hy goedvind. As die Roomse setel die hoogste gesag sonder appèl gehad het, waarom laat Melciades toe dat so 'n uitsonderlike skande hom aangedoen word dat die biskop van Arles bo hom voorkeur geniet? En watter keiser het dit gedoen? Natuurlik Constantinus wat, soos hulle roem, nie alleen al sy ywer nie maar feitlik al die ryk se bronne beskikbaar gestel het om die aansien van sy setel te vergroot'. Die opmerking van Heussi (1949:107, paragraaf 1β) is in hierdie verband eweneens relevant: 'Der Kaiser war die oberste Instanz in kirchliche Gerichtsverfahren. Besonders bildete sich dei Gewohnheit heraus, dass von einer Provinzialsynode abgesetzte Bischöfe an den Kaiser appelierten und dieser ihre Sache an eine andere Provinsialsynode verwies'.

[45] Bakhuizen van den Brink (1979:188-189) toon aan dat dié uitspraak deur die Konsilie van Chalcedon in 451 nC as *canones* (nommer 9 en 17) neergelê is. Vergelyk Schaff, 1884:272.

- *Sardica* 343 nC. Indien 'n biskop uit drif of woede 'n priester of diaken afgesit het, mag die lydende party hom tot die biskoppe in die omgewing wend. Hulp mag nie aan die lydende, hulpsoekende persoon geweier word nie. Die driftige biskop mag die appellant ook nie oor sy appèl verkwalik nie. As daar vanaf 'n laer tribunaal op 'n hoër tribunaal geappelleer word, en die appèl slaag, dan sal die regters van die laer tribunaal nie gestraf word nie, mits bewys kan word dat hulle opsetlik en onregverdig in hulle vonnis was. Indien 'n biskop deur 'n provinsiale sinode afgesit word, mag hy hom op Rome appelleer. Die pous beslis of die appèl sal voortgaan al dan nie. Indien die appèl nie voortgaan nie, bekragtig die pous die beslissing van die provinsiale sinode. Indien die appèl wel voortgaan, kies die pous biskoppe wat naby Rome is, wat hom in die beslissing kan help. Daar is 'n onderskeid tussen appèl en revisie getref. By revisie oordeel die regters van die eerste en tweede instansie saam oor 'n saak. Appèl daarenteen is 'n devolutiewe regsmiddel: die eerste instansie het geen stem meer in die saak nie. Appèl werk suspensief: die eerste uitspraak het geen effek nie, behalwe as die appèl verwerp word[46].
- *Karthago* 418 nC. As priesters, diakens en laer geestelikes oor 'n uitspraak van hulle eie biskop kla, kan hulle hul met toestemming van hulle biskop tot naburige biskoppe wend, wat die geskil moet besleg. As hulle nog verder wil appelleer, mag hulle hul op die aartsbiskop of een van die Afrikaanse konsilies beroep[47].
- *Vaison* 442 nC. Wie hom nie kan neerlê by die vonnis van sy biskop nie, mag sy toevlug tot die provinsiale sinode neem[48].

Wanneer uitspraak oor 'n appèl gegee word, word die uitspraak by wyse van 'n vaste riglyn (*canon*[49]) vir toekomstige gebruik neergelê[50]. 'n Ordelike groepering en bundeling van *canones* is in 1140 nC deur Gratianus, 'n monnik wat hom op die kerkreg toegelê het, gepubliseer[51]. Uit die *Decretum Gratiani* is die eerste *Codex Iuris Canonici* in 1234 nC saamgestel[52].

---

[46] Feine, 1950:97-98; Deddens, 1953v:60

[47] Schaff, 1884:294-295. Calvyn (Institusie 4,7,5) merk in verband hiermee op: 'Sodra 'n niksnut 'n gewone vonnis ondergaan het, het hy na Rome gevlug en sy mense met baie belasteringe beswadder. Die Roomse setel was egter altyd bereid om tussenbeide te tree. Hierdie goddeloosheid het die biskoppe van Afrika (Karthago 418 nC – GJM) gedwing om 'n verbod in te stel dat niemand wat onder straf van verbanning was, oorsee mag appelleer nie'.

[48] Feine, 1950:105-106. *Canon* 88 van Konsilie Vaison bepaal: 'Clericus, qui episcopi circa se districtionem injustam putat, recurrat ad synodum'. *Canon* 89 sluit daarby aan: 'Episcopus, si clerico vel laico crimen impegerit, deducator ad probationem in synodo' (Maassen, 1956:392).

[49] *Canones* het deur sanksie van die pous regskrag verkry (Bouwman, 1970a:22, 32).

[50] Van Zyl, 1983:163

[51] Bouwman, 1970a:34; vergelyk Feine, 1950:403

[52] Die huidige *Codex Iuris Canonici* van die Roomse kerk is 'n omvangryke gesistematiseerde samestelling van konsilie-besluite asook pouslike dekrete en uitsprake wat oor bykans sewentien eeue strek (Listl *ea.*, 1983:26; Rommel, 2000:145-146).

Sedert die vierde Lateraanse konsilie in 1215 nC word die kerklike reg meer ingewikkeld en minder buigsaam. Terme uit die wêreldlike reg kom ook al meer daarin voor. Daar is nou bepalings oor *accusatio* (aanklag), *denuntio* (dagvaarding), *inquisitio* (ondersoek), *interlocutoire* (voorlopige) uitsprake en volledige proses-aktes[53].

Stelselmatige sentralisering van die mag in Rome[54] het daartoe gelei dat daar menigmaal direk op die pous 'n beroep gedoen is, sonder om die weg vanaf 'n mindere kerklike tribune na 'n meerdere kerklike tribune te bewandel [55].

In die stryd tussen kerk en staat het vorste mense dikwels verhinder om hulle op die pous te beroep. Otto III het selfs appèlle goedgekeur wat die pous verwerp het. Hy het homself bevoeg verklaar om pouslike uitsprake op te hef. Daarteenoor bepaal pous Nicolaas I: wie hom op 'n geestelike regbank beroep het, kan nie meer deur 'n wêreldlike regter vervolg word nie[56].

Samevatting

In geheel gesien was appèl teen die sestiende eeu 'n sterk gevestigde, duidelik omskrewe kerklike praktyk. Die beginsel is vasgelê: verontregte gelowiges kon hulle op regspraak van meerdere vergaderinge beroep. 'n Hulpsoekende kerklid mag nie onverhoord in 'n toestand van vermeende onreg gelos word nie. Oor die praktyk hiervan is die volgende bevind[57]:

- Daar is onderskeid tussen appèl en revisie getref. By revisie oordeel die regters van die eerste en tweede instansie saam oor 'n saak. Appèl daarenteen is 'n regsmiddel wat tot

---

[53] *Canones* 1628 tot 1640 van die *Codex Iuris Canonici* bepaal in regstegniese terme wat in geval van appèl gedoen en nie gedoen moet word nie. Vergelyk Deddens, 1953v:60.

[54] Bouwman, 1970a:23

[55] Calvyn (Institusie 4,7,5) laat hom sterk hieroor uit: 'Slegte en goddelose mense het ook baie daartoe bygedra, want om wettige vonnisse te ontduik, het hulle hulle vir asiel hierheen (na Rome – GJM) gewend. As 'n presbiter dus deur sy biskop, en as 'n biskop deur die sinode van sy provinsie veroordeel is, het hulle hulle dadelik op Rome beroep en die biskoppe van Rome het hierdie appèlle met groter geneentheid as wat hulle moes, aangeneem omdat dit gelyk het asof dit 'n buitengewone soort mag is om wyd en syd in ander se sake tussenbeide te tree. Toe Eutyches byvoorbeeld deur Flavianus, die biskop van Konstantinopel veroordeel is, het hy by Leo gaan kla dat hy verontreg is. Leo het sonder aarseling net so onbesonne as skielik die verdediging van hierdie slegte saak onderneem. Hy het heftig teen Flavianus uitgevaar asof hy 'n onskuldige man veroordeel het sonder om sy saak te verhoor. En deur hierdie eersugtigheid van hom het hy veroorsaak dat die goddeloosheid van Eutyches 'n tyd lank sterk was. Dit staan vas dat dit baie meer dikwels in Afrika gebeur het'.

[56] Deddens, 1953v:60

[57] Die praktyk het van tyd tot tyd en plek tot plek gewissel. Gedurende die eerste eeue was daar geen vaste reëls wat op 'n wye basis bindend opgelê is en afgedwing kon word nie. Met die sentralisering van mag en die ontwikkeling van die *Codex Iuris Canonici* het reëls vaster en meer algemeen afdwingbaar geword.

gevolg het dat die eerste regsprekende instansie van sy stem afstand doen en geen verdere sê in die saak meer het nie[58].

- Appèl werk opskortend: die eerste uitspraak het geen effek meer nie, behalwe as die appèl verwerp en die eerste uitspraak in effek bevestig word.
- Verlof tot appèl moet toegestaan word.
- Wie teen die biskop 'n klag het, moet eers probeer om die saak met die biskop uit te klaar alvorens hy mag appelleer.
- Tussen kerk en staat was daar 'n voortdurende magstryd. Kerklike appèlsake is in dié magstryd deur verskeie keisers en ander vorste gebruik om beheer oor die kerklike lewe te verkry. Teen hierdie agtergrond het die kerk beroep op die staat verbied.

3.4 APPÈL IN DIE GEREFORMEERDE KERKREG – EERSTE ONTWIKKELINGE

Die Konvent van Wesel 1568 kan as beginpunt van die geordende kerkregering van die kerke van die Nederlandse reformasie en van die Nederlandse Gereformeerde kerkorde beskou word[59]. By die Konvent van Wesel is daar egter teruggeval en voortgebou op 'n kerkordelike tradisie wat al etlike jare bestaan het[60], waarin die spoor van Calvyn se denke onmiskenbaar teenwoordig is.

3.4.1 Calvyn

Calvyn se eie werk

Alhoewel Calvyn hom in sy Institusie skerp oor die verkeerde hantering van appèl in die Roomse Kerk uitlaat[61], het hy nie veel oor die skriftuurlike wyse, hantering en beoordeling van appèl geskryf nie. Die rede hiervoor is volgens Deddens[62] voor die hand liggend. Genève het slegs een kerk gehad, wat bowendien met owerheidsinmenging te kampe gehad het. Dit blyk duidelik uit Calvyn se *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1541, waarin geen sprake van appèl is nie. Talle kerkregeringsaangeleenthede word aan die sorg van die Raad van die stad Genève oorgelaat[63].

---

[58] Dit rus op die beginsel van *nemo iudex in causa sua*.
[59] Pont, 1981:3
[60] Die Londense Kerkorde van 1554, die *Discipline Ecclésiastique* van 1559 en die *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1561 is deel van dié tradisie.
[61] Institusie 4,7,5-10
[62] Deddens, 1953w:67
[63] Pont, 1981:21-69. Speelman (1994:187-222) beskryf breedvoerig hoe Calvyn alles in die stryd gewerp het vir die selfstandigheid van die Franse Gereformeerde Kerke. Calvyn beskou juridiese uitsprake (byvoorbeeld tugsake) egter as *'n res mixta*, 'n gemengde saak, waarin die burgerlike sowel as die kerklike owerheid met mekaar behoort saam te werk (Speelman, 1994:224).

Calvyn moes aan baie ander sake aandag skenk[64]. Gevolglik het die beskrywing en toepassing van kerklike appèl tot 'n groot mate agterweë gebly.

Tog word dit uit die Institusie duidelik volgens watter beginsels, wat eweneens aan kerklike appèl ten grondslag lê, Calvyn dink. Oor die regeermag van die kerk skryf hy[65]: 'Die doel van kerklike jurisdiksie is ten eerste om struikelblokke teen te gaan en as daar enige vorm van 'n struikelblok ontstaan het, dit uit te roei. Twee aspekte moet in die toepassing hiervan in aanmerking geneem word: dat hierdie geestelike mag heeltemal van die swaardmag geskei is en ten tweede dat dit nie op die oordeel van een mens nie, maar deur 'n wettige vergadering toegepas moet word'.

Elders beklemtoon Calvyn[66] die belang van meerdere beraadslaging: 'Mag van só 'n aard soos ons verduidelik het, het nie net by een mens berus sodat hy na willekeur kon doen wat hy wou nie, maar by 'n vergadering van ouderlinge – 'n vergadering wat in die kerk dieselfde funksie vervul as 'n senaat in 'n stad'.

Binne die konteks van regsake wat deur die burgerlike regering hanteer behoort te word, merk Calvyn[67] op: 'Daar is immers uiters baie mense wat van so 'n groot waansin om gedinge te voer, kook, dat hulle nooit rus vir hulleself het tensy hulle met ander mense stry nie. Hulle dryf hulle hofgedinge met dodelike bitter haat en met 'n waansinnige begeerte om wraak te neem en skade te berokken. Hulle vervolg hulle teenparty met onversoenlike hardnekkigheid totdat hulle ineenstort. Om egter te voorkom dat mense dink dat hulle anders as volgens die reg handel, verdedig hulle so 'n verwronge siening onder die dekmantel van regspleging. Maar as dit hom wel geoorloof is om met sy medebroeder te regte te gaan, mag hy hom nie daarom dadelik haat nie, en hy mag nie deur 'n waansinnige ywer om hom skade aan te doen gedryf word om hom hardnekkig te vervolg nie'. Calvyn[68] beklemtoon dat iemand wat onreg ly 'sy klag uiteensit en eis wat billik en goed is, maar sonder enige begeerte om sy teenstander skade aan te doen of wraak te neem, sonder bitterheid en haat en sonder twisgierigheid'. Hy voeg daaraan toe: 'Dit betaam alle christene immers dat dit as grondbeginsel vir hulle vasgestel moet wees dat 'n regsgeding, al sou dit ook hoe billik wees, nooit regverdig deur enigiemand gevoer kan word tensy hy 'n soortgelyke liefde en goedgunstigheid teenoor sy

[64] Die kerklike lewe in die Franse kerke is tot 'n groot mate deur vraagstukke oor die huwelik en die doop asook bestryding van dwaalleer beheers. Dit blyk by uitstek uit acta van die eerste agt Nasionale Sinodes wat vanaf 1559 tot 1572 in Frankryk gehou is (Aymon, 1710:1-118). Vergelyk ook Artikels 23 tot 26 en 83 tot 173 van die Geneefse Kerkorde van 1561 (Pont, 1981:26-47).
[65] Institusie 4,11,5
[66] Institusie 4,11,6
[67] Institusie 4,20,17
[68] Institusie 4,20,18

teenstander betoon asof die saak waaroor die geskil handel, reeds vriendelik tussen hulle afgehandel en geskik is nie'[69].

Al dié opmerkings is net so geldig vir en van toepassing op kerklike regspraak.

Op die voetspoor van Calvyn

Leerlinge van Calvyn het die kerkregtelike lyne wat hy in verskeie van sy werke[70], maar veral in sy Institusie[71] getrek het, verder ontwikkel. Onder hulle tel Beza, Bucer, Melanchton, á Lasco, Knox, Melville en Olevianus[72]. Dié manne het in verskillende lande, binne die unieke omstandighede van elke land, gepoog om die beginsels van die Gereformeerde kerkreg in geskrifte en kerkordes uit te werk[73].

Sodoende het die presbiterianisme in Engeland[74] onder leiding van Thomas Cartwright in Engeland ontwikkel[75]. In die Londense Kerkorde van 1554, wat die orde van die oudste Nederlandssprekende gemeente is, kom Calvyn se lyn van denke na vore[76]. In Skotland het aanvanklik die *First Book of Discipline* en later *The Book of Common Order* as kerkorde vir die Skotse Gereformeerde kerke die lig gesien – eweneens kerkordes met 'n presbiteriaanse inslag, maar onmiskenbaar in navolging van Calvyn se kerkregtelike denke[77]. In Nederland was dit Zepperus, en in die sewentiende eeu Voetius, wat in lyn met Calvyn se werke die Gereformeerde kerkreg breedvoerig beskryf het[78].

3.4.2 Franse Gereformeerde kerke

Die eerste vorming van Gereformeerde Kerke in Frankryk kan in die jaar 1555 gestel word[79]. In 1557 was daar sprake van 'n begin van organisasie van kerke in 'n kerkverband[80].

---

[69] Institusie 4,20,18
[70] Die Franse kerkordes is in hierdie verband betekenisvol.
[71] Spoelstra, 1989:19
[72] Heussi, 1949:322; Bouwman, 1970a:45; Bakhuizen van den Brink en Dankbaar, 1980:167
[73] Lindsay, 1964:7; Speelman, 1994:187-189
[74] Gedurende die negentiende eeu het die presbiterianisme eweneens in die kerklike lewe van die VSA posgevat (Bouwman, 1970a:49).
[75] Bouwman, 1970a:45
[76] Pont, 1981:19. Weens die unieke kerklike omstandighede in Genéve is die direkte invloed van Calvyn se *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1541 op die Londense kerkorde van 1554 betreklik gering. Nietemin is die invloed sigbaar.
[77] Lindsay, 1964:304-308
[78] Zepperus en Voetius het elkeen 'n volledige *Politica Ecclesiastica* die lig laat sien (Van't Spijker, 1986b:75).
[79] Speelman, 1994:125
[80] Speelman, 1994:125. Pont (1981:48) meen dat daar reeds vanaf 1555 pogings was om plaaslike kerke in 'n bepaalde gebied met mekaar in verband te bring.

Tydens 'n klein, 'min of meer toevallige byeenkoms' van predikante te Poitiers in 1558 is die *Articles politiques pour l'Église reformée selon* opgestel[81].

'n Jaar later, in Mei 1559 word 'n sinode van al die Franse gemeentes (72 in totaal) in Parys gehou. Deur hierdie eerste nasionale sinode word die *Discipline Ecclésiastique*, 'n kerkorde wat op Calvyn se *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1541 gebaseer is, opgestel[82].

- Artikel 23 van die *Discipline*[83] bepaal (verkort en vry vertaal weergegee): As 'n predikant van growwe en openbare sonde aangekla word, moet hy direk deur die kerkraad geskors word, nadat hulle met behulp van twee of drie ander predikante ondersoek na die saak gedoen het. As die predikant in geding kla dat die getuienis wat teen hom ingebring is kwaadwillig van aard is, moet sy griewe aan die Provinsiale Sinode oorgedra word. Die Provinsiale Sinode moet 'n definitiewe oordeel oor die saak uitspreek.
- Artikel 28 van die *Discipline*[84] het betrekking op die dissipline en tug oor ampsdraers[85]: 'Die diakens en ouderlinge moet op dieselfde gronde as 'n dienaar van die Woord afgesit word uit hulle amp en wanneer hulle deur die kerkraad skuldig bevind word, sal hulle van hulle amp onthef wees, indien hulle appèl aanteken, totdat 'n Provinsiale Sinode daaroor besluit het'[86].

Uit die artikels word dit duidelik dát daar 'n weg tot appèl oop is. Oor die wyse waarop appèl aangeteken word, wei die kerkorde nie uit nie.

'n Tweede Franse Nasionale Sinode word in Maart 1560 te Poitiers gehou. Die artikels van die 1559 *Discipline* word bevestig; enkele nuwe artikels word daaraan toegevoeg[87]. Geen toevoegings word ten opsigte van die bestaande en reeds geldende appèl-artikels gemaak nie.

Die Nasionale Sinode van Lyon in 1563 brei wel beduidend op die bestaande *Discipline* uit. Artikel VI onder Algemene Sake bepaal[88]: 'In die toekoms sal alle verbanningsuitsprake wat deur die Provinsiale Sinode bevestig is, vas wees en sonder appèl'. Dit word onomwonde gestel: geen verdere appèl is moontlik indien 'n kerkraad, klassis en provinsiale sinode oor iemand se verbanning eenstemmig is nie. Hierdie besluit moet gesien word teen die

---

[81] Bakhuizen van den Brink en Dankbaar, 1980:238; Speelman (1994:125) dateer die samestelling van die *Articles politiques* 'n jaar vroeër: 1557.
[82] Van der Linde, 1983:3; Spoelstra, 1989:19
[83] Aymon, 1710:5
[84] In ander tekste word dit as Artikel 25 aangedui; vergelyk Pont (1981:52).
[85] Aymon, 1710:6
[86] Vertaling van Pont (1981:52). Pont het die Franse teks van W Niesel se *Bekentnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirchen* (s.j.:75) gebruik. In dié weergawe van die Sinode Acta word 'n ander nommering gevolg. Artikel 28 by Aymon is Artikel 25 by Niesel.
[87] Aymon, 1710:13-22
[88] Aymon, 1710:36

agtergrond van hardnekkige volharding in sonde en handhawing van 'n eie, teen-skriftuurlike standpunt oor die leer van die kerk, wat tot skeurmakery in die kerke lei[89].

By Nasionale Sinode Nîmes van 1572 word ooreengekom dat kerke alles in hulle vermoë sal doen om geskille[90] wat in hulle midde ontstaan en die gemeente verontrus, self by te lê[91]. Die klassis behandel probleme tussen gemeentelede en 'n kerkraad wat nie deur die kerkraad opgelos kan word nie[92]. Dit is opmerklik dat die beswaarde lidmaat nie in so 'n geval as appellant optree nie. Die kerkraad doen 'n beroep op die klassis om te vergader en die probleem aan te spreek[93]. In 'n sekere sin is die kerkraad die appellant.

3.4.3 Lyn van denke en doen

By die Franse kerke van die reformasie is daar ten opsigte van kerklike appèl van meet af aan 'n duidelike lyn van denke en doen te bespeur. Deddens[94] verwys na dié lyn as 'n 'doorgaande, constante praktijk' wat in die handelinge van al die Franse kerke, en met verloop van tyd ook in Gereformeerde kerke buite Frankryk, opgemerk word.

Die lyn kan soos volg getrek word:

- Kerklike regspraak is daarop gerig om struikelblokke uit die weg te ruim. As daar enige vorm van 'n struikelblok – soos verontregting waarteen geappelleer word – ontstaan, moet dit spoedig aangespreek word. Die begeerte moet wees om so gou as moontlik reg te laat geskied, en om te verhoed dat appèlle by 'n volgende meerdere vergadering dien. Verontregting moet reggestel word, sodat vrede tussen betrokkenes kan terugkeer.
- Kerklike regspraak moet nie by die oordeel van een mens rus nie, maar moet deur 'n wettige kerklike vergadering geskied.
- Iemand wat in appèl gaan, moet die saak waaroor hy appelleer en die dryfveer waarmee hy dit doen vooraf deeglik ondersoek. 'n Appellant moet sy klag uiteensit en eis wat billik en goed is, maar sonder enige begeerte om sy teenstander skade aan te doen of wraak te neem, sonder bitterheid en haat, en sonder twisgierigheid. 'n Appellant moet tegelyk teen volharding in sonde en blindelingse handhawing van eiegeregtigheid waak.
- Naburige kerke moet gewillig wees om geskille wat in kerke ontstaan en die kerke verontrus, by te lê.

---

[89] Vergelyk Calvyn (Institusie 4,20,17-19) en Acta Nasionale Sinode Nîmes 1572, Artikel 18 (Aymon, 1710:116).
[90] Uit die konteks van die sinodebesluit word dit duidelik dat dit hoofsaaklik geskille oor die leer is. Die oorsaak van die geskil is menigmaal onkunde.
[91] Acta, Artikel 11 (Aymon, 1710:114)
[92] Acta, Artikel 12 (Aymon, 1710:115)
[93] Acta, Artikel 18 (Aymon, 1710:116)
[94] Deddens, 1957a:11

- Appellante moet in persoon voor die vergadering, wat oor die saak moet regspreek, verskyn.
- Daar word volledig ruimte vir toeligting, debatte en pleidooie gegee.
- As 'n saak by 'n provinsiale sinode in behandeling kom waaroor afgevaardigdes van 'n klassis reeds tevore geoordeel het, moet die betrokke lede die sinode verlaat. Niemand kan twee keer oor dieselfde appèl oordeel nie, en niemand mag regter in sy eie saak wees nie.
- Appèlreg is nie tot tugsake van ampsdraers beperk nie. 'n Algemene reg tot appèl in geval van verontregting is vanaf die kerkraad op die klassis, en vanaf die klassis op die sinode toegestaan.

3.5 APPÈL IN DIE GEREFORMEERDE KERKREG – VERDERE ONTWIKKELINGE

3.5.1 Konvent van Wesel 1568

Die kerke in die suidelike Nederlande wat op die grondslag van die evangelie van Christus samehorig was, het vanaf 1560 verskeie 'sinodes onder die kruis' gehou[95]. Pont[96] gee 'n gerubriseerde samevatting van die acta van die Waalse sinodes wat tussen 1563 en 1566 gehou is, weer. In geeneen van die acta kan iets oor kerklike appèl opgespoor word nie. Dit het waarskynklik daarmee te doen dat sinodes te midde van bloedige geloofsvervolging in die grootste geheimhouding moes saamkom. Geleentheid vir beroep op regspraak deur 'n meerdere vergadering is sodoende bemoeilik.

In 1568 vind die Konvent van Wesel plaas. In Wesel word die basis van 'n presbiteriaal-sinodale kerkorde gelê[97]. Die Konvent het in honderd drie-en-twintig artikels, saamgegroepeer in agt hoofstukke, hulle insigte oor verskeie sake te kenne gegee.

Hoofstuk 8, Artikel 11[98] bepaal: *Liceat autem si quis se hac via, vel alia quauis ratione iniuaria affectum putet, à Consistorii sententia ad Classium (postquàm erunt institutae) iudicium appellare, et rursus à Classium decisione Synodi auxilium implorare. Etsi eiusmodi tergiuersatio ac recusatio agnoscendae culpae peruicatiae nota non carebit*[99]. 'n Ou Nederlandse vertaling hiervan lui soos volg: 'Indien iemant agt, dat hem door deze weg, ofte eenige andere maniere van doen, is ongelyk gedaan, die mag zig van het vonnis des

[95] Deddens, s.j.:110; Pont, 1981:57
[96] Pont, 1981:58-69
[97] Pont, 1981:70
[98] In sommige weergawes van die acta word van 'n ander nommering gebruik gemaak. Na Hoofstuk 8, Artikel 11 word as Artikel 112 verwys.
[99] Rutgers, 1889:33-34

Kerkenraadts beroepen op het oordeel der Classen, als die zullen aangestelt zijn; ende ook van de uitspraak der Classen, verzoeken de hulpe der Synodi, hoewel zoodanige tegen-spartelinge ende weigeringe van schultbekenninge, niet anders als voor een teken van weerspannigheid kan gehouden worden'[100].

Die Latynse teks verwys na *iniuria*: onreg. Die Nederlandse teks verwys na *verongelyking*. Verongelyking dui op enigiets wat iemand verkeerdelik aangedoen is en wat tot gevolg het dat hy in 'n posisie van ongelyk gestel is[101]. Verontreg beteken om iemand onreg aan te doen, opsetlik skade te berokken, met opset benadeel, nie aan iemand reg laat geskied nie[102]. Verongelyking sluit verontregting in.

Die aansluiting by Artikel 28 van die *Discipline Ecclésiastique* van 1559 is ooglopend. Dit is van belang om, net soos by die *Discipline Ecclésiastique*, te let op die konteks waarbinne dié bepaling in die geheel van die Weselse Artikels voorkom[103]. Hoofstuk 8 handel oor sensuur met betrekking tot leer, religie en lewenswandel. Heimlike of openbare verkondiging van vreemde leerstellinge en ketterye, hovaardige minagting van die kerkorde en die samekoms van die kerk word met name genoem. Dit gaan in tug-artikels van Wesel oor sondes in leer en lewe. Appèlreg word egter nie daartoe beperk nie. Artikel 11 (112) bepaal uitdruklik: 'Indien iemand egter meen dat hom op hierdie manier of *enige ander manier* ongelyk/onreg aangedoen is ...'. Hier word 'n algemene reg tot appèl in geval van verongelyking (*iniuria*) vanaf die kerkraad op die klassis, en vanaf die klassis op die sinode toegestaan. Die laaste gedeelte van die bepaling bevat 'n indringende vermaning, wat voornemende appellante tot versigtigheid maan. Hy wat ten onregte appelleer en sy skuld nie wil erken nie, dra die skandvlek van hardnekkigheid[104].

3.5.2 Eerste Gereformeerde sinodes in die Nederlande

Tussen 1571 en 1618/19 is daar, buiten 'n menigte provinsiale sinodes, ses nasionale sinodes in die Nederlande gehou. Elkeen van dié sinodes het tyd en aandag aan die kerkorde bestee. Dit beteken nie dat elke sinode sy eie kerkorde vasgestel het nie. Die reeds bestaande kerkorde, wat in die kerke geldend was, het van toepassing gebly[105]. Rutgers[106] wys daarop dat sekere punte in die geldende kerkorde nader uitgewerk is. Daar is toevoegings gemaak en artikels is anders gerangskik, onder meer ter wille van die owerheid wat sekere eise gestel

[100] Hooijer, 1865:50
[101] Odendal en Gouws, *red.* 2000:1185
[102] Odendal en Gouws, *red.* 2000:1185
[103] Deddens, 1953z:90
[104] Bouwman, 1970b:41
[105] Jansen, 1923:2
[106] Rutgers, 1971:10

het[107]. Die beginsels en toepassings van die beginsels, die hooflyne asook alle noukeuriger formuleringe van die hooflyne is egter voortdurend gehandhaaf en bevestig[108].

In die daarstel van die eerste Gereformeerde kerkordes is daar met name gewaak teen gebod op gebod en reël op reël. 'Dit stond bij de vaderen vast: nooit weer een boekdeel met reglementen, gelijk het *Corpus Iuris Canonici* in de Roomsche Kerk allengs geworden was'[109]. Vir die welstand van die kerke is dit baie beter dat by algemene reëls gehou word en min besonderhede bepaal en omskryf word[110] 'en dat al het andere aan de Classen en aan de enkele Kerken wordt overgelaten, om dan naar gewoonte of naar tijdelijke schikking of naar plaatselijke behoefte geregeld te worden'[111]. Dit vereis uiteraard dat almal wat in die kerke regeer op hoogte van die regsbeginsels sal wees, en ooreenkomstig die beginsels reg sal doen.

In die volgende paragrawe word op die redaksiegeskiedenis van die appèl-artikel(s) in die onderskeie kerkordes gefokus. Op grond daarvan word bepaal watter vorm en inhoud die kerke aan kerklike appèl gegee het.

3.5.2.1 Sinode Emden 1571

Sinode Emden het 'n kerkorde in lyn met die bestaande Franse Kerkorde en die Artikels van die Weselse Konvent vasgestel[112]. Die vertrekpunt van die Emdense Kerkorde is dat geen heerskappy-oefening van watter vergadering of watter persoon ook al in die kerkverband geduld sal word nie[113]. 'n Ander belangrike besluit wat by Sinode Emden geneem is, is die vorming van klasses wat een maal per kwartaal of per halfjaar moet saamkom[114].

Die moontlikheid van appèl word in Artikel 33 van die Kerkorde van Sinode Emden beskryf. Artikel 33 handel oor die tug oor ampsdraers. *Si Ministri, Seniores et Diaconi peccatum publicum, Ecclesiae probrosum, vel auctoritate Magistratus plectendum perpetraverint; Seniores quidem et Diaconi statim auctoritate consistorii munere abdicabuntur; ministri autem suspendentur a functione; an vero abdicandi sint ministerio, Classici conventus erit iudicare, cuius sententiae si non acquieverint, ad Synodum Provincialem prouacabunt*[115]. Kersten gee

---

[107] Deddens, s.j.:115
[108] Rutgers, 1971:11
[109] Rutgers, 1971:44
[110] Jonker, 1965:14
[111] Rutgers, 1971:44
[112] Acta, Artikel 2 (Rutgers 1889:56); Pont, 1981:93
[113] Acta, Artikel 1 (Rutgers, 1889:55)
[114] Acta, Artikel 7 (Rutgers, 1889:58)
[115] Rutgers, 1889:72

'n moderne Nederlandse vertaling, wat met die vertaling van Rutgers[116] ooreenkom: 'Is het dat de dienaars des Woords, de ouderlingen of diakenen enige openbare zonde, die tot schande en lastering der gemeente strekt, of door de macht der overheid behoort gestraft te worden, bedreven hebben, zo zullen de ouderlingen en diakenen, door de outoriteit der konsistorie terstond van hun dienst afgezet worden. Maar de dienaren des Woords zal men hun dienst voor een tijd lang opzeggen, doch of men ze ten enenmale van hun diensten afzetten zal, daarvan zal de verzameling der classe oordelen, met welker oordeel, is het dat zij niet tevreden zijn, zo zullen zij zich beroepen op de Provinciale of Lands Synode'[117].

Partikuliere vraag 22 en Hoofstuk 2 (3) maak eweneens van beroepingsreg melding.

- Partikuliere vraag 22 verwys na 'n predikant wie se vrou 'n ketter is. Die kerkraad moet die saak behandel. *Et si consistorium remissius se gerat, aliquorum fratum Ecclesia iudicio, tum illi a consistorii vel negligentia vel sententia ad classem provocare poterunt* ('En zoo de Consistorie al te zagt en te slap hier inne handele, zoo zal door het oordeel eeniger Broederen der Kerke de zaake van de onagtzaamheid en het oordeel der Consistorie tot de Classe beroepen en betrokken moge worden')[118].
- Hoofstuk 2 (3) bepaal: *Si quid in aliqua classis Ecclesia acciderit quod in illius consistorio componi non posset, in conventu Classico discutietur et iudicabitur, a quo ad prouincialem erit appellatio. Coeterum in conventibus Classisicis, quae ad Classis illius Ecclesias pertinebunt, tractabuntur* ('Zoo daar iets in eenige Kerke der Classis geschiede, dat daar niet in de consistorie konde ter neder gelegt woren, dat zal in de Classische samen-komsten verhandelt en geoordeelt worden, van den welken men zig tot den Provincialen Synodum zal mogen beroepen')[119].

Opmerklik is die wisselgebruik van die begrippe *appellare* (Hoofstuk 2 (3)) en *provocare* (Artikel 33 en Partikuliere vraag 22). Dit wil voorkom asof Emden geen inhoudelike onderskeid tussen die twee begrippe maak nie. Albei dui op beroeping op 'n meerdere vergadering.

Soos die Konvent van Wesel, het Sinode Emden die reg tot appèl binne verskillende kontekste toegelaat. Alhoewel Artikel 33 melding maak van appèl in geval van tug, skep Hoofstuk 2 (3) ruimte deur die moontlikheid van appèl tussen die meer algemene artikels, wat die reg en betekenis van meerdere vergaderings reël, te plaas[120].

---

[116] Rutgers, 1889:73
[117] Kersten, 1961:48
[118] Rutgers, 1889:103
[119] Rutgers, 1889:106-107; Hooijer, 1865:80
[120] Bouwman, 1970b:41

Oor die motief waarom die kerke dit onmiddellik kerkordelik gereël het om beroep vanaf 'n kerkraad op 'n klassis en vanaf 'n klassis op 'n sinode toe te staan, skryf Deddens[121] dat kerkrade van die Gereformeerde Kerke van meet af aan hulle eie feilbaarheid erken het. Hulle het self gevra dat ander kerke hulle uitsprake kan beoordeel. As dit blyk dat die oordeel van die kerkraad verkeerd is, sal die oordeel van die klassis gevolg word. As 'n lidmaat teen een van hulle besluite appelleer en die appèl slaag, beloof die kerkraad om by die besluit van die klassis te berus en die konsekwensies daarvan te dra. Ooreenkomstig Paulus se uitspraak in 1 Korintiërs 11 – 'oordeel wat ek sê' – versoek 'n kerkraad 'n klassis: 'oordeel wat ons doen', veral as iemand in appèl gaan. 'Het gaat in de kerken om het wegdoen van zonde en de zegepraal van het recht Gods'[122].

3.5.2.2 Sinode Dordrecht 1574

Artikel 19 van die Provinsiale Sinode Dordrecht 1574 stel appèl in verband met onordelike indringing in die kerkdiens[123]. 'Die buijten de ordeninghe der Kercke sich inden Kerckendienst indringhen, sullen vander Classe eens twee of meermael gheroepen ende vermaent worden datse reden haers doens gheuen. Ende ist datse dit hartneckelick weijgheren te doen, soo sullen sij verclaert worden Schismatici ende loopers te wesen, ende haer naemen sullen den anderen Classibus te kennen ghegheuen worden. Doch indien sij sich beclaeghden dat hun onghelijck gheschiede, soo sullen sij sich op den Sijnodum Prouincialem beroepen mueghen'[124].

Dit val op hoe die kerke te alle tye geleentheid vir iemand gee om sy kant van die saak te stel, selfs in geval van 'n ernstige oortreding soos skeurmakery. Niemand word ooit die geleentheid ontneem om in sy vermeende verontregting aangehoor te word nie.

3.5.2.3 Sinode Dordrecht 1578

Die artikels van die kerkorde wat deur Sinode Dordrecht 1578 vasgestel is, is in ses hoof-stukke gegroepeer[125]. Kerklike appèl word by Hoofstuk 2, wat oor 'den kerkeraad en andere kerkelijke verzamelingen' handel, gevoeg – en nie by Hoofstuk 6, wat oor die kerklike tug handel nie. 'n Merkbare verskuiwing vind plaas. Waar die voorafgaande sinodes appèl primêr by tughandelinge betrek het, en sekondêr by ander sake waarin verontregting aangetoon

---

[121] Deddens, 1956k:219
[122] Deddens, 1956k:219
[123] Rutgers, 1889:138-139; Deddens, 1954b:151
[124] Rutgers 1889:139-140; vergelyk Hooijer, 1865:100
[125] Bremmer, 1984:123

word, word die orde nou omgekeer. Appèl word in direkte verband met die agenda van 'n meerdere vergadering geplaas[126].

Artikel 18 bepaal: 'Men sal gheene saken tot grooter versamelinghen brenghen dan die in den mindere niet en hebben konnen afghehandelt werden, ofte die de Kercken in het ghemeyne aengaen'[127]. Daarop volg Artikel 19: 'Soo yemant hem beclaeght dat hy door het oordeel der minder versamelinghe beswaert is, die sal syn sake voor een meerder moghen betrecken'[128].

Die begrip 'beswaar' is nuut. Voorheen is na verongelyk en verontreg verwys. Bremmer[129] is van mening dat die *verongelyk* 'een tikje zwaarder geformuleerd' is as *beswaar*. Hy motiveer nie sy mening nie. Daarteen word gestel dat beswaar 'n nadere aanduiding van die verongelyk en verontreg gee. Die verongelyking en verontregting waaroor die appellant kla, weeg (materieel) swaar en druk (formeel swaar) op hom.

Onder die partikuliere vrae wat by die sinode gedien en beantwoord is, was daar 'n vraag aangaande die tyd van appèl (Partikuliere vraag 4), naamlik 'of het aan degenen, die door wettige uitspraak van de kerkeraad of classis veroordeeld zijn, vrij staat op elke tijd die hun goeddunkt, zich te beroepen op een grotere vergadering?' Die sinode antwoord: 'Dat de zaken, waarover men appelleert, onderscheiden zijn. Want waar twee personen tegenover elkaar in kwestie staan, zal het aan degene die veroordeeld werd geoorloofd zijn het beroep in te stellen tot de helft van de tijd die er verloopt tussen de vergadering, waarop hij veroordeeld is en de eerstkomende vergadering waarop hij zich beroept; tenzij de tijd te kort zou zijn, waarvan de classis oordelen en besluiten zal. Maar zo het oordeel uitgesproken is tegen iemand alleen die gezondigd heeft, zal deze zich terstond beroepen. En zo iemand op de bestemde tijd geen beroep instelt, zo zal hij van het recht der beroeping verstoken zijn'[130].

3.5.2.4 Sinode Middelburg 1581

Die Latynse teks van Artikel 23 van die Middelburgse Kerkorde lees soos volg: *Si quis minoris conventus sententia se gravari queretur, ad superiorem erit provocatio. Quod vero plurium suffragiis erit probatum, id ratum habebitur, nisi verbo Dei, aut etiam articulis a Synodo generali constitutis, donec alia Synodo generali mutentur, adversari ostendatur*[131].

---

[126] Jansen, s.j.:37; Pont, 1981:133
[127] Rutgers, 1889:240; vergelyk Kersten, 1961:94
[128] Rutgers, 1889:240; vergelyk Kersten, 1961:94
[129] Bremmer, 1984:187
[130] Hooijer, 1865:160; Rutgers, 1889:263-264; Deddens, 1954b:151; Kersten, 1961:111
[131] Rutgers, 1889:384

Die Nederlandse teks lui: 'Soo ijemandt hem beclaecht door de vutspraecke der minder vergaderinghe veronghelijckt te zijn, deselue sal hem tot een meerdere beroepen moghen. Ende tgehene door de meeste stemmen goet gheuonden is, sal voor vast ende bondich ghehouden werden, ten zij dat het bewesen werde te strijden teghen het Woordt Godts, ofte teghen de artijckelen in onsen generalen Sijnodo besloten, soo langhe als deselue door gheen andere generale Sijnode verandert zijn'[132].

Die 'beswaar' van die 1578-kerkorde weerklink onmiskenbaar in die Latynse *gravari*. Tog word dit nie as sodanig in die Nederlandse teks weergegee nie.

Artikel 23 van die 1581-kerkorde bevat twee sinne. Die twee sinne voeg twee afsonderlike artikels uit die kerkorde van Sinode Dordrecht 1578 saam. Die betrokke twee artikels uit die kerkorde van 1578 is:

- Artikel 19 (hoofstuk 2, artikel 4): 'Soo yemant hem beclaeght dat hy door het oordeel der minder versamelinghe beswaert is, die sal syn sake voor een meerder moghen betrecken'[133].
- Artikel 23 (hoofstuk 2, artikel 8): 'In alle saken (die altyts wtghenomen van den welcken wy een wtghedruckt woordt Gods hebben) als de stemmen neerstichlick gheweghen syn salmen blyuen by het aduys der meeste stemmen om daerna te besluyten, het welcke besluyt een yeghelick schuldich sal syn na te koemen'[134].

Bremmer[135] skryf oor die samevoeging: 'Heel belangrijk is de manier waarop Middelburg het appèlrecht in de kerk regelde. Al in de kerkorde van Dordrecht (1578) was bepaald dat een bezwaarde zijn zaak voor een meerdere vergadering mocht "betrekken" (art. 19), en dat de meeste stemmen beslisten (art. 23). Daar maakte Dordrecht een opvallende uitzondering bij: "die altyts uutghenomen van den welcken wy een uutgedruckt woordt Gods hebben". Het was een herinnering in de kerkorde aan de evidentie van het Woord Gods. Middelburg liet die uitzondering weg, maar bracht hem, enigszins anders geformuleerd, in art. 23 (art. 31 DKO) terug. In de eerste alinea zegt dit artikel, dat wie zich door een uitspraak van een mindere vergadering "verongelijkt" acht ... zich op een meerdere vergadering zal mogen beroepen. In dat geval (en hier nam de commissie het oude art. 8 in het nieuwe art. 23 op) zal hetgeen door de meeste stemmen goedgevonden wordt "voor vast en bondich" worden gehouden ...'.

[132] Rutgers, 1889:384
[133] Rutgers, 1889:240
[134] Rutgers, 1889:241
[135] Bremmer, 1984:187

Hooijer[136] gee 'n breedvoerige beskrywing van die rede vir die samevoeging van twee 'heterogene beginselen'[137]. Hy soek die motivering in die aanloop tot Sinode Middelburg 1581. Menigmaal het kerklike geskille voor die owerhede geland, sodat hulle daaroor kon uitspraak gee. Owerhede het toenemend met die kerkregering ingemeng. Teen dié agtergrond ontstaan die samestelling van artikel 23 van die 1581 Middelburg-kerkorde. Die bedoeling daarvan was 'om de zamenkomsten buiten de invloed der politiek te houden'[138]. Kamphuis[139] bevestig Hooijer se verklaring.

Die samevoeging van die twee beginsels impliseer nie dat die besluitbevoegdheid van meerdere vergaderinge tot appèlsake beperk word nie[140]. Buiten dat 'n meerdere vergadering 'n geldige uitspraak oor appèlle kan lewer, kan meerdere vergaderinge oor alle ander sake wat regtens op haar agenda dien geldige besluite neem.

Die 104de partikuliere vraag wat deur die sinode behandel is, het te doen met die wyse van optrede terwyl 'n appèl in behandeling is: 'Wat men doen sal wanneer de Classis oordeelt dat een Dienaer te transfereren is, en die Dienaar of kerk appelleert, of dan verwacht moet werden de beroepinge en samekomste des Synodi Generael? Antwoord. Hy sal blyven ter tyd toe dat de particuliere Synode de sententie approbeert, en alsdan sal de translatie voort gaen, ter tyd toe in den Nationalen Synode daer van kennisse genomen en anders geoordeelt is'[141].

Samevattend kan die volgende oor appèl in die Middelburgse kerkorde gestel word:

- Beroep op 'n meerdere vergadering is in geval van vermeende verongelyking moontlik.
- Die begrip verongelyk sluit verontregting (*iniuria*) in. Verongelyking plaas die appellant in die posisie van beswaard-wees (*gravis*). Die verongelyking en verontregting waaroor die appellant kla, wéég (materieel) swaar en drúk (formeel) swaar op hom.

---

[136] Hooijer, 1865:187-197
[137] Jansen, 1923:142
[138] Hooijer, 1865:199
[139] Kamphuis (1970:52): 'Beroep op een meerdere vergadering is mogelijk in geval van vermeende verongelijking. Maar de verbinding die door Middelburg tussen het eerste lid en het tweede lid van ons artikel is gelegd, heeft wel degelijk een eigen betekenis, die ons in het licht van de historische contekst duidelijk kan worden. Het tweede gedeelte is inderdaad niet slechts van beslissingen in appèlzaken bedoeld. Maar door het leggen van een nauwe verbinding heeft Middelburg wèl op ene heilzame wijze geconcretiseerd en de geldigheid van de kerkelijke besluiten geaccentueerd. Het zijn de kérken die in geval van bezwaren beslissen'. Kamphuis verduidelik: Die Leidse magistraat het vir diegene wat hulleself verongelyk geag het (die sogenaamde Leidse Remonstransie met ds Caspar Coolhaes as sleutelfiguur), die weg na 'n meerdere vergadering denkbeeldig gemaak deur te ontken dat die kerklike meerdere vergaderinge bevoeg was om geldige besluite te neem. Hierteen het Sinode Middelburg die pad na meerdere beroep geopen en die regsgeldigheid van kerklike besluite, ook in geval van appèl, gestipuleer. Die uitvoering van 'n besluit deur 'n kerklike vergadering kan en mag nie deur 'n magistraats-beslissing gekeer word nie, maar alleen deur beroep op God se Woord of die reg wat in die Kerkorde geskryf staan – die kerkreg.
[140] Meulink en De Wolff, 1967:78; Bremmer, 1984:187
[141] Hooijer, 1865:221

- Kerklike vergaderinge is bevoeg en daartoe geroep om uitspraak oor 'n appèl te gee.
- Sodanige uitspraak is – soos alle ander besluite wat die vergadering met meerderheid van stemme neem – vas en bindend, tensy dit met die Woord van God in stryd is.
- Die uitvoering van 'n besluit deur 'n kerklike vergadering kan en mag nie deur 'n magistraats-beslissing gekeer word nie, maar alleen deur beroep op God se Woord of die reg wat in die Kerkorde geskryf staan.
- Indien 'n appèl *sub judice* is, word die besluit waarteen geappelleer is nie uitgevoer nie totdat uitspraak daaroor gelewer is.

3.5.2.5 Sinode 's Gravenhage 1586

Die Nasionale Sinode 's Gravenhage 1586 het Artikel 23 van die Middelburg Kerkorde feitlik woordeliks oorgeneem. Die twee afsonderlike sinne is in een sin saamgevoeg en deur middel van kommas van mekaar onderskei: 'Zoo hem iemand beklaagt door de uitsprake der minder Vergaderinge verongelykt te zyn, die zelve zal hem tot een meerder Kerkelyke Vergaderinge beroepen mogen, ende het geene door de meeste stemmen goed gevonden is, zal voor vast ende bondig gehouden worden, ten zy dat het beweezen worde te stryden tegen het Woord Gods, ofte tegen de Artikelen in dezen Generale Synode beslooten, zoo lange als dezelve door geen andere Generale Synodo verandert zyn'[142]. Die samevoeging van die twee afsonderlike beginsels word sodoende nog sterker beklemtoon. Wat verder opval, is die invoeging van die woord 'kerklike' voor vergadering. Die kerke het hulleself al hoe uitdrukliker téén owerheidsinmenging en vír kerklike behandeling van kerklike sake op 'n kerklike wyse uitgespreek.

3.5.2.6 Sinode Dordrecht 1618/19

Die amptelike redaksie van Artikel 31 Dordtse Kerkorde lees soos volg: 'Soo yemant hem beklaeght deur de uytsprake der minder Vergaderinghe verongelijkt te zijn, die selve sal hem tot een meerder Kerkelijcke vergaderinghe beroepen moghen: ende 't ghene door de meeste stemmen goet gevonden is, sal voor vast ende bondich ghehouden worden. Tenzy datte bewesen worde te strijden tegen het woordt Gods, ofte teghen de Artijckelen in desen Generalen Synodo besloten, soo langhe als de selve door gheen ander Generale Synode verandert zijn'[143].

Net soos Sinode Middelburg 1581, het Sinode Dordrecht 1618/19 twee afsonderlike sinne in Artikel 31 geformuleer. Die inhoud van die twee sinne is egter gewysig. Middelburg 1581 tref

[142] Hooijer, 1865:273
[143] Biesterveld en Kuijper, 1905:234

'n onderskeid tussen die moontlikheid van appèl en die besluitbevoegdheid van 'n meerdere vergadering. Met die plasing van die punt op 'n ander plek in die artikel, beklemtoon Sinode Dordrecht 1618/19 twee belangrike sake in verband met appèl: die uitspraak van 'n meerdere vergadering in 'n appèlsaak moet vir vas en bindend gehou word; verdere appèl is slegs moontlik as daar op grond van die Skrif en/of die Kerkorde aangetoon en bewys kan word dat die bestaande uitspraak ongeldig is. Hiermee word gepoog om rus en vrede tussen die betrokkenes te herstel en ongegronde voortsetting van 'n appèl te voorkom.

Uit die Post-Acta blyk hoe die sinode self ooreenkomstig Artikel 31 van sy goedgekeurde kerkorde met appèlle te werk gegaan het.

- 175e Sitting[144]: 'Is voorgelezen de verklaring van Johannes Arnoldi Rodingenius, predikant te Hoorn, waarin hy betuigde, om redenen aan de praeses te kennen gegeven zijn appèl te laten varen. De praeses heeft ook ingebracht, dat Johannes Valesius, predikant te Hoorn, tijd had verzocht om bij zich zelven te overwegen, of hij zijn appèl wilde vervolgen. Isacus Welsingius, predikant te Hoorn, is verschenen voor de Synode om zijn appèl te vervolgen, en heeft verzocht, dat met de allereerste van zijn zaak kennis mocht worden genomen'.
- 176e Sitting[145]: 'Die tot de zaak van Isacus Welsingius gedeputeerd waren, hebben daarvan aan de Synode rapport gedaan, en tegelijk hun advies geopend, hoe ze oordelen, dat daar behoorde gehandeld te worden. Is ook voorgelezen de uitspraak van de gedeputeerden der Noord-Hollandse Synode, waarin de voornaamste punten der beschuldigingen begrepen waren; en tegelijk de antwoorden van Isacus Welsingius daarop. Eindelijk gehoord zijnde Petrus Plancius en Hermannus Gerardi, gedeputeerden der Noord-Hollandse Synode, en de geheel zaak nauwkeurig overwogen, is geoordeeld, dat de sententie van de gedeputeerden der Noord-Hollandse Synode tegen Welsingius, op rechtvaardige gronden was gefundeerd. Dat men nochtans de Synode van Noord-Holland zou vermanen, als zij de rechtzinnigheid van deze gezeide Welsingius volkomener zal hebben onderzocht, zo door zijn belijdenis als ondertekening van konfessie, katechismus, en de verklaring dezer Synode, dan te arbeiden, dat hij met de magistraat en kerk van Hoorn moge verzoend en in de kerkedienst hersteld, op zulk ene plaats, waar het allerprofijtelijkste geoordeeld zal worden, en hij met stichting en vrucht zal kunnen verkeren, en zorg dragen, dat hij ondertussen van traktement behoorlijk worde voorzien.
- Assessor Hermannus Faukelius heeft aangediend, dat Johannes Valesius hem had bekend gemaakt, dat hy geresolveerd was zijn appèl te laten varen, maar verzocht dat zijn zaak aan de Synode van Noord-Holland mocht worden gerekommandeerd. En zijn die van Noord-Holland vermaand, met diegenen, die bereid zijn de formulieren van enigheid en de

[144] Acta, uitgawe Donner en Van den Hoorn, s.j.:943; Kersten, 1961:213
[145] Acta, uitgawe Donner en Van den Hoorn, s.j.:945; Kersten, 1961:217

verklaringen dezer Synode te ondertekenen, op het allerzachste te handelen voor zoveel de waarheid en stichting lijden kan'.

- 177e Sitting[146]: 'De sententie der Synode in de zaak Welsingius uitgesproken, is de gedeputeerden der Noord-Hollandse Synode, en ook Welsingius voorgelezen, dewelke daarvan kopie verzochten en zijn hun dezelve toegestaan. De gedeputeerden hebben de Synode voor deze uitspraken bedankt. Welsingius verklaarde, een andere sententie van de Synode verwacht te hebben. Maar dewijl het de Synode alzo had geliefd, zichzelven bij dit oordeel te willen neerleggen, en alles oprechtelijk nakomen wat hij ten beste van de kerk met een goede konsciëntie zou kunnen'.

3.5.3 Lyn van denke en doen

Uit die redaksionele ontwikkeling van Artikel 31 Dordtse Kerkorde word duidelik dat:

- die reg tot appèl van meet af aan kerkordelik deur die sinodes van die Gereformeerde Kerke in die Nederlande vasgelê is (Wesel 1568); dit is in navolging van die Franse kerke gedoen;
- verongelyking verontregting (*iniuria*) en beswaard-wees (*gravis*) insluit; verongelyking plaas die appellant in die posisie van beswaard-wees (*gravis*) (Wesel 1568, Dordrecht 1578, Middelburg 1581);
- *appellare* en *provocare* as wisselterme gebruik word, wat albei sonder enige verdere onderskeiding beroeping op 'n meerdere vergadering aandui (Emden 1571);
- daar teen oor-reglementering van die kerkregering oor die algemeen, en kerklike appèl in besonder, gewaarsku en gewaak is;
- appèl aanvanklik primêr aan die kerklike tug verbind is, sonder dat dit tot tugsake beperk is (Wesel 1568, Emden 1571);
- appèl deur latere sinodes uit die direkte konteks van ampstug geneem is, en tussen artikels oor kerklike vergaderinge geplaas is (Dordrecht, 1578);
- niemand ooit die geleentheid ontneem word om in sy vermeende verontregting aangehoor te word nie; die kerke het selfs in geval van 'n ernstige oortreding soos skeurmakery vir iemand geleentheid gegee om sy kant van die saak te stel (Emden 1571, Dordrecht 1574);
- appèl so spoedig as moontlik ingestel moet word, veral as dit oor 'n tugsaak handel (Dordrecht, 1578);
- kerklike vergaderinge bevoeg en daartoe geroep is om uitspraak oor 'n appèl te gee (Middelburg 1581);

[146] Acta, uitgawe Donner en Van den Hoorn, s.j.:946; Kersten, 1961:218

- 'n uitspraak oor appèl – soos alle ander besluite wat die vergadering met meerderheid van stemme neem – vas en bindend is, tensy dit met die Woord van God in stryd is (Middelburg 1581; Dordrecht 1618/19);
- uitvoering van 'n besluit deur 'n kerklike vergadering nie deur 'n magistraats-beslissing gekeer kan en mag word nie, maar alleen deur beroep op God se Woord of die reg wat in die kerkorde geskryf staan (Middelburg 1581; 's Gravenhage 1586);
- dit 'n appellant vry staan om teen die uitspraak van 'n meerdere vergadering te appelleer, hoewel sodanige appèl deeglik oorweeg moet word of dit nie uit 'n gees van weerspannigheid en weiering tot skuldbekentenis gebore word nie (Wesel 1568);
- verdere appèl slegs moontlik is as daar op grond van die Skrif en/of die kerkorde aangetoon en bewys kan word dat die bestaande uitspraak ongeldig is (Dordrecht 1618/19);.
- indien 'n appèl *sub judice* is, die besluit waarteen geappelleer is nie uitgevoer word nie totdat uitspraak daaroor gelewer is.

Ooreenkomstig die neergelegde orde het die kerke gepoog om kerklike regsake op 'n kerklike wyse te hanteer[147]. Die tersaaklike handelinge van Sinode Dordrecht 1618/19 kan soos volg saamgevat word:

- Appellante en verweerders het in persoon voor die sinode verskyn en hulle saak aan die sinode gestel.
- Daar was ruimte vir appellante om oor die voortgang van hulle appèl te herbesin en, indien hulle tot sodanige insig gekom het, die appèl terug te trek.
- Appèlsake is na deputate van die sinode verwys wat staande die sinode 'n rapport oor die appèl opstel. Die rapporteurs adviseer die sinode hoe daar verder met die appèl gehandel behoort te word.
- Die sinode, asook die deputate wat die appèlsaak voorlopig ondersoek, neem in besonder kennis van die uitspraak van die mindere vergadering in die betrokke saak. Beskuldiginge wat voor die mindere vergadering gedien het, asook die verweer se antwoorde daarop word aangehoor en geweeg.
- Die sinode lewer op aanbeveling van die deputate 'n uitspraak. In die uitspraak word die klag van die appellant, die antwoord van die verweer, asook die uitspraak van die mindere vergadering verreken. 'n Kopie van die uitspraak word aan die belanghebbendes uitgereik.
- Die uitspraak gaan gepaard met vermanings en opdragte. Die mindere vergadering word gemaan om, indien hulle nie sorgvuldig genoeg op die inhoud van 'n saak ingegaan het nie, in die toekoms noukeuriger op te tree. Opdrag word gegee om ooreenkomstig God se Woord alles in die vermoë te doen ten einde rus en vrede in die kerke te herstel. As 'n

[147] Deddens, 1957b:20

appellant se appèl nie slaag nie, word van hom gevra om hom by die uitspraak van die sinode neer te lê deur die uitspraak in opregtheid en met 'n goeie gewete tot heil van die kerke na te kom.

3.6 APPÈL IN DIE GEREFORMEERDE KERKREG – ONTWIKKELINGE NA 1618/19

Die Dordtse Kerkorde van 1618/19 het vir amper twee eeue formeel van krag gebly. In 1816 is dit vervang met die Algemene Reglement van Koning Willem I[148]. In 1834 is die Dordtse Kerkorde van 1618/19 deur die Christelik Afgeskeie Kerke, in 1886 deur die Nederduits Gereformeerde Kerke, en in 1892 deur die Gereformeerde Kerke opnuut as reël vir die kerkregering aanvaar[149]. Die kerkreg van die GKSA wortel histories gesproke in die Afskeiding van 1834, wat teruggryp na Dordrecht 1618/19[150].

Gedurende die tyd van die Nadere Reformasie (17e eeu), die Afskeiding (1834), die Doleansie (1886) en die Vereniging (1892) het daar beduidende kerkregtelike ontwikkelinge plaasgevind[151]. Gegewe die fokuspunt van die studie, word daar – met uitsondering van die ekskursie wat hierna volg – nie in diepte op die historiese ontwikkelinge van appèl ná 1618/19 ingegaan nie[152]. Spesifieke sake wat wel uit daardie periode relevant blyk te wees, word in hoofstuk 5 bespreek.

Ekskursie 4: Voetius oor appèlreg

Omdat daar in latere kerkregtelike ontwikkelinge dikwels na die werk van Voetius verwys word[153], word 'n kort oorsig oor sy beskouing van kerklike appèl gegee.

Die kerkregtelike debatte wat Voetius tussen 1663 en 1676 gevoer het, is deur hom versamel, gesistematiseer en in vier dele onder die titel *Politica Ecclesiastica* (PE) uitgegee[154]. Kerklike appèl kom in verskillende hoofstukke van die derde deel van die PE, boek 1, traktaat 3 aan die orde. Daarin beantwoord hy ook verskeie praktykgerigte vrae insake kerklike appèl.

---

[148] d'Assonville, 1992:186
[149] Jansen, 1923:2; Bouwman, 1970a:47-49
[150] Sien hoofstuk 5.2.1.4
[151] Figure soos Rutgers, De Savornin Lohman en Kuyper het wesenlike bydraes tot die Gereformeerde kerkreg en kerkregering gelewer.
[152] In paragraaf 3.1 is gestel dat en waarom Dordrecht 1618/19 as die sentrale punt en basis vir die historiese ontwikkeling van appèl in die Gereformeerde kerkreg beskou word.
[153] Vergelyk onder andere die proefskrif van Bouwman (1937) *Voetius over het gezag der synoden* en die polemiek wat daaroor ontstaan het. Golverdingen (2001) beskryf dit in 'n skripsie getiteld *Ontstaan, inhoud en betekenis van 'oud' en 'nieuw' kerkrecht.*
[154] Van't Spijker, 1986b:74, 75

Vertrekpunt

Voetius se vertrekpunt vir die kerkregering is die sigbare, plaaslik geïnstitueerde kerk[155]. Hy omskryf die kerk as 'n gemeenskap (*societas*) van gelowiges, wat vrywillig aangegaan word om die gemeenskap (*communio*) van die heiliges te beoefen[156].

Ampsleer

In sy ampsleer hou Voetius vas aan die Nuwe Testamentiese onderskeid tussen die gewone en buitengewone ampte[157]. Die gesag van die amp rus in die gesag van die Woord, en is daarom nie absoluut nie[158]. In soverre ampsdraers die Woord bedien, tree hulle met gesag op. Buite daardie grens het hulle geen gesag nie. Vanuit sy standpunt oor gesag wys Voetius twee uiterstes af: enersyds die aanmatiging van ampsgesag (Rome), andersyds die onderwaardering daarvan (kongregasionaliste)[159]. Alle kerklike mag is herleibaar tot die soewereine mag van Christus, wat sy kerk regeer. Ten opsigte van Christus is kerklike mag bedienend[160].

Die taak van die kerkverband

Die kerkverband is volgens Voetius 'n vereniging van kerke (*unio ecclesiarum*), wat op 'n verbond (*confoederatio*), op 'n wedersydse belofte (*correspondentia*) van plaaslike kerke berus[161]. Kerkverband dien tot welwese van die kerk[162].

Meerdere vergaderinge het 'n helpende mag (*potestas auxiliaris*). Kerke in die kerkverband is wedersyds afhanklik van mekaar, en daartoe verbind om mekaar in geval van nood te help[163]. Voetius kwalifiseer die onderlinge hulp deur daarop te wys dat die taak van die meerdere vergadering is om die goeie orde (*eutaxia*), wat eie aan die kerk van Christus is, te herstel[164]. Die vergadering kan dit met beslissende gesag (*judica decisiva*) doen. Daar moet egter gepoog word om geskille deur minlike skikking tot 'n oplossing te bring, veral as dit gaan oor twis oor feite (*quaestiones facti*) en daar

---

[155] PE Pars 1, Lib. 1, Tract. 1; Van't Spijker, 1986b:77
[156] PE Pars 1, Lib. 1, Tract. 1, Cap. 1; Van't Spijker, 1986b:78
[157] PE Pars 2, Lib. 2, Tract. 2
[158] PE Pars 2, Lib. 2, Tract. 1; Van't Spijker, 1986b:79
[159] PE Pars 2, Lib. 4; Van't Spijker, 1986b:79
[160] PE Pars 1, Lib. 1, Tract. 2; Van't Spijker, 1986b:80
[161] PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3, Cap. 9; Van der Walt, 1976:50
[162] Van't Spijker, 1993:236
[163] PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3, Cap. 2
[164] PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3, Cap. 2

geen prinsipiële saak ter sprake is nie. As die minlike skikking geen oplossing bied nie, kan 'n meerdere vergadering tot 'n streng beslissing (*rigidae decisionis viam*) oorgaan.

Reg tot en doel van appèl

Geen kerk mag die reg tot appèl van 'n lid of lede weerhou nie. Deur die reg tot appèl te erken en in praktyk toe te laat, laat die kerkraad blyk dat hy opreg in sy optrede is. Die billikheid en regsgeldigheid van 'n kerkraadsbesluit kan te eniger tyd deur 'n meerdere vergadering getoets word. Voetius meen dat die behandeling en afhandeling van sodanige appèl 'by die broederlike en allersagmoedigste kerklike regbanke' tuishoort[165]. Met betrekking tot die optrede van die kerklike regbanke gebruik Voetius meermale mediese terme in 'n geestelike sin[166]. 'n Kerk waarin algemene onenigheid heers, is 'n *ecclesia affecta*[167] – 'n aangetaste kerk. Dit is van lewensbelang dat die aangetaste liggaamsdeel (in geval van appèl: die appellant en die respondent) genees moet word. Uitsprake in appèlsake moet derhalwe duidelik en toepaslik wees. Daarby moet dit op herstel van gedane onreg gerig wees. Die meerdere vergadering moet oor die hangende geskil uitspraak gee en die moeilikheid uit die weg ruim. Sodoende word daar konstruktief aan genesing van die siek liggaamsdeel gewerk.

Appèl in geval van wanbestuur

Voetius noem dat beroep op 'n meerdere vergadering dikwels met veronderstelde wanbestuur van 'n mindere vergadering verband hou[168]. Die appellant voer aan dat die mindere vergadering hom aan *mala administratio* skuldig maak. Die meerdere vergadering moet hom oor die klag uitspreek en – indien en waar nodig – langs die regte weë orde op sake stel. In 'n ander geval kan 'n appellant 'n klag of aanklag stel omdat onmag by 'n mindere vergadering aangetoon word. In geval van 'n tugsaak kan die persoon in geding in beroep gaan as hy meen dat die oordeel van die kerkraad ongeldig, te haastig uitgespreek of te swaar is, en daar gevolglik persoonlik onreg aangedoen is.

---

[165] PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3, Cap. 3
[166] Vergelyk Bouwman, 1937:207
[167] PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3, Cap. 2
[168] PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3, Cap. 2 en Cap. 3; vergelyk Bouwman, 1937:203, 208

Appèldeputate?

In die lig van Spreuke 11:14[169] is Voetius nie daarvoor te vinde dat 'n sinode-afvaardiging of deputate geskille besleg nie. Die deputate kan rapporteer en aanbevelings doen, maar die sinode besluit[170].

Bindende regspraak

Omdat die meerdere vergaderinge bevoegdheid het om bindende besluite te neem[171], behoort die kerke hulle aan die beslissing van dié vergaderinge te hou. Deur intrede in die kerkverband het die plaaslike kerk die appèlreg vrywillig aanvaar[172].

---

[169] 'As daar nie oorleg is nie, val 'n volk: maar in die veelheid van raadgewers is redding.'
[170] PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3, Cap. 8 (*quaest. et resp.* 3); sien hoofstuk 4.4.4.2.
[171] PE Pars 3, Lib. 4, Tract. 1, 2; Kamphuis, s.j.:51
[172] PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3, Cap. 3; vergelyk Bouwman, 1937:153

HOOFSTUK 4
PRINSIPIËLE OMLYNING

4.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Die identifisering en beskrywing van die beginsels waarop appèl en regsherstel rus, asook die wesenlike aspekte waaruit dit bestaan, is een van die hoofsake waarop in hierdie studie gefokus word[1]. Met die oog hierop word die begrippe appèl en regsherstel in die eerste plek binne die breër raamwerk van algemeen geldende regsbeginsels bespreek en omskryf. Vervolgens word verskeie wesenlike aspekte rakende appèl beskryf, waarna ook kortliks aan alternatiewe metodes van geskilbeslegting in die kerkreg aandag gegee word. Die hoofstuk sluit af met 'n praktykgerigte sintese. Vereistes waaraan appèl met die oog op regsherstel behoort te voldoen, word daarin verwoord.

4.2 APPÈL IN DIE KERKLIKE EN BURGERLIKE REG: ONDERLINGE VERHOUDING

Wanneer Gereformeerde kerkreghandboeke, kerkorde-handleidings en relevante publikasies oor die hantering van kerklike appèlle geraadpleeg word, word dit duidelik dat daar oor die onderlinge verhouding tussen appèl in die kerklike en burgerlike reg uiteenlopend gedink word. Die onderskeie gedagterigtings kan breedweg soos volg saamgevat word:

- Bipolêre verhouding. 'n Skerp lyn word tussen appèl in die kerklike en in die burgerlike reg getrek. Kerkreg en burgerlike reg word radikaal van mekaar geskei; soms teenoor mekaar gestel.
- Polêre verhouding. Bepaalde ooreenkomste tussen appèl in die kerklike en burgerlike reg word erken. Daar word gepoog om dié raakvlakke tot uitbou van die Gereformeerde kerkreg te identifiseer en beskryf. Kerkreg en burgerlike reg word langs mekaar geplaas.
- Gesinchroniseerde verhouding. Algemene regsbeginsels wat aan die kerkreg en die algemene reg (onder andere die burgerlike reg) ten grondslag lê, word geïdentifiseer en beskryf. Gereformeerde kerkregtelikes en gereformeerde juriste werk saam om dié beginsels in die praktyk van die kerkregering, met name in gevalle van geskilbeslegting, toe te pas.

---

[1] Sien Hoofstuk 1, probleemstellings 2 tot 5 asook navorsingsdoelstellings 3 en 4 onder Hoofstuk 1, paragraaf 1.4.1

4.2.1 Bipolêre verhouding

Die *sui generis* van die kerkreg word deurgaans as basisargument ten gunste van 'n skerp skeiding tussen appèl in die kerklike en nie-kerklike reg aangevoer. Die eiesoortigheid en andersheid van die kerkreg word op verskeie maniere verwoord:

- *Eiesoortige norm*

  Kerklike regspraak wil aan die Christusregering ooreenkomstig sy Woord deurgang gee. Daarom mag dit nooit op 'n juridiese manier uitgeoefen word nie, laat staan op 'n wettiese of wêreldse manier[2].

  Die wêreldlike reg bepaal dat die wetgewer geen reël mag stel wat teen die grondwet ingaan nie. As daar wel so 'n reël ingestel word, moet regters dit nogtans toepas. Die reg om die wet aan die grondwet te toets kom slegs die wetgewer toe, nie die regter nie. Die kerkreg daarenteen eis dat elke lidmaat of ampsdraer enigiets wat met Gods Woord (die grondwet van kerk en koninkryk) in stryd is, onmiddellik bekend maak – desnoods teen alle kerklike ordeninge en beslissings in[3].

- *Eiesoortige regsuitoefening*

  Kerklike regsuitoefening is wesenlik van die wêreldlike regsuitoefening te onderskei. Die kerkorde wys weg van homself af. Deur die kerkorde word gehoorsaamheid aan die Skrif gereël. Die wet wys na homself. Deur die wet word gehoorsaamheid aan die wet as sodanig afgedwing. In kerklike regsuitoefening gaan dit nie om oortredinge van die kerkorde nie, terwyl dit in die wêreldlike regsuitoefening wel om oortredinge van die staatswette gaan[4].

- *Eiesoortige atmosfeer*

  Kerklike regspraak behoort in die atmosfeer van liefde en behoud plaas te vind. Die atmosfeer van wêreldlike regspraak is koud en klinies. Die gevaar is groot dat in kerklike regspraak na wêreldlike reg gekyk word, wat nie aan Bybelse gebooie voldoen nie. Dit het tot gevolg dat kerklike geskille as harde regsake hanteer word in plaas van 'gewetenskrisisse' tussen broeders van dieselfde huis[5].

- *Eiesoortige optrede*

  Skriftuurlike beginsels van geregtigheid en billikheid, wat vir kerklike regspraak geld, is wesenlik anders as die *strictum ius*, die formalisme en 'behendigheidspel' van die wêreldlike reg wat met 'koue regsake' werk[6].

---

[2] Van der Walt, 1976:164
[3] Deddens, 1953I:362
[4] Smit, 1984a:103
[5] Roeleveld, 1972a:41
[6] Roeleveld, 1972a:41,46; De Kock, 1982:27

- *Eiesoortige terminologie*

  Die wêreldlike regspraak gee dikwels 'n ander inhoud aan regsterme as die kerklike regspraak[7].

- *Eiesoortige regbank*

  'n Kerklike vergadering wat regspreek is wesenlik anders as 'n burgerlike hof. Kerklike vergaderinge is nie permanente strukture nie. 'n Mindere kerklike vergadering kan gevolglik nie as 'verweerder' teenoor 'n appellant in 'n meerdere vergadering optree nie[8].

- *Eiesoortige regter*

  Die wêreldlike reg word toegepas deur persone wat na jarelange studie in die kennis van die reg bedrewe is. Kerkreg word toegepas deur ampsdraers, wat in die eerste plek toegelê is op kennis van die Skrifte, 'n 'deur die gewoonte geoefende gawe om tussen goed en kwaad te onderskei (Hebreërs 5:14)'[9].

- *Eiesoortige orde*

  Die orde van die kerk is wesenlik anders as die orde van enige ander samelewings-verband, instituut of struktuur. 'n Ander wetmatigheid geld vir die bestaan van die kerk as wat vir 'n menslike vereniging of instituut geld[10].

  Gevolglik kan die kerkorde nie soos 'n staatswet hanteer word nie. Kerkreg en wêreldlike reg verskil in baie opsigte van mekaar; onder andere in aard, struktuur, sin, omvang en metode[11].

- *Eiesoortige regshandhawing*

  Die wêreldlike reg laat haar deur dwang geld, desnoods met geweld. Gehoorsaamheid word afgeforseer. Kerkreg daarenteen soek na vrye gehoorsaamheid uit liefde, met as middele onderwysing, oorreding, vermaning, waarskuwing[12].

- *Eiesoortige gerigtheid*

  Die wêreldlike reg let op uitwendige optrede en bemoei hom nie met innerlike gesindheid nie. Daarom straf die wêreldlike reg misdadigers, ook al bekeer hulle hul. Straf dien as vergelding. Kerklike regspraak en sensuur is egter nie slegs (selfs nie primêr) op uiterlike geweld gerig nie, maar eis aflegging van haat, wat vir God doodslag is. Kerkregering berus op die soenverdienste van Jesus Christus en is derhalwe verbind aan sy wil vir sy

---

[7] Schilder (Schilder en Deddens, s.j.:39) skryf in dié verband: 'Denk maar eens aan het woord 'advies', dat in de kerkelijke wereld een andere inhoud heeft dan in de juridische. In omgekeerde richting geldt hetzelfde van den term 'hoger beroep'. Men laat den term gaan, maar feitelijk deugt hij in de kerkelijke wereld niet (meerdere vergaderingen zijn geen superieure, geen *hoogere*)'.

[8] Spoelstra, 1986:107. Spoelstra spreek hom in die lig van 1 Korintiërs 3:3 sterk uit teen dikwels gebruikte terminologie in kerklike appèlsake wat na sy mening tipiese sekulère tendense vertoon. Hy verwys in besonder na terme soos 'verweer' en 'partye'.

[9] Deddens, 1953l:362; Deddens, 1956n:271

[10] Smit, 1984b:42

[11] Deddens, 1953l:362

[12] Deddens, 1953l:362

kerk[13]. Kerklike regspraak het berou en boetvaardigheid van die sondaar as mikpunt[14]. Kerkregering is diens aan en van die Woord; dit is getuienis en verkondiging wat die betrokkenes voor 'n beslissing met betrekking tot Christus stel[15].

- *Eiesoortige fokus*
  Die wêreldlike reg fokus by die positivering daarvan op 'n groot getal besonderhede en reël tallose feite en verhoudinge. Gevolglik is die wêreldlike reg aan 'n menigte, dikwels tegnies-ingewikkelde formuleringe gebind[16]. Die kerkreg bepaal hom, met inagneming van geldige regsreëls, slegs by hoofsake[17]. Die kerkorde is nie soos 'n wet of reglementebundel op allerhande moontlikhede van ónreg gefokus nie, maar spel die basiese reëls vir rég uit.

4.2.2 Polêre verhouding

In meer resente kerkregtelike werke word daar op 'n minder skerp manier met die *sui generis* van die kerkreg omgegaan.

Smit, wat enersyds beklemtoon dat die orde van die kerk wesenlik anders is as die orde van enige ander samelewingsverband, instituut of struktuur[18], stel 'n jaar later dat die kerk wesenlik met dieselfde reg uit dieselfde oorsprong as die staat te make het[19]. Hy verwys na die regsordening in die Ou Testament, wat ongedifferensieerd as 'n eenheid oor die hele lewenspektrum geld.

Smit, net soos Du Plooy[20], sluit aan by Calvyn se beskouing dat die kerk en die staat dieselfde reg uit dieselfde oorsprong hanteer[21]. Dit is egter onderskei in twee *ordines* wat God ingestel het; soos twee oë in een liggaam. Die differensiasie tussen kerkreg en staatlike reg veronderstel dus nie 'n kategorie-verskil of 'n wesensverskil in die reg nie, maar 'n toepassingsverskil. Die staatsowerheid orden die staat, kragtens sy funksie, met juridiese wette en bepalinge wat afdwingbaar is. Die kerkraad orden die kerk, kragtens sy funksie, met liefde deur die positiewe reg van God wat in geloof gehoorsaam word[22].

---

[13] Smit, 1992:517
[14] Deddens, 1953l:362
[15] Jonker, 1965:12
[16] Deddens, 1953l:362
[17] Deddens, 1956n:271
[18] Smit, 1984b:42
[19] Smit, 1985:327
[20] Du Plooy, 1991:114, 124
[21] Calvyn, Institusie 4,20,1
[22] Smit, 1985:329

Net soos Smit, onderstreep die *Gereformeerde Gemeenten* (GG) in Nederland met 'n beroep op Calvyn die geestelike karakter van die kerkreg, en dat dit om daardie rede 'n geheel ander orde as die wêreldlike reg is[23]. Terselfdertyd wys hulle op die algemene regsbeginsels wat sowel vir die kerk as vir die staat geld[24]. Ook al is die kerkreg *sui generis* wat sy bron (die Skrif), bedoeling (eer van God, welsyn van die gemeente, behoud van die sondaar) en talle ander sake betref, is daar eweneens duidelike ooreenkomste met die wêreldlike reg. Die wêreldlike reg kan vir die kerke baie nuttig wees. Die *Gereformeerde Gemeenten* waarsku met verwysing na Bos[25] in besonder teen wêreldlike prosedures wat sover moontlik in die kerk vermy word, aangesien wêreldlike reg vergeld en die kerk versoen[26].

Vanuit 'n nie-kerkregtelike hoek wys Santing-Wubs[27] daarop dat beginsels van die (Nederlands-Europese) grondwet nie regstreeks in kerklike geskilbeslegting deurwerk nie. Tog is daar talle prosesregtelike beginsels in dié grondwet wat vir die regsgang in die kerke van toepassing is en met groot vrug gebruik kan word.

Vroeër in die 20ste eeu het Van Es in Nederland 'n perspektief op die sogenaamde Du Plessis-saak in Suid-Afrika gegee [29]. Van Es pleit vir vryheid van die kerk in haar eie sfeer, net soos vryheid van die staat in sy eie sfeer. Onderlinge eerbiediging is die wagwoord. Op bepaalde terreine moet kerk en staat mekaar ontmoet. Hoe meer daar onderling gekommunikeer en oorleg gepleeg word, hoe beter. Daar is volgens Van Es genoeg onderlinge raakvlakke om met mekaar in gesprek oor te tree[30]. Dit sluit die reg tot appèl in.

4.2.3 Gesinchroniseerde verhouding

In die *Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)* in Nederland (GKV) is daar sedert 1993 diepgaande oor kerklike appèl besin[31]. Die verhouding tussen appèl in die kerkreg en die burgerlike reg het prominente aandag gekry. In 1994 is 'n uitgawe van *De Reformatie* in geheel aan die saak van kerklike appèl gewy.

Boersma, 'n juris, identifiseer bepaalde probleme met die appèlreëling wat op daardie stadium in die GKV van krag was[32]. Daar is volgens hom geen enkele sekerheid oor die tydsduur van

---

[23] GG, 1999:9
[24] GG, 1999:10
[25] Bos, 1950:71
[26] GG, 1999:10
[27] Santing-Wubs, 2002:139-140; vergelyk Slump, 2000:91
[28] Santing-Wubs, 2002:139-140; vergelyk Slump, 2000:91
[29] Van Es, 1933:2
[30] Van Es, 1933:31
[31] Haitsma, 2004:5
[32] Boersma, 1994:585-587

die prosedure nie; bowendien is daar geen instansie wat die verloop van termyne kontroleer nie. Die implikasies is groot vir diegene wat om regshulp aanklop. Meerdere vergaderings word nie saamgestel op die basis van deskundigheid in die beslegting van geskille nie. Daar is dus geen waarborg vir kwaliteit wat betref die hantering en afhandeling van 'n appèl nie. Omdat die mindere vergadering teen wie geappelleer word afgevaardigdes na die meerdere vergadering stuur by wie geappelleer word, kan die indruk ontstaan dat die hantering en afhandeling van die appèl by voorbaat partydig sal wees. Verder roep die feit dat dieselfde predikante min of meer altyd by bepaalde meerdere vergaderinge is, die risiko van domino-krasie op. Die kerklike weg is 'n moeisame weg, wat daartoe aanleiding gee dat dikwels in die onreg berus word, eerder as om vir die moeisame weg te kies. Laasgenoemde het 'n negatiewe gevolg vir die verontregte sowel as die onregverdige[33]. Omdat Artikel 31 KO so beknop is, ontstaan daar talle vrae insake die appèlprosedure: Wanneer kan reaksie verwag word? Kan die appèl mondeling toegelig word? Is die behandeling van die appèl openbaar?

In die oë van die wêreldlike reg is hierdie sake volgens Boersma ernstige knelpunte. Indien iemand ooreenkomstig 1 Korintiërs 6 wel na 'n wêreldlike regbank toe gaan omdat sy reg in die kerk geminag is, hoe sal die regter oor 'n prosedure – wat nie noukeurig omskryf is nie – oordeel? So 'n situasie moet syns insiens voorkom word. Boersma meen dat daar 'n regsgang ontwikkel moet word waardeur 'n saak van vermeende onreg in die lyn van 1 Korintiërs 6 binne die eie kerklike gemeenskap effektief behandel en afgehandel kan word[34]. Kerklike regspraak, wat vanuit die gemene reg as 'alternatiewe geskilbeslegting' beskou word[35], mag in geen opsig vir die wêreldlike reg terugstaan nie, veral nie wat appèlle betref nie.

In 1997 spreek Slump, 'n regter, hom sterk ten gunste van 'n ontwikkeling in die 'gesonde grensverkeer' tussen kerkreg en burgerlike reg uit[36]. So 'n ontwikkeling is nodig, onder andere omdat 'n burgerlike regter by die beoordeling van geskille waarin die kerklike regsgang ter sprake kom, deeglik toets of daar sprake was van skending van fundamentele regsreëls. Die primaat wat die regter aan die kerklike regsgang gee, maak die kerklike regsgang nie immuun vir regterlike toetsing by nabaat nie[37].

Slump bestry die teenstelling wat tussen kerklike en wêreldlike prosesreg gesoek of geskep word. Die Skrif diskwalifiseer nêrens die wêreldlike regspraak as sodanig nie. Daarby kan die invloed van die wêreldlike reg en die kennis en ervaring van juriste by die bestudering en ontwikkeling van die kerklike reg al te maklik 'buite die deur gehou word' deur 'n vertekende

---

[33] 1 Korintiërs 6:9
[34] Vergelyk Oldenhuis, 1994:591-593 en Pel, 1994:593
[35] Santing-Wubs, 2002:106
[36] Slump, 1997:86
[37] Slump, 2000:91

beeld aan die verhouding tussen beide gebiede te gee. Dikwels word 'n karikatuur van die wêreldlike reg geskep asof dit bloot koud en hard en klinies is. Ook al is die kerklike regsgang uniek, kan daar soveel op die *sui generis* gehamer word, asof daar nie ook bepaalde Godgegewe regsreëls is wat konsekwent oral geld nie [38].

Te Velde onderskryf die mening van bogenoemde juriste[39]. In verband met die verhouding tussen kerkreg en staatsreg noem hy dat die kerk nie in 'n klooster leef nie, maar noodwendig aan die buitewêreld blootgestel word. In haar pastorale arbeid kry die kerk noodwendig te doen met dinge soos familiereg en strafreg. Dit is nie net uit praktyk noodsaaklik om van wêreldlike reg kennis te neem nie, maar ook prinsipieel. God is Koning oor alles. Baie basiese regsreëls wat in die kerk van toepassing is, is net so van toepassing in die staat. Kennis van juriste kan dus goed gebruik word. Samewerking en wisselwerking van teoloë met christen-juriste is onmisbaar om op hoogte te bly van ontwikkelinge en om bewaar te bly van vergissings.

Santing-Wubs[40] beskryf die basiese prosesregtelike beginsels wat, met volle inagneming van die kerke se eie regsbeginsels, op kerklike regspraak van toepassing is[41]:

- toegang tot regterlike instansie;
- eerlike behandeling, waaronder reg op hoor en wederhoor, reg op gelyke proseskanse[42];
- deugdelike motivering van regterlike uitspraak;
- openbaarheid van regspraak;
- beregting binne 'n redelike termyn;
- onafhanklikheid en onpartydigheid van die regter.

Santing-Wubs vestig verder die aandag daarop dat toetsing van kerklike uitsprake deur 'n burgerlike regter altyd moontlik is[43]:

- marginale toetsing om toe te sien dat daar aan die vereistes van die reg voldoen is;
- kwalitatiewe toetsing om te bevestig dat daar diepgaande genoeg na die geskil gekyk is;
- inhoudelike toetsing, wat beteken dat die saak as't ware heropen word.

Wat laasgenoemde betref laat die burgerlike regter hom nie oor geloofskwessies uit nie[44].

---

[38] Slump, 2000:93-94; vergelyk Boersma, 2004:13
[39] Te Velde, 2004c:131
[40] Santing-Wubs, 2002:106-107, 132-139
[41] Dit is die reëls van natuurlike geregtigheid, waaraan in paragraaf 4.4.5.2.1 aandag gegee word.
[42] *Equality of arms* – byvoorbeeld dat elkeen geregtig is op regshulp.
[43] Santing-Wubs, 2002:163
[44] Santing-Wubs, 2002:194. Die vraag is relevant tot watter mate die uitspraak van die burgerlike regter in die kerk bindend is.

4.2.4 Slotsom

Alle gereformeerde kerkregtelikes sowel as gereformeerde juriste wat oor die verhouding tussen kerklike en burgerlike reg geraadpleeg is, is dit eens dát die kerkreg sy eie-aard (*sui generis*) het. Oor die manier waarop die eie-aard gehandhaaf en uitgeleef moet word, bestaan daar verskil van mening. Dit blyk dat bepaalde wanvoorstellings wat vanuit die kerkreg oor die burgerlike reg bestaan het, met verloop van tyd uit die weg geruim is.

In hierdie studie word daar, met volle inagneming van die eie-aard van die Gereformeerde kerkreg sowel as die burgerlike reg, van die standpunt uitgegaan dat daar 'n gesinchroniseerde verhouding tussen die kerkreg en die burgerlike reg behoort te wees en dat dié verhouding voortdurend verder ontwikkel word. Drie hoofsake word as motief vir hierdie standpunt aangebied:

- God se Woord is geldig vir alles in die lewe, onder andere vir kerklike én burgerlike reg[45]. Die eiesoortigheid van die kerklike reg kan en mag nie sodanig verabsoluteer word, dat dit in spanning met ander vorme van regspraak beskou en toegepas word nie. Ook al is die kerk nie ván die wêreld nie, is die kerk wel in die wêreld[46]. Daar moet noukeurig onderskei word wat werklik die eie-aard van die kerkreg is, en wat algemeen regsgeldige reëls is.
- Kerklike regspraak moet ten alle tye ooreenkomstig algemeen geldende regsbeginsels, wat vir die kerk 'n minimum-vereiste behoort te wees, geweeg kan word[47]. Dit sal tot oneer van Christus en sy kerk strek as die minimum-vereistes nie deur die kerke nagekom (kan) word nie[48]. Kerklike regspraak moet in alle opsigte hoogstaande wees[49], sodat kan blyk dat die kerk ook in dié opsig 'n stad op 'n berg is[50]. Die Here se Naam moet onder andere by wyse van deeglike kerklike regspraak deur nie-kerklike mense geëer word[51].
- 'n Gelowige juris moet, soos enige ander lidmaat in die amp van gelowige, sy/haar juris-gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die gemeenskap van die heiliges kan aanwend[52]. Onderlinge samewerking tussen gelowige regskundiges en diegene wat in

---

[45] Op die basis hiervan bepaal Artikel 71 KO dat sowel burgerlike straf as kerklike tug noodsaaklik is om die eer van God te handhaaf. Oor die 'dat, hoe en wat' van elkeen is die Woord van God duidelik, so ook oor die gemeenskaplikheid en uniekheid daarvan. Vergelyk Roeleveld, 1958:19.

[46] Johannes 17:15; 2 Korintiërs 3:2; Filippense 3:20; Kolossense 3:1

[47] Vergelyk 1 Petrus 3:15 – 'Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is ...'.

[48] Oldenhuis, 1994:590. Met verwysing na die Roomse kanonis W Onclin, stel Torfs (1998:20) die vraag: 'Beschikt de kerk overal nog wel over voldoende vaardige canonisten die ook op zuiver juridisch vlak vrank en vrij met het moderne recht in dialoog vermogen te treden'? Dié vraag is net so relevant vir die Gereformeerde kerkreg.

[49] Pel, 1994:593

[50] Matteus 5:14; Filippense 2:14-16

[51] Matteus 5:16

[52] Sondag 21 HK

die kerk geroep word om regspraak te lewer, lei tot opbou van die liggaam van Christus[53]. Daarteenoor waarsku Paulus dat gewaak moet word teen 'n verdeeldheid van gawes en kragte[54].

Dit is nie die bedoeling met hierdie studie om die verhouding tussen appèl in die kerklike en nie-kerklike reg volledig te beskryf en ontleed nie. In die lig van bogenoemde sal tersaaklike punte in die burgerlike reg geïdentifiseer word wat vir die bestudering van appèl met die oog op regsherstel in die Gereformeerde kerkreg van belang is.

4.3 BEGRIPSBESKRYWING

4.3.1 Appèl in die burgerlike reg

Woordbeskrywing

Die Latynse beprip *appello* het die algemene betekenis van 'aanspreek, toespreek, iemand vra om iets te doen, maan, tot verantwoording roep, noem, benoem, uitspreek'[55]. In juridiese sin dui *appello* op 'vra vir hulp en beskerming, beroep doen op regspraak'[56]. Die verwante begrip *provoco* beteken in juridiese sin 'om voor 'n hoër hof te daag, om op 'n hoër tribunaal te appelleer, uitroep om hulp'[57].

Op die oog af is *appello* en *provoco* sinonieme. Tog is daar volgens sommige verklaarders 'n mate van onderskeid, naamlik in die adres waarop 'n beroep gedoen word. *Appello* is 'n beroep wat op die hoër hof gedoen word, terwyl *provoco* daarop dui dat op die volk in hoër beroep gegaan word[58]. Volgens Grosheide het die verskil tussen *provocatio* en *appellatio* gedurende die keisertyd heeltemal verdwyn[59].

In die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal[60] word appèl in juridiese sin verklaar as 'beroep op 'n hoër hof'. Volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek[61] dui appèl op 'beroep van 'n veroordeelde op 'n hoër hof om die uitspraak van die laer hof met die oog op vermindering of vernietiging van straf in heroorweging te neem; beswaar teen 'n uitspraak'. In

---

[53] Van Bekkum, 1990:798
[54] 1 Korintiërs 12:12-27
[55] Engelbregt, 1882:173; Marchant en Charles, 1902:46; Postma, 1975:23
[56] Marchant en Charles, 1902:46; Postma, 1975:23
[57] White en Riddle, 1880:1583; Engelbregt, 1882:1599; Marchant en Charles, 1902:452
[58] Smith, 1894:34; Postma, 1975:257
[59] Grosheide, 1948:351
[60] Odendal en Gouws *red.*, 2000:50
[61] Kritzinger *ea.*, 1972:53; vergelyk Schoonees *red.*, 1956:239, 381.

'n militêre sin het dit die betekenis van 'byeenroeping om te kontroleer'. Dit kan ook op beroep in die algemeen dui. 'n Provokateur is iemand wat uitdaag, uittart, tot verset aanspoor[62]. Laasgenoemde het 'n besonder negatiewe inhoud en konnotasie.

Saakbeskrywing

In regswoordeboeke word appèl omskryf as 'a proceeding undertaken to have a decision reconsidered by bringing it to a higher authority; esp., the submission of a lower court's or agency's decision to a higher court for review and possible reversal'[63]. 'One appeals *against* a lower court's decree'[64]. 'An appeal, applicable to courts of law, means a complaint to, and a judical examination by, a higher court of decision of an inferior court. The higher court then approves, corrects or sets aside the judgement of the inferior court'[65]. 'The right of appeal is the right of entering a superior court and invoking its aid and interposition to redress the error of the court below. An appeal, strictly so called, is one in which the question is, whether the order of the court from which the appeal is brought was right on the materials which that court had before it. A motion before a judge in court to discharge or vary an order made by him in chambers is not an appeal, but a re-hearing. A right of appeal, where it exists, is a matter of substance, and not of procedure'[66].

Elemente van appèl

Uit die woord- en saakbeskrywing blyk dat die volgende elemente eie aan appèl is:

- Appèl is 'n regsproses waarin 'n klagte teen die uitspraak van 'n laer hof uitgespreek word.
- Deur appèl word die uitspraak van die laer hof voor 'n hoër hof gebring.
- Die hulp en bemiddeling van 'n hoër hof word ingeroep om die uitspraak van die laer hof by wyse van hersiening te laat toets.
- Appèl is gerig op die inhoud van 'n regsaak, en nie op prosedure nie.
- Appèl is 'n regsmiddel, waarby die saak in geding in geheel aan die oordeel van 'n hoër regter toevertrou word. Die regter oordeel oor die feite sowel as oor die reg. Appèl beteken dus 'n nuwe proses[67], waarin nuwe getuies, deskundiges en stukke ter sprake kom.

---

[62] Odendal en Gouws *red.*, 2000:878
[63] Garner, 1999:94
[64] Garner, 1999:67
[65] Saunders, 1988:96; Claasen, 1997:132
[66] James, 1986:151
[67] *iudicium novum*

Wetgewing in praktyk

Suid-Afrikaanse wetgewing[68] insake appèlreg gee 'n nader aanduiding van die praktyk van appèl:

- *Reg tot appèl*
  Die reg om in appèl te gaan word sorgvuldig by wyse van wetgewing beskerm. Niemand mag van daardie reg ontneem word nie[69].
- *Tyd vir appèl*
  Appèl moet binne voorgeskrewe tye (deurgaans 14 dae na die datum van skuldigbevinding) aangeteken word. Onder bepaalde omstandighede kan die tydperk om te appelleer deur die hof *ad quem* verleng word.
- *Verlof tot appèl*
  Verlof tot appèl sal slegs toegestaan word indien bewys word dat:
  - verdere getuienis wat vermoedelik as waar aanvaar sal word, beskikbaar is;
  - sodanige getuienis redelikerwys tot 'n ander beslissing aanleiding kan gee;
  - daar 'n aanvaarbare verklaring gegee kan word waarom genoemde getuienis nie alreeds gedien het nie.
- *Indiening van appèl*
  'n Skriftelike kennisgewing van appèl moet by die klerk van die hof ingedien word.
- *Formaat van appèl*
  'n Afskrif van die oorspronklike notule van die besluit waarteen geappelleer word moet by die stukke ingesluit wees. Gronde vir appèl, waaruit blyk teen watter feite en teen watter regsbevinding beswaar gemaak word[70], moet duidelik en in besonderhede weergegee word[71].
- *Kernsaak by appèl*
  Die kern van die vraag by appèl teen 'n bestaande vonnis is nie of die vonnis reg of verkeerd was nie, maar of die verhoorhof, by die oplegging daarvan, sy diskresie behoorlik en regterlik uitgeoefen het[72]. In dié opsig is daar 'n wesenlike verskil tussen appèl en hersiening[73].
- *Stel van appèl*
  Die appellant sal nie toegelaat word om op 'n punt van appèl te argumenteer wat hy nie in sy kennisgewing van appèl gemeld het nie, tensy die hof van appèl hom spesiaal daarvoor

---

[68] RSA Wet op Landdroshowe 1944, artikel 87, reël 51; Wet op die Hooggeregshof 1959, reëls 50 en 67 (12,b); Strafproseswet 1977, artikels 309 en 322; Grondwet 1996, artikel 168; Reëls van die Konstitusionele Hof 1998, paragraaf 17.
[69] Hiemstra, 1987:725
[70] Eckard, 1984:336
[71] Hiemstra, 1987:728
[72] Kriegler, 1993:802
[73] Eckard, 1984:322-323

toestemming verleen. Die appellant mag wel toegelaat word om 'n regspunt by die voortsetting van die appèl te opper wat hy nie in die kennisgewing van die appèl geopper het nie. Verlof om 'n nuwe grond van appèl by te voeg, behoort normaalweg alleen toegestaan te word as daar 'n verduideliking is van die versuim om die betrokke grond van appèl betyds aan te voer. Daar moet 'n redelike vooruitsig wees dat die appèl op die betrokke grond sal slaag[74].

- *Hulp by appèl*
  'n Prokureur mag, mits volmag daartoe aan hom verleen is, namens 'n veroordeelde persoon in die hele appèlproses optree.
- *Hantering van appèl*
  Behalwe dat die hof van appèl die appellant aanhoor, moet dié hof hom deeglik vergewis van die ondersoek deur die verhoorhof, dit is die hof *a quo*, wat die saak ondersoek het en teen wie se uitspraak geappelleer word[75]. Grondliggend aan hierdie optrede is die *audi alteram et partem*-reël. Die hof van appèl moet daarteen waak om nie net op grond van die geskrewe stukke af te gaan nie[76].
- *Uitspraak in appèl*
  Die appèlregter moet die regsvrae, die feitlike bevindings waartoe hy gekom het asook die verbinding tussen bevinding en regsvrae tesame met die weergee van redes vir sy bevinding bekend maak.
- *Vonnis in appèl*
  Die hof *ad quem* het bevoegdheid om 'n bestaande vonnis te verswaar of om 'n ander vorm van vonnis in die plek van of benewens die bestaande vonnis op te lê.
- *Effek van uitspraak in appèl*
  Die hof *ad quem* kan[77]:
  - 'n bestaande vonnis bekragtig, wysig of vernietig;
  - die saak terugverwys na die hof *a quo* met instruksies vir die afneem van verdere getuienis of die verstrekking van meer inligting;
  - beveel dat die partye of een van hulle op 'n geskikte tyd in die hof van appèl sodanige verdere bewys moet aanvoer as wat die hof nodig of wenslik ag;
  - enige ander stappe doen wat tot die regverdige, spoedige en so goedkoop moontlike afhandeling van die saak kan lei.

---

[74] Hiemstra, 1987:728-729
[75] Kriegler, 1993:799
[76] Eckard, 1984:336
[77] Hiemstra, 1987:735-741

4.3.2 Appèl in die Gereformeerde kerkreg

In Artikel 31 KO word bepaal dat iemand wat 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is, hom op 'n meerdere vergadering kan beroep.

Te Velde[78] stel dat Artikel 31 KO primêr oor situasies gaan waarin 'n kerkraad iemand persóónlik onreg aangedoen het en hoër beroep in so 'n geval moontlik is. Dit kan egter ook gebeur dat iemand op 'n meerdere vergadering beroep doen omdat hy meen dat 'n kerkraadsbesluit teen God se Woord ingaan en vir die voortbestaan van die héle gemeente gevaar inhou[79]. Ongeag die hoeveelheid mense wat deur die vermeende verontregting geraak word of die materie waaroor die vermeende verontregting bestaan[80], staan een saak vas: daar is ruimte om vir regspraak te vra. 'n Kerklid (of -lede) kan die susterskerke uit die omgewing se hulp inroep om te beoordeel of daar inderdaad onreg geskied het[81]. Indien bevind word dat daar inderdaad onreg geskied het, kan die kerke mekaar help om die gedane onreg reg te stel.

Die 'beroep' waarvan Artikel 31 KO melding maak, beteken volgens Deddens[82] 'het zich wenden tot een andere, hogere rechter (zo in het wereldlijk recht) om herziening van een vonnis. De appellant richt zich tegen 't vonnis (uitspraak) van b.v. de "lagere" rechter of de kerkeraad, waarbij in geding was niet alleen of de appellant in staat was, klaar en overtuigend aan te tonen, dat de uitspraak streed tegen de normen (voor de wereldlijke rechter: de wet; in het kerkelijk leven: Gods Woord en de K.O.) maar evenzeer, of de uitspraak van lagere rechter of kerkeraad gebaseerd was op de feiten, en dus geen feiten bij de besluitvorming waren overgeslagen of onjuist geïnterpreteerd'.

Aansluitend by Te Velde en Deddens se beskrywing van Artikel 31 KO moet in gedagte gehou word dat:

- appèl in wese niks anders is as 'dat je een beroep op iemand doet. Opdat hij je te hulp kome. Maar dan moet die hulp ook nodig zijn. Dan moet er dus nood zijn, waaruit je geholpen moet worden, omdat je er anders in blijft'[83].
- appèl 'n middel is waardeur elke gelowige as deelhebber aan die Gees van die Here geleentheid kry om saam te soek na Christus se heerskappy as hy meen dat 'n besluit wat

[78] Te Velde, 2002:1; vergelyk Bouwman, 1970b:15, 35; Spoelstra, 1986:101; Spoelstra, 1989:196
[79] Bouwman, 1970b:24; Van Rongen, 1995:58
[80] Sien paragraaf 4.4.1.1 oor die inhoud en reikwydte van verongelyking.
[81] Te Velde, 2002:1
[82] Deddens, 1956i:218
[83] Schilder, 1956:326; vergelyk Oranje, 1944:14

geneem is, in stryd is met die Woord, die belydenisskrifte of die Kerkorde, of as hy meen dat hyself deur só 'n besluit te na gekom is[84].

- appèl nodig is vir beslegting in geskille en vir bewaring van orde en rus in die kerke[85].
- appèl 'n heilige plig ter wille van die eer van die Here, die stigting van die kerk en gewetens van gelowiges moet wees[86].

Hierdie beskrywing van appèl kom in breë trekke ooreen met wat onder appèl in die burgerlike reg, soos onder 4.3.1.1 beskryf, verstaan word. Dit vertoon eweneens duidelike ooreenkomste met die appèlproses in die Roomse kerkreg: 'Unter Appellatio versteht man in kanonischen Prozessrecht das ordentliche Rechtsmittel der Berufung gg. ein gerichtliches Urteil, d.h. die Anrufung eines höheren Richters, der das Urteil inhaltlich überprüfen soll. Damit verbunden ist die Bitte um ein neues Urteil'[87].

Ekskursie 5: Appèl, beswaar en revisie

Dit dien vermeld te word dat appèl duidelik van beswaar en revisie onderskei moet word. In 'n studie oor appèlreg het Te Velde[88] bevind dat daar oor die algemeen verwarring tussen dié verskillende aksies merkbaar is. Sommige appèlle is volgens hom niks anders as 'n versoek om revisie nie[89].

Appèl en beswaar

Die punt van ooreenkoms tussen appèl en beswaar is dat iemand oor 'n bepaalde saak swarigheid[90] het. Die *gravis* ontstaan omdat iemand oordeel dat 'n besluit met die Woord van God of die kerkorde in stryd is[91].

- Om die *gravis* aan te spreek en op te los, wend die beswaarde[92] hom met 'n beswaarskrif[93] na die vergadering wat die besluit geneem het wat tot die swarigheid aanleiding gegee het[94].

---

[84] Coertzen, 1991:99
[85] Jansen, 1923:143
[86] Deddens, 1954m:254; Spoelstra, 1989:188
[87] Rommel, 2000:145
[88] Te Velde, 2002:1; vergelyk Te Velde, 2004b:36 en die stand van sake in die PKN, soos beskryf deur Van den Heuvel, 2004:247; Van Oene, 1990:154
[89] Haitsma, 2002b:9
[90] *gravis*
[91] Harmannij, 1990:128
[92] Die beswaarde kan ook 'n kerkraad wees.
[93] *gravamen*
[94] GKSA Acta, 1991:526-528 en Acta, 1994:52-53 wys die praktyk hiervan uit.

- Indien die swarigheid tot verongelyking lei, kom daar 'n element by wat die swarigheid vermeerder. Verongelyking beteken: daar vind onreg[95] rondom die reeds bestaande *gravis* plaas. Appèl is die ordelike wyse waarop sodanige *gravis* en *iniuria* aangespreek word.

'n Beswaarskrif en 'n appèlskrif verskil dus in wese, vorm en doel van mekaar – ook al het beide 'n *gravis* as kern- en beginpunt. 'n Beswaarskrif word gerig aan die vergadering wat die betwiste besluit geneem het. 'n Appèl word gerig aan die meerdere vergadering wat oor die betwiste besluit van die mindere vergadering uitspraak moet lewer.

Beswaar en revisie

'n Beswaarskrif kan voorts van 'n revisieversoek onderskei word.

Die ooreenkoms tussen 'n beswaarskrif en 'n revisieversoek is dat in beide gevalle nuwe feite en/of omstandighede na vore gebring moet word waarvan die vergadering wat die betwiste besluit geneem het, tevore nie geweet het of kon weet nie[96]. In beide gevalle word gevra vir hersiening van die betwiste besluit.

'n Beswaarskrif moet, soos hierbo beredeneer is, op die Woord van God of die artikels van die kerkorde gegrond wees. By 'n revisieversoek is dit egter nie noodsaaklik om aan te toon dat die ter sprake besluit in stryd met God se Woord of die kerkorde is nie[97]. Ook sonder strydigheid met die Skrif of die kerkorde kan iemand van mening wees dat 'n wysiging noodsaaklik is[98]. Die inhoud en gewig van die betwiste besluit bepaal of daar 'n beswaarskrif of 'n revisieversoek ingedien word[99].

Slotsom

'n Duidelike onderskeiding tússen en reëlings vír appèl-, beswaar- en revisie-skrifte is tans beperk. Verdere studie is noodsaaklik[100], veral in die GKSA[101]. Sodanige studie behoort eweneens die moontlike verwarring tussen appèl en beswaar aan te spreek.

---

[95] *iniuria*
[96] Artikel 46 KO; Haitsma, 2004:8
[97] Bouma, 1988:44
[98] Harmannij, 1990:128
[99] Oor 'n leergeskil sal daar 'n Skrifgegronde beswaarskrif ingedien word, maar oor die tyd van die erediens sal 'n nie-Skrifgegronde revisieversoek gerig word.
[100] Te Velde, 2002:4
[397] Van Bekkum, 1990:778; Harmannij, 1999:80. Harmannij (1999:82) merk in dié verband verder op: 'Een kerkelijke vergadering die zich verbeeldt op allerlei gebied deskundig te zijn, maakt zichzelf voor zijn taak ongeschikt. Maar een kerkelijke vergadering die zich door Christus geroepen weet, en daarom ook voluit gebruik wil maken van de gaven van de Heilige Geest, is bevoegd en geschikt om zich een zelfstandig oordeel te vormen over de inbreng van allerlei deskundigen en vervolgens in eigen verantwoordelijkheid te besluiten'.

[398] Jager, 1956:154

[399] Doekes (1956:120) voeg hieraan toe dat deputate of kommissies wat hangende hulle ondersoek hulle oordeel solank aan kerkrade en appellante met 'n sekere gesag voorhou, aanmatigend handel. 'Hier past een *principiis obsta*. Wedersta de afwijking van de goede weg in het begin'.

[400] Veenhof (1956c:156) laat hom skerp hieroor uit: 'Niemand wil er van weten, dat aan deputaten ooit enige "synodale macht" ten aanzien van zulk ene zaak zou worden verleend'.

[401] Rutgers, 1918:120

[402] Van den Heuvel, 2001:424; Van den Heuvel *red.*, 2004:224; sien hoofstuk 5.3.2

[403] Kruger (1986:56) se pleidooi ten gunste van 'n onafhanklike regbank rus op dieselfde gedagte (sien paragraaf 4.4.4.2.2).

sê by kolleges wat deur die kerk self ingestel word en waarvan die lede deur die vergadering van belydende lidmate benoem word.

Daar is enkele Gereformeerde kerkregtelikes wat eweneens die instelling van 'n aparte appèl-kollege voorstaan[404].

Argumente vir die instelling van 'n appèlkollege

- *Skeidingsmotief*
  Sodra iemand hom ooreenkomstig Artikel 31 KO op 'n meerdere vergadering beroep, het daar volgens Kruger[405] 'n *regsaak* tot stand gekom. Wat in die mindere vergadering as 'n saak van *kerkregering* behandel is, verkry nou 'n totaal ander aard, naamlik dié van 'n regsaak. Soos die PKN[406], is Kruger[407] van mening dat die kerk in navolging van die staat wetgewende en regsplegende magte van mekaar behoort te skei.
- *Onafhanklikheids- en objektiwiteitsmotief*
  In direkte aansluiting by die skeidingsmotief word onafhanklikheid en objektiwiteit as rede vir instelling van 'n appèlkollege aangevoer. Die reëls van natuurlike geregtigheid[408] eis onder meer dat objektiewe regspraak deur onafhanklike regters ooreenkomstig vasgestelde regsnorme behoort te geskied. Gegewe hierdie reël, behoort kerklike vergaderings onpartydig te wees en na onpartydigheid te streef[409]. Vanuit 'n regsoogpunt oordeel Santing-Wubs[410] dat geskilbeslegting deur 'n meerdere vergadering geensins onpartydig is nie. Aangesien hulle wat as geskilbeslegters optree 'uit eie kring' gekies word, is daar altyd 'n vorm van partydigheid. Volgens haar is onafhanklike regskolleges 'n beter waarborg vir onpartydige regspraak.
- *Effektiwiteitsmotief*
  'n Klein groepie van enkele persone kan makliker en meer vaartbelynd as 'n hele meerdere vergadering die werk verrig[411].

---

[404] Haitsma *ea.*, 2002b:7; Kruger (1992:65) stel voor dat Artikel 31 KO met die oog hierop soos volg gewysig kan word: 'As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering *of die regsdeputate van 'n mindere vergadering* verongelyk is, kan hy hom op *die regsdeputate van* 'n meerdere vergadering beroep'. Regsdeputate word soos enige ander deputate aangewys.

[405] Kruger, 1986:66

[406] Van den Heuvel *red.*, 2004:224

[407] Kruger (1986:66) se mening spruit as slotsom voort uit enkele vrae wat hy vooraf stel: Kan 'n regsaak deur 'n regeringsliggaam behartig word? Is die samestelling van 'n regeringsliggaam sodanig dat dit regspraak kan beoefen? Is kerklike regeerders altyd gelyktydig mense wat die gawe van regspraak het?

[408] Sien paragraaf 4.4.5.2.1

[409] GG, 1999:22, 76

[410] Santing-Wubs, 2002:139

[411] Kruger, 1992:65

- *Tydmotief*

  Soms moet regsake lê en wag omdat die volgende meerdere vergadering nog lank nie opgeroep word nie. Die Here kan egter geen onreg verdra nie[412]. Met name in geskille wat nie regstreeks op die leer van die kerk betrekking het nie, sou spoedige regspraak deur 'n appèlkollege die moeite werd wees[413].
- *Kundigheidsmotief*

  Mense wat bekwaam is kragtens gawes of opleiding, oefen regspraak uit[414].

Argumente teen die instelling van 'n appèlkollege

Harmannij[415] oordeel: 'wie in hoger beroep gaat bij een meerdere vergadering, beroept zich inderdaad *niet* op een onafhankelijk college, maar op de vergadering van alle kerken uit het betreffende ressort.' Deur te appelleer doen die appellant beroep op die omliggende kerke om te besin oor 'n bepaalde situasie in die gemeente. Ander kerke is kragtens die onderlinge verbond bevoeg om hieroor uitspraak te gee. Die basis van kerkverband is gesamentlike binding aan die Here en afhanklikheid van die Here. As 'n appellant aantoon dat die basis verlaat is, moet die kerkverband optree. Dit is volgens Harmannij die krag van kerklike regspraak: kerke is nie vreemd vir mekaar nie. Alle betrokkenes word voor die aangesig van God gestel. Harmannij kom tot die gevolgtrekking dat alle betrokkenes partydig vir Christus is. Hy oordeel dat dit juis goed is dat alle betrokkenes by 'n appèl mekaar in die meerdere vergadering ontmoet. Die oomblik as hulle mekaar nie meer (wil) sien nie, is die verband in Christus gebreek. Dan kan daar van regspraak met die oog op regsherstel geen sprake wees nie.

Slump[416] stel dat dit inherent aan kerklike regspraak is dat persone daaraan deelneem wat nie onafhanklik is soos wat dit van 'n owerheidsregter geëis word nie. Omdat geskille in die kerk dikwels verweef is met gemeenskaplike geloof, word daar juis vir geskilbeslegting in eie beheer gekies. Die kans dat 'n mens in die proses van beslegting mense raakloop wat jy in mindere of meerdere mate ken, is goed. Dit is volgens Slump geen beswaar nie, mits daar

---

[412] Kruger, 1992:65

[413] Haitsma *ea.*, 2002b:7. In hierdie verband word daar in die GKV na 'n 'spoedvoorsiening' verwys (Slump, 2003:343). Ooreenkomstig die burgerlike reg – waar 'n 'president in kort geding', 'n 'snelregter', binne een dag 'n saak kan aanhoor en uitspraak lewer – word daar uit 'n oogpunt van spoedeisendheid en ter voorkoming van onherstelbare nadeel na 'n wyse gesoek waarop daar op kort termyn reggespreek kan word. Dit beteken nie dat die oordeel van die meerdere vergadering buite rekening gelaat word nie. Die deputaatskap appèlsake tref 'n orde-maatreël totdat die meerdere vergadering oor die saak beslis het.

[414] Kruger, 1992:65

[415] Harmannij, 2003:162-165

[416] Slump, 2000:101

binne dié kader alles gedoen word om te kom tot eerlike en regverdige regspraak. Die regsgang moet voortdurend getoets word aan die eise wat die Skrif daarvoor neerlê.

4.4.4.2.4 Slotsom: wie moet regspreek?

Die argumente geweeg

Binne die bestek van hierdie studie kan elke argument *pro* of *contra* benoeming van appèldeputate of 'n appèlkollege nie afsonderlik ontleed en bespreek word nie.

Ooreenkomste en verskille

Tussen 'n appèlkommissie, appèldeputate en 'n appèlkollege is daar heelwat punte van ooreenkoms. Daar word gestreef na kundige, effektiewe, deeglike en sorgvuldig voorbereide regspraak.

Die verskil tussen 'n kommissie en deputate is dat 'n kommissie slegs staande die vergadering met appèlsake kan werk, terwyl deputate ooreenkomstig hulle mandaat reeds voor die aanvang van die vergadering aan die saak kan aandag skenk. Vanuit 'n spoedeisendheids-oogpunt is 'n deputaatskap bo 'n kommissie aan te beveel.

Die verskil tussen 'n kommissie en deputate enersyds en 'n kollege andersyds is dat 'n kollege 'n onafhanklike liggaam, los van die meerdere vergadering is.

Artikel 49 KO

Kerklike vergaderinge het ooreenkomstig Artikel 49 KO die bevoegdheid om deputate aan te wys. Verwysing van sake na deputate beteken nie dat 'n vergadering van sy roeping en bevoegdheid afstand doen nie. Deputate bly ten alle tye verantwoording verskuldig aan die vergadering wat hulle deputeer.

Die beswaar van moontlike hiërargiese optrede deur appèldeputate of -kollege moet nie gering geskat word nie. Gedagtig aan die waarskuwing teen deputatokrasie, moet die moontlikheid van 'n losstaande appèlkollege wat – *sonder enige rapporteringsplig* ooreenkomstig Artikel 49

KO[417] – geheel selfstandig beslissings neem, teengestaan word. In hiërargiese kerkregeringstelsels word daar vrylik van sulke regbanke gebruik gemaak[418]. Dit is vreemd aan die Gereformeerde kerkreg[419].

Skeidingsmotief

Die PKN en Kruger[420] se analogie met die staat wat wetgewende en regsplegende magte van mekaar skei, moet om dieselfde rede weerlê word. Kerklike vergaderinge is as bedienaars van Christus se reg tegelyk wethandhawers én wetstoepassers. Die skeiding wat voorgestel word, kan nie op die kerklike vergaderinge van toepassing gemaak word nie.

Die slotsom waartoe gekom word, is dat kerklike vergaderinge met groot vrug en seën van appèldeputate gebruik kan maak[421]. Soos alle ander deputate, word hulle opdrag duidelik omskryf. Hulle is en bly aan die vergadering wat hulle deputeer volledig verantwoording verskuldig.

Bevoegdheid van appèldeputate

'n Meerdere vergadering kan aan appèldeputate bevoegdheid verleen om[422]:

- appèlskrifte wat aan die vergadering geadresseer is, so spoedig as moontlik ná indiening te begin behandel;
- die appèlskrif vir ontvanklikheid te toets;
- met die appellant en die kerkraad in verbinding te tree en so gou as moontlik mondelinge hoor en wederhoor toe te pas[423];
- advies en hulp van deskundiges in te win, met die voorbehoud dat noodsaaklike geheimhouding in ag geneem word;

---

[417] Met 'n beroep op Spreuke 11:14 – 'in die veelheid van raadgewers is redding' – waarsku Voetius (PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3 (*quaest. et resp.* 3) teen 'n klein getal afgevaardigdes wat van 'n sinode onbeperkte handelingsbevoegdheid in die *in loco* behandeling van 'n appèl na aanleiding van 'n tugsaak ontvang.

[418] Sien hoofstuk 5.3.2, waar na *selfstandigheid* van die regspraak verwys word.

[419] Rutgers, 1918:120

[420] Van den Heuvel *red.*, 2004:224; Kruger, 1986:66

[421] Veenhof (1956c:155 en 1956e:179), sowel as Jager (1956:154) toon uit die geskiedenis van die Gereformeerde kerkregering gedurende die 19e en 20e eeu aan hoe die kerke gewoond was om deur middel van appèldeputate die regspraak te bevorder. Met name Rutgers het hom op die werk van appèldeputate ingegrawe. Oor die bevoegdheid van appèldeputate sluit Rutgers by Voetius aan.

[422] Vergelyk appèlreëling GKV vir opdragte aan te benoeme appèldeputate, hoofstuk 5.3.1.

[423] Veenhof (1956e:179) verwys na die *in loco* ondersoeke waarvan in die geskiedenis van die Gereformeerde kerkregering meerdere male melding gemaak word.

- 'n rapport met aanbevelings aan die meerdere vergadering beskikbaar te stel sodat alle lede van die vergadering betyds insae daarin kan kry en hom vir 'n goed ingeligte oordeel en uitspraak kan voorberei.

Tussen die appèldeputate en die vergadering wat hulle deputeer is 'n gesonde wisselwerking onontbeerlik. Deputate mag nie oorheers nie, maar moet ook nie 'net advies' gee nie. Vergaderinge mag geen rubberstempels van deputate wees nie, maar aan die ander kant ook nie alles van vooraf oordoen wat deputate reeds gedoen het nie[424]. Die rapport van die appèldeputate moet sodanig wees dat elke afgevaardigde presies weet waar die saak op aan kom, en op grond van die aanbevelings tot 'n weloorwoë en verantwoorde uitspraak kan kom.

Die vraag of appèldeputate *afhandelings*bevoegdheid het, word oor die algemeen negatief beantwoord[425]. As rede word aangevoer dat die bevoegdheid om uitspraak te lewer by die hele vergadering rus, nie net by deputate van die vergadering nie[426]. Daarteenoor moet gestel word dat Artikel 49 KO geen prinsipiële voorbehoud op die *afhandelings*bevoegdheid van deputate in die algemeen plaas nie. Inteendeel, dit is nie vreemd om aan deputate opdrag te gee om 'n saak te behandel én af te handel nie. In verband met appèlle kan dit profytlik wees dat appèldeputate volgens 'n welomskrewe opdrag afhandelingsbevoegdheid kry, veral as die saak waaroor die appèl handel vir 'n spoedeisende oplossing vra[427].

Indien appèldeputate in bepaalde situasies afhandelingsbevoegdheid ontvang, tree hulle nie as 'n onafhanklike appèlkollege vanweë 'n skeidingsmotief[428] op nie. Hulle bly gedeputeerdes van die vergadering aan wie hulle verslag en verantwoording moet doen[429].

Samestelling van appèldeputate

Met die aanwys van appèldeputate[430] moet daar uitgekyk word na onbevooroordeelde en deskundige mense, 'die tegelijk midden in de kerk staan en in staat zijn tot een geestelijk, door

---

[424] Harmannij, 1999:81
[425] Onder andere Harmannij, 1999:81 en Haitsma, 2002a:2
[426] Haitsma, 2002a:2
[427] Byvoorbeeld: skorsing van 'n predikant hou 'n menigte onmiddellike implikasies vir hom en die gemeente in. Indien daar in so 'n geval geappelleer word, sal al die betrokkenes (die predikant, die kerkraad sowel as die gemeente) skade lei wanneer daar vir 'n klassis wat oor vier of vyf maande sit, gewag moet word. In so 'n geval kan appèldeputate wat die nodige opdrag daartoe gekry het, die appèl behandel en tot stigting van al die betrokkenes afhandel.
[428] Sien paragraaf 4.4.4.2.3 hierbo.
[429] 'n Duidelike analogie kan gesien word in die handelingsbevoegdheid van deputate artikels 11, 12, 13, 79 en 80 KO wat deur die partikuliere sinode aangewys word.
[430] Kruger, 1986:48

het Woord van God gestuurde aanpak en beoordeling'[431]. Persone met ervaring op die terrein van geskille-beslegting kan 'n wesenlike bydrae as appèldeputaat lewer[432]. Iemand hoef geen lid van die sinode te wees of selfs in die besondere amp te dien om as deputaat aan die kerke diensbaar te wees nie[433]. Enige belydende lidmaat kan in die amp van gelowige as deputaat werksaam wees. So is dit ook tans in die GKSA die geval[434].

Dit is deurgaans goed dat predikante én ouderlinge as appèldeputate dien[435].

Indien die appèl oor 'n saak of konflik handel waarby 'n groot getal mense in 'n bepaalde streek betrokke is, is dit beter om vir die voorbereiding van die saak vertroude en bekwame mense uit ander ressorte op te roep; dus eksterne hulpverlening vanuit die breëre kerkverband[436].

Om prejudisering te voorkom, is dit onwys om iemand as appèldeputaat van meer as een meerdere vergadering te benoem[437].

4.4.4.3 Toegang tot die burgerlike regter

Beroep op die burgerlike regter

Ongeoorloofde beroep

Die Remonstrante het beweer dat appèl vanaf 'n kerklike vergadering na die owerheid moontlik is. Met 'n beroep op Handelinge 25:11 in samehang met Romeine 13 het die kontra-Remonstrante Vedelius en Maccovius, hoogleraars te Franeker, dieselfde gedagte gehad[438]. Die kerkorde skep in geen opsig sodanige ruimte nie; inteendeel. Artikel 28 KO[439] in samehang met Artikel 36 NGB is onomwonde oor die onderskeie take van kerk en owerheid. Daarby onderstreep Artikel 30 NGB dat 'die ware kerk ooreenkomstig die geestelike

---

[431] Te Velde, 2004d:3. Die eise wat die Skrif aan die regter stel moet in gedagte gehou word (vergelyk 2.6.3).
[432] Van Bekkum, 1990:778. Van den Heuvel *red.* (2004:224) maak 'n tersaaklike opmerking: 'De Kerk dient hier ook de vruchten van de juridische wetenschap te plukken en de dienst van de door deze wetenschap gevormde leden der Kerk te aanvaarden'.
[433] Haitsma, 2002a:2
[434] Uit Sinode Acta blyk dat persone met kundigheid wat in die kerke benodig word – byvoorbeeld finansies, letterkunde, argiefbewaring – as deputate dien.
[435] Te Velde, 2004d:3
[436] Te Velde, 2004d:3
[437] Van den Heuvel, 2001:436. In die prosedure van die PKN word iemand verbied om appèldeputaat vir die klassis én die partikuliere sinode te wees (sien hoofstuk 5.3.2).
[438] Deddens, 1954d:175
[439] Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 28 KO.

bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word'. Kerklike regspraak behoort by kerklike vergaderinge.

Geoorloofde beroep?

Daar kan 'n stadium aanbreek waar 'n appellant die hele kerklike weg bewandel het, maar daar na sy mening steeds geen regspraak gekom het nie – wat dan[440]? Is daar kerklik gesproke 'n pad na die burgerlike regter oop[441]?

Vanuit die kerke is daar volgens Slump[442] verskil van mening. Sommige sê: dit is geoorloof om jou in buitengewone omstandighede op die burgerlike regter te beroep, mits jy jou voor die gemeente daaroor kan verantwoord. Ander oordeel, veral op grond van Matteus 5:25-26 en 1 Korintiërs 6 dat dit goddeloos is om teen die kerke te prosedeer en jou op 'n burgerlike regter vir regspraak te beroep. 'n Christen moet dit ten alle koste nalaat.

Enersyds word soms vanuit die kerklike reg gestel dat die burgerlike regter onbevoeg is om 'n uitspraak oor 'n appèl wat uit 'n kerklike konflik ontstaan het, te doen[443]. Andersyds word soms vanuit eie kerklike geledere geoordeel dat kerklike vergaderinge onbevoeg is om reg te spreek[444], en die pad na die burgerlike regter die enigste alternatief met die oog op regspraak is.

Dit moet erken word dat sekere aspekte[445] van 'n kerklike konflik heel beslis op die terrein van die burgerlike reg lê, onder andere beskerming van iemand se goeie naam (dit kan in die hantering van tugsake ter sprake kom); skadevergoeding indien 'n predikant afgesit word en hy sy afsetting betwis; arbeidsregtelike aangeleenthede met betrekking tot ander personeel in diens van die kerk (byvoorbeeld die administratiewe beampte of skoonmaakpersoneel); en geskille oor eiendomme.

Om tot 'n slotsom oor hierdie saak te kom, is nie eenvoudig nie. Weens onmag en onwil van die kant van die kerke mag dit vir iemand onder bepaalde omstandighede, soos in die voorbeelde hierbo aangetoon, noodsaaklik wees om hom tot die burgerlike regter vir hulp te wend. Terselfdertyd moet in gedagte gehou word wat die doel van kerklike appèl is:

---

[440] Santing-Wubs (2002:93) konfronteer die kerklike reg met dié vraag.
[441] Slump (1997:68) stel dieselfde vraag as Santing-Wubs.
[442] Slump, 1997:68
[443] Santing-Wubs, 2002:93
[444] Vermeulen, 2000:86. Vermeulen (2000:88) waarsku dat kerke daarteen moet waak om nie onreg te laat seëvier nie, maar wat dit betref juis 'n positiewe getuienis in die wêreld moet wees. Kerklike reg mag nooit as 'knoeiwerk' in die wêreld gebrandmerk word nie.
[445] Slump, 1997:68; Santing-Wubs, 2002:93

regsherstel. Die werklikheid is sodanig dat, indien 'n lidmaat 'n siviele of strafregtelike saak voor die burgerlike regter bring, die pad na herstel van reg en vrede in die gemeenskap van heiliges oneindig beswaar word. Daarmee word nie geoordeel dat daar hoegenaamd nooit op die burgerlike regter 'n beroep op regspraak gedoen mag word nie. Die motief moet egter baie ernstig in die lig van God se Woord[446] oorweeg word.

Regspraak deur die burgerlike regter

Die Grondwet[447] sowel as die Reëls van die Konstitusionele Hof[448] bevestig die direkte toegang tot regshulp in belang van geregtigheid, en die feit dat vir regshulp aansoek gedoen kan word.

Indien 'n saak teen 'n kerk of kerkverband gemaak word, huldig die Suid-Afrikaanse Geregshowe die opvatting dat die kerk soewerein op sy eie terrein is[449]. Burgerlike regters spreek hulle deurgaans nie oor kerklike onenigheid uit nie[450]. Burgerlike regters onderskei haarfyn tussen suiwer kerklike sake en sake wat nie kerklik van aard is nie, maar uit die kerklike konflik voortspruit en sodoende op die terrein van die burgerlike regspraak lê[451].

As die eiser uit hoofde van sy burgerlike reg ageer, is die burgerlike regter bevoeg om die saak in behandeling te neem. Die saak is dan gerig op die eis om skadevergoeding[452]. As dit blyk dat die kerklike strukture nie hulle eie reëls na behore toepas nie, en deur die appellant bewys word dat hy alles gedoen het om dit wel te laat geld, kan die burgerlike regter toetree[453]. Wanneer 'n geskil sowel kerkregtelike as sivielregtelike aspekte het, behoort die kerklike regsgang eers gevolg te word[454].

Na aanleiding van jurisprudensie in die Nederlandse reg het Slump die volgende bevind:

---

[446] Behalwe Matteus 5 en 1 Korintiërs 6 is Skrifdele soos 1 Korintiërs 9, 2 Korintiërs 11:16-33, 2 Timoteus 4:6-8 oor die bereidheid om ter wille van die evangelie alles op te offer, van wesenlike belang.

[447] RSA, Grondwet 1996, Artikel 34

[448] RSA, Reëls van die Konstitusionele Hof 1998, paragraaf 17

[449] Spoelstra (1989:189) verwys in hierdie verband na Theron *vs* Ring van Wellington van NGSK 1976(2) SA 1(A).

[450] Vermeulen, 2000:86; Santing-Wubs, 2002:93

[451] Slump (1997:68) verwys na lidmate wat geskille het oor beskerming van hulle goeie naam, arbeidsregtelike aangeleenthede in die kerke, asook geskille oor eiendomme. Vermeulen (2000:86) verwys na die soort publisiteit wat daar aan tug en/of ontslag gegee word. Naamskending kan dan ter sprake wees.

[452] Santing-Wubs, 2002:93

[453] Vermeulen, 2000:86; Santing-Wubs, 2002:95

[454] Santing-Wubs, 2002:103

- Die hof spreek hom nie uit oor vrae insake geloof en belydenis van die kerk nie, behalwe as daar sprake is van 'n situasie van willekeur of kwade trou of skending van fundamentele regsreëls[455].
- Die interne reg van die kerk vorm die uitdruklike toetsingskader vir die burgerlike regter. Die eie-aard daarvan is van betekenis[456].
- Die regspraak heg betekenis aan die interne regsgang van die kerke, met name by die inhoudelike beoordeling van die geskil. 'n Verpligting om die intern kerklike regsgang te volg alvorens na die burgerlike regter te gaan op straffe van nie-ontvanklikheid of onbevoegdheid kan nie uit regspraak afgelei word nie[457].
- Die onderskeid tussen interne en eksterne werking van kerklike besluite en kerklike handelinge is relevant vir die toetsing van die regter. Aan uitlatings tydens die openbare erediens, in gebede en afkondigings word 'n besondere eksterne werking toegeken[458].

Samevattend kan gestel word dat die lidmaat as landsburger direkte toegang tot die burgerlike regter het in geval regshulp in belang van geregtigheid gesoek word. Die burgerlike regter sal met die hantering van 'n lidmaat se klag in die eerste plek onderskei wat kerklik, en wat nie-kerklik van aard is. Oor die kerklike sal hy hom nie uitspreek nie. Oor die nie-kerklike sal hy – met inagneming van die gebruiklike regsreëls in die betrokke kerk – tot 'n bevinding kom en uitspraak lewer[459].

Die moontlikheid dat lidmate hulle tot die burgerlike regter kan wend, noop die kerke tot sorgvuldige en verantwoordelike regspraak: nie in die eerste plek uit vrees vir die moontlikheid van 'n burgerlike regsgeding nie, maar uit eerbied vir God en die behoud van die verongelykte binne die kring van die gemeenskap van die gelowiges.

4.4.5 Wesenlike aspekte met betrekking tot die behandeling van die appèl

'n Appèl is 'n regsaak[460] waarin vir regspraak gevra en na regsherstel gesoek word. Omdat appèl 'n regsaak is, moet dit as 'n regsaak hanteer word. Wat fundamenteel vir alle regspraak geld, is eweneens vir die behandeling van kerklike appèlle geldig. In die lig hiervan word, met die fokuspunt van die studie in gedagte, aandag gegee aan:

- die ontvanklikheid van 'n appèlskrif;
- die reëls van natuurlike geregtigheid;

---

[455] Roeleveld, 1958:9; Slump, 1997:72
[456] Slump, 1997:75
[457] Slump, 1997:77
[458] Slump, 1997:79
[459] RSA, Grondwet 1996, Artikels 172 en 173; in besonder Artikel 185
[460] Sien paragraaf 4.3.2

- die kerklike klimaat waarbinne en kerklike styl waarvolgens gehandel behoort te word;
- die vraag na die omvang van die appèlsaak, veral wanneer daar op 'n sinode geappelleer word;
- die proses van behandeling.

4.4.5.1 Ontvanklikheid

Die eerste saak wat 'n kerklike vergadering moet uitmaak, is of die beroep wat op hulle gedoen word om reg te spreek, ontvanklik is. Beoordeling van ontvanklikheid is as sodanig reeds 'n regsdaad. Dit hou vir almal wat by die appèl betrokke is bepaalde implikasies in. Daarom moet dit met die grootste omsigtigheid en erns bejeën word[461].

4.4.5.1.1 Bereidwilligheid tot regspraak

Omdat appèlle deurgaans deeglike studie, heelwat tyd en baie energie van 'n kerklike vergadering verg, kan die versoeking bestaan om die saak so spoedig as moontlik af te handel deur dit formeel onontvanklik te verklaar. Te Velde[462] verwys na dié sondige verleiding as 'n afskuifrefleks. Boersma[463] bestempel dit as 'n 'juridische truc'. Die effek daarvan is dat die reg van die enkeling verder gekrenk word, omdat die deur wat toegang tot regsherstel kan gee toegestoot word[464]; bes moontlik op 'n formeel-korrekte manier, maar nogtans.

Onder geen omstandighede mag daar aan die sonde van onbehulpsaamheid en onwilligheid om reg te spreek, toegegee word nie[465]. Daar moet inteendeel 'n hartlike bereidwilligheid wees om reg te spreek as daar vir regspraak gevra word. Dikwels is 'n appèl 'n sein dat iets verkeerd is[466]. Dan is gelowiges dit aan mekaar verskuldig om in liefde en met oorgawe op dié noodsein ag te slaan. Die vergadering wat 'n appèl moet hanteer, het 'n groot verantwoordelikheid. 'Zij moet er voor zorgen dat het conflict zich niet verdiept, maar dichter bij een oplossing komt'[467].

Teen hierdie agtergrond moet die nie-ontvanklik verklaring van appèlskrifte met terughoudendheid en met goeie opgawe van redes geskied[468]. Kerklike vergaderings moet

---

[461] Harmannij, 1995:84
[462] Te Velde, 1994c:595
[463] Boersma, 2004:19
[464] Harmannij, 1995:84
[465] Daar word onder andere in Deuteronomium 1:17 en Lukas 18:4 teen die sonde van onwilligheid om reg te spreek verwys.
[466] Te Velde, 1994c:595
[467] Harmannij, 1995:84
[468] Haitsma, 2004:9

oopstaan om te luister na iemand wat 'n beroep op hulle doen, ook al verg dit baie tyd en energie.

4.4.5.1.2 Maatstaf vir ontvanklikheid

Ten einde konsekwent reg te laat geskied en die atmosfeer van regsekerheid te beskerm, is dit profytlik dat daar in die kerke 'n duidelike maatstaf vir die ontvanklikheid van appèlskrifte sal wees. So 'n maatstaf is nie bedoel om onnodig te wil reglementeer [469] of 'n dwingende vorm-voorskrif te wees nie. Duidelike reëls kan as bakens dien waarvolgens die appellant sy appèlskrif opstel. Aan die hand van dieselfde reëls word die ontvanklikheid en inhoud van die appèl beoordeel.

Formele sake

Die appèlskrif moet, behalwe dat dit binne die voorgeskrewe tyd ingedien word[470], formeel gesproke aan twee basiese vereistes voldoen:

- Die besluit waarteen geappelleer word, moet letterlik aangehaal en in die appèlskrif weergegee word[471]. Dit word gedoen om te verseker dat die appèl teen 'n besluit gerig is en nie teen 'n veronderstelde besluit, voorlopige besluit[472] of subjektiewe vertolking van 'n besluit nie. Bowendien het dit tot gevolg dat die vergadering teen wie geappelleer word kennis neem van die feit dat daar geappelleer word en oor watter saak die appèl handel. Indien teen gebrek aan optrede deur of nalatigheid van die kerkraad geappelleer word, moet uit die notule van die kerkraad sover moontlik aangetoon word waarom daar geen besluit oor die saak in geding geneem is nie. Betwiste nalatigheid moet so goed as moontlik dokumentêr bewys word[473].
- Appèlgronde moet in die appellant se eie woorde weergegee word[474]. Daaruit moet blyk hoe en waar en waarom verongelyking plaasgevind het. Die bewyslas rus op die appellant en hy moet genoegsame gronde aanvoer om sy appèl te regverdig.

'n Appèl is formeel onontvanklik indien[475]:

- dit geen regsgronde bevat nie, maar blote stellings en/of interpretasies van die appellant verwoord;

---

[469] Sien paragraaf 4.4.3.1
[470] Sien paragraaf 4.4.3.4
[471] Spoelstra, 1966:199
[472] Van den Heuvel *red*, 2004:247
[473] Sien paragraaf 4.4.3.3
[474] Spoelstra, 1989:199
[475] Spoelstra, 1986:110

- die gronde wat aangevoer word geen verband hou met die besluit waarteen geappelleer word nie.

Inhoudelike sake

Gedagtig aan wat in voorafgaande paragrawe oor die appellant en sy appèlskrif gestel is[476], blyk dit dat ontvanklikheid van 'n appèl nie net formeel nie, maar ook materieel bepaal behoort te word. Die volgende kan as riglyn dien:

- Daar moet aangetoon kan word wat die appellant gedoen het om die konflik met die teenparty uit die weg te ruim[477]. Indien 'n kerkraadsbesluit die oorsaak van verongelyking is, is dit 'a matter of course that prior to an appeal a request for revision may be made'[478].
- Die belang van die saak, die gewig wat dit dra en die effek daarvan moet sodanig wees dat dit ondersoek deur 'n meerdere vergadering en regspraak op grond van Skrif, belydenis en kerkorde regverdig[479].

'n Appèl kan formeel ontvanklik, maar materieel onontvanklik verklaar word indien:

- iemand appelleer bloot om agteraf in die gelyke gestel te word, sonder dat dit iets aan die saak gaan verander[480];
- iemand meen dat sy reg nie 100% eerbiedig is nie, maar die eer van God hoegenaamd nie op die spel is nie[481];
- die appellant op 'n liefdelose wyse persone in gedrang bring of vuil wasgoed was[482].

Verlof tot appèl

Die opmerking wat tevore oor verlof tot aansoek om appèl gemaak is[483], kom in hierdie konteks weereens ter sprake. Tot nou toe is dit in die GKSA die praktyk dat dit enigiemand vry staan om te eniger tyd te appelleer, mits die appèl aan sekere formele vereistes voldoen. Die meerdere vergadering moet (met die beperkte tyd tot sy beskikking) uitmaak of die appèl formeel aan bepaalde kriteria voldoen. Na ontvanklikverklaring moet die appèl in geheel behandel word, ongeag die gewig of inhoud van die saak.

---

[476] Sien in besonder paragraaf 4.4.1 oor die appellant se gronde van, motief vir en doel met appèl, asook paragraaf 4.4.3.2 oor die maatstaf vir appèl.
[477] Korevaar, 2000:109-111
[478] Van Rongen, 1995:59
[479] Van den Heuvel *red*, 2004:247; sien paragraaf 4.4.3.2
[480] Van den Heuvel, 2001:426
[481] Schilder, 1956:326
[482] Spoelstra, 1986:110
[483] Sien paragraaf 4.4.3.7

Dié situasie kan voorkom word indien 'n reëling ingestel word waarvolgens 'n voornemende appellant aan die vergadering teen wie se besluit hy appelleer (dit is: die kerkraad of appèldeputate van 'n mindere vergadering) eers moet kan aantoon dat sy appèl *prima facie* gewig dra. Omdat in kerklike regspraak die eer van God vooropstaan, is dit wesenlik dat die vergadering teen wie geappelleer word sáám met die appellant daarvan oortuig moet wees dat:

- die saak ter sprake gewigtig genoeg is om verder te hanteer[484];
- daar moontlikheid van 'n ander uitspraak in die saak kan wees[485];
- alles moontlik gedoen is om die verongelyking uit die weg te ruim;
- daar geen ander weg oorbly as om die hulp van die meerdere vergadering in te roep nie.

Laasgenoemde sluit by Artikel 30 KO aan, wat stel dat meerdere vergaderinge alleen sake moet behandel wat nie in die mindere vergaderinge afgehandel kán word nie.

Hantering van maatstaf

In die Gereformeerde kerkreg bestaan eenstemmigheid dat oor die ontvanklikheid van 'n appèlskrif nie koud, klinies en formalisties geoordeel moet word nie[486].

Indien die ses weke kennisgewingtyd weens aanvaarbare redes[487] nie nagekom kon word nie, moet 'n pleit op regsherstel nie om daardie rede onontvanklik verklaar word nie[488].

Indien die appèlskrif formeel nie 100% in orde is nie, moet daar vir die appellant geleentheid gegun word om die gebreke aan te vul[489]. As dit blyk dat die appellant nie by magte is om dit self te doen nie, kan die betrokke vergadering of appèlkommissie hom desnoods help om sy gedagtes duidelik te formuleer[490].

In elke afsonderlike geval pas dit die meerdere vergadering om die maatstaf vir ontvanklikheid oordeelkundig te hanteer.

---

[484] Sien paragraaf 4.4.3.2

[485] Suid-Afrikaanse wetgewing bepaal dat verlof tot appèl slegs toegestaan sal word indien verdere getuienis wat ingebring word redelikerwys tot 'n ander beslissing aanleiding kan gee (vergelyk 4.3.1).

[486] Spoelstra, 1989:199; Te Velde, 1994c:595; Harmannij, 1995:84; Visser, 1999:143; Boersma, 2004:19

[487] Visser (1999:143) waarsku dat laat kennisgewing van appèl nooit daarop gemik mag wees om die vergadering teen wie se besluit geappelleer word, daarvan te weerhou om hulleself voor te berei nie. Wanneer laat kennisgewing as verrassingstegniek ingespan word, kan dit met reg tot onontvanklikverklaring van die appèl lei.

[488] Harmannij, 1995:84

[489] Te Velde, 1994c:595; Harmannij, 1995:84

[490] Spoelstra, 1986:110; Spoelstra, 1989:199; Van den Heuvel, 2001:440; Boersma, 2004:19

4.4.5.1.3 Besluit oor ontvanklikheid

Ontvanklikheidsverklaring is 'n gewigtige besluit, waarin die meerdere vergadering uitspreek dat daar 'n *prima facie* saak van moontlike verongelyking is[491]. Daar moet nou tot eer van God, tot heil van die kerke en tot behoud van die verongelykte(s) regspraak plaasvind. Omdat ontvanklikheidsverklaring so 'n gewigtige besluit is, mag dit nie gereduseer en gedegradeer word tot 'n *pro forma*-aksie as deel van 'n proses wat sommerso in die verbygaan geneem word nie. Dit is 'n besluit wat bewustelik en met volle besef van die implikasies wat daaruit voortspruit, geneem word.

Indien 'n appèl weens grondige redes ónontvanklik verklaar word, het dit eweneens ingrypende implikasies. In so 'n geval mag die meerdere vergadering nie net by 'n kort en kragtige regsuitspraak volstaan nie. Die redes vir onontvanklikverklaring moet noukeurig genotuleer word. Die gemotiveerde beslissing moet aan die appellant oorgedra word. Waar nodig, kan die uitspraak insake onontvanklikheid aan die appellant verduidelik en toegelig word. Onontvanklikverklaring impliseer noodwendig dat die appellant ander weë moet soek om die konflik wat tot die appèl aanleiding gegee het, op te los. Met die oog daarop kan die vergadering, waarskynlik by monde van die appèlkommissie, die appellant van advies bedien. Sodoende word deure nie vir die appellant toegesluit nie, maar juis oopgesluit[492].

4.4.5.2 Grondtoon

Die *sui generis* van die kerklike reg blyk by uitstek as die grondtoon daarvan ter sprake kom. Met grondtoon word bedoel die *basis* waarop, die *atmosfeer* waarbinne en die *styl* waarvolgens kerklike regspraak plaasvind. In bepaalde opsigte stem die grondtoon met die burgerlike reg ooreen; in ander opsigte is dit vanweë sy eiesoortigheid geheel en al uniek. Dit moet as sodanig beskerm en uitgebou word[493].

---

[491] Visser (1999:291) stel by die behandeling van Artikel 79 en 80 KO dat die regsprekende vergadering die verweer van die beskuldigde moet aanhoor, alvorens vasgestel kan word of daar wel 'n *prima facie* saak is. Dit wil voorkom asof Visser nie duidelik en genoegsaam tussen ontvanklikheid vir en ondersoek van 'n saak onderskei nie. Uitspraak insake *prima facie* rus op 'n voorlopige ondersoek van die klag, sonder dat die beskuldigde daarby betrek word. Die vraag wat beantwoord moet word, is of die klag op die oog af genoegsame gewig dra – dit wil sê: ontvanklik is – om verder ondersoek te word.

[492] Harmannij, 1995:84

[493] Coertzen (1998:84) stel in hierdie verband dat dit nie alleen in die kerk *gehoor* moet word dat sy geregtigheid bely nie; dit moet in die kerk – en met name in kerklike regspraak – *gesien* en *beleef* word dat sy 'n lewende getuie van die Christus, die Regverdige, is.

4.4.5.2.1 Grondreëls vir kerklike regspraak

Reëls van natuurlike geregtigheid

Die *ius naturale* is 'n stel etiese norme wat grondliggend vir alle positiewe reg in die samelewing is [494]. Dit is deur die Grieke, en later deur die Romeine – met name Cicero – as die perfekte, ewigdurende reg beskou wat onveranderlik is en waarvan nie afgewyk mag word nie[495]. Gedurende die Middeleeue is die *ius naturale* gelykgestel aan die bevel van God, tot só 'n mate dat dit ongeveer met die *ius divinum* vereenselwig is[496].

In die *ius naturale* word drie beginsels algemeen vir regspraak aanvaar[497]: die regsprekende persoon moet vry van vooroordeel wees (*nemo iudex in propria causa*[498]); aan elke party moet billike geleentheid gegee word om sy saak te stel (*audi alteram et partem*); redes vir regsvinding en regspraak moet gegee word.

In verband met dié drie basiese beginsels is deur die loop van jare sekere billikheidsvoorskrifte aanvaar.

Met betrekking tot die *nemo iudex in causa sua*-beginsel word bevind dat werklike vooroordeel plaasvind wanneer die regsprekende liggaam[499]:

- hom voor sy beslissing sodanig uitgespreek of gedra het, dat hy reeds vooraf 'n bepaalde standpunt teenoor een van die partye ingeneem het;
- 'n belang[500] by die aangeleentheid het;
- tegelyk aanklaer of getuie in die betrokke saak is.

Met betrekking tot die *audi alteram et partem*-beginsel word aanvaar dat:

- daar ten alle tye toegang tot die regterlike instansie is[501];
- tydige vooraf kennisgewing aan alle belanghebbendes by die saak deurgegee word[502];
- volle geleentheid gegee word om die saak te stel[503];

---

[494] Van den Berg, 1985:7
[495] Van Warmelo, 1978:220
[496] Van den Berg, 1985:7
[497] Coertzen, 1998:73. Soms word net na twee beginsels verwys (Van den Berg, 1985:6; Smit, 1995:396), in welke geval die derde beginsel (verskaffing van redes vir regsvinding en regspraak) by die tweede beginsel (*audi alteram et partem)* inbegrepe is.
[498] Alternatief hiervan is *nemo iudex in causa sua.*
[499] Van den Berg, 1985:37-38
[500] Byvoorbeeld geldelik of vermoënsregtelik.
[501] Santing-Wubs, 2002:107
[502] Van den Berg, 1985:15
[503] Van den Berg, 1985:15

- die reg op hoor en wederhoor eerbiedig word[504];
- die reg op gelyke proseskanse (*equality of arms*) gehandhaaf word[505].

Met betrekking tot die *verskaffing van redes* vir regsvinding en regspraak:

- is dit onontbeerlik dat die regsprekende liggaam in sy regspraak duidelik uiteensit volgens watter maatstawwe daar geoordeel en reggespreek is[506];
- moet die regsprekende liggaam 'n deugdelike (gewigtige, gegronde) motivering vir sy regspraak gee[507];
- het alle betrokke partye reg tot volle insae in die wyse waarop tot regsvinding en 'n uiteindelike beslissing gekom word (openbaarheid van regspraak)[508];
- is betrokke partye geregtig op 'n redelike termyn waarbinne regspraak gegee word[509].

Grondreëls vir kerklike regspraak

Die uitgangspunt en voorveronderstelling by alle gereformeerd kerkregtelike studie moet wees dat die oorsprong van die reg in God setel[510]. Grondreëls vir kerklike regspraak moet uit die Skrif aangetoon kan word. Die reëls van natuurlike geregtigheid is gevolglik nie die vertrekpunt nie, maar die Woord van God is die basis waarop die grondreëls vir kerklike regspraak rus[511]. Daarmee word geensins onnodig spanning tussen die kerklike en burgerlike reg geskep nie[512]. Die orde word egter duidelik gestel: reëls van natuurlike geregtigheid is, in soverre dit met God se Woord ooreenkom, die minimum vereiste[513] waaraan kerklike regspraak behoort te voldoen.

Wanneer die Skrif oor grondreëls vir kerklike regspraak bestudeer word, word dit duidelik dat God baie vryheid in die aanpak en vormgewing van regspraak laat[514]. Enkele prinsipes en

---

[504] Santing-Wubs, 2002:107
[505] Santing-Wubs, 2002:107
[506] Coertzen, 1998:74
[507] Santing-Wubs, 2002:107
[508] Santing-Wubs, 2002:107
[509] Santing-Wubs, 2002:107
[510] Smit, 1995:396
[511] Douma (1990:27) stel in navolging van die reformatore dat nie die natuur (wat aan sonde onderwerp is) nie, maar God die Bron en Outeur van reg is. 'Wat in de wet van God te vinden is, vinden we vaak terug bij de heidenen, omdat zij het werk van de wet *door God* in hun harten geschreven kregen. Gods wet is het enige kleed dat de wereld werkelijk past' (Blok, 1990:772). Vergelyk ook Bouwman, 1970a:31.
[512] Daar kan ten volle met Slump (2000:92) ingestem word as hy vanuit die burgerlike reg daarvoor pleit dat daar geen teenstelling tussen kerklike en wêreldlike prosesreg gesoek of geskep moet word nie. Slump stel dat die Skrif nêrens die wêreldlike regspraak as sodanig diskwalifiseer nie.
[513] Die kerk is bedoel om 'n voorbeeldige regsgemeenskap in die wêreld te wees (Te Velde, 2004d:1), wat na die maksimum gehoorsaamheid aan God se wil moet streef.
[514] Te Velde, 1994a:581.

vereistes wat wel duidelik onderskei kan word, kan soos volg weergegee word[515].

Deeglike ondersoek

- Die appellant moet oor sy klag van verongelyking aangehoor word[516].
- Alle inligting wat vir die behandeling van die geskil van belang is, moet vir beide partye beskikbaar en kenbaar wees[517].
- Waarheidsvinding vind deur middel van hoor en wederhoor plaas[518].
- Die eindresultaat van die ondersoek is dat die feite vas moet staan[519].

Suiwer regsvinding

- Die feite rakende die konflik en appèl moet aan die hand van regsreëls beredeneer en oorweeg word[520].
- Sodanige beredenering en oorweging moet tot 'n suiwer regsvinding lei[521].

Eerbare regspraak

In haar regspraak moet die kerk uitstaan as verkondiger en beskermer van hoë morele waardes[522]. Die mikpunt van eerbare regspraak is versoening tussen diegene wat in konflik met mekaar geleef het[523]. Die ondersoek van die appèl en die bekendmaak van die uitspraak moet daarom sodanig plaasvind dat onnodige publisiteit voorkom word. Eerbare, liefdevolle regspraak moet tot bedekking van 'n menigte sondes lei[524].

Spoedige regspraak

Om reg te doen en aan die regsbesef te voldoen is dit nodig dat 'n saak so spoedig as moontlik afgehandel word[525]. Lang wagperiodes, byvoorbeeld vanaf 'n partikuliere na 'n nasionale sinode, en uitstel van regspraak straal onvermoë uit. Dit devalueer die kerklike regspraak en

---

[515] Waar van toepassing, word na die ooreenkomste met die reëls van natuurlike geregtigheid verwys.
[516] Deddens, 1953n:370; Roeleveld, 1972a:46
[517] Deddens, 1956o:271; Boersma, 2004:16
[518] Johannes 7:51; Matteus 27:11-14. 'Die mees basiese regsbeginsel' – Roeleveld, 1972a:46; Te Velde, 1994a:581; GG, 1999:16.
[519] Deuteronomium 13:14, 17:4, 19:18; Te Velde, 1994a:581
[520] Slump (2000:94) verwys daarna as die 'raadskamer'.
[521] Slump, 2000:94
[522] GG, 1999:18
[523] Deddens, 1954g:199
[524] 1 Korintiërs 13:4-7; Jakobus 5:20
[525] Lukas 18:8

'brengt extra risico mee dat de partijen zich door een uitspraak niet laten overtuigen'[526]. Hoe langer daar met regspraak gewag word, hoe moeiliker word dit om herstel van reg en vrede te bereik.

Onbevooroordeelde regspraak

Die eis van die Here is onomwonde wat betref die belang van onbevooroordeelde regspraak[527]. Oortreding van sy eis tot onpartydigheid is vir Hom 'n gruwel[528], aangesien dit die reg verdraai en tot vermeerdering van bestaande onreg bydra. In die lig hiervan moet kerklike vergaderinge teen bevooroordeeldheid waak[529]. Diegene wat by die saak betrokke is of tevore daarby betrokke was, moet hulle van regspraak weerhou[530].

Bo en behalwe die eis tot objektiewe onpartydigheid, is daar ook van 'n eis tot subjektiewe onpartydigheid sprake[531]. Subjektiewe onpartydigheid het te doen met verlangse familieverbande, vriendskappe, of 'n vroeëre bemoeienis met die saak waaroor van buite (objektief) nie maklik geoordeel kan word nie[532]. Met betrekking tot subjektiewe betrokkenheid moet beklemtoon word dat die skyn van partydigheid voorkom moet word. Elkeen wat tot regspraak geroep word, moet self oordeel of hy nie reeds op een of ander wyse sodanig by die saak betrokke geraak het nie, dat dit hom verhinder om 'n objektiewe uitspraak te kan gee.

Spoelstra[533] merk in verband hiermee op: 'Op voetspoor van wêreldlike prosedures het die idee ontstaan dat wanneer iemand in een kerkvergadering advies gegee het, hy by die appèlsaak 'betrokke' geraak het; daarom mag hy nie by 'n ander vergadering oor dieselfde saak advies gee nie. Dit sou 'n kwade dag wees wanneer 'n kerklike appèl beslis word op grond van *wie* dit sê en nie op *wat* hy sê nie'. Spoelstra se opmerking gaan inderwaarheid oor meer as 'n 'wêreldlike prosedure'. Hy spreek hom nie alleen oor een van die minimum vereistes van die *ius naturale*[534] uit nie, maar ook oor die skriftuurlike eis tot onbevooroordeelde regspraak. Tereg waarsku hy dat daar in regspraak nie gelet moet word op *wie* iets sê nie, maar op *wat* gesê word. Dié waarskuwing moet egter nader omlyn word. Indien iemand reeds by 'n mindere regsprekende vergadering sy oordeel by wyse van advies oor 'n

---

[526] Te Velde, 2004d:3
[527] Deuteronomium 1:17; Spreuke 18:5
[528] Jesaja 5:20-21; Amos 5:7,15,24
[529] Smit, 1995:408
[530] Hier is die *nemo iudex in causa sua*-beginsel van toepassing. Niemand kan regter in sy eie saak wees nie.
[531] Slump (2000:99) noem in verband met subjektiewe onpartydigheid dat dit 'tussen de oren zit'.
[532] GG, 1999:43
[533] Spoelstra, 1986:111
[534] Iemand is bevooroordeeld as hy hom voor sy beslissing sodanig uitgespreek of gedra het, dat hy reeds vooraf 'n bepaalde standpunt teenoor een van die partye ingeneem het.

saak uitgespreek het, is dit bekend *wat hy* gesê het. So 'n persoon kan nie by 'n meerdere vergadering opnuut sy oordeel by wyse van advies gee nie, aangesien: (a) dit *wat* hy gesê het – sy advies – reeds bekend is; en (b) *hy* alreeds sy oordeel by wyse van advies uitgespreek het, wat tot gevolg het dat *hy* by die verdere behandeling van die saak nie meer onbevoor-oordeeld is nie. Die situasie verander indien aangetoon kan word dat die advies wat gegee is, nie na regte gehanteer en/of verdiskonteer is nie. In so 'n geval sou dit moontlik wees om 'n adviseur by In mindere vergadering as getuie by 'n meerdere vergadering in te roep. In daardie geval gee hy geen advies meer nie, maar lewer hy getuienis oor die advies wat hy reeds gegee het.

4.4.5.2.2 Kerklike klimaat en styl

Die atmosfeer waarbinne en die styl waarvolgens kerklike regspraak moet plaasvind, word in Artikel 30 NGB verwoord: Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die *geestelike bestuurswyse* wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Artikel 30 KO sluit by die belydenis aan: Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake (onder andere kerklike appèlle) en dit *op kerklike wyse* behandel.

In verband met die geestelike en kerklike bestuurswyse word op bepaalde elemente gefokus wat die konkrete inhoud daarvan nader verklaar en omlyn.

Geestelike, kerklike wyse

Die geestelike bestuurswyse is eie aan die kerk. Dit onderskei die kerklike bestuurswyse *prinsipieel* van bestuurstyle en -metodes wat buite die kerk, byvoorbeeld deur burgerlike owerhede, gehandhaaf en toegepas word[535].

Die kerk se geestelike bestuurswyse moet in 'n *negatiewe* sin skerp onderskei en as teenpool gesien word van sondige optrede soos vooraf-koukus, partyvorming, manipulasie van prosedure, dreigemente, staking, omkoop, uitstap, dwang, diensweiering, stoomrollertaktiek, propaganda of kerkpolitiek om 'n eie standpunt of dié van In kliek te laat seëvier[536].

In die *positiewe* sin dui 'geestelik' op die Gees van Christus wat die bestuurswyse van die kerk bepaal. Die Gees laat lede van die liggaam wat in konflik leef, mekaar soek en vind[537]. Die

---

[535] Artikel 71 KO tref dieselfde onderskeid. Die swaardmag van die kerk is wesenlik anders as die swaardmag van die burgerlike owerheid (Romeine 13:4).
[536] Spoelstra, 1989:184
[537] 1 Korintiërs 6:1; 2 Timoteus 4:2

Gees bind die kerk aan die Woord[538]. Deur binding aan die Woord beskerm die Gees van Christus die kerk teen die twee uiterstes van wettisisme en subjektivisme[539]. Wettisisme mond uit in formalistiese toepassing van die letter van die kerkorde[540]. Subjektivisme daarenteen laat die deur vir menslike gevoelens en willekeur oop[541]. Ook al staan wettisisme en subjektivisme lynreg teenoor mekaar, is die eindresultaat van beide dieselfde: die reg en regspraak lei skade.

Liefde

Die Gees van Christus gee aan die kerk die gawe van liefde[542]. Die gawe van liefde is tegelyk 'n opdrag: die kerk moet liefhê[543] en in die liefde bly[544]. Godgegewe liefde moet die klimaat en atmosfeer in die kerk bepaal; so ook die styl van kerklike optrede[545]. Die kerklike wyse van optrede behoort aan liefdesbetoon geken te word: in die eerste plek liefde vir God, van daaruit liefde vir die naaste[546]. Liefde is die bepalende faktor vir die hantering van regspraak[547].

Kenmerkend van die liefde is dat dit bly is saam met die waarheid[548]. In waarheidsoekende liefde word onreg by die naam genoem[549] en uit die weg geruim, ten einde die konflik tussen gelowiges te beëindig.

Liefde verbied kerklike vergaderinge om onder die dekmantel van vrede konflikte te systap of toe te smeer[550]. Laasgenoemde gebeur as op die betrokke partye 'n beroep gedoen word om, sonder om die onderliggende konflik op te los, mekaar 'in liefde' te aanvaar. Sodanige optrede getuig nie van liefde nie, maar van liefdeloosheid. Die proses van regsherstel word opgehou; in sommige gevalle onherstelbaar geskaad[551].

---

[538] Van Bruggen, 1980:150
[539] Polman, s.j.:7-9; Vonk, 1956a:152
[540] *Summum ius, summa iniuria* (die hoogste reg is die hoogste onreg). Hoe meer die reg aan die eis van rigiede, uitsluitende, eksklusiewe reëlings voldoen, hoe skerper en presieser bepaald en ongenaakbaar die regsreëls toegepas word, des te gouer kom regverdigheid in gedrang (Deddens, 1953o:378).
[541] Vonk, 1956a:152
[542] Psalm 133; 1 Korintiërs 12:31-13:13; Vonk, 1956:152
[543] Matteus 22:34-37; Johannes 15:12, 17; 1 Johannes 4:7-12
[544] Johannes 15:9
[545] Spoelstra, 1986:110
[546] Die grondtoon in Artikel 71 KO is liefde. Die kerklike tug, wat geestelik is, is noodsaaklik om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.
[547] Die waarskuwing van 1 Korintiërs 13:1-3 is ter sake: sonder liefde is kerklike regspraak van nul en gener waarde.
[548] 1 Korintiërs 13:6
[549] 2 Samuel 12:7-10; Jakobus 5:16
[550] Korevaar, 2000:107; Roest, 2000:47
[551] Boersma, 2004:18

Regspraak wat in liefde geskied is geen steurende mag wat die kerk misvorm en bederf nie[552]. Goeie kerkreg en kerklike regspraak is altyd pastoraal-opbouend[553].

Billikheid

Billikheid is die beginsel waarvolgens die Messias regspreek[554]. Die Messias sal toesien dat elkeen, ongeag sosiale stand, status of afkoms, sal kry wat hom van Godsweë toekom[555]. In dié opsig het billikheid alles met God se geregtigheid te doen[556]. God toorn as billikheid om watter rede ook al by die regspraak ontbreek[557].

Met betrekking tot die beoordeling van kerklike appèlle hou billikheid rekening met die individualiteit van elke saak. Plek, tyd en omstandighede speel 'n belangrike rol in die beoordeling van die appèl. Ook al kan daar tussen verskillende sake onderlinge raakpunte geïdentifiseer word, moet elke regsaak op eie meriete oorweeg word[558].

Teenoor billikheid staan 'n formalistiese en rigoristiese toepassing van die kerkorde, ongeag die besondere omstandighede[559]. Regspraak word onbillik as kerklike vergaderinge bloot die somtotaal van 'n aantal regsfeite gebruik om tot 'n uitspraak te kom[560], of as die reël van 'konsekwent'-wees klakkeloos toegepas word.

Billikheid vereis 'n soepel, milde gebruik van die kerkorde, waardeur die weg na die Skrif in elke bepaalde situasie geopen sal bly en nie deur 'n streng juridiese omlysting geblokkeer sal word nie[561].

Wysheid

Saam met billikheid word wysheid gevra[562]. Regters, met name kerklike vergaderinge wat oor appèlsake uitspraak moet doen, moet wandel in die vrees van die Here, en trou wees aan die

---

[552] Rutgers, 1894:37
[553] Deddens, 1954g:199; Te Velde (1994c:595) voeg daaraan toe dat daar in die kerke nie tussen 'n pastorale of 'n formele benadering van 'n konflik gekies moet word, asof reg en pastoraat teenoor mekaar staan nie. Kerkreg sowel as pastoraat dien tot heil van die kerk.
[554] Jesaja 11:4 – 'aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid (*misjoor, aedificatio*) oordeel'.
[555] Holladay, 1971:193
[556] Smit, 1987:26
[557] Psalm 58:2 – 'oordeel julle die mensekinders regverdig (*misjoor*)?
[558] Deddens, 1953o:378
[559] Smit, 1987:26
[560] Smit, 1984c:24
[561] Deddens, 1953o:378; Smit, 1984c:24
[562] Smit, 1987:24

waarheid van God. Die regsprekende vergadering moet vir die Here en sy Woord beef. Hulle moet van harte buig voor daardie Woord, asook voor die eis van die genormeerde reg ooreenkomstig die Woord[563].

Wysheid is 'n gawe van God, waarvoor vurig en onophoudelik gebid moet word[564]. Sodoende word kerkregtelike handelinge verhef bo menslike vindingrykheid, blote debatteerkuns en wetlike vaardighede[565].

Lankmoedigheid

God is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid[566]. Dit beteken nie dat God die kwaad ongesiens sy gang laat gaan of straffeloos verby laat gaan nie, maar wel dat Hy in die uitoefening van geregtigheid nie 'n haastige Wreker van die kwaad is nie[567]. Ooreenkomstig sy eie lankmoedigheid, roep God die kerk tot lankmoedigheid op, in besonder as sy reg moet spreek[568].

Lankmoedigheid moet die kerke daarvan weerhou om onnodig haastig in die regsondersoek en regspraak te wees, aangesien dit maklik tot ondeurdagte en onverantwoordbare oordele kan lei[569].

God se eis tot lankmoedigheid dien tegelyk as waarskuwing om nie by die hantering van die appèlle heersend, bevelend en dwingend te handel nie. 'De vuist mag niet op tafel dreunen. En dreigen is contrabande'[570]. By kerklike regspraak moet dit gaan oor oortuiging, oorreding, teregwysing en leiding[571].

Gebed

Die lewe van die gelowige moet in sy geheel deur onophoudelike gebed gedra word[572]. In konflikhantering, met name as 'n kerklike vergadering oor die konflik – wat by wyse van die appèl op die tafel gekom het – uitspraak moet gee, is gesamentlike aanbidding 'n belangrike

---

[563] Deddens, 1953o:378
[564] Jakobus 3:13-18 verbind die wysheid van bo met onpartydigheid en geregtigheid, waarvan die vrug regsherstel en vrede is.
[565] Smit, 1987:27; Spoelstra, 1989:191
[566] Eksodus 34:6; Psalm 103:8
[567] Jona 4:11; Romeine 2:4, 3:25; 1 Petrus 3:20
[568] Matteus 18:29, 33; 1 Tessalonisense 5:14-15
[569] Deddens, 1953p:386; Spoelstra, 1986:108
[570] Veenhof, 1956a:139
[571] Jakobus 3:17
[572] Lukas 18:1; 1 Tessalonisense 5:17

wapen[573]. Daarby is dit 'n effektiewe wapen, aangesien die vurige gebed van 'n regverdige groot krag het[574].

Daar moet vir die regte klimaat en gesindheid gebid word, vir verligting van die oë en wysheid, vir die nodige Skrifkennis en mensekennis, vir onpartydigheid en invoelvermoë, vir versigtigheid en lankmoedigheid[575]. Daar moet gevra word dat die Here die betrokke partye bereid sal maak om hulleself vir standpuntverandering oop te stel[576].

4.4.5.3 Die saak op tafel

4.4.5.3.1 Die saak op die klassistafel

Wanneer 'n lidmaat teen sy kerkraad by die klassis appelleer, is dit deurgaans op die oog af duidelik wat die saak is waaroor die klassis regspraak moet lewer. Die uitspraak van die kerkraad wat na die mening van die appellant tot sy verongelyking gelei het, is die *point d'intrêt* en gevolglik die *point d'action*[577]. By nader insien is dit egter nie altyd so eenvoudig om vas te stel wat verongelyking presies behels nie[578], veral nie as dit kom by die wyse waarop die klassis dit moet ondersoek nie.

Die kerkraadsbesluit waarteen die appellant appelleer, is dikwels die kulminasie van 'n konflik wat 'n lang aanloop het. Agter en onder die kerkraadsbesluit lê 'n proses van gebeure, gesprekke en besluite wat tevore oor dieselfde saak geneem is. Dit is nie altyd so eenvoudig om vas te stel waar die *oorsprong* en *kern* van die konflik lê nie. Die volgende vraag is derhalwe relevant: in hoeverre kan die skriftelike uitspraak van die kerkraad waarteen geappelleer word as somtotaal van die verongelyking waaroor die appellant kla, beskou word? Met dié vraag het die appellant te doen as hy sy appèlskrif opstel. Met dieselfde vraag word die klassis as regsprekende vergadering gekonfronteer.

Harmannij[579] meen in verband hiermee dat daar met die hantering van kerklike konflikte altyd op twee 'bodems' gelet moet word; die materiële en die formele. Die materiële is die konflik waaroor dit eintlik gaan. Die formele is die wyse waarop die konflik hanteer is. Harmannij[580]

---

[573] Korevaar, 2000:109
[574] Jakobus 5:16
[575] Te Velde, 1994a:582
[576] Korevaar, 2000:109
[577] Oldenhuis, 1977:30
[578] Hier word nie opnuut ingegaan op die *gravari* van Artikel 31 KO as sodanig nie. Dit is reeds in paragraaf 4.4.1.1 bespreek. Die vraag na die kernpunt, diepte en omvang van die verongelyking kom hier aan die orde.
[579] Harmannij, 1995:78, 84; vergelyk ook Spoelstra, 1989:109
[580] Harmannij, 1995:78

oordeel dat appèlskrifte – die inhoud sowel as die behandeling daarvan – dikwels op die formele fokus. Na sy mening is dit wesenlik dat die materiële (die konflik self) nie agterweë mag bly nie, aangesien die kern van die saak dan gemis word. Die teenoorgestelde is volgens hom ook waar: die klassis kan nie by die materiële uitkom sonder om die formele (die wyse waarop die konflik deur die kerkraad hanteer is) aan te spreek en uit te praat nie.

Anders as Harmannij, oordeel Monsma[581] dat daar slegs van een 'bodem' sprake is. Dit gaan in 'n appèl uitsluitlik oor dit wat genotuleer of offisieel besluit is. In die behandeling van 'n appèlskrif kan daar nie op al die omstandighede wat tot die neem van die kerkraadsbesluit gelei het, ingegaan word nie.

Soos Harmannij, onderskryf Boersma[582] die belang daarvan dat die klassis die oorspronklike geskil in die oog kry en hou. Appèlle kan 'n sneeubal-effek kry. Die gevaar is dat al die sekondêre (formele) sake die aandag kry, maar die eintlike punt in geding (materiële) agterweë bly.

Deddens[583] oordeel dat die skeiding tussen reg (formeel) en feit (materie) nie alleen uit beginsel verkeerd is nie, maar ook nie vir praktiese verwesenliking uitvoerbaar is nie. 'n Klassis kan die regsgrondslag en feitlike grondslag in 'n appèlskrif van mekaar ónderskei, maar nooit skei nie. In werklikheid is reg en feit so innig in mekaar geweef, dat die een nie van die ander afgesonder kan word nie. Waar daar wel gepoog word om vorm en materie van mekaar te skei, vind daar dikwels nuwe verontregting plaas. Dan word daar ure oor die formele sy van 'n saak gehandel, maar die materie bly agterweë. Dit dien volgens Deddens geen doel nie.

Deddens[584] oordeel verder dat, indien 'n klassis hom slegs met 'n appèl op papier (die appèlskrif) teen 'n besluit op papier (die kerkraadsbesluit) ophou, sonder om hom met die inhoud van die saak te bemoei, ernstige verdere verontregting kan plaasvind. 'n Sonde, wat nie noodwendig direk op papier sigbaar is nie, kan onaangetas voor die aangesig van God bly lê.

As slotsom word gestel dat die saak op die klassistafel tweeledig is[585]:

- 'n appèlskrif bevat gronde wat oor die materie van die konflik self gaan;
- 'n appèlskrif bevat gronde wat op die kerkraad se hantering van die konflik fokus.

---

[581] Monsma, 1967:128
[582] Boersma, 2004:15
[583] Deddens, 1954k:239
[584] Deddens, 1956j:218
[585] Sien paragraaf 4.4.3.3

Oor beide moet die klassis regspraak lewer. Indien dit uit die appèlskrif self nie duidelik blyk wat die verskillende gronde is nie, kan die appellant in die hoorsitting daarna gevra word.

4.4.5.3.2 Die saak op die sinodetafel

Indien die klassis 'n uitspraak oor die appèl gegee het, staan dit die appellant of kerkraad vry om hom, in ooreenstemming met die reël van Artikel 31 KO, op die partikuliere sinode te beroep.

'n Appèl wat voor die partikuliere sinode dien, is uiteraard meer omvangryk as die appèl wat voor die klassis gedien het.

As die appellant meen dat die klassis hom verongelyk het, kan hy sy oorspronklike appèl nie onveranderd by die partikuliere sinode indien nie[586]. Daar het, wat die appellant betref, deurgaans vermeerdering van verongelyking plaasgevind[587] deurdat die klassis na sy mening nie (volkome) reggespreek het nie. Daardie verongelyking moet, bo en behalwe die oorspronklike klag van verongelyking deur die kerkraad, in die appèlskrif aan die partikuliere sinode gestel en bewys word[588].

As die kerkraad meen dat die klassis-uitspraak húlle verongelyk het, en hulle besluit om daaroor na die partikuliere sinode te appelleer, rus die onus op die kerkraad om die vermeende verongelyking te stel en te bewys. Nog steeds bly die oorspronklike geskil tussen die appellant en die kerkraad die primêre saak op tafel[589], en moet dit in die appèlskrif van die kerkraad verwerk word.

As daar, óf deur die appellant óf deur die kerkraad, teen die regspraak van 'n partikuliere sinode na 'n nasionale sinode geappelleer word, geld dieselfde as wat in die voorafgaande paragrawe gestel is. Die konflik tussen die appellant en die kerkraad is die primêre saak; alles wat daaruit voortspruit is sekondêr[590].

---

[586] Van Oene, 1990:150

[587] In sommige gevalle is daar *vermindering* van verongelyking, indien die mindere vergadering byvoorbeeld 'n deel van die konflik aangespreek het, en daar slegs oor 'n ander onderdeel van die oorspronklike geskil vir verdere regspraak gevra word.

[588] Sien paragraaf 4.4.3.3

[589] Die klassis word geen party in die saak nie, ook al het hy sy uitspraak oor die saak gegee (sien paragraaf 4.4.2.1).

[590] In 'n sekondêre geskil word die uitspraak van die mindere vergadering, tesame met die primêre geskil tussen die appellant en die respondent, voorwerp van 'n nuwe ondersoek.

Dit is 'n werklikheid dat, by die voortgang van die appèl, die stukke 'onrusbarend vermeerder'[591] en die saak deurgaans in kompleksiteit toegeneem het. Appèl by 'n nasionale sinode is *sodanig dat die aanvanklike saak uitgebrei het na die rapporte en besluite van die klassis en* die partikuliere sinode.

Daar is 'n mening dat 'n sinode (partikulier sowel as nasionaal) slegs moet uitspreek of die mindere vergadering wat oor die appèl geoordeel het en teen wie se oordeel geappelleer word, reg opgetree het[592]. Indien bevind word dat die mindere vergadering nie reg geoordeel het nie, word die oorspronklike appèl na daardie vergadering terugverwys om opnuut in behandeling geneem te word. Die sinode neem dus glad nie die konflik, wat oorspronklik tot die appèl aanleiding gegee het, ter tafel nie en spreek hom ook nie daaroor uit nie. Dié mening het meestal 'n *historiese belasting*[593]. *Daarteenoor word gestel dat, indien meerdere* vergaderinge op só 'n wyse regspreek, 'die hart uit die kerkregering uitgesny word'[594].

Elke kerklike vergadering wat met 'n appèlsaak te doen kry, het ooreenkomstig Artikel 30 KO[595] die plig om op die héle saak (formeel sowel as materieel) in te gaan en daaroor uitspraak te lewer. Die bedoeling van Artikel 31 KO is dat sinodes, met inagneming van uitsprake van mindere vergaderinge, oor die primêre geskil – die konflik tussen die appellant en die kerkraad – reg sal spreek. Die mikpunt is om die primêre geskil op te los, sodat daar herstel van vrede kan wees.

Indien 'n sinode slegs die uitspraak van die mindere vergadering oor die betrokke saak beoordeel en die inhoud van die appèl eventueel na daardie vergadering terugverwys, getuig dit van hiërargiese denke – asof 'n meerdere vergadering 'hoër' as 'n mindere vergadering is en die mindere vergadering se opdrag aan hom kan voorskryf. Bowendien word die proses van regspraak op 'n formalistiese wyse onnodig uitgerek. Dit is strydig met die wil van die Here, wat beveel dat daar met haas moet reg geskied[596].

---

[591] Deddens, 1954f:190

[592] Van Oene, 1990:151

[593] Rondom die vrymaking in die GKN (1944) was daar 'n vrees dat meerdere vergaderinge onregmatig sou ingryp in die doen en late van plaaslike kerke (vergelyk Visee, 1956:143).

[594] Deddens, 1956g:211

[595] 'Op meerdere vergaderinge moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kan word nie'. Die geskil waarop die appèl betrekking het, kón – wat die appellant betref – nie in die mindere vergadering afgehandel word nie. Dit hoort dus regtens op die tafel van die meerdere vergadering.

[596] Sien paragraaf 4.4.5.2.1 oor spoedige regspraak as een van die grondreëls vir kerklike regspraak.

4.4.5.4 Proses van behandeling

Die proses waarvolgens 'n appèl behandel word, geskied op die basis van die grondreëls vir kerklike regspraak[597]. Twee hoofmomente kan in die behandelingsproses onderskei word: die regs-ondersoek en regsvinding. Die ondersoek en regsvinding lei uiteindelik tot 'n regsuitspraak, wat in paragraaf 4.4.6 beskryf word.

4.4.5.4.1 Regsondersoek

Geheelbeeld

Om 'n duidelike beeld van die appellant se klag te verkry, is dit profytlik en noodsaaklik dat die appèlkommissie wat die vergadering oor regspraak moet adviseer eers 'n deeglike ondersoek na die appèlskrif self doen. Die klag van die appellant, in soverre dit in die appèlskrif verwoord is, moet in diepte verken[598] word. Nadat die eerste verkenning en oriëntasie afgehandel en 'n geheelbeeld verkry is, kan met die ondersoek voortgegaan word.

Hoor en wederhoor

Die ondersoek van die appèl begin by die aanhoor van die appellant[599]. Iemand wat kla dat hy verongelyk is, moet die volste geleentheid kry om sy klag te stel en daaroor aangehoor te word[600]. Die aanhoor van die appellant moet nie tot bestudering van sy appèlskrif beperk word nie. Per slot van sake moet daar nie oor 'n appèl op lewelose papier nie, maar oor 'n lewende appellant wat van verongelyking kla, regspraak gelewer word[601].

Alle inligting wat vir die behandeling van die geskil van belang is, ook inligting wat deur die wederparty beskikbaar gestel word, moet vir beide partye sowel as vir die regsprekende vergadering beskikbaar en kenbaar wees; dit is 'n basis eis vir regspraak[602].

---

[597] Die grondreëls is in paragraaf 4.4.5.2.1 beskryf.
[598] Te Velde, 2004a:1
[599] Deddens, 1953n:370; Roeleveld, 1972a:46
[600] Die Skrif maak meermale daarvan melding, onder andere in Eksodus 18:13-16; Deuteronomium 1:16, 21:20, 25:1; 1 Konings 3:16-27; Spreuke 18:17; Matteus 26:62, 27:11-14; Handelinge 26:1.
[601] Deddens (1954j:223) beskou dit in 'n ernstige lig dat die behandeling van 'n appèlsaak nie in 'n prosedurele en formalistiese papierstryd ontaard nie: 'Dit niet-horen is (men vergunne ons de woordspeling) vrijwel ongehoord'. Boersma (2004:16) voeg daaraan toe: 'Een papieren werkelijkheid mist nuance'.
[602] Deddens, 1953y:83; Deddens, 1956o:271; Boersma, 2004:16

Die 'mees basiese regsbeginsel van hoor en wederhoor'[603] word in ooreenstemming met die negende gebod[604] toegepas. Waarheidsvinding vind plaas deur alle betrokkenes voor die aangesig van God te stel[605]. Met 'n beroep op die gewete word sekerheid oor die nodige feite gekry.

Hoor en wederhoor is 'n belangrike onderdeel van die ondersoek. Dit bied die moontlikheid om die atmosfeer waarin die geskil ontstaan en ontwikkel het aan te voel, uit te styg bo verharde menings, sake te relativeer, moontlike misverstande weg te neem of selfs 'n skikking te bereik[606].

Soms is die hoor- en wederhoor aksie konfronterend. Partye moet mooi nadink oor wat hulle sê terwyl die wederparty teenwoordig is. Dit is maklik om op papier verongelyk te voel en dit in kras woorde te skryf, maar dit word anders as mense mekaar in die oë kyk en mekaar daaroor aanspreek[607].

Dit is onontbeerlik en van wesenlike belang dat partye gelyklik aangehoor word en geleentheid gegee word om sake in mekaar se teenwoordigheid te verduidelik[608]. Dit impliseer dat, indien nodig, daar van kruisverhoor gebruik gemaak kan word. Geleentheid word gegee dat partye mekaar oor en weer ondervra. Die appèlkommissie of -deputate kry eweneens geleentheid om aan die kruisverhoor deel te neem ten einde by 'n waarheidsvinding uit te kom.

Ter wille van goeie en ordelike regsgang kan hoor en wederhoor goedskiks in twee fases plaasvind: eerstens aanhoor van die appellant en die wederparty; vervolgens reaksie en teen-reaksie[609]. Gedurende die eerste fase word die saak van beide kante gestel[610]. Gedurende die tweede fase kry beide partye geleentheid om op mekaar se stellings te reageer[611].

Enige party in die geding moet te eniger tyd van 'n deskundige, byvoorbeeld 'n kerkregtelike, se hulp gebruik kan maak om duidelik te sê wat hy wil sê. Indien deskundigheid en advies van

---

[603] Johannes 7:51; Matteus 27:11-14. Roeleveld, 1972a:46; Te Velde, 1994a:581; GG, 1999:16
[604] Sondag 43 HK
[605] GG, 1999:17
[606] Boersma, 2004:16
[607] Slump, 2000:94
[608] Spoelstra (1989:200) beskou die aanhoor in mekaar se teenwoordigheid as die beproefde metode waarop halwe of skewe waarhede en valse aantygings uitgeskakel kan word. Onreg word op kerkvergaderings gepleeg wanneer 'getuies' agter die rug van die appellant of toeligters aangehoor en die appèlkommissie moontlik geprejudiseer word.
[609] GG, 1999:39
[610] Deddens, 1953y:83
[611] Die tweede fase sluit eventuele kruisverhoor in.

iemand ontneem word, sou tereg gesê kon word dat iemand nie die volle geleentheid gehad het om sy saak te verdedig of te opper nie[612].

Getuies

Aanhoor van getuies mag in sommige appèlsake noodsaaklik wees[613]. Dit is onontbeerlik dat getuienis wat gelewer word noukeurig genotuleer en deur die getuie(s) geverifieer word. Bandopnames van getuienis kan as 'n waardevolle rugsteun met die oog op enige verdere regsgedinge gemaak en bewaar word.

Vasstelling van feite

Die meerdere vergadering – by monde van sy appèlkommissie of -deputate – moet as regter die feite vasstel. Beide partye moet oor die feite op tafel ooreenstem. Die partye kan oor die feite met mekaar praat, dit volledigheidshalwe aanvul, en nagaan dat dit korrek is[614]. Die eindresultaat van die regsondersoek is dat die feite vir almal vasstaan[615].

4.4.5.4.2 Regsvinding

Nadat die regsprekende vergadering sekerheid oor die feite verkry het, moet die punt van konflik en die appèl wat daaruit voortgespruit het, oorweeg word[616].

Twee fases kan in die proses van regsvinding onderskei word: analise en sintese (bevinding).

Analise

Suiwer regspraak rus op 'n deeglike analise van die saak waaroor reggespreek moet word. Deur die saak te analiseer word bepaal[617]:

- wat die *regsfeite* is (a);
- watter *regsvrae* vir die beoordeling van die appèl ter sprake is (b);
- watter *regsbronne* op die saak betrekking het (c);

---

[612] GG, 1999:40
[613] GKSA Acta, 1997:545-546, artikel 21.7
[614] Slump, 2000:94
[615] Deuteronomium 13:14, 17:4, 19:18; Te Velde, 1994:581
[616] Slump (2000:94) verwys daarna as die 'raadskamer'.
[617] Te Velde (2004a:1) het 'n 'Stappenplan voor behandeling van een kerkrechtelijke casus' opgestel, waarin hy besondere klem op analisering van 'n regsaak plaas. Die *Stappenplan* is as Bylae 3 ingevoeg.

- watter *regsnorme* vir die beoordeling van die appèl ter sprake is (d);
- wat die *regsgronde* is (e).

Ten opsigte van elkeen van bogenoemde punte word enkele opmerkings gemaak:

(a) Analisering van die *regsfeite* moet die appèlkommissie by die kern van die konflik bring[618]. Om tot die kern van die konflik deur te dring, moet die materiële sowel as formele gronde van die appèl nagegaan word. Mondelinge toeligting van die appellant en die kerkraad kan eweneens verreken word. Die konflik moet in duidelike en skerp juridiese terme uitgespel word: nie om (verdere) skeure en verwydering te veroorsaak nie, wel om met die oog op die heling van skeure die konflik helder te omlyn[619].

(b) Die kommissie moet duidelikheid hê oor die spesifieke *regsvrae* wat in die betrokke appèl relevant is, onder andere vrae betreffende die korrekte christelik-etiese handelswyse in die betrokke saak. Roeleveld[620] en Oldenhuis[621] merk op dat daar voortdurend tussen geloofsvrae en regsvrae onderskei moet word. Soms is dit moeilik. Geloofsvrae kan tegelyk regsvrae wees of tot regsvrae ontwikkel[622]. Sulke vrae moet deur die burgerlike regter beoordeel kan word.

(c) In sy analise van die saak moet die kommissie bepaal watter *regsbronne* as verwysingsraamwerk gebruik word. Behalwe die primêre bronne[623], moet bepaal word watter goedgekeurde prosedures en reëlings, sinodebesluite en uitvoeringsbepalings as sekondêre, diverse bronne kan dien. Jurisprudensie[624] behoort ook nagegaan te word. Te Velde[625] onderskei in hierdie verband tussen heteronome en outonome regspraak.

(d) Soos wat daar duidelikheid oor die regsvrae moet wees, moet daar duidelikheid oor die *regsnorme* – dit is die reëls waaraan die appèl gemeet word – wees. Dit is van belang dat álle tersaaklike norme geïdentifiseer word en ook vasgestel word hoe die norme in die besondere saak konkreet toegepas word.

(e) Die analisering van *appèlgronde* is met die oog op suiwer regsvinding onontbeerlik. 'n Onderskeid kan tussen wesenlike en nie-wesenlike regsgronde gemaak word.

---

[618] Van den Heuvel, 2001:443
[619] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:57
[620] Roeleveld, 1958:6-15
[621] Oldenhuis, 1977:64
[622] Sekere kerklike regsvrae wat hand aan hand met geloofsvrae loop, het eweneens 'n siviel-regtelike of selfs strafregtelike implikasie. Oldenhuis (1977:64) *verwys na die vrae wat rondom 'n kerkskeuring* ontstaan. Wie is die 'voortgesette kerk' na 'n kerkskeuring? Wie het reg waarop? Dit is ten diepste geloofsvrae, maar tegelyk kerklike regsvrae én vrae met 'n siviel-regtelike implikasie.
[623] Skrif, belydenis en kerkorde is primêre bronne wat as verwysingsraamwerk dien.
[624] Deur die nagaan van jurisprudensie kan vasgestel word hoe daar in soortgelyke sake gehandel is.
[625] As 'n regter in 'n bepaalde saak bestaande, duidelike regsreëls kan toepas, staan dit bekend as heteronome regspraak. Met outonome regspraak moet die regter – by gebrek aan direk toepaslike regsreëls - op die basis van wetgewing sélf 'n argumentasie ontwikkel en opbou, waarin hy betoog en *beslis wat in die voorgelegde geval en in soortgelyke gevalle reg is* (Te Velde, 2004a:1).

> Wesenlike gronde raak die kern van die konflik, terwyl nie-wesenlike gronde op ondergeskikte bysake – dikwels formeel of regstegnies van aard – betrekking het[626].

Appèlsake verskil in omvang, inhoud en grade van ingewikkeldheid. Die appèlkommissie moet eerlik bepaal of hy met die saak wat voor hom dien in staat is om self 'n analise en 'n oplossing te vind, of dat eksterne advies ingewin moet word[627].

Bevinding

Deeglike analise van die saak behoort die appèlkommissie in staat te stel om tot 'n helder sintese, 'n bevinding[628] te kom. In die bevinding kom na vore:

- hoe die klag van die appellant ooreenkomstig die regsnorm getoets word (a);
- wat die resultaat van die toets is (b);
- wat die effek van die resultaat op die appellant en op die kerkraad is (c).

Enkele opmerkings word ter toeligting gemaak:

(a) Die kommissie moet presies uiteensit op watter wyse hulle die appèl in sy geheel en elke appèlgrond afsonderlik aan die regsnorme gemeet het. 'Door argumentatie uit en naar het Woord'[629] moet reg en onreg aangewys word.

(b) Die resultaat van die toets kan kortliks verwoord word: 'n appèlgrond slaag of slaag nie. Saam met die resultaat word 'n rede verskaf. Sodoende word elke appèlgrond afsonderlik met verskaffing van redes goed- of afgekeur.

(c) Die effek van die resultaat verdien deurgaans meer aandag. Dit kan gebeur dat 'n appèlskrif tien gronde aanvoer, waarvan agt nie-wesenlik is, terwyl die ander twee gronde die kern van die onreg aanspreek. Indien bevind word dat die agt nie-wesenlike gronde slaag, maar die twee wesenlike gronde nie slaag nie, moet bevind word dat die appèl geen verongelyking bewys nie[630]. So 'n appèl slaag nie[631]. Die teenoorgestelde kan ook gebeur. Die agt nie-wesenlike gronde slaag nie, maar die twee (of een van die twee) wesenlike gronde slaag wel. Dan moet bevind word dat daar inderdaad verongelyking plaasgevind het.

---

[626] Smit, 1984c:24

[627] Dit mag nodig wees dat die appèlkommissie of -deputate met deskundiges oorleg pleeg om te verseker dat tot 'n suiwer analise en bevinding gekom word. Sulke deskundiges moet opreg wees in hulle optrede, en nie as wig gebruik word om iemand se eise deur te dryf nie (GG, 1999:19, 75).

[628] Slump, 2000:94

[629] Roeleveld, 1972a:49

[630] Smit, 1984c:24

[631] Spoelstra, 1989:200

Regsvinding rus nie op die somtotaal van geslaagde en nie-geslaagde appèlgronde nie. Dit is daarom onmoontlik dat 'n appèl gedeeltelik slaag of gedeeltelik nie slaag nie[632]. Regsvinding dring deur tot die wese van die appèl, en bepaal of daar met reg van verongelyking gekla word al dan nie[633].

Dit is van belang om, indien bevind word dat 'n appèl nie slaag nie (dit wil sê: verongelyking nie bewys word nie), wel die implikasies van die enkele *geslaagde* appèlgronde (al is dié gronde nie genoegsaam gewigtig om die verongelyking te bewys nie) aan te dui. Sodoende kan aktief en positief gehelp word om die konflik tussen appellant en respondent te help oplos.

4.4.5.4.3 Proses-verbaal

Die hele behandelingsproses word op skrif gestel en in die vorm van 'n rapport (proses-verbaal) weergegee[634]. Die rapport word sodanig saamgestel dat die vergadering wat moet regspreek, duidelik kan onderskei waarop sake neerkom. Spoelstra[635] waarsku teen ingewikkelde argumentasies, moeilike sinsbou en vermenging van feite wat veroorsaak dat rapporte meer verwarring as verheldering vir die regsprekende vergadering bied.

4.4.6 Wesenlike aspekte met betrekking tot die uitspraak oor appèl

4.4.6.1 Verantwoorde uitspraak

Die vergadering wat moet regspreek, moet deur die advies van sy appèlkommissie of -deputate sodanig gelei word dat elke lid tot 'n verantwoorde beslissing oor die saak kan kom. Die lede van die vergadering doen nie die werk van die appèlkommissie of -deputate oor nie. Indien vertroude en deskundige persone aangewys is om die saak voor te berei, en daardie persone hulle werk deeglik gedoen het, behoort die vergadering hom tot die hoofsake – soos wat dit in die rapport van die kommissie na vore kom – te beperk[636].

Die reël is dat oor sake op die agenda met meerderheid van stemme[637] tot 'n besluit gekom word[638]. In geval van regspraak is dit egter verkieslik dat daar nie slegs 'n méérderheid van

---

[632] Dié terminologie word soms gebruik, onder andere deur Spoelstra (1989:201).
[633] Smit, 1984c:24
[634] GG, 1999:40, 70; Boersma, 2004:16
[635] Spoelstra, 1986:111
[636] Te Velde, 2004d:4
[637] 'Met meerderheid van stemme' word deurgaans as die helfte plus een beskou (Visser, 1999:24).
[638] Artikel 31a KO

stemme sal wees nie, maar éénstemmigheid[639]. Indien die vergadering vanweë onsekerheid oor regsvinding nie 'n eenparige uitspraak kan lewer nie, is dit raadsaam om die saak opnuut na die appèlkommissie te verwys sodat daar verder besin en klarigheid oor die verskilpunte bereik kan word[640]. As dit blyk dat daar volkome regsekerheid is, maar daar – om watter rede ook al – nogtans geen eenparige besluit geneem kan word nie, behoort diegene wat van die meerderheidstem verskil, by wyse van konformering by die uitspraak te berus[641].

Die uitspraak oor die saak moet daarvan getuig dat die regsprekende vergadering betroubaar en eerlik in sy optrede is[642], sonder aansiens des persoons oordeel[643], besondere aandag vir swakkes en verdruktes het – sonder om hulle voor te trek of hulle reg te verbuig[644], konsekwent optree[645], geen regsonsekerheid het of hom aan regsongelykheid skuldig maak nie[646] en aan geregverdigde verwagtinge voldoen[647].

In sy regspraak moet die kerklike vergadering uitstaan as verkondiger en beskermer van hoë morele waardes[648]. Die ondersoek van die appèl en die bekendmaak van die uitspraak moet daarom sodanig plaasvind dat onnodige publisiteit voorkom word. Die mikpunt van eerlike regspraak is uiteindelik versoening tussen diegene wat in konflik met mekaar geleef het[649]. Eerlike, liefdevolle regspraak moet tot bedekking van 'n menigte sondes lei[650].

'n Regsprekende vergadering moet ten volle verantwoording oor sy regspraak kan doen[651].

---

[639] Spoelstra (1986:106) beveel aan dat appèlsake met 'n twee-derde meerderheid beslis moet word. Wanneer dit nie bereik kan word nie, mag dit volgens hom wenslik wees om die saak na 'n *synodus contracta* te verwys wat die taak het om die betrokke appèlsaak na behore uit te trap. Die kerkorde laat hom nie hieroor uit nie.

[640] Te Velde, 2004d:4

[641] So was dit die gewoonte in die kerke van die reformasie (Deddens, 1946:11, 26). Vergelyk ook Visser, 1999:136.

[642] Sagaria 7:9

[643] Te Velde, 1994a:581

[644] Eksodus 23:3 en 6

[645] Spreuke 20:10

[646] Te Velde, 1994a:581

[647] Smit, 1995:399-405

[648] GG, 1999:18

[649] Deddens, 1954g:199

[650] 1 Korintiërs 13:4-7; Jakobus 5:20

[651] Te Velde (2004d:1) beklemtoon in hierdie verband dat sake wat *in camera* hanteer word, soos tugsake, nie daardeur in die openbaar gebring moet word nie. Daar moet wel teenoor enigiemand wat op 'n billike wyse rekenskap eis met vrymoedigheid en openheid verduidelik kan word volgens watter maatstaf en op watter gronde regspraak plaasgevind het.

Dit is verkieslik[652] dat die appellant en die kerkraad teen wie hy appelleer persoonlik teenwoordig is as die regsbevinding en uitspraak van die kerklike vergadering bekend gemaak word.

Die meerdere vergadering moet albei partye skriftelik van sy uitspraak in kennis stel[653].

4.4.6.2 Kerklike uitspraak

Ooreenkomstig die kerklike klimaat en styl waarvolgens die regsprekende vergadering optree, kan (en moet) verwag word dat daar tot 'n kerklike uitspraak gekom word. Die 'kerklike' van 'n kerklike uitspraak blyk uit die inhoud en omvang daarvan.

4.4.6.2.1 Slotbevinding

Die uitspraak oor die appèl behoort logies uit die vergadering se regsbevinding voort te vloei. Die regsbevinding lei tot een van twee moontlikhede: die appèl slaag of slaag nie. By wyse van uitspraak moet die vergadering, met verskaffing van redes[654] en toeligting waar nodig[655], duidelik stel wat die geval is.

4.4.6.2.2 Pastorale regspraak

Die uitspraak is nie tot die stel van die slotbevinding beperk nie[656]. Indien dít die geval sou wees, het die kerklike regspraak 'haar styl ingeruil vir wêreldlike regspraak'[657]. Ooreenkomstig die styl van die Skrif, wat kenmerkend moet wees van die geestelike, kerklike bestuurstyl[658], moet die kerklike vergadering die appellant sowel as hulle teen wie geappelleer word, in die gebaande weë van die Here lei[659]. Dit is egter gepas dat 'n kerklike vergadering in voorkomende gevalle die betrokkenes vermanend of versoenend sal oproep om God se orde in sy kerk te herstel[660].

---

[652] Daar kan selfs 'n saak voor uitgemaak word dat aanwesigheid van die appellant as noodsaaklik beskou word. Die uitspraak oor die appèl is 'n belangrike tree op die pad van regsherstel.
[653] Spoelstra, 1966:204
[654] Smit, 1995:399-405
[655] Vergelyk die laaste opmerkings onder paragraaf 4.4.5.4.2.
[656] Spoelstra, 1986:112
[657] Deddens, 1954f:191
[658] Sien paragraaf 4.4.5.2.2
[659] Volgens Deuteronomium 17:11 word die regte weg nie alleen by wyse van regspraak aangewys nie, maar word die dwalende ook in die reg voor die HERE gelei.
[660] Spoelstra, 1986:112

Pastorale regspraak doen geensins afbreuk aan die karakter van die beslissing waartoe gekom is nie. Die beslissing van die regsprekende vergadering is 'n vas en bindende uitspraak in 'n regsaak, wat as sodanig beskou en nagekom moet word. Fundamenteel vir kerklike regspraak is egter die broederlike karakter daarvan[661]. Kerklike regspraak fokus op gelowige mense wat in verbondsgemeenskap met God en mekaar leef. In die aanpak van die hele regsaak, maar veral uit die uitspraak en die wyse waarop die uitspraak gelewer word, moet dit merkbaar wees dat daar na herstel van orde en vrede[662] in die versteurde verbonds-gemeenskap gesoek word. Kerklike uitsprake het geen karakter van 'n formele mededeling nie[663], maar wil mense oortuig. Die regskragtige uitspraak word op sigself 'n appèl op die broederhart. Sodoende is 'de goede rechter herderlijk, pastoraal bezig, onderwijzend, vermanend, waarschuwend, overredend'[664].

In die lig hiervan moet pastorale regspraak die goeie opbou én die kwaad afbreek, dit moet teen die sonde waarsku én tot bekering oproep[665]. Roeleveld[666] stel in dié verband: 'Een kerkelijke vergadering mag daarom ook raden en vermanen, evenals kerkleden dit onderling moeten doen'. Wanneer daar van die reg tot appèl misbruik gemaak word, mag 'n meerdere vergadering nie met 'n eenvoudige afwysing van die appèl volstaan nie, maar moet daar 'n ernstige pastorale vermaning en bestraffing vanweë die misbruik tot die betrokkene gerig word[667]. Die kerklike vergadering moet in sy uitspraak 'signaleren wat niet was naar Gods Woord. En voorts moet zij zeggen hoe allen, die in de behandelde zaak betrokken waren, thans naar het Woord Gods hebben te handelen. Kortom: de synode moet worstelen, om allen, die in de haar ter beslissing voorgelegde moeilijkheden betrokken zijn te dringen naar een beslissing, een daad, een houding, die naar de wet des HEREN is en zo aan de moeilijkheid een einde maakt'[668].

4.4.6.2.3 Implikasies en advies

Spoelstra[669] stel dit as 'die goue reël' by die behandeling van appèlsake om dit as 'n koue regsaak af te handel, ongeag die konsekwensies wat dit vir die 'verweerder' of die appellant

---

[661] GG, 1999:30
[662] Psalm 85:11
[663] Veenhof, 1956d:166
[664] Te Velde, 1994a:582
[665] Veenhof, 1956a:139
[666] Roeleveld (1972a:49) grond sy stelling op Kolossense 3:16, 1 Tessalonisense 5:11, 2 Tessalonisense 3:15, Hebreërs 3:13 en Hebreërs 10:25.
[667] Jansen (1952:148) en Strating (1984:25) verwys in hierdie verband beide na die besluit van Generale Sinode Sneek 1939 (GKN).
[668] Veenhof, 1956d:165
[669] Spoelstra, 1966:205. In sy latere werk kwalifiseer en temper Spoelstra (1989:202) sy standpunt. Tog bly hy van mening dat meerdere vergaderinge versigtig moet wees dat hulle nie die tugplig/reg van mindere vergaderinge uit hulle hande neem nie.

mag hê. Dit moet volgens hom ten sterkste ontmoedig word dat 'n meerdere vergadering in 'n saak van appèl hom geroepe voel om een van die twee partye te beskerm of om beide partye met mekaar te versoen. Nadat die vergadering reg gespreek het, moet daar geen implikasies uitgespel of advies bedien word nie, aangesien dit onbevooroordeelde regspraak kan laat ontspoor.

In direkte teenstelling daarmee oordeel Veenhof[670] dat die oproep tot inkeer en versoening nie alleen die kerkraad se werk is nie. Dit is ook die taak van elke gelowige; per implikasie ook dié van die kerklike vergadering. Hierdie gedagtegang van Veenhof is in wese dieselfde as dit wat hierbo oor pastorale regspraak beredeneer is.

Deddens[671] sluit by Veenhof aan. Kerklike regspraak kan nie in 'n formeel-juridiese atmosfeer asemhaal nie, want kerklike regspraak is religieus-eties bepaal. Die Here gebruik regspraak in sy kerk om diensbaar te wees aan kerklike vrede. Deddens vestig die aandag daarop dat die regter in die eerste plek geroep is om deur sy uitspraak die twis tussen die partye te besleg. Hy moet nie alleen reg *spreek* nie, maar die reg *help*.

Ook Visser[672] oordeel dat daar nie onnodig formalisties ten opsigte van dié saak gedink moet word nie. 'Indien 'n meerdere vergadering daarom gevra word, *mag* hy nie net nie, maar *moet* hy ook verduidelik wat die praktiese konsekwensies van 'n geslaagde appèl is – ter wille van die goeie orde in die kerk en die korrekte implementering van die saak waaroor dit in die geslaagde appèl gegaan het. Dit geld veral waar 'n appèl nie op alle appèlgronde slaag nie'. In die praktyk het dit volgens Visser[673] 'helaas al dikwels gebeur dat daar, óf as gevolg van onkunde, óf as gevolg van blote moedswilligheid, verwarring, meningsverskil en selfs onsmaaklikhede rondom so 'n saak ontstaan het. In sekere gevalle het dit uitgeloop op nuwe appèlle. Dit kon alles voorkom gewees het indien die meerdere vergadering die praktiese gevolg van 'n geslaagde appèl verduidelik het'. Visser stel ten slotte die vraag: 'Sou dit nie tot welsyn van die kerke gewees het indien dit 'n *staande praktyk* was dat die praktiese konsekwensies van alle appèlle deur die 'regsprekende' meerdere vergadering verduidelik word nie?'.

In antwoord op Visser se vraag word as slotsom gestel dat dit nie prinsipieel verkeerd is dat 'n kerklike vergadering die implikasies van sy regspraak uitspel en nodige adviese daaraan toevoeg nie. Inteendeel, dit moet – gegewe die eie-aard van kerklike regspraak – as

---

[670] Veenhof, 1956d:165
[671] Deddens, 1954g:199; vergelyk ook GG, 1999:26
[672] Visser, 1999:145
[673] Visser, 1999:146

bevorderlik, in sommige gevalle noodsaaklik, beskou word om implikasies uit te spel en advies te gee.

In die vorige paragraaf is aangetoon dat die pastorale aard van kerklike regspraak die kerklike vergadering dwing om nie sy pastorale roeping te versaak deur met 'n eenvoudige goedkeuring of afwysing van die appèl te volstaan nie. Net so dwing die juridiese aard van kerklike regspraak die kerklike vergadering om nie die regs-implikasies van sy besluit te verswyg nie. Die appellant en ander betrokkenes mag nie in die duister gelaat word oor die konkrete uitwerking van die regspraak wat gegee is nie.

Ter wille van spoedige regsherstel en normalisering van versteurde verhoudinge, is dit wesenlik dat die implikasies van die besluit duidelik uiteengesit word. In elke afsonderlike geval moet geoordeel word tot watter mate en hoe die vergadering dit doen.

Terselfdertyd moet beklemtoon word dat die regsprekende vergadering met die uitwys van implikasies en die gee van advies nie buite sy mandaat optree nie. Regspraak met die oog op regsherstel beteken nie dat die vergadering wat regspreek self vir die herstel van reg verantwoordelik gehou word nie. Die oomblik as die regsprekende vergadering met die daad in die regering van die plaaslike kerk inmeng, deur byvoorbeeld sy advies self te effektueer, tree hy *ultra vires* op en tas hy die selfstandigheid van die plaaslike kerk aan. Sodanige optrede kan die reeds bestaande onreg in sommige gevalle selfs vermeerder. Bowendien lei dit tot 'n kerkregtelike warboel. Indien 'n klassis sy eie uitspraak oor 'n appèl sou effektueer, en daar teen sy beslissing na die partikuliere sinode geappelleer word, beteken dit dat die klassis noodwendig 'n betrokkene in die saak geword het. So-iets kan en mag nie bestaan nie.

4.4.6.3 Regskragtige uitspraak

Besluite wat op 'n meerdere vergadering met meerderheid van stemme geneem word, sal as geldig gehou word, tensy aangetoon word dat dit in stryd met die Woord van God of teen die artikels van die geldende kerkorde is[674]. Met die oog op regsherstel is dit onontbeerlik dat die appellant sowel as die kerkraad daartoe verbind is om hulle ooreenkomstig Artikel 31 KO aan die regspraak van die meerdere vergadering te hou.

[674] Artikel 31 KO; Meijer, 1995:182

4.4.6.3.1 Uitspraak van mindere vergadering nietig verklaar?

Wat gebeur met die betwiste besluit van die kerkraad en die regspraak van 'n mindere vergadering waarteen geappelleer word indien 'n meerdere vergadering tot 'n ander regsbevinding en oordeel oor die betrokke appèl kom? Dié vraag word uiteenlopend beantwoord.

Mening A: Besluit van mindere vergadering kan nietig verklaar word

Indien 'n appèl slaag, is die besluit van 'n mindere vergadering *ipso facto*, metterdaad nietig verklaar[675]. Die toestand van vóór die mindere vergadering se besluit wat nietig verklaar is geld weer, asof die betrokke mindere vergadering nie so 'n besluit geneem het nie.

In die Hervormde kerkreg kan die generale kollege in die plek van 'n vernietigende besluit self 'n ander besluit neem of die saak na 'n vergadering verwys wat dit doen[676]. Die generale kollege kan 'n besluit ook hersien, in geval daar nuwe feite op tafel is[677].

Kuyper[678] verwys na die *kassering* van besluite. Volgens Kuyper 'beteekent cassatie niet dat er een nieuw vonnis komt, maar dat het geslagen vonnis vernietigd wordt, uit hoofde van formele fouten bij het onderzoek of bij het vellen van het vonnis begaan. Blijkt het, dat dit het geval is, dan verzendt de rechtbank die het vonnis casseert, de zaak naar een andere rechter om opnieuw te onderzoeken en vonnis te slaan'[679]. Met 'n beroep op Artikel 36 KO[680], Trigland, Voetius en die Presbiteriane[681] spreek Bouwman[682] eweneens ten gunste van kassering van besluite uit. Sterker nog: meerdere vergaderinge het die reg om 'haar beslissingen ten uitvoer te leggen'[683], om 'zelf de uitvoering van haar in geval van hooger beroep genomen beslissingen te bezorgen'[684].

Van der Linde[685] meen dat die meerdere vergadering die saak in bepaalde omstandighede nie na 'n ander regter verwys nie, maar vir 'n *de novo* behandeling deur die mindere vergadering

---

[675] Jansen en Pol, 1934:58; Spoelstra, 1966:203; Van der Linde, 1983:132; Visser, 1999:145
[676] Van den Heuvel, 2001:443
[677] Van den Heuvel, 2004 *red.*:242
[678] Kuyper, 1898:2
[679] Kuyper (1898:3) was van mening dat kassering van besluite daartoe gaan lei dat die hoeveelheid appèlle drasties gaan afneem, aangesien mindere vergaderinge gedwing gaan word om baie versigtiger met kerklike regspraak om te gaan.
[680] Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 36 KO.
[681] Vergelyk Hodge, 1884:192
[682] Bouwman, *1937:240-241, 382-383*
[683] Bouwman, 1937: 382
[684] Bouwman, 1937: 383
[685] Van der Linde, 1983:132

terugverwys. De Gier[686] oordeel dat dit in so 'n geval goed is om In deputaatskap aan te wys wat die mindere vergadering kan toelig en ondersteun in die neem van die nuwe beslissing.

> Saamgevat: as 'n meerdere vergadering oordeel dat 'n appèl slaag, is die effek daarvan dat die beslissing van die mindere vergadering oor die saak nietig is en vir alle praktiese doeleindes nie meer bestaan nie. Die meerdere vergadering bepaal hoe die besluit van nietigverklaring uitgevoer en plaaslik geëffektueer word. Indien die appèl teen 'n uitspraak van die klassis gestel is, kan die klassis opgedra word om die inhoud van die oorspronklike klag van verongelyking opnuut te behandel.

Mening B: Geen nietig-verklaringsbevoegdheid

In sy eerste verklaring van die kerkorde spreek Jansen[687] hom anders oor die saak van nietig-verklaring van besluite uit as in sy latere werk[688]. In teenstelling met Rome, wat daarvan uitgaan dat die pous alle besluite van sy onderdane nietig kan verklaar, oordeel Jansen dat dit in die Gereformeerde kerkreg nie so eenvoudig is nie. 'Een meerdere vergadering kan de mindere alleen verzoeken en aanraden, met opgave van gronden, waarop haar ongegrond-verklaring berust, zelve haar besluit in te trekken'. As die mindere vergadering dit nie doen nie, staan die kerkverband volgens Jansen op die spel.

Monsma[689] is eweneens van oordeel dat 'n meerdere vergadering nie die besluit van 'n mindere vergadering nietig[690] kan verklaar nie. As 'n meerdere vergadering anders besluit as 'n mindere vergadering, moet die mindere vergadering homself aan die uitspraak van die meerdere vergadering konformeer 'either by actual reconsideration of the question, or by silent acquiescense'. Monsma[691] motiveer sy oordeel soos volg: 'n mindere vergadering volg die *advies* van 'n meerdere vergadering. Meerdere vergaderinge *dikteer* nie, en het geen reg om reeds genome besluite te kasseer nie. Plaaslike kerke of mindere vergaderinge ontvang geen 'superior orders' wat hulle sonder enige vraagtekens moet gehoorsaam nie, maar hulle ontvang 'conclusions reached by common consent, and as such they will respect these conclusions ... as their own'.

---

[686] De Gier, 1989:176; De Gier, 1997:73
[687] Jansen, 1923:144
[688] Vergelyk Jansen en Pol, 1934:58
[689] Van Dellen en Monsma, 1954:143
[690] Monsma gebruik in hierdie verband die beskrywende terme *invalidate* en *nullify*.
[691] Monsma, 1967:129

Teenoor Kuyper se gedagte dat besluite van mindere vergaderinge deur meerdere vergaderinge gekasseer kan word, stel Deddens[692] dat Kuyper die kerklike reg op die lees van die wêreldlike reg probeer skoei. Deddens oordeel dat daar geen kassering in die kerkreg bestaan nie. Meerdere vergaderinge kan hulle wil nie dwingend aan 'n mindere vergadering oplê nie. Hulle kan wel mindere vergaderinge op 'n onjuiste uitspraak wys, en versoek dat die mindere vergadering sy uitspraak intrek.

Ook Van Oene[693] beskou dit as absoluut onmoontlik dat die meerdere vergadering die besluit van 'n mindere vergadering nietig verklaar. Na sy mening moet die mindere vergadering die oordeel van die meerdere vergadering by wyse van acta ontvang, dit aanvaar en self 'n nuwe besluit neem wat die vorige een regstel.

> Saamgevat: as 'n meerdere vergadering uitspreek dat 'n appèl slaag, is die effek daarvan dat die uitspraak van die mindere vergadering geldig bly totdat hy die uitspraak van die meerdere vergadering aanvaar en self 'n besluit neem wat die vorige uitspraak regstel. Dit is nie duidelik wat bedoel word met meerdere vergaderinge wat 'n mindere vergadering moet 'versoek, adviseer of aanraai' om sy uitspraak te heroorweeg nie.

Balans

Mening A lei in sy volle konsekwensie tot *hiërargie*. 'n Meerdere vergadering se uitspraak kan nie net 'n uitspraak van 'n mindere vergadering oor die appèl, maar ook die kerkraadsbesluit wat tot die appèl aanleiding gegee het, vernietig nie. Laasgenoemde kan gebeur sonder dat die kerkraad ooreenkomstig Artikel 31 KO geleentheid gegee word om die uitspraak te ratifiseer[694].

Mening B lei in sy volle konsekwensie tot *independentisme*. Die meerdere vergadering se regs-uitspraak word tot 'n advies gedegradeer. Dit word aan die mindere vergadering oorgelaat wat met die advies gedoen word.

Beide menings kan herlei word na 'n gebrek aan onderskeid tussen die *besluit* van 'n kerkraad waarteen geappelleer word, en die *uitspraak* van 'n mindere vergadering oor die appèl. Die besluit van 'n kerkraad wat tot die appèl aanleiding gegee het, en die uitspraak van die

---

[692] Deddens, 1954e:183
[693] Van Oene, 1990:151
[694] Met ratifiseer word bedoel: die uitspraak van die meerdere vergadering toets en as sy eie aanvaar (Meijer, 1995:46).

meerdere vergadering oor die appèl verskil wesenlik van mekaar – juis wat die regskrag en effek daarvan betref.

In praktyk kan 'n partikuliere sinode 'n ander uitspraak oor 'n appèl gee as 'n klassis. Die uitspraak van die partikuliere sinode is dan regskragtig, sonder dat die klassis – wat buitendien uiteengegaan het en nie meer bestaan nie[695] – die uitspraak wat hy gegee het hersien of terugtrek. Net so kan die nasionale sinode 'n ander uitspraak as 'n partikuliere sinode of klassis oor 'n appèl lewer. 'n Ander beslissing van 'n meerdere vergadering beteken nie dat die appèl terug is op die tafel van die mindere vergadering en daardie vergadering dit *de novo* moet hanteer nie. 'Terugverwys' van regspraak dui op hiërargie en lei tot vertraging van regsherstel[696].

Die kerkraad daarenteen, moet ooreenkomstig Artikel 31 KO aktief met die uitspraak van die regsprekende vergadering werk. Die kerkraad moet die saak wat tot die appèl aanleiding gegee het, met die daad – ooreenkomstig die uitspraak van die meerdere vergadering – *de novo* ondersoek en verder hanteer.

Die regskrag van die uitspraak van die regsprekende vergadering is dus tweeledig:

- die uitsprake van mindere vergaderinge wat voorheen oor die appèl gelewer is, word – afhangende van die nuwe uitspraak – ter syde gestel of bevestig;
- die besluit van die kerkraad, wat tot die appèl aanleiding gegee het, word met die aanvaarding van 'n appèl nie summier ter syde gestel nie. Die kerkraad is kragtens Artikel 31 KO daartoe verbind om die regs-uitspraak van die regsprekende vergadering vir vas en bindend te hou, tensy bewys word dat dit strydig is met God se Woord of die artikels van die kerkorde. Die '... *ratum habebitur, nisi* ...' van Artikel 31 KO is die *sjibbolet* vir alle kerklike regspraak[697].

In die weerlegging en bestryding van hiërargie en independentisme (menings A en B) lewer Rutgers[698] 'n tersaaklike betoog[699].

Teen die gevaar van *hiërargie* onderstreep Rutgers die belang daarvan dat meerdere vergaderinge die vryheid en selfstandigheid van die plaaslike kerke erken en eerbiedig – ook in geval van regspraak.

---

[695] Artikel 35 KO
[696] Hierdie saak is in paragraaf 4.4.5.3 bespreek.
[697] Kamphuis, 1970:63
[698] Rutgers, 1918:122
[699] Die betoog staan in direkte verband met die skorsing van en tug oor 'n ampsdraer (Artikels 79 en 80 KO).

- As 'n kerkraad[700] 'n predikant skors, kan die geskorste predikant teen die besluit van die kerkraad appelleer. Indien die partikuliere sinode uitspreek dat die appèl slaag, is dit onmoontlik dat die sinode die skorsingshandeling van die kerkraad eenvoudig vernietig en dit so voorstel asof dit wetlik nie meer bestaan nie.
- Die partikuliere sinode moet uitspreek dat die besluit van die kerkraad en die klassis volgens sy oordeel nie op goeie en genoegsame gronde steun nie, en dat dit dus ingetrek moet word.

Teen die gevaar van *independentisme* oordeel Rutgers soos volg oor dit wat die kerkraad (en klassis) te doen staan:

- In navolging van die uitspraak van die partikuliere sinode behoort die kerkraad op sy vroeëre uitspraak terug te kom en sy vonnis in te trek.
- Al sou die kerkraad van oordeel bly dat die sensuur reg en goed was, kan hy nogtans in die uitspraak van die partikuliere sinode genoeg rede vind om op sy eie vonnis terug te kom, en hom by die uitspraak van die meerdere vergadering neerlê.
- Hierdie 'voeg by die meerderheid' is formeel nodig, omdat die partikuliere sinode nie die besluit van die kerkraad kan vernietig nie.
- Indien die kerkraad nie by die uitspraak van die partikuliere sinode kan berus nie, kan hy na die nasionale sinode appelleer.

Rutgers se betoog bied 'n suiwer perspektief op die regskrag van die uitspraak van die regsprekende vergadering. As 'n meerdere vergadering oordeel dat 'n appèl slaag, is die effek daarvan nie dat die kerkraadsbesluit waarteen geappelleer is ongeldig is en vir alle praktiese doeleindes nie meer bestaan nie (hiërargie). Die effek daarvan is ook nie dat die mindere vergadering versoek, geadviseer of aangeraai word om sy beslissings oor die appèl te heroorweeg nie (independentisme). Die effek is wel dat die beslissing van 'n meerdere vergadering die beslissing van 'n mindere vergadering oor dieselfde saak vernietig, en dat die kerkraad die nuwe beslissing vir vas en bindend sal hou.

4.4.6.3.2 Effektuering van uitspraak

Regspraak is gerig op die herstel van reg. 'Daarom wordt met de uitspraak van de vergadering de bal weer neergelegd bij de partijen: zij moeten nu tot overeenstemming, herstel van eensgezindheid en vrede en/of ook verzoening komen op basis van de rechtsgeldige uitspraak'[701]. Omdat die partye dikwels al 'n lang pad van konflik geloop het, wat bes moontlik tot gevolg het dat verhoudings versteur is of onder spanning staan, is dit volgens

[700] Tesame met naburige kerke in die klassis (Artikel 79 KO).
[701] Te Velde, 2004d:1

Van der Linde[702] goed dat die vergadering 'n hand van hulp uitreik. Te Velde[703] stel voor dat die vergadering by sy uitspraak 'een vervolgtraject uitzet voor het effectueren van haar besluiten in kerkenraad en/of gemeente waar het appèl betrekking op heeft. Voor die effectuering *in loco* kunnen vertrouwde mensen worden aangewezen'.

In aansluiting by wat in paragraaf 4.4.6.2 oor die regsprekende vergadering se bevoegdheid gestel is, moet die waarskuwing onderstreep word dat die 'effectuering *in loco*' nie daartoe lei dat die regsprekende vergadering in die regering van die plaaslike kerk inmeng nie. Dit sal van saak tot saak afhang hoedanige hulp deur die kerkverband aan die plaaslike kerk in nood aangebied word.

4.4.6.4 Wanneer 'n appèl in proses is

In die Roomse kerkreg geld die reël dat die uitvoer van 'n aanvanklike oordeel deur appèl uitgestel word, totdat die appèl aangehoor is[704].

In die Gereformeerde kerkreg is daar geen geskrewe reël in dié verband nie[705]. Die sake waaroor geappelleer word, is uiteenlopend van aard[706] en verskil sodanig van geval tot geval[707] dat 'n enkele reël nie genoegsaam voorsiening kan maak nie.

Oor die algemeen word daar tot versigtigheid gemaan[708] en dit as raadsaam geag dat die uitvoering van 'n besluit uitgestel word indien appèl daarteen aangeteken word en die saak gevolglik *sub judice* is[709].

Die algemene 'reël' gaan noodwendig met besondere waarskuwings gepaard.

- Dit is raadsaam om met uitvoering van 'n besluit te wag as dit oor essensiële sake gaan[710]. In gevalle van tug is die goue reël om langsaam te haas. Voortsetting van ampstug-handelinge kan baie skade berokken as dit aan appèl onderhewig is[711]. In die geval van gewetensbindende besluite, onder andere leerbeslissinge, moet met groot versigtigheid

---

[702] Van der Linde, 1965:153
[703] Te Velde, 2004d:1
[704] *Canon* 1638; Rommel, 2000:146
[705] Voorskriftelikheid insake die tyd hangende 'n beswaar of appèl kan die vryheid van die kerke prinsipieel aantas. Buitendien sal geen reglement kan voorsien in die veelheid van uiteenlopende situasies waarin geappelleer word nie (Roeleveld, 1972b:56).
[706] Bouwman, 1970b:44
[707] Visser, 1999:147
[708] Jansen, 1923:144
[709] Spoelstra, 1966:204; Van Rongen, 1995:59
[710] Jansen, 1923:144; Spoelstra, 1966:204; Bouwman, 1970b:44
[711] Van Oene, 1990:152

opgetree word. Daar moet in so 'n geval liefs gewag word tot die appèlsaak afgehandel is, al moet 'n buitengewone klassis, partikuliere sinode of sinode byeengeroep word[712].

- Die veronderstelling is dat daar in geval van appèl so gou as moontlik tot regspraak oorgegaan word. Die *sub judice*-tydperk moet tot die minimum beperk word[713].
- Niemand mag die kerkregering vertroebel of tot stilstand bring deur 'n blote kennisgewing van appèl nie[714].
- Vergaderings moenie uit vrees vir die moontlike sukses van 'n eventuele appèl die uitvoering van 'n besluit al te vinnig uitstel nie[715].

Oor die reg en taak van die appellant gedurende die tyd van appèl maak Roeleveld[716] die volgende opmerkings:

- 'n Appellerende ampsdraer moet by die ondertekeningsformulier bly, waarvolgens hy belooof dat hy sy gevoelens oor 'n saak (*in casu*: die appèl) nie openlik sal propageer nie, maar aan die kerklike vergaderinge sal voorlê[717].
- Hangende die appèl sal almal wat daardeur geraak word – die appellant sowel as die vergadering waarteen geappelleer word – die eenheid van die kerk dien.
- Die appellant moet bewys dat hy, terwyl hy hom nie aan die besluit waarteen hy appelleer kan bind nie, by die gemeenskap van gelowiges in die skuld is om die kerklike weg end-uit te volg. As hy appelleer, beroep hy hom op die kerkorde; dan moet hy wys dat hy sy verantwoordelikheid voor God ten volle nakom. Hy moenie onstigtelik optree, partyskappe verwek en agterdog kweek nie.
- As daar op die Skrif beroep word, sal daar binne die grense van die Skrif gedebatteer en geoordeel word. Die etiek van beswaard-wees is duidelik in die Skrif uitgespel[718].
- Gedurende die *sub judice*-periode moet dit as vanselfsprekend beskou word dat die appellant hom in die suiwer broederlike gesindheid oopstel vir die moontlikheid dat hy geheel of ten dele verkeerd is. Hy moet hom kan laat oortuig: nie net as die appèl deur die meerdere vergadering behandel word nie, maar – indien die geleentheid hom voordoen – reeds in die aanloop tot die regspraak.

Dit word as slotsom gestel dat, wanneer die appèl *sub judice* is, die appellant en die kerkraad beide ingestel moet wees op die eer van God en die welsyn van die kerk, waarvan die appellant lid is[719]. Soeke na regsherstel moet by uitstek blyk as die appèl in proses is. As

---

[712] Van der Linde, 1983:133
[713] Van Oene, 1990:152
[714] Jansen, 1923:144; Bouwman, 1970b:45; Visser, 1999:147;
[715] Visser, 1999:148
[716] Roeleveld, 1972b:55-60
[717] Van der Linde, 1983:133
[718] Galasiërs 5:22; 2 Timoteus 2:24-26; Titus 1:7
[719] Van der Linde, 1983:132

daar nie reeds gedurende die periode vóór regspraak na harmonie en vrede verlang word nie, hoe sal dit ná regspraak realiteit word?

4.5 APPÈL EN ALTERNATIEWE METODES VAN GESKILBESLEGTING

4.5.1 Inleidende opmerkings

'n Appèl vloei uit 'n geskil, wat in baie gevalle tot 'n konflik gelei het, voort. Deur middel van appèl word regspraak as middel gekies om by 'n oplossing van die geskil en die daaruit voortspruitende konflik te kom.

Daar is ook ander metodes om die geskil aan te spreek en uit die weg te ruim. Dié metodes is nie soseer gerig op 'n juridiese proses en uitspraak nie, maar het te doen met 'n oplossing op 'n nie-juridiese wyse[720]. Geskil*beslegting* dien ter voorkoming van geskil*beregting*[721].

Geskilbeslegting kan verskeie vorme aanneem. Die bekendste en onontbeerlik noodsaaklike word in Matteus 18:15 voorgeskryf: 'As jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen'. Matteus 18:16 skryf die tweede onontbeerlike wyse van geskilbeslegting voor: 'As hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan'.

Op die basis van Matteus 18 word in die volgende paragrawe aandag aan vyf erkende[722] alternatiewe metodes van geskilbeslegting gegee. Die metodes kan nie waterdig van mekaar geskei word nie. Visitatore kan byvoorbeeld van arbitrasie of mediasie gebruik maak. Ter wille van oorsigtelikheid word elke metode kortliks bespreek en met betrekking tot die onderwerp van die studie geëvalueer.

4.5.2 Arbitrasie

Beskrywing

Arbitrasie is die proses waarvolgens 'n geskil deur 'n onafhanklike arbiter (skeidsregter) beslis en besleg word. 'n Versoek tot arbitrasie is gebaseer op 'n ooreenkoms tussen partye[723].

---

[720] Van Oene, 1990:153
[721] Santing-Wubs, 2002:128; Haitsma, 2004:11
[722] Santing-Wubs, 2002:105; Haitsma, 2004:11
[723] Haitsma, 2004:10

Ooreenkomstig die reëls van die prosesreg moet[724]:

- by die samestelling van 'n arbitrasiekommissie na onpartydigheid van kommissielede gekyk word[725];
- alle partye insae in alle stukke hê;
- arbiters bevoeg wees om partye aan te hoor;
- arbiters, indien een van die partye so 'n versoek rig, 'n geleentheid vir hoor en wederhoor reël waarby alle betrokke partye teenwoordig sal wees;
- die partye in die behandeling van die geskil ruimte gegee word om hulle deur 'n gevolmagtigde te laat verteenwoordig en selfs deur 'n raadsman te laat bystaan;
- die genotuleerde gebeure na afloop van die verhoor deur die arbiters, die notularis en die gehoordes onderteken word;
- voorsiening gemaak word vir 'n bepaling van tyd waarbinne die arbiters uitspraak sal gee;
- die arbiters in die uitspraak al die redes vir hulle besluit deurgee.

Die beslissing van die arbiters is bindend vir die partye, sonder moontlikheid om in appèl te gaan[726].

Die arbitrasie-kommissie behandel nie leersake nie. Indien dit deur die loop van die ondersoek sou blyk dat daar wel 'n leergeskil ter sprake is, neem die kommissie 'n besluit dat hy homself onbevoeg verklaar om verder daarmee te werk[727].

Evaluering

Die Skrif maak sporadies, maar nietemin uitdruklik, van arbitrasie melding[728]. 1 Korintiërs 6:5 word as *locus classicus* vir kerklike arbitrasie beskou[729]. Ook al treur Paulus oor die bedroewende feit dát daar onder gelowiges hoegenaamd regsgedinge oor geringe sake voorkom, wys hy op die moontlikheid van regspraak deur 'n geskilbeslegter in eie geledere[730].

Die voordele van kerklike arbitrasie is dat:

- die partye en die arbiter vryheid by die vasstelling van die reëls het waarvolgens die proses van arbitrasie verloop[731];

---

[724] Santing-Wubs, 2002:88; Haitsma, 2004:11
[725] Geen familiebande tot en met die tweede graad word toegelaat nie.
[726] Santing-Wubs, 2002:88
[727] Santing-Wubs, 2002:88
[728] Genesis 31:37; Job 9:33 en 16:21
[729] Deddens, 1954p:335; Roeleveld, 1972a:49; Van Veelen, 1995:42. Van Bekkum (1990:798) meen dat die 'wyse man' van 1 Korintiërs 6:5 as skeidsregter of eventueel as regter kan optree. 1 Korintiërs 6 is dus nie tot arbitrasie beperk nie, maar kan ook op 'n ander vorm van regspraak dui.
[730] Vergelyk Ekskursie 2 oor 1 Korintiërs 6:1-9 onder hoofstuk 2.3.3.1
[731] Santing-Wubs, 2002:116; Haitsma, 2004:10

- dit 'n beslissing oplewer wat vir uitvoering vatbaar is[732];
- dit 'n uitweg bied vir ampsdraers wat nie by magte is om 'n bepaalde konflik op te los nie[733];
- dit 'n spoedige wyse is om die materie van die konflik te hanteer en uit die weg te ruim[734];
- almal bymekaar betrokke bly en gefokus is op herstel van reg[735] en vrede[736].

4.5.3 Mediasie

Beskrywing

Mediasie is die proses waarby partye probeer om met behulp en onder leiding van 'n onafhanklike derde (mediator, bemiddelaar) *self* hulle geskil in der minne op te los[737].

Die mediasie-proses kan soos volg beskryf word[738]:

- Dit is 'n onderhandelingsproses wat aan vertroue, beslotenheid, geheimhouding en openhartigheid geken word.
- Omdat die proses nie openbaar is nie en daar nie verder as 'tussen vier mure' gepraat word nie, is daar ruimte om diep emosies openbaar te maak, wat deurgaans 'n genesende effek het.
- Die partye moet tot mediasie bereid wees – nie téénoor mekaar nie, maar mét mekaar.
- 'n Belangrike kenmerk is dat die partye vrywillig aan die proses saamwerk. Sowel die partye as die mediator kan egter te eniger tyd aan die proses onttrek.
- Die mediator het 'n belangrike rol en funksie. In die eerste plek moet hy die vertroue van beide partye hê. Daarby moet hy oor die vermoë beskik om die gesprekspunte reg saam te vat en telkens aan die partye terug te gee.
- Die mediator word deur beide partye gekies, en kan met 'n ander vervang word as albei daarvoor vra.
- Mediators moenie toetree as hulle reeds by die saak betrokke was nie. Daar mag op geen manier prejudisering plaasvind nie.
- 'n Mediator moet die gesprek voortdurend na die kern van die konflik herlei en uiteindelik sinvol in 'n rigting stuur.
- In die mediasie-proses neem die partye self verantwoordelikheid om die konflik op te los. Die mediator kies nie kant nie en lewer geen uitspraak in die geskil nie. Hy moet die partye slegs help om die konflik deur onderhandeling op te los. Mediators sluit die saak af met 'n

[732] Haitsma, 2004:10
[733] Harmannij, 1995:81
[734] Deddens, 1954h:208
[735] Harmannij, 1995:81
[736] Deddens, 1954h:208
[737] Rhodius, 2000:63; Santing-Wubs, 2002:128; Haitsma, 2004:11
[738] Rhodius, 2000:63-68; Santing-Wubs, 2002:128; Haitsma, 2004:11

vasstellingsooreenkoms waarin die partye met mekaar ooreenkom hoe hulle die konflik beëindig het.

- In ooreenstemming met die regsgeldige mediasie-prosedure word 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens partye afspreek dát en hóé hulle die konflik wil oplos. Duidelike gespreksreëls word daarin neergelê, die regte en pligte van elke party word daarin uitgespel, en binding van die uitslag word daarin bepaal.

Evaluering

Rhodius[739] is van mening dat die skriftuurlike fundering vir kerklike mediasie in 1 Korintiërs 6 gesoek moet word – dieselfde Skrifdeel wat as *locus classicus* vir arbitrasie gebruik word. Hy beskou dit as 'n goeie oplossing vir konflikhantering. In bepaalde gevalle kan mediasie 'n appèl voorkom[740]. Dit bied 'n vinnige en aanvaarbare oplossing van konflik, sonder dat ingewikkelde en tydrowende prosedures gevolg moet word[741].

Die pluspunt van mediasie is dat dit die moontlikheid bied om 'n sosiale geskil wat ten onregte in 'n juridiese geskil omskep is, te dejuridiseer en tot 'n optimale oplossing te bring[742]. Die oplossing word nie voorgesê of gedikteer nie, maar gesamentlik deur die betrokkenes gevind.

Dit word as 'n nadeel[743] van mediasie beskou dat dit blootstellend en baie persoonlik is. Dit kan soms die doel mis omdat geen uitspraak gegee word nie. Ook is daar die gevaar van ongelykheid in partye, veral as daar tussen 'n lidmaat en 'n kerkraad mediasie moet plaasvind.

Indien 'n konflik 'n beginsel raak, kan daar van mediasie geen sprake wees nie[744]. Dan moet daar *reg* gespreek word en nie *bemiddel* word met die oog op die bereik van konsensus nie. Die aanwending van mediasie in die kerkreg is dus beperkend. As 'n konfliksituasie nog nie ver ontwikkel het nie, is dit ideaal dat partye vir bemiddeling kies[745].

Appèldeputate van 'n meerdere vergadering kan nie as mediators optree nie, aangesien dit noodwendig tot vermenging van verantwoordelikhede lei[746]. In formele regspraak moet daar

[739] Rhodius, 2000:63
[740] Haitsma, 2004:11; Van Rongen, 2004:55
[741] Santing-Wubs, 2002:129
[742] Haitsma, 2004:11
[743] Rhodius, 2000:72
[744] Rhodius, 2000:75; Santing-Wubs, 2002:131
[745] Haitsma *ea.*, 2002b:9
[746] Haitsma *ea.*, 2002b:9

sterk teen mediasie gewaak word. Dit is aanvullend tot kerklike regspraak, maar kan dit nooit vervang nie[747].

4.5.4 Bindende advies

Beskrywing

In geval van bindende advies kom die partye ooreen dat die beslissing van 'n geskil aan 'n derde, onafhanklike persoon, opgedra word [748].

Partye kom ooreen om die advies van die onafhanklike derde inderdaad as bindend te beskou. Met die oog daarop word 'n vasstellingsooreenkoms gesluit[749]. Die doel met die ooreenkoms is om die geskil te beëindig of om verdere onsekerheid rondom die geskil wat reeds daar is, te voorkom. Die advies het die krag van 'n ooreenkoms, en sluit vryblywendheid uit. Die beslissing is vernietigbaar wanneer aangetoon word dat die inhoud daarvan bots met redelikheid en billikheid. As een van die partye hulle nie aan die uitspraak hou nie, kan die ander party nakoming by die owerheidsregter eis.

Evaluering

In 'n sekere sin is die besluite van kerklike vergaderinge voor die burgerlike reg niks anders as bindende advies nie[750].

Bindende advies bied minder wetlike waarborge en minder onaantasbare uitsprake as arbitrasie[751]. Die voordeel is dat daar minder vormvoorskrifte is wat nagekom moet word, en die saak gevolglik makliker hanteer kan word. Prosedures is minder formeel as by arbitrasie. Dieselfde reëls van die prosesreg geld soos by enige ander regspraak.

In gevalle waar 'n goeie verstandhouding tussen partye bestaan, sal bindende advies produktief kan werk.

---

[747] Santing-Wubs, 2002:131; Haitsma, 2004:11
[748] Santing-Wubs, 2002:121; Haitsma, 2004:11
[749] Haitsma, 2004:11
[750] Santing-Wubs, 2002:121
[751] Haitsma, 2004:11

4.5.5 Kommissie van wyse persone

Beskrywing

'n Kommissie van wyse persone (ook genoem: 'goeie dienste')[752] is 'n aantal lede van die kerklike vergadering aan wie mandaat gegee word om *in loco* na oplossing van 'n konflik te soek. Die mandaat rus op die basis van die uitspraak wat die meerdere vergadering oor die kern van die geskil geneem het.

Hierdie vorm van alternatiewe geskilbeslegting is baie vryblywend en ken geen wetlike reëling of reglement wat aan die funksionering daarvan ten grondslag lê nie[753]. Spelreëls wat hanteer word is meestal nie omskryf nie en gevolglik subjektief bepaal. Geen party is aan iets gebind nie. Geen uitspraak, bindende advies of ooreenkoms kom tussen die partye tot stand nie.

Evaluering

Deddens[754] wys op 'n prinsipiële verskil van mening insake die vraag of 'n sinode goed daaraan doen om 'n kommissie uit te stuur om partye, wat met mekaar in konflik is, met mekaar te versoen. Dié vraag word in die kader van 'n appèlsaak gestel, maar is ook in hierdie verband relevant. Sommige reken dat 'n kommissie (ook 'n kommissie van wyse persone) slegs besluite van die sinode kan oordra en die implikasies verduidelik. Ander reken dat, indien daar tydens so 'n gesprek ruimte vir 'n versoenende gesprek ontstaan, dit nie weerhou mag word nie.

Die vraag moet gestel word in hoeverre alternatiewe geskilbeslegting in hierdie geval met regspraak vermeng en/of verwar raak. Indien die kommissie van wyse persone ander lede van die kerklike vergadering is as die appèlkommissie, moet hulle baie nou met die appèl-kommissie saamwerk om presies te weet wat die kern en omvang van die konflik is. In so 'n geval lyk dit na oneffektiewe duplisering van werk. Indien lede van die appèlkommissie by die kommissie van wyse persone ingesluit word, word die kerkregtelike probleem nog groter, aangesien daardie lede in so 'n geval na alle kante vir prejudisering oopstaan. In die lig hiervan moet met Haitsma[755] saamgestem word dat hierdie wyse van geskilbeslegting 'veel te wense oorlaat'.

---

[752] Haitsma, 2004:11
[753] Haitsma, 2004:11
[754] Deddens, 1956d:178
[755] Haitsma, 2004:11

4.5.6 Kerkvisitasie

Beskrywing

Visitatore het ingevolge Artikel 44 KO[756] opdrag om, waar nodig, 'betyds broederlik te vermaan en met raad en daad alles te help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk'.

Visitatore kan dus 'n belangrike rol in die oplossing van geskille in die plaaslike kerk speel[757]. Hulle is die eerste adres waar om hulp aangeklop kan word. Visitatore kan 'n bemiddelende rol speel. Onreg kan vinnig en effektief reggestel word[758], wat beteken dat moontlike eskalering van die probleme voorkom word.

In die GKSA is dit staande praktyk dat die klassis 'n konsulent vir elke gemeente in sy ressort aanwys[759]. Die taak van die konsulent is om, wanneer 'n gemeente vakant is, met noodsaaklike ampsbediening te help[760]. Dit sluit egter nie noodwendig uit dat die konsulent, wat ooreenkomstig sy naam die taak het om te *consulo*[761], in bepaalde omstandighede vir bystand in die hantering van 'n konflik genader word nie. Omdat 'n konsulent geen lid van die kerkraad is nie[762], kan hy as onafhanklike 'derde' die aangewese persoon wees om in voorkomende gevalle om hulp gevra te word.

Evaluering

Daar is baie ten gunste van die hulp van visitatore (en konsulente) te sê. Die diens van visitatore moet as 'n effektiewe wyse van alternatiewe geskilbeslegting beskou en gebruik word.

As nadeel moet genoem word dat visitatore geen bindende stel reëls vir konfliksituasies het waarvolgens hulle kan medieer nie. Die uitkoms van hulle intervensie kan daarom dikwels nie die toets van die kritiek deurstaan nie[763]. Hulle 'met raad en daad bystaan' kan – al is dit goed bedoel – op 'n gegewe oomblik tot intensivering van die konflik lei[764]. Die effek daarvan is dat

---

[756] Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 44 KO.
[757] Spoelstra, 1966:275; Spoelstra, 1989:261; Visser, 1999:195-196; Haitsma, 2004:11
[758] Te Velde, 1994b:583
[759] Artikel 5 KO (sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 5).
[760] GKSA, 1968:42
[761] *Consulo dui* op beraadslaging, gee van advies en raad (Postma, 1975:69); vergelyk Harmannij, 1990:37; Bouwman, 2000:125.
[762] GKSA, 1968:42
[763] Haitsma, 2004:11
[764] Van der Linde, 1983:164

die konflik tot 'n deel van die klassis uitgebrei het (omdat die visitatore predikante van die naburige kerke is), wat eventuele appèl op die klassis bemoeilik.

In die lig hiervan moet visitatore wat tot 'n konfliksituasie toetree, hulleself deeglik oor hulle mandaat en werkwyse verantwoord.

4.5.7 Slotsom

In paragraaf 4.4.1.2 is in verband met die motief van die appellant gestel dat die appellant in eerlike selfondersoek moet uitmaak of hy alle paaie van geskil*oplossing* bewandel het, alvorens hy hom op *regspraak* beroep. In paragraaf 4.5.1.2 is beredeneer dat 'n meerdere vergadering by die bepaling van ontvanklikheid van 'n appèl behoort vas te stel of die appellant alles in sy vermoë gedoen het om die alternatiewe weë van konflikoplossing te bewandel.

Die konsekwensie van dié stelling en beredenering is dat daar deeglik na alternatiewe wyses van geskilbeslegting gekyk moet word. Uit die kort beskrywing en evaluering van die vyf alternatiewe blyk dat arbitrasie as nie-juridiese wyse van konflikhantering oorweeg moet word alvorens die juridiese pad van appèl opgegaan word. Insgelyks moet die effek en waarde van mediasie nie onderskat word nie[765]. Bindende advies en die aanwys van 'n kommissie van wyse persone bevat leemtes wat die konflik bes moontlik kan vererger instede van verlig. Om daardie rede kan dit nie aanbeveel word nie. Kerkvisitasie is sedert die sestiende-eeuse reformasie 'n beproefde metode in die kerke om geskille vroegtydig by te lê[766].

Dit is opmerklik dat daar in die kerkreg van die GKSA oor kerklike arbitrasie en mediasie tot op dese geen studie gedoen is nie. Omdat sowel arbitrasie as mediasie bepaalde wetlike aspekte het, sal dit verdienstelik wees om in verdere studie aan die ontwikkeling van dié twee sake aandag te gee. Met die oog op spoedige afhandeling van konflikte kan dit 'n wesenlike bydrae tot verbetering van kerklike regspraak lewer. Daarby moet in gedagte gehou word dat Suid-Afrika 'n regstaat is[767] wat 'n hoë premie op arbitrasie en mediasie plaas.

Ten slotte enkele losstaande opmerkings wat elkeen direk op die saak betrekking het:

- Daar moet op 'n vroeë stadium van die konflik na alternatiewe vorme vir geskiloplossing gesoek word[768]. Appèl dui dikwels op 'n geskil wat reeds in 'n gevorderde stadium is.

---

[765] Boersma (2004:16) oordeel dat arbitrasie of selfs bindende advies 'n goeie uitweg kan bied wanneer daar sprake is van 'n arbeidskonflik, byvoorbeeld tussen 'n koster en 'n kerkraad. Dit is nie wys om 'n kerklike vergadering met dergelike geskille te belas nie.
[766] Spoelstra, 1989:258
[767] RSA, Grondwet 1996, Artikel 1 (c)
[768] Haitsma, 2004:11

Gevolglik het die uitspraak in 'n appèl, al is dit hoe suiwer en reg, beperkinge: 'Daarbij geldt vooral dat een beslissing in een appèlzaak weliswaar een einde kan maken aan een geschil maar niet steeds een begin vormt van een verder samenleven in vrede'[769].

- Kerke doen goed daaraan om – met volle inagneming van hulle eie stel beginsels – na die basiese regsbeginsel te kyk wat in prosesreg ter sprake is. Sodoende kan die reg binne die kerke sy loop neem sonder dat lidmate uit frustrasie van verontregting hulle lot by die burgerlike regter gaan bekla[770].
- 'n Pleidooi word gelewer om lidmate beter in te lig oor verskillende vorme van regspraak en geskilbeslegting. Kerkreg moet deursigtig en toeganklik wees. As elke lidmaat die kerkreg verstaan, is die kans op misbruik van reg soveel minder[771].
- Indien van alternatiewe geskilbeslegting gebruik gemaak word, moet teen groepvorming en opmaak van 'n steunbasis gewaak word. Die konflik moet reggestel word en nie tot faksievorming in die kerk lei nie[772].
- Alternatiewe geskilbeslegting mag nooit as omseiling of ontduiking van regspraak ingespan word nie. Die kerk van Christus word nie deur omseiling van reg gebaat nie, maar geskaad[773].

4.6 SINTESE

In hierdie paragraaf word die studieresultate van die voorafgaande paragrawe by wyse van 'n sintese geformuleer. Die bedoeling is om die sintese kernagtig, konkreet en praktykgerig weer te gee. Aan die hand daarvan kan die huidige praktyk van kerklike regspraak geëvalueer (hoofstuk 5) en, waar nodig, tot heil van die gemeenskap van gelowiges aangepas word.

4.6.1 Partye

'n Appèlsaak is 'n twee-partye saak. Die partye in die appèlsaak is, ongeag die verdere ontwikkeling van die geskil en geïmpliseerde betrokkenheid van ander persone[774], diegene wat oorspronklik van mekaar verskil het: deurgaans 'n kerklid (lede) en sy kerkraad[775].

Met betrekking tot die appellant word die volgende bevind:

---

[769] Boersma, 2004:16
[770] Santing-Wubs, 2002:105
[771] Van Rongen, 2004:56
[772] Van Oene, 1990:153
[773] Roest, 2000:47
[774] Indien 'n appèlsaak meer persone as net die twee betrokke partye impliseer, is daar sprake van 'derdes'.
[775] 'n Mindere vergadering wat hom reeds oor die appèl uitgespreek het, word geen party indien daar oor dieselfde saak op 'n meerdere vergadering geappelleer word nie.

- Sy motief vir die aangaan van 'n appèlsaak moet suiwer wees. Met die oog daarop is indringende selfondersoek[776] onontbeerlik.
- Hy moet die doel met sy appèl vanuit die staanspoor duidelik voor oë hê. Met geen kerkregtelike handeling mag begin word indien dit nie herstel van onreg as mikpunt[777] het nie.
- Hy moet by die hantering van die appèlsaak voortdurend sy Godgegewe plek in die gemeenskap van gelowiges in ere hou en koester. Tydens die behandeling en na afhandeling van die appèl mag die punt van konflik nie tot 'n breuk tussen die appellant en sy medegelowiges lei nie.

Met betrekking tot die ander party word bevind dat:

- hulle die appellant in sy verongelyking sal hoog ag en nie sy motiewe vir die appèlsaak of sy *bona fide* ligtelik sal bevraagteken nie;
- hulle saam met die appellant bereid moet wees om volgens die ordelike weg na 'n oplossing vir die konflik te soek;
- hulle alles wat moontlik en billik is sal doen om die appellant te help om die konflik op te los;
- by die gemeenskap van heiliges in geheel en die kerkraad in besonder 'n verlange moet bestaan om in harmonie en vrede bymekaar uit te kom.

4.6.2 Appèlskrif

Deur middel van die appèlskrif word die klag van verongelyking aan die meerdere vergadering bekend gemaak. Die appèlskrif is die skerp punt waarom die appèlsaak draai.

Die appellant moet in sy appèlskrif kort, saaklik en duidelik uiteensit waarom hy kla dat hy verongelyk is. Hy moet die besluit waardeur verongelyking plaasgevind het woordeliks weergee, asook die redes (appèlgronde) waarom hy van verongelyking kla. Die appèlgronde moet in terme van die Skrif, belydenis en/of kerkorde verwoord word.

---

[776] Die appellant moet sy eie posisie voor God in oënskou neem, die gewig en prioriteit van sy verongelyking bepaal en voortdurend bid vir die vrug van die Gees.

[777] Die eer van God, die stigting van geloofsgemeenskap en die heil van die appellant word hierby veronderstel.

Ter wille van 'n effektiewe regsgang en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif materiële[778] en formele[779] gronde bevat, wat duidelik van mekaar onderskei word[780].

Van die indiening van 'n appèlskrif moet tydig kennis gegee word, sodat dit ordelik op die agenda van die regsprekende vergadering geplaas kan word. Daarbenewens gee dit aan al die betrokkenes geleentheid om deeglik op die saak voor te berei, en word die moontlikheid van oorrompeling en verrassing uitgeskakel.

4.6.3 Regter

Die kerkverband (in effek: meerdere vergaderinge) is geroep en bevoeg om as regter oor appèlsake uitspraak te doen.

Wanneer 'n meerdere vergadering gevra word om in 'n appèlsaak reg te spreek, moet elke afgevaardigde deeglik daarvan bewus wees dat God in Christus die hoogste Regter is. As lid van die vergadering staan hy in diens van Christus, die hemelse Regter. Daar rus gevolglik 'n groot verantwoordelikheid op die regsprekende vergadering in geheel en elke lid daarvan persoonlik. Afgevaardigdes moet voor God en die mense betuig waar onreg gedoen is, en hoe die pad na regsherstel geloop behoort te word.

Afgevaardigdes wat voorheen reeds oor 'n betrokke appèl uitspraak gelewer het, mag nie weer aan regspraak oor dieselfde saak deelneem nie, aangesien niemand regter in sy eie saak kan wees nie[781].

'n Meerdere vergadering wat moet regspreek kan met vrug van 'n appèlkommissie of -deputate gebruik maak om hom te adviseer. Dit is nie prinsipieel verkeerd dat appèldeputate in bepaalde gevalle afhandelingsbevoegdheid ontvang nie. 'n Appèlkommissie of -deputate gaan volgens 'n welomskrewe opdrag te werk, en doen aan die volgende vergadering verslag.

Iemand met ervaring op die terrein van geskil-beslegting kan 'n wesenlike bydrae as appèl-deputaat lewer. Dit moet as wins beskou word indien 'n gelowige regsgeleerde sy juris-gawes in die behandeling van die appèlsaak kan aanwend.

---

[778] Materiële gronde beskryf die inhoud en omvang van die konflik.
[779] Formele gronde fokus op die kerkraad se hantering van die konflik.
[780] Indien 'n appèl by die partikuliere of nasionale sinode dien en daar dus vroeëre regspraak oor dieselfde saak was en in berekening gebring moet word, is dit van nog groter belang om tussen formele en materiële appèlgronde te onderskei.
[781] *Nemo iudex in causa sua.*

'n Verongelykte lidmaat wie se verongelyking nie na reg aangespreek word nie, het toegang tot die burgerlike regter[782].

4.6.4 Regspraak

Kerklike regspraak het sy eie-aard (*sui generis*). Dit beteken dat daar unieke elemente in kerklike regspraak is, wat in ander – byvoorbeeld burgerlike – regspraak nie voorkom nie. Die eiesoortigheid van die kerklike reg kan en mag egter nie sodanig verabsoluteer word dat dit tot onnodige spanning met ander regspraak lei nie. Kerklike regspraak moet ten alle tye ooreenkomstig algemeen geldende regsbeginsels[783], wat vir die kerke 'n minimum-vereiste[784] behoort te wees, geweeg kan word.

Grondtoon van kerklike regspraak: basis, atmosfeer en styl

Die *sui generis* van die kerklike reg blyk by uitstek as die grondtoon daarvan ter sprake kom. Die grondtoon[785] van suiwer kerklike regspraak verbind regsprekende vergaderinge tot:

- bereidwilligheid om reg te spreek, ook al verg appèlle deurgaans baie tyd en energie;
- deeglike ondersoek, wat die proses van hoor en wederhoor met die oog op suiwer regsvinding insluit;
- eerbare regspraak;
- spoedige regspraak;
- onbevooroordeelde regspraak;
- 'n geestelike, kerklike wyse van optrede[786].

Verloop van kerklike regspraak

Die hantering van die regsaak kan puntsgewys weergegee word:

- Ontvanklikheid van die appèl
  - Oordeel aan die hand van 'n duidelike maatstaf oor die formele[787] en inhoudelike[788] ontvanklikheid van die appèl[789].

---

[782] Dit moet beklemtoon word dat die grondwetlike reg van toegang tot die burgerlike regter (RSA Grondwet, 1996:14, Artikel 34) nie misbruik word nie. Slegs wanneer alle kerklike weë gevolg is, en die appellant hom steeds nie by die beslissing van die kerke kan berus nie, kan dit – in afhanklikheid van en met verantwoording voor die Here – oorweeg word om regspraak by die burgerlike regter te gaan soek.

[783] Die reëls van natuurlike geregtigheid word as algemeen geldende regsbeginsels beskou.

[784] In soverre dit met God se Woord ooreenkom.

[785] Met grondtoon word bedoel die basis waarop, die atmosfeer waarbinne en die styl waarvolgens kerklike regspraak plaasvind.

- Ondersoek van die appèl
  - Gaan deur die appèlskrif om 'n duidelike geheelbeeld van die appellant se klag te verkry.
  - Stel deur middel van hoor en wederhoor vas wat die feite met betrekking tot die konflik is.
  - Kom by 'n goed gefundeerde en verantwoordbare regsvinding uit.
  - Stel die behandelingsproses in die vorm van 'n rapport op skrif.
- Regsuitspraak oor die appèl
  - Verantwoorde uitspraak[790]. Daaruit moet blyk dat die kerklike vergadering as verkondiger en beskermer van hoë morele waardes uitstaan. Verantwoorde uitspraak het alles te doen met die gebruik van die regte regsbronne en deeglike oorweging van regsgronde. Die moontlikheid dat lidmate hulle tot die burgerlike regter kan wend, noop die kerke eweneens tot sorgvuldige en verantwoordelike regspraak[791].
  - Duidelike uitspraak. Met verskaffing van redes word gestel of die appèl slaag al dan nie.
  - Pastorale uitspraak[792]. 'n Beroep word op beide partye in die saak gedoen om in die lig van regspraak met mekaar te versoen.
  - Regskragtige uitspraak. Die uitspraak van die meerdere vergadering sal vir vas en bindend gehou word[793].
  - Doelgerigte uitspraak. Die uitspraak in 'n appèlsaak moet sodanig wees dat dit tot beëindiging van die konflik en herstel van reg en vrede kan bydra.
  - Effektiewe uitspraak. Die vergadering reik – indien, en vir sover nodig – 'n helpende hand uit om in die plaaslike omstandighede tot daadwerklike oplossing van die konflik te kom.
  - Skriftelike uitspraak. Die vergadering stel albei partye skriftelik van sy bindende regsuitspraak in kennis.

---

[786] Kenmerkend van die geestelike, kerklike wyse van optrede is: liefde, billikheid, wysheid, lankmoedigheid, voortdurende gebed.

[787] Formele ontvanklikheid word bepaal deur die formele vereistes waaraan aan 'n appèl moet voldoen (woordelikse weergee van die besluit waarteen geappelleer word en stel van appèlgronde) na te gaan.

[788] Inhoudelike ontvanklikheid word bepaal deur faktore soos die gewig van die saak wat in die appèl aangespreek word, alternatiewe roetes wat gevolg is om die konflik op te los (onder andere arbitrasie, mediasie en kerkvisitasie), die motief en doel waarmee geappelleer word.

[789] Beoordeling van ontvanklikheid is as sodanig reeds 'n regsdaad wat met omsigtigheid en erns bejeën behoort te word.

[790] 'n Regsprekende vergadering moet ten volle verantwoording oor sy regspraak kan doen.

[791] Nie in die eerste plek uit vrees vir die moontlikheid van 'n burgerlike regsgeding nie, maar uit eerbied vir God en die behoud van die verongelykte binne die kring van die gemeenskap van die gelowiges.

[792] Pastorale regspraak vertroos én vermaan, dit bou die goeie op én breek die kwaad af, dit waarsku teen die sonde én roep op tot bekering.

[793] Artikel 31 KO

4.6.5 Regsherstel

Regsherstel is 'n gawe van God. Niemand anders nie as net God in Christus, deur sy Gees, kan gebrokenheid heel en versteurde verhoudinge herstel[794]. Kerkreg is 'n middel in die hand van God om regsherstel te bewerk. Kerkreg is genadereg, herstellingsreg.

Regsherstel is – sover dit die mens se verantwoordelikheid in diens van God aangaan – die proses wat uitloop op 'n toestand waarin twee partye wat met mekaar in konflik was, tot só 'n mate die konflik oorkom het dat hulle met mekaar versoen raak en weer in harmonie en vrede met mekaar kan saamleef. Regsherstel is gegrond in liefde vir God en die naaste en gehoorsaamheid aan sy Woord.

Die uitsig op Godgegewe regsherstel moet almal wat by 'n appèlsaak betrokke is met geloofsverwagting vervul. Die appellant, die kerkraad sowel as die regsprekende vergadering mag vir geen oomblik dié één sentrale mikpunt uit die oog verloor nie. In die soeke na regsherstel sal die appellant eers alle ander moontlikhede van konflikoplossing oorweeg alvorens tot appèl of verdere appèl oorgegaan word. 'n Regsprekende vergadering sal nie onnodig met regspraak sloer nie, maar in gehoorsaamheid aan God die onreg haastig aanspreek en uit die weg ruim.

[794] Die uitspraak oor 'n appèl kan 'n konflik oplos nie. Psalm 127:1 en 2 is hier van toepassing. Regspraak is tevergeefs as God se seën nie daarop rus en Hý nie sy kinders wat in konflik leef bymekaar uitbring nie.

HOOFSTUK 5
PRAKTIESE HANTERING

5.1 INLEIDING

Een van die doelstellings van hierdie studie is om die funksionering, hantering en toepassing van appèl met die oog op regsherstel in die GKSA krities te ondersoek[1]. 'n Doelstelling wat daarby aansluit is om die belang van Skrifgefundeerde hantering van appèl met die oog op regsherstel, asook vermeende leemtes in hierdie verband vir die kerkreg van die GKSA uit te wys[2].

Om dié doelstellings te bereik, word:

- die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA beskryf (5.2);
- appèlprosedures van enkele ander kerke nagegaan, ten einde die denke en doen van die GKSA insake appèl binne 'n breër konteks te plaas (5.3);
- die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA aan die hand van die geformuleerde norme[3] geëvalueer (5.4);
- bepaal watter, indien enige, leemtes daar in die hantering van appèl met die oog op regsherstel in die kerkregering van die GKSA is. Indien daar leemtes is, word voorstelle aan die hand gedoen waarvolgens die leemtes aangespreek en uit die weg geruim kan word (5.5).

5.2 TEORIE EN PRAKTYK VAN APPÈL MET DIE OOG OP REGSHERSTEL IN DIE GKSA

In die volgende paragrawe word eers 'n oorsigtelike uiteensetting van kerklike appèl en die kerkregtelike stand van sake tot en met 1859 in die algemeen gegee. Daarna volg 'n samevatting van relevante gegewens wat op die redaksie van Artikel 31 KO van die GKSA betrekking het. Daarmee saam word toepaslike kernmomente oor die ontwikkeling van die bestaande appèlprosedure weergegee. Die GKSA se hantering van kerklike appèl word onder die loep geneem deur uitsprake van verskeie nasionale sinodes oor appèlsake na te gaan.

5.2.1 Kerklike appèl en die kerkregtelike stand van sake, 1652 tot 1859

Die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis vanaf 1652 tot 1859 kan in drie tydvakke onderskei word[4]. In die jare 1652 tot 1795, vanaf die koms van Jan van Riebeeck tot die eerste Britse

[1] Sien hoofstuk 1.4.1, navorsingsdoelstelling 4
[2] Sien hoofstuk 1.4.1, navorsingsdoelstelling 5
[3] Sien hoofstuk 4.6

bewind oorname, was die kerk onder beheer van die Oos-Indiese Kompanjie. In die daaropvolgende jare, 1795 tot 1843, het die plaaslike owerhede in die Kaap direkte toesig en beheer oor die kerke uitgeoefen. Vanaf 1843 tot 1859 het die kerke in Suid-Afrika op 'n kruispad gekom. Die Groot Trek het 'n groot invloed op die verloop van die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika gehad.

Oor elkeen van die onderskeie tydvakke word enkele opmerkings gemaak sodat vasgestel kan word hoe kerklike appèl gedurende die eerste twee eeue na die volksplanting deur die Suid-Afrikaanse kerke beskou en hanteer is.

5.2.1.1 Eerste periode: Die kerk onder beheer van die Oos-Indiese Kompanjie (1652-1795)

Kerkstigting en -ordening in die Kaap

Saam met die stigting van 'n halfwegstasie aan die Kaap is ook die Gereformeerde godsdiens in Suid-Afrika gevestig[5]. Die belangrikste kerkboeke wat in gebruik was, was die Statebybel met sy Gereformeerde verklarende aantekeninge, die Psalmboek met die Gereformeerde belydenisskrifte en enkele liturgiese formuliere wat tydens die Sinode van Dordrecht 1618/19 in Nederland vasgestel is[6].

Wat die ordening van die kerklike lewe en die eerste gemeentes[7] betref, is dit duidelik dat die Nederlandse patroon van kerkregering sover moontlik nagevolg is[8]. Met inagneming van die Politieke Raad en die Here XVII, wat hulle patronaatsreg ten volle uitgeoefen het, is die kerke regeer[9].

Oor die vraag *watter* kerkorde in die vroeë Kaapse kerk van krag was, bestaan daar uiteenlopende menings.

- Kleynhans[10] en Van der Watt[11] toon met verwysing na 'n brief van ds JG d'Ailly, predikant van die Kaapse gemeente in die vroeë agtiende eeu, asook op grond van duidelik aanwysbare historiese insidente, aan dat die Dordtse Kerkorde van 1618/19 die 'vigerende

---

[4] Meijer, 1995:146
[5] Krüger, 1957:26, 38
[6] d'Assonville, 1992:198
[7] Die eerste gemeentes was Kaapstad - 1665, Stellenbosch - 1689, Drakenstein - 1691, Roodezand - 1743, Zwartland - 1744, Graaff-Reinet - 1792, Swellendam - 1794 (Van Broekhuizen, 1922:11; Pont, 1991:150; d'Assonville, 1992:200-201).
[8] Odendaal, 1957:32
[9] Pont, 1991:152
[10] Kleynhans, 1973:17; 1982:30
[11] Van der Watt, 1976:9, 42-43

kerkorde' in die Kaapse kerke was. In sy proefskrif oor die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse kerk onder die Kompanjie kom Vorster[12] tot dieselfde slotsom. Du Plessis[13] verwys na die eerste gemeente in die Kaap as 'n 'Gereformeerde Kerk of Gemeente van die Kaap onder die geldende Kerkorde van Dordrecht 1618-19'.

- Jooste[14] stel dat 'die grondslae waarop die kerklike lewe aan die Kaap gereël is, sodanig was dat ons dit Gereformeerd kan noem in die sin van die Sinode van Dordrecht (1618/19)'.
- Krüger[15] oordeel dat die Politieke Raad offisieel nooit enige kerkorde aan die Kaap afgekondig het nie. Die kerke het volgens Krüger moontlik óf die Dordtse Kerkorde óf die Kerkorde van Batavia as 'handleiding gebruik sover dit moontlik was vir toestande aan die Kaap'.
- Spoelstra[16] deel Krüger se mening. Hy stel dit as 'n feit dat daar aan die Kaap geen kerkorde gegeld het nie. Volgens Spoelstra maak dit die Kaapse kerke voor 1804 nie vorm- of ordeloos nie, aangesien binding aan en belewing van die Gereformeerde belydenis die inrigting van die kerklike lewe bepaal het.
- Engelbrecht[17] is van oortuiging dat die Dordtse Kerkorde in die dae van die Oos-Indiese Kompanjie 'glad nie van krag was nie'. Hy motiveer nie sy oortuiging nie.

Alhoewel dit uit die verskillende standpunte blyk dat daar nie met sekerheid gesê kan word of die Dordtse Kerkorde van 1618/19 in die Kaapse kerke geldend was nie, kan aanvaar word dat die kerklike lewe wel op 'n Gereformeerde wyse ingerig is. Die meeste geskiedskrywers is dit eens dat die beginsels vir die kerkregering, soos wat dit in die Gereformeerde belydenis verwoord is, in die kerklike lewe toegepas is.

Kerklike belemmeringe

Nieteenstaande die pogings om die Gereformeerde kerkregeringbeginsels in die kerklike lewe aan die Kaap toe te pas, was daar van meet af aan twee liggame wat die ontwikkeling van die kerke gestrem het[18]. Parallel met die gebeure in Nederland gedurende die sewentiende eeu, het die Kaapse kerke onder owerheidsinmenging gebuk gegaan[19]. Bowendien het Klassis Amsterdam die selfstandigheid van die kerke in die Kaap aangetas.

---

[12] Vorster, 1956:136
[13] Du Plessis, 1925:133
[14] Jooste, 1958:13
[15] Krüger, 1957:34. Hierin volg Krüger die gedagtegang van Jooste (1946:56-58).
[16] Spoelstra, 1984:54
[17] Engelbrecht, 1936:9
[18] d'Assonville, 1992:199
[19] Vorster, 1956:21

Klassis Amsterdam

Klassis Amsterdam het aanvanklik volgens Artikel 39 van die Dordtse Kerkorde[20] die Gereformeerdes aan die Kaap as verspreidwonendes beskou en bearbei[21]. Toe daar in die Kaap selfstandige, plaaslike kerke gestig is, het die klassis voortgegaan om sake vanuit Nederland te reël en daarteen gewaak dat die gemeentes aan die Kaap niks meer sal wees as 'n uitbreiding van die kerk in die vaderland nie[22]. In effek is die selfstandigheid van die plaaslike kerk misken. Een van die grondreëls van die Gereformeerde kerkregering word tersyde gestel, met die gevolg dat die kerklike lewe nie behoorlik ontwikkel het nie[23]. Die kerke kon nie in 'n meerdere vergadering, soos die Gereformeerde kerke dit ken, byeenkom nie. Klassis Amsterdam het dit uitdruklik verbied[24]. Om enigsins in die behoefte aan gemeenskaplike beraadslaging te voorsien, het naburige kerke soms as 'n soort 'groot kerkraad' bymekaargekom. Eers in 1746 is die eerste 'Gekombineerde Kerkvergadering' gehou[25]. Van Broekhuizen[26] oordeel dat die invloed van die Gekombineerde Vergadering nie verreikend was nie, 'omdat hulle geen besluit kon neem sonder goedkeuring van die regering nie; verder het die meeste gemeentes en kerkrade met hulle vreeslike uitgestrektheid, hulle eie pad moes veg'. In 1759 het die owerheid met die Gekombineerde Kerkvergadering weggedoen.

Owerheidsinmenging

Bo en behalwe die inspraak van Klassis Amsterdam het die owerheid tot en met 1795 direkte toesig oor die kerklike lewe gehou en is die kerk as 'n departement van die staat beskou[27]. 'n Verteenwoordiger van die regering (die Politieke Raad) moes elke kerkraadsvergadering bywoon[28]. Die owerheid het die laaste seggenskap wat betref die verkiesing van kerkraadslede, besteding van gelde, stigting van nuwe gemeentes en beroeping van predikante gehad. Die burgerlike regering het homself die reg toegeëien om besluite van die kerke eers goed te keur alvorens dit uitgevoer word[29].

Die Politieke Raad het hom direk met kerklike regspraak bemoei. Die Croeser-saak is hiervan 'n sprekende voorbeeld[30]. Ds Croeser en die ouderlinge van Swartland het 'n jong suster in die

---

[20] Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 39 KO.
[21] Jooste, 1946:41-46
[22] Pont, 1991:157
[23] d'Assonville, 1992:199
[24] Pont, 1991:157
[25] Jooste, 1946:61-66; Pont, 1991:157
[26] Van Broekhuizen, 1922:110
[27] Jooste, 1946:69-70; d'Assonville, 1992:199
[28] Van Broekhuizen, 1922:25; Pont, 1991:153
[29] d'Assonville, 1992:199
[30] Spoelstra, 1907:294-298; Jooste, 1946:71-72

gemeente gesensureer en weens meineed van die gemeente afgesny. Sy het na die Politieke Raad geappelleer. Die Raad van Justisie, wat die saak behandel het, het geoordeel dat die predikant en ouderlinge op 'n ongefundeerde wyse ten onregte met die suster te werk gegaan het. Die Politieke Raad het nie alleen die sensuur oor die suster opgehef nie, maar ook aan die kerkraad van Kaapstad opdrag gegee om ds Croeser en die betrokke ouderlinge van Swartland skerp te vermaan. Die kerkraad van Kaapstad het geen bevoegdheid gehad om die saak self te ondersoek 'in hoeverre die censure wettig of onwettig was' nie; hulle moes slegs die 'vonnis' van die Politieke Raad uitvoer[31]. Die staat het eiemagtig in 'n suiwer kerkregtelike aangeleentheid ingegryp[32]. Die kerkraad van Kaapstad was hiermee ontevrede. In 'n brief wat hulle op 18 Februarie 1762 aan Klassis Amsterdam gerig het, verwoord hulle hul ongelukkigheid: 'het minste verschil dat er mogt ontstaan, tusschen eenen kerkenraad en een of meerdere leden der gemeente, zoude de zaak terstond voor den politieken regter moeten komen, vermids er nu geene kerkelijke vierschaar is, die over dergelijke zaaken kan oordelen; en wat nadelige gevolgen hieruit nog verder zouden kunnen voortspruiten is gemakkelijk te voorzien'[33].

Slotsom

Bovermelde gegewens dui daarop dat die Kaapse kerke in die jare 1652 tot 1795 op papier volgens die beginsels van die Gereformeerde kerkreg, soos dit in die Gereformeerde belydenisskrifte en in die Dordtse Kerkorde verwoord is, ingerig en regeer is[34]. Die praktyk van kerkregering was egter ooglopend heel anders.

In teenstelling met die Gereformeerde belydenis[35] en die Dordtse Kerkorde[36] het Klassis Amsterdam en die Politieke Raad die regering van die kerke uit die hande van die kerkrade geneem. Gevolglik het die Kaapse kerke onder onregmatige inmenging van die klassis in die regering van die plaaslike kerke asook onregmatige indringing van die owerheid in kerklike sake gebuk gegaan.

---

[31] Spoelstra, 1906:297
[32] Vorster, 1956:132
[33] Spoelstra, 1906:296-299
[34] Vorster, 1956:134; vergelyk ook Spoelstra, 1906:54
[35] In besonder artikels 27 tot 32 NGB oor die plaaslike kerk en artikel 36 NGB oor die onderskeie take van die owerheid en die kerk.
[36] Onder andere Artikels 29 tot 52 oor die take van die verskillende kerklike vergaderings (sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikels 29 en 52).

5.2.1.2 Tweede periode: Die kerk onder regstreekse staatsbestuur (1795-1843)

Periode 1795 tot 1804

In 1795 is die Kaap deur Engeland in besit geneem. Hierdie verowering het vir die kerklike lewe geen grootskaalse veranderings tot gevolg gehad nie, behalwe dat die band met Klassis Amsterdam verbreek is[37].

Die Franse rewolusie van 1789 het ingrypende gevolge vir die kerklike lewe aan die Kaap ingehou. Die rewolusie-slagspreuk van 'vryheid, gelykheid en broederskap', wat die kerklike lewe in Europa drasties beïnvloed het, het ook na die Kaap oorgewaai. Onder hierdie leuse mag een kerk nie bo 'n ander bevoorreg word nie en alle mense moet gelyke regte hê[38].

Met die Vrede van Amiens in 1802 word die Kaap aan Nederland teruggegee. Omdat die Oos-Indiese Kompanjie reeds opgehou het om te bestaan, val die Kaap direk onder die regering van die Bataafse Republiek[39]. Goewerneur Janssens en kommissaris-generaal De Mist word uit Nederland na die Kaap gestuur om sake in orde te bring. Deurdring van die filosofie van die Franse rewolusie het De Mist begin om die staatsbestel aan die Kaap te reorganiseer[40]. Ook die kerk, wat nog altyd as 'n departement van die staat beskou en hanteer is, word deel van De Mist se reorganisasie-plan[41].

Nadat De Mist homself op hoogte gebring het van die wyse waarop die kerklike lewe in die Kaap tot 1804 ingerig is, het hy 'n kerkorde opgestel wat op 25 Julie 1804 in werking gestel is[42]. Die orde bestaan uit 52 artikels; dit verskil fundamenteel en radikaal van die Dordtse Kerkorde[43].

De Mist se kerkorde maak nêrens van kerklike appèl melding nie. Artikels 50 tot 52 gee egter duidelik te kenne dat alle sake waaroor onenigheid sou kon bestaan, deur die Politieke Raad, en – indien nodig – deur die Goewerneur besleg word[44]. Geen besluite of uitsprake word sonder bewilliging en goedkeuring van die staat geneem nie. Kerklike sake, kerklike regspraak ingesluit, word op 'n nie-kerklike wyse hanteer.

---

[37] Krüger, 1957:38
[38] Krüger, 1957:38
[39] Van Broekhuizen, 1922:141
[40] Du Plessis, 1925:133; Krüger, 1957:38-39
[41] Krüger, 1957:40
[42] Van Broekhuizen, 1922:143
[43] d'Assonville, 1992:202
[44] Pont, 1991:189

Periode 1804 tot 1824

Op 8 Januarie 1806 het Engeland die Kaap weer in besit geneem[45]. Ten opsigte van die kerklike lewe het die Engelse voorlopig geen veranderinge aangebring nie. Die kerkorde van De Mist is kragtens Artikel 8 van die *Akte van Kapitulasie* onveranderd deur die Engelse oorgeneem[46].

Nieteenstaande die handhawing van die *status quo* met betrekking tot die vorm van kerkregering, was die Engelse bewindhebbers daarop uit om die kerke, soos die res van die samelewing in die Kaap, te verengels[47]. Engelse en Skotse predikante is ingevoer om in die Hollandse gemeentes te dien[48]. Politieke kommissarisse sou voortaan oor die Engelse belange in die kerk moes waak. Staatsgesag in en oor die kerk word verskerp.

Die Skotse predikante het sterk teen die onbegrensde owerheidsinmenging in die kerklike lewe kapsie gemaak. Vanaf hulle aankoms in die Kaap het hulle daarop aangedring dat die artikels in De Mist se kerkorde wat vir 'n algemene vergadering of sinode voorsiening maak, toegepas moes word[49]. In 1824 word aan hulle eise voldoen. Afgevaardigdes uit twaalf van die veertien kerke in die Kaap vergader tesame[50]. Dit was die eerste amptelike Algemene Kerkvergadering in Suid-Afrika[51].

Hierdie eerste sinode het die kerkorde van De Mist as grondwet van die Kaapse kerk aanvaar[52]. Aanvullend tot De Mist se kerkorde is 'n *Algemeen reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* opgestel[53].

Artikel 11 van die Reglement bepaal: 'De Algemeene Kerk Vergadering niet kunnende beslissen, in het laatste resort: de zaken, door mindere Kerkbesturen behandeld, en in cas van appèl voor dezelfde gebragt, neemt haar laatste recours tot het alhier bestaande Gouvernement'[54].

---

[45] Krüger, 1957:44; d'Assonville, 1992:203
[46] Dreyer, 1936:75; Krüger, 1957:44; Odendaal, 1957:83
[47] Dreyer, 1936:368-369; Krüger, 1957:44; d'Assonville, 1992:203
[48] Krüger, 1957:46-49; d'Assonville, 1992:204
[49] Dreyer, 1936:176
[50] Odendaal, 1957:97
[51] Kruger, 1957:52; d'Assonville, 1992:207
[52] Dreyer, 1936:208; Odendaal, 1957:100
[53] Dreyer, 1936:215; Odendaal, 1957:100
[54] Dreyer, 1936:216

Artikels 83 tot 90 het betrekking op die behandeling van kerklike geskille[55]. Geskille wat tussen gemeentelede ontstaan, moet deur die kerkraad besleg word (artikel 83). Die kerkraad is verplig om beide partye in die geskil aan te hoor (artikel 86). Die kerkraad moet sover moontlik poog om tot 'n 'minnelyk vergelyk' te kom (artikel 88). Indien 'n saak nie in der minne geskik kan word nie, moet dit na die Ringsbestuur verwys word (artikel 90).

In artikels 91 tot 137 word breedvoerig uiteengesit hoe die meerdere kerklike vergaderinge met die appèlle te werk moet gaan[56]. 'n Lidmaat wat deur sy kerkraad bestraf of gesensureer word, 'en zich deswegens bezwaard achtende, zal zich mogen beroepen op het Ringsbestuur, waaronder de Kerkenraad behoort' (artikel 91). Appèlle moet binne 14 dae skriftelik ingedien word, en 'n woordelikse aanhaling van die besluit waarteen beswaar gemaak word, bevat (artikel 92). Die kerkraad, teen wie se besluit geappelleer word, moet van die appèl in kennis gestel word (artikel 92). Appèlgronde met die nodige bewyse moet duidelik aangetoon word (artikel 94). Die voorsitter van die Ringsbestuur, wat die appèl ontvang, stuur die appèl so spoedig as moontlik na alle lede van die bestuur, sodat elke lid geleentheid kry om homself vir die uitspraak tydens die Ringsbestuursvergadering voor te berei (artikel 96). Indien die Ringsbestuur oor punte van belang 'nadere ophelderingen mogt verlangen', kan die betrokkenes versoek word om sodanige vrae binne 'n vasgestelde tyd te beantwoord (artikel 97). Die Ringsbestuur het die reg om, voordat uitspraak gelewer word, die partye te 'citeeren en te hooren' (artikel 105). Indien 'n appellant nie noukeurig by die vasgestelde tydskedule hou nie, verbeur hy die reg tot appèl (artikels 93, 101 en 103). Die Ringsbestuur kan 'n kommissie uit sy midde aanwys om 'n uitspraak oor die appèl te doen, of om 'n aanbeveling aan die Ringsbestuur te maak (artikel 122). Indien iemand 'zich door eenige uitspraak van het Ringsbestuur bezwaard vindt, van hetwelk hy naar de wet kan appelleren op de algemene Kerkvergadering, zal hy, zulks verkiezende, binnen vier weken, van dit zyn appèl moeten kennis geven aan den President van het Ringsbestuur by Memorie, en aan zyne Party by *Insinuatie'* (artikel 125). Die Ringsbestuur moet dan alle stukke wat hy hanteer het, sowel as die besluit wat geneem is, aan die Algemene Kerkvergadering beskikbaar stel (artikel 126). Dit staan die twistende partye vry om 'n 'nadere Memorie' aan die Algemene Kerkvergadering voor te lê (artikel 128). 'Op de aldus ingekomen stukken, zal de algemeene Kerkvergadering, het zy ter bevestiging of tot reforme van gedane uitspraken, derzelve besluiten nemen, na daarop het schriftelyk rapport eener Kommissie te hebben gehoord' (artikel 129). 'Op het rapport der Kommissie doet de algemeene Kerkvergadering uitspraak, of dezelve besluit om zelve vooraf partyen en getuigen te hooren' (artikel 134). Indien iemand verkies om by die goewerneur revisie van 'n uitspraak van 'n Algemene Kerkvergadering aan te vra, staan die weg vir hom daartoe oop (vergelyk artikel 11), met die verstandhouding dat – indien die

[55] Dreyer, 1936:229-230
[56] Dreyer, 1936:230-237

aansoek om revisie misluk – die klaer vir die koste voortspruitend uit die ondersoek verantwoordelik gehou kan word (artikels 135 en 136; vergelyk ook artikel 66).

Potgieter[57] laat hom soos volg oor die 1824-reglement uit: '... dit was eenvoudig 'n onbegonne taak om 'n reglement op die basis van die Dordtse Kerkorde op te stel en tog die kerkorde van De Mist as grondreël te handhaaf. Derhalwe het hulle die reglement van 1816, wat veel beter aansluit by die kerkorde van De Mist, formeel as ontwerp aanvaar, maar toe tog – en dit is die merkwaardige – hierdie reglement soveel moontlik en volgens hulle insigte materieel gewysig ooreenkomstig die Dordtse Kerkorde'. Odendaal[58] deel dié mening: 'die sinode van 1824 het soveel moontlik probeer om die gees van Dordt daarin te laat leef'. Die Hervormde teoloog SP Engelbrecht[59] spreek 'n gunstige oordeel oor die reglement uit as hy sê: 'Dit vorm vandag nog die grondslag van die verskillende Suid-Afrikaanse Kerke, behalwe van die Gereformeerde Kerk. Die kerk-ontbindende beginsel van die outonomie van die plaaslike gemeente is in hierdie reglement nie gehuldig nie'.

Nieteenstaande enkele verskille in bewoording en terminologie is die ooreenkomste tussen die nuut aanvaarde reglement en die Algemene Reglement wat koning Willem I in Nederland goedgekeur het, ooglopend. Die behandeling en afhandeling van kerklike geskille is in die hande van hoër kerklike besture gelaat. Onder bepaalde omstandighede kon 'n kommissie van 'n hoër bestuur 'n appèlsaak afhandel. Die feit dat die owerheid as laaste instansie van appèl kon dien, bevestig die kerk se staatsafhanklikheid.

Alles in ag genome is dit duidelik dat die Kaapse kerk offisieel afstand van die ou Gereformeerd kerkregtelike tradisie gedoen het, waarin op grond van die Skrif en die belydenis uitgegaan word van die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die bevoegdheid van meerdere kerklike vergaderinge om kerklike appèlle te behandel en uitspraak daaroor te lewer[60]. In navolging van die kerkordenende denke in Nederland ná 1816 is die presbiteriale beginsel van kerkregering in Suid-Afrika met 'n kollegialistiese kerkregeringstelsel vervang[61]. Selfs die Nederduits Gereformeerde geskiedskrywer PB Van der Watt[62] oordeel dat die Algemene Reglement van 1824 'n 'belemmering' vir die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was, omdat die Dordtse Kerkorde nie as basis daarvoor gebruik is nie.

[57] Potgieter, 1952:74
[58] Odendaal, 1957:103
[59] Engelbrecht, 1936:11-12
[60] Krüger, 1957:55; d'Assonville, 1992:207
[61] Pont, 1991:264
[62] Van der Watt, 1980:38-50

Periode 1824 tot 1843

Sedert 1824 het die Kaapse kerke gereeld in sinodes byeengekom[63]. Die Skotse predikante was steeds nie met die aanhoudende inmenging van die owerheid in kerklike sake gediend nie. Tydens sinodes het ernstige konflik tussen predikante en politieke kommissarisse ontstaan, veral in gevalle waar die goewerneur inmeng met die uitsprake in appèlsake wat deur die kerklike vergadering gelewer word[64]. Om 'n einde aan die wrywing te maak, het die goewerneur gevra dat die sinode 'n kerkwet moet help opstel waardeur die kerk in die toekoms sonder inmenging van die goewerneur sy sake kon bestuur. In 1842 het die sinode 'n kerkwet voorberei wat deur goewerneur George Napier aanvaar en in Ordonnansie 7 van 1843 afgekondig is. Hierin het die owerhede aan die kerk die reg toegeken om sonder bekragtiging van die regering wette te maak. Sinodes sou voortaan ook sonder die teenwoordigheid van politieke kommissarisse kon vergader[65].

Artikels 147 tot 196 van die 1842-kerkwet handel oor appèl. Dit stem tot 'n groot mate ooreen met die reeds bestaande appèlprosedure, met die verskil dat regstreekse owerheidsinmenging in kerklike sake – ook kerklike regspraak – tot 'n einde gekom het[66]. Hierdie artikels is in latere jare voortdurend verfyn. Die kern daarvan het egter onveranderd gebly. Hoë eise word aan korrekte prosedure en formele behandeling van appèlle gestel[67].

Slotsom

Met die offisiële aanvaarding van De Mist se kerkorde in 1804 en die aanvullende reglemente in 1824 het die Kaapse kerk afstand gedoen van hulle Gereformeerd kerkregtelike fondament, net soos wat die Gereformeerde kerke in Nederland in 1816 met die invoering van koning Willem I se reglement van hulle Gereformeerde fondament afstand gedoen het[68]. Die Kaapse kerk is sedert 1843 wel tot 'n groot mate van owerheidsinmenging bevry, maar is sedertdien 'n nuwe juk opgelê: die juk van 'n kerklik geykte kollegialistiese sinodokrasie. Kerke word gebind aan die wil van kerklike vergaderings. Hoewel daar in die aanvaarde appèlprosedures voorsiening gemaak word vir onderlinge versoening tussen twistende partye, val die klem oorwegend op nakoming van voorgeskrewe prosedures en beslissende uitsprake deur hoër kerklike besture.

---

[63] d'Assonville, 1992:208
[64] Pont, 1991:252
[65] NG Kerk, 1894:1-4
[66] Jooste, 1946:201-217; Krüger, 1957:60-61; Pont, 1991:259, 268
[67] Vergelyk NG Kerk, 1894:104-114
[68] Jooste, 1946:140; sien paragraaf 3.6

5.2.1.3 Derde periode: Die kerk op die kruispad (1843-1859)

Vanaf 1834 het groot getalle Boere uit die Kaapkolonie weggetrek[69]. Alhoewel die Voortrekkers gepoog het om ook kerklik geheel en al onafhanklik van die Engelse oorheersing in die Kaap te raak[70], het dit nie geluk nie. Die kerklike lewe in die Transvaal is ontwikkel en voortgebou op die grondslag van die kerk in die Kaapkolonie[71].

1853: Voortsetting van Hervormde kerkreg

In 1853 word die Nederduitsch Hervormde Kerk gestig en deur die regering as staatskerk van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) verklaar[72]. Voorlopig is die 1824-kerkorde van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Kaap net so in die Hervormde Kerk oorgeneem en toegepas[73]. Tien jaar later, op 24 Oktober 1863 is 'n eie kerkwet vir die Hervormde Kerk gefinaliseer en deur die Volksraad van die ZAR bekragtig. Markant van die Hervormde kerkwet is dat dit duidelik gegrond is op die Kaapse Kerkwet van 1842[74]. As uitgangspunt vir die kerkwet geld die beginsel dat 'die Kerk 'n ondeelbare eenheid' is[75]. Die bestuur van die kerk word uitgeoefen '1e. Over de Gemeenten door Kerkeraden; 2e. Door de Commissie der Algemene Kerkvergadering; 3e. Over al de Gemeenten te zamen door de Algemeene Kerkvergadering'[76]. Van 'n terugkeer na die Gereformeerde kerkregtelike beginsels was daar in die Hervormde Kerk van die ZAR duidelik geen sprake nie.

1859: Terugkeer na Gereformeerde kerkreg

Weens hierdie omstandighede was daar steeds woelinge binne die Hervormde Kerk in die Transvaal, veral in Rustenburg waar Philippus Snyman as ouderling gedien het[77]. Daar was nog altyd 'n Gereformeerde element wat ontevrede was met die on-Gereformeerde leer (onder andere die gesange) en inrigting van die kerklike lewe in die Hervormde Kerk[78].

Op 10 Februarie 1859 word die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika herstig[79]. In die skeidingsakte, wat reeds op 12 Januarie 1859 by die Algemene Kerkvergadering ingedien is,

---

[69] Jooste, 1958:44; Van der Watt, 1977:5
[70] Jooste, 1958:44
[71] Van der Watt, 1977:21
[72] d'Assonville, 1992:218
[73] Engelbrecht, 1936:141
[74] Engelbrecht, 1936:142; Storm, 1989:131
[75] Engelbrecht, 1936:142
[76] Engelbrecht, 1936:143
[77] d'Assonville, 1992:219
[78] Engelbrecht, 1953:164; Jooste, 1958:45; d'Assonville, 1992:218
[79] Du Plessis, 1925:135; Krüger, 1957:212; d'Assonville, 1992:225

word onder meer gestel dat diegene wat hulle van die Hervormde Kerk afskei 'wenschen te bestaan als eene Vrije Gereformeerde Kerk, overeenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen, zooals die zich te Dordrecht in de jare 1618 en 1619 hebben geopenbaard in hunne Nationale Synode, de Kerkorde, gewijzigd naar dat onze tegenwoordige omstandigheden het vorderen'[80]. In plaas van die onderhouding van kerkwette en reglemente is teruggegaan na die inrigting van die kerke volgens die Dordtse Kerkorde.

Die terugkeer na die Gereformeerde beginsels van kerkregering het nie sonder voortdurende stryd in die GKSA plaasgevind nie[81]. Spoelstra[82] merk op dat 'die kerkregtelike terugkeer uit die negentiende-eeuse groewe na die spoor wat in 1619 gelê is, vir die Christelike Gereformeerde Kerk (in Nederland - GJM) moeite en spanning gebring' het. Dieselfde is in Suid-Afrika ondervind. Beïndruk deur die andersoortige landsomstandighede en waarskynlik ook begerig om soveel moontlik by oënskynlik onskuldige gebruike aan te sluit, het ds Postma nog vóór die (her)stigting van die Gereformeerde Kerke in 1859 'n Gewysigde Kerkorde ontwerp[83]. Ds J Beyer en andere het teenoor ds Postma vir 'n letterlike aanvaarding van die Dordtse Kerkorde gepleit[84].

Sinode 1862 het die Postma-voorstel verwerp en besluit 'dat de Dordtsche Kerk-orde, van 1618 en 1619, door deze Sijnode, wordt aangenomen, als algemeene Kerke-orde, voor de Gereformeerde Gemeenten, in de drie landen, Zuid-Afrikaansch Republiek, Oranje Vrijstaat en Kaapkolonie, om naar dezelve te handelen in die Kerkregeering, voor zoover dezelve in deze onderscheidene landen, naar de gelegenheid der Gemeenten, kan worden toegepast'[85].

Uit die acta[86] word dit duidelik waarom enersyds besluit is om ds Postma se voorstel vir 'n gewysigde kerkorde nie te aanvaar nie, maar daar andersyds tog 'n kwalifikasie 'naar de gelegenheid der Gemeenten' toegevoeg is: 'De vergadering acht dit beter, dan in de tegenwoordige omstandigheden, eene gewijzigde te ontwerpen, naardien de Kerk, nu voor het eerst Sijnodaal tegenwoordig is, én – de gelegenheden der Gemeenten, nog zeer verschillend zijn, én – de Gemeenten ook bestaan in drie landen, onder verschillende regeringsvormen; overigens wijst de Sijnode, de onderscheidene Gemeenten, op het geheele Kerkelijke Handboekje, om hetzelve in voorkomende gevallen te raadplegen'.

---

[80] Krüger, 1957:207; Spoelstra, 1963:182
[81] Jooste, 1958:87
[82] Spoelstra, 1963:184
[83] Jooste, 1958:84; Van der Vyver, 1958:307 (vergelyk in besonder voetnoot 662 op p. 307); Spoelstra, 1963:185.
[84] Du Toit, 1970:185
[85] Acta, 1862:10, artikel 19a
[86] Acta, 1862:10, artikel 19b

5.2.1.4 Samevatting: Kerklike appèl in die jare 1652 tot 1859

Tiperend van die periode 1652 tot 1795 is dat die Kaapse kerke op papier volgens die Dordtse Kerkorde ingerig en regeer is. Die praktyk van kerkregering was egter radikaal anders. Die Kaapse kerke het onder oorheersing van die Amsterdamse klassis en die plaaslike owerheid gebuk gegaan, wat tot gevolg het dat kerklike appèl en regspraak ooreenkomstig Artikel 31 Dordtse Kerkorde in baie opsigte nie tot sy reg gekom het nie.

Gedurende die periode 1795 tot 1843 word offisieel met die Dordtse Kerkorde weggedoen. Alhoewel die kerke 'n groter mate van vryheid ten opsigte van die owerheid geniet, bring die kerkorde van De Mist, tesame met die aanvullende reglemente wat Sinode 1824 opgestel het, die Nederduits Gereformeerde Kerk onder die juk van sinodokrasie. Die Hervormde Kerk in die ZAR aanvaar in beginsel dieselfde reglemente, wat beteken dat ook in daardie kerkverband sinodokraties te werk gegaan word. Nog steeds word geen ruimte vir kerklike appèl en regspraak ooreenkomstig die beginsels van die Skrif, die Gereformeerde belydenis en die Gereformeerde kerkorde gelaat nie.

Eers in 1859, met die herstigting[87] van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, word die moontlikheid opnuut geskep om in geval van verontregting ooreenkomstig Artikel 31 van die Dordtse Kerkorde op kerklike regspraak 'n appèl te doen.

5.2.2 Artikel 31 KO en die goedgekeurde appèlprosedure

5.2.2.1 Redaksiegeskiedenis van Artikel 31 KO

Vier verskillende nasionale sinodes[88] het oor die bewoording van Artikel 31 KO besluite geneem.

---

[87] Van der Vyver (1958:308) merk op: 'Hoewel die woord 'hersticht' in die dokumente uit die tyd onmiddellik rondom die stigting nie voorkom nie, was dit in wese tog wel daar soos duidelik blyk uit die veelvuldige vermelding dat die stigting 'n terugkeer is na die leer, diens en tug van Dordrecht, 1618-19'.

[88] Opmerklik is die verandering in benaming van dié kerklike vergadering. Vanaf 1862 tot 1930 is daar na 'n *Algemeen Sinodale Vergadering* verwys. Vanaf 1930 tot 1982 is die vergadering *Sinode* genoem. Sedert 1985 staan dit as *Nasionale Sinode* bekend. Geen motivering kon vir die verandering in benaming gevind word nie.

Algemene Sinodale Vergadering 1862

In die kerkorde wat deur Sinode 1862 aanvaar is, word Artikel 31 soos volg weergegee[89]: 'Soo yemand hem beklaagt door de uytsprake der minder Vergaderinge verongelykt te zyn, die selve sal hem tot een meerdere Kerkelyke Vergaderinge beroepen mogen: en 't gene door de meeste stemmen goed gevonden is: sal voor vast en bondig gehouden worden. 't En zy dat 't bewesen worden te strijden tegen het Woord Gods, ofte tegen de Artykelen in dese Generale Synode besloten, soo lange als deselve door geen andere Generale Synode verandert zyn'[90].

Algemene Sinodale Vergadering 1916

Sinode 1916[91] keur 'n gemoderniseerde Nederlandse weergawe van die kerkorde goed. Artikel 31 van die nuut aanvaarde kerkorde lui soos volg: 'Zo iemand zich beklaagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelijkt te zijn, die zal zich op een meerdere kerkelijke vergadering beroepen mogen: en 't geen door de meeste stemmen goedgevonden is, zal voor vast en bondig gehouden worden. Tenzij dat het bewezen worde te strijden tegen 't Woord Gods, of tegen de artikelen in de Sinode besloten, zolang als dezelve door geen ander Sinode veranderd zijn'[92].

Sinodale Vergadering 1930

In 1931 verskyn die eerste Afrikaanse vertaling van die kerkorde, wat in 1930 goedgekeur is[93]. Artikel 31 is soos volg vertaal: 'As iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep; en wat deur die meeste stemme goed gevind is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of met die Artikels van hierdie Kerkorde, solank as hulle nie deur 'n ander Algemene Sinode verander is nie'[94].

---

[89] GKSA, 1912:30
[90] Dit is bykans 'n letterlike weergawe van Artikel 31 van die Dordtse Kerkorde wat in 1618/19 goedgekeur is (sien hoofstuk 3.5.2.6).
[91] Acta, 1916a:48. Sinode 1910 (Acta, 1910:38, 42, 103-104) het aan 'n kommissie van pre-advies opdrag gegee om 'n moderne Nederlandse vertaling van die kerkorde voor te berei.
[92] GKSA, 1916b:22
[93] Acta, 1930:156
[94] GKSA, 1931:22

Sinodale Vergadering 1964

Vanaf 1952 tot 1964 vind 'n lang en ingewikkelde proses van besinning en herbesinning oor die moontlikheid van 'n geheel hersiene kerkorde plaas[95]. Die uiteinde daarvan is dat Sinode 1964[96] die volgende redaksie van Artikel 31 goedkeur: 'Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep.'

5.2.2.2 Ontwikkeling van 'n appèlprosedure

Die eerste algemene sinodes van die GKSA het nie met die behandeling van appèlle te doen gekry nie. In 1907 het daar vir die eerste keer 'n appèl by die algemene sinode gedien. Tog is daar voortdurend oor die wyse van appèl en regspraak ooreenkomstig die vasgestelde kerkorde besin.

Algemene Sinodale Vergadering 1894

Sinode 1894[97] het 'n beskrywingspunt goedgekeur en sodoende 'n algemene reël vir die behandeling van appèlle neergelê: 'Zoo iemand, volgens artikel 31 onzer Kerkorde, wil appelleeren dan moet hij van zijn voornemen kennis geven aan zijn Kerkeraad binnen den tijd

---

[95] Sinode 1952 (Acta, 1952:162, artikel 233) neem kennis van die Gereformeerde Kerken Nederland (GKN) wat met 'n deurtastende revisie van hulle kerkorde begin het. Die GKN se versoek aan die GKSA om met die revisie behulpsaam te wees, word deur die sinode van die hand gewys, aangesien 'ons kerk geen dringende behoefte aan revisie gevoel nie'. Tog besluit die sinode om 'n deputaatskap te benoem om in verbinding te bly met die kerke in die VSA en Nederland in verband met hulle voorgestelde revisie en intussen ook ondersoek te doen of die kerkorde gerevideer moet word. Indien revisie nodig blyk te wees, moet die kommissie aandui wat en hoe die wysiging behoort te wees, en aan die volgende sinode rapporteer.
By Sinode 1955 (Acta:172-178, artikel 200) rapporteer die studiekommissie 'dat die kerkorde sonder twyfel hersien moet word'.
Aan Sinode 1958 (Acta 1958:95, artikel 65) word 'n konsep-kerkorde voorgelê. Die sinode keur dit voorlopig goed, met die verstandhouding dat 'n nuwe kommissie benoem word 'om die gerevideerde Kerkorde opnuut na te gaan en te finaliseer vir voorlegging aan die volgende sinode' (Acta, 1958:108, punt 2b(3)).
Sinode 1961 neem die voorgestelde hersiene kerkorde (HKO) van 1958 ter tafel (Acta, 1961:332). Nadat Sinode 1961 deeglik oor die HKO besin het, word besluit om die beslissing van Sinode 1958, waarvolgens die konsep-kerkorde as 'n voorlopig goedgekeurde revisie aanvaar is, te herroep (Acta, 1961:347, artikel 186). Die sinode besluit verder dat die geldende kerkorde weer met die oog op nuwe formulerings in hersiening geneem sal word (Acta, 1961:347, artikel 103). Met hierdie besluit is finaal van deurtastende revisie van die kerkorde, soos deur die GKN onderneem, afstand gedoen. Met die oog op 'n heeltemal nuwe hersiening van die bestaande kerkorde word as uitgangspunt gestel dat (1) van die bestaande nommering van die kerkorde nie afgewyk moet word nie; en (2) sover moontlik by die bestaande bewoording van die kerkorde gehou moet word.

[96] Acta, 1964:59

[97] Acta, 1894:42, artikel 117

van 14 dagen na ontvangst van de uitspraak des Kerkeraads. En de appellant is dan ook verplicht bij de Algemeene Vergadering in persoon tegenwoordig te zijn'. Die Algemene Vergadering waarna verwys word, is nie net die Algemene Sinode waar al die kerke uit die drie lande byeenkom nie, maar ook die sinode wat in elke land vergader[98]. Opmerklik is die klem wat op die persoonlike aanwesigheid van die appellant geplaas word. In die Hervormde kerkreg *kan* die appellant en die ander party teenwoordig wees[99]. Ooreenkomstig die sinodebesluit van die GKSA *moet* beide partye teenwoordig wees.

'n Tweede beskrywingspunt met betrekking tot die toepassing van Artikel 31 is eweneens deur Sinode 1894[100] goedgekeur: 'Wanneer een lidmaat der Kerk iets belangrijks voor de Synode wenst te brengen, wendt hij zich eerst tot zijn respectieven Kerkeraad of Algemeene Vergadering; wordt hij daar in het ongelijk gesteld, dan volgens artikel 31 der Dordtse Kerkorde, beroept hij zich op de Synode. Geene particuliere vragen zullen in het vervolg toegelaten worden op de Synode, voor zij bij den respectieven Kerkeraad of Algemeene Vergadering beproefd zijn'. Hierdie besluit het primêr betrekking op beskrywingspunte, wat nie onmiddellik aan 'n sinode voorgelê mag word nie, maar deur 'n mindere vergadering behandel en, indien moontlik, afgehandel moet word. Indien 'verongelyking' in die behandeling van die beskrywingspunt plaasvind, kan 'n beroep op die sinode vir regspraak gedoen word.

Sinodale Vergaderinge 1933, 1936 en 1939

Sinode 1933[101] keur 'n beskrywingspunt goed wat vra dat 'n kommissie benoem word om die behandeling van appèlle beter te reël. Die kommissie moet by die eersvolgende Generale Sinode verslag doen.

Die kommissie rapporteer by Sinode 1936 oor drie beginsels waarop Artikel 31 KO wys, wat in 1939 die ruggraat van die sinodebesluit sou word[102]. Die sinode oordeel dat die kommissie-rapport bepaalde tekortkominge bevat, en wys daarom opnuut 'n studiekommissie aan met as opdrag 'om die behandeling van appèl op die Meerdere Vergadering beter te reël, veral waar dit tugsake geld'. Sinode 1936 besluit ook om 'n tydlimiet aan kennisgewing van appèl te stel: 'As iemand volgens hierdie artikel wil appelleer, moet hy aan sy Kerkraad, of in geval van 'n

---

[98] In huidige terme sou dit 'n partikuliere sinode genoem word.
[99] Vergelyk artikels 97 en 134 in die 'Algemeen reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika' waarna paragraaf 5.2.1.1 verwys.
[100] Acta, 1894:42, artikel 118
[101] Acta, 1933:45, artikel 49 XVII
[102] Acta, 1936:167-168, artikel 151

Meerdere Vergadering, van sy voorneme kennis gee binne die tyd van ses weke na die datum van kennisgewing waarin hy skriftelik kennis kry van die beslissing waarteen hy appelleer'[103].

Sinode 1939[104] keur 'n appèlprosedure goed wat op drie beginsels van Artikel 31 KO rus, naamlik (1) dat beroep op meerdere vergaderings moontlik is; (2) die meerderheid beslis; en (3) kerklike besluite is geldig tensy hulle in stryd is met die Woord van God. By al drie beginsels word daar met die oog op vrugbare prosedure bepaalde reëlings gestipuleer:

'1. Dat beroep op meerdere vergaderings moontlik is.
   Dit veronderstel dat besluite van meerdere vergaderings feilbaar is.
   (a) Beroep op meerdere vergaderings is moontlik 'as iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is'. Dus alleen by *krenking van reg* mag geappelleer word.
   (b) Die appèl moet wees van 'n mindere op 'n meerdere vergadering.
   (c) Die appellant moet die gronde van sy besware in eie woorde skriftelik voor die meerdere vergadering lê en daarnaas die mindere vergadering se besluit waarteen geappelleer word, in die offisiële redaksie. As die appellant verkies, mag hy in persoon verskyn om verdere toeligting te gee op sy besware.
   (d) As iemand volgens hierdie artikel wil appelleer, moet hy aan sy kerkraad, of in die geval van 'n meerdere vergadering, van sy voorneme kennis gee binne die tyd van ses weke na die datum van kennisgewing waarin hy skriftelik kennis kry van die beslissing waarteen hy appelleer.
2. Die tweede beginsel is: Die meerderheid beslis, nl. 'wat deur die meeste stemme goedgevind is, moet as vas en bindend beskou word'. Die minderheid moet hom onderwerp aan die meerderheid. Eis is dus dat die diskussie oor 'n appèl die saak so ryp moet maak dat die besluit met 'n besliste meerderheid geneem kan word.
3. Die derde beginsel is vervat in die woord van art. 31: 'tensy bewys word dat dit ... verander is'.
   Die bedoeling van hierdie deel van die artikel is duidelik:
   (a) kerklike besluite is geldig tensy hulle in stryd is met die Woord van God;
   (b) in konkrete gevalle mag kerklike besluite nie ingaan teen die artikels van die kerkorde nie, solank die artikels nie verander is nie.
4. Op grond van hierdie grondbeginsels vereis 'n vrugbare prosedure dat, indien nodig, by die aanvang van die sitting van 'n meerdere vergadering (klassis, partikuliere sinode of generale sinode), 'n spesiale appèlkommissie benoem word, waarvan die Professor in Kerkreg, indien hy teenwoordig is, *ex-officio* lid moet wees; alle appèlsake word dan na daardie kommissie verwys, wat belas word om:

[103] Acta, 1936:169
[104] Acta, 1939:143-145, artikel 135. Die volledige appèlprosedure is as Bylae 2 ingevoeg.

(a) alle stukke in verband met die appèl na te gaan en te beoordeel of die appèl ontvanklik is;
(b) die appellant te hoor met sy getuies en die verdediging van die liggaam waarteen geappelleer word;
(c) die meerdere vergadering van advies te dien omtrent die besluit wat geneem moet word, na 'n kort uiteensetting van die feite in die appèl aangevoer. Wel te verstaan, behoudens die reg van die appellant volgens art. 31 Kerkorde.

5. Alle tugsake word met geslote deure behandel.'

'n Amendement het gedien wat voorstel dat 'lede van die Appèlkommissie nie met appellante buite die vergadering om samesprekings mag hou nie. As 'n lid hom hieraan skuldig maak, sal hy gediskwalifiseer word om op die Kommissie te dien'[105]. Die voorstel is nie deur die sinode aanvaar nie.

Sinodale Vergadering 1967

By Sinode 1967[106] het 'n vraag oor die appèlprosedure gedien. Oor die sinsnede '... van sy voorneme kennis gee binne die tydperk van ses weke na die datum van kennisgewing waarin hy (appellant) skriftelik kennis kry van die beslissing waarteen hy appelleer' word nadere verklaring en interpretasie gevra. Die vraag word soos volg gemotiveer:

'1. Die gees van hierdie prosedurepunt is duidelik: Ou besluite moet nie opgehaal word om teen te appelleer nie. Die bedoeling is klaarblyklik dat 'n tydperk van ses weke gestel word vanaf die tyd dat die besluit geneem is.
2. Soos artikel 1(d) egter in sy huidige bewoording lui, kan dit verkeerd geïnterpreteer word, naamlik dat iemand byvoorbeeld teen 'n besluit van 'n jaar gelede of selfs langer kan appelleer, alleen met dié voorbehoud dat dit moet geskied binne ses weke nadat hy skriftelik kennis gekry het van die besluit waarteen hy wil appelleer.
3. In die praktyk kan mens dan die geval kry dat iemand afwesig was toe 'n kerkraad 'n besluit geneem het of selfs vir 'n aansienlike tyd onbewus was daarvan. Indien so 'n persoon byvoorbeeld nege maande daarna van die besluit verneem en hy wil appelleer, staan die weg daartoe nog oop, indien hy maar net appelleer binne ses weke nadat die skriba hom skriftelik kennis gegee het van die besluit waarteen hy wil appelleer'.

Die Sinode oordeel dat die appèlprosedure duidelik genoeg is en ag geen nadere interpretasie nodig nie.

---

[105] Acta, 1939:145
[106] Acta, 1967:586-587, artikel 199

Aan 'n beskrywingspunt om die appèlprosedure so te wysig dat dit aanpas by die nuwe redaksie van Artikel 31 KO (1964), word wel gevolg gegee[107].

Sinodale Vergadering 1973

'n Versoek word deur Sinode 1973[108] goedgekeur om die bestaande prosedure van appèlsake te hersien. Punt 4c van die bestaande prosedure wat lui dat dit die taak van die spesiale appèlkommissie is om 'die meerdere vergadering van advies te dien omtrent die besluit wat geneem moet word, na 'n kort uiteensetting van die feite in die appèl aangevoer, wel te verstane behoudens die reg van die appellant volgens art. 31 KO' word soos volg geïnterpreteer: 'Die appellant en die verweerder moet na(dat – GJM) die rapport van die appèlkommissie ter tafel geneem is, die reg tot repliek hê'.

Sinode 1982

Voor Sinode 1982[109] dien 'n verslag van 'n kommissie van pre-advies insake adviseurs by die appèlkommissie. Na aanleiding van die onsekerheid oor die posisie en optrede van die professor in kerkreg by Sinode 1979[110] adviseer die kommissie 'dat die sinode 'n weg aanwys sodat probleme in die toekoms uitgeskakel kan word'. Die sinode besluit egter om van die saak af te stap.

Nasionale Sinode 1985

'n Beskrywingspunt dien by Sinode 1985[111] waarin voorgestel word dat die volgende toevoeging tot die bestaande appèlprosedure gemaak word: "n Appellant dien ten minste veertien (14) dae voor die aanvang van die meerdere vergadering waar sy appèl sal dien, die skriftelike uiteensetting van die gronde van sy beswaar in, en die stukke sal tot beskikking van die afgevaardigdes van die meerdere vergadering gestel word'. Vyf redes word vir die voorgestelde reëling gegee:

- Dit gee aan die toeligters van 'n mindere of meerdere vergadering die geleentheid om na behore vir sodanige appèl voor te berei.
- Dit gee aan die afgevaardigdes na die meerdere vergadering die geleentheid om insae te kry en volledige voorbereiding hieroor te doen.

[107] Acta, 1967:587, artikel 200
[108] Acta, 1973:191
[109] Acta, 1982:136, artikel 60
[110] Acta, 1979:258-260
[111] Acta, 1985:524-525, artikel 111

- Artikel 31 sal baie meer tot sy reg kom, aangesien stukke nie tydens die vergadering ten volle bestudeer kan word nie.
- Die reg van beide partye in 'n appèlsaak word hierdeur gedien.
- In 'n appèlsaak kan daar van geen wedywering om te uitoorlê of verrassingselement sprake wees nie. Die waarheid volgens Gods Woord moet seëvier – dit is die inhoud van Artikel 31, en dit is die beginsel van Artikel 30 KO dat so 'n saak op 'n kerklike wyse behandel sal word.

Die kommissie wat die beskrywingspunt moes beoordeel en die sinode van advies moes bedien, het onder andere bevind dat 'n prosedure-aanpassing soos in die beskrywingspunt verwoord, nie altyd prakties uitvoerbaar is nie. Die tydsduur tussen 'n betrokke mindere en meerdere vergadering laat soms nie 'n spertyd van 14 dae toe nie. Verder is baie appèlle vertroulik van aard, sodat dit nie gepubliseer kan word nie. Die sinode[112] besluit om aan die beskrywingspunt in 'n gewysigde vorm gevolg te gee: 'Die appellant stel waar moontlik (verkieslik 14 dae) voor die betrokke meerdere vergadering sy appèl, met uiteensetting van gronde skriftelik ter beskikking van die korresponderende kerkraad/Deputate vir korrespondensie (KO, art 45)'.

Nasionale Sinode 1991

Sinode 1991[113] keur 'n beskrywingspunt goed waarvolgens 'n regskommissie, bestaande uit drie lede wat deur die sinode benoem word en een deputaat van elke partikuliere sinode, aangewys word. 'Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ontvanklikheid van alle Appèlle en Beswaarskrifte. Verder behoort die Regskommissie hulle ten volle in te werk op die inhoud van die onderskeie Appèlle en Beswaarskrifte sonder dat tot enige besluit geraak word'[114]. Die oogmerk hiermee is om die regspraak en regshandelinge van die sinode kwalitatief te verhoog en meer vaartbelyn te maak. 'Kerklike regspraak maak 'n essensiële deel van kerkregering uit. Op die voorgestelde wyse kan regsake beter as tans deurdink en beoordeel word. 'n Gereformeerde sinode moet uitmunt in deeglikheid waarmee prinsipiële sake behandel word, juis sodat Christus se regering oor sy kerk helder sigbaar mag word'[115]. Die sinode wil egter met die aanvaarding van sodanige prosedure ten alle koste voorkom dat sodanige Regskommissie tot 'n voorlopige of finale besluit kom voordat die saak deur die Sinode in behandeling geneem is. Dit sou op prejudisering neerkom. Geleentheid moet nog altyd aan die appellant of beswaarde toegesê

[112] Acta, 1985:525, punt 3
[113] Acta, 1991:539-540, artikel 22.19
[114] Acta, 1991:540, punt E, aanbeveling 2
[115] Acta, 1991:539, motivering 1

word om die sinode in te lig voordat die saak na die Regs- of Kerkregtelike Kommissie verwys word[116].

Sinode 1991[117] keur ook 'n beswaarskrif goed waarin gevra word dat die professor in kerkreg voortaan nie meer *ex officio* lid van die appèlkommissie van die sinode sal wees nie.

Nasionale Sinode 1997

Sinode 1997[118] keur 'n beskrywingspunt oor 'n onderdeel van die bestaande appèlprosedure goed. 'Indien 'n appellant (of toeligter) meen dat die getuienis of toeligting van enige getuie oor die tersaaklike appèl nodig is, rus die volgende verantwoordelikhede op die betrokke appellant (of toeligter):

* Nader self enige getuie en voorsien die nodige en relevante getuienis of inligting met betrekking tot die appèl (of toeligting).
* Maak seker dat alle gegewens en getuienis of toeligting vir die betrokke vergadering waarop die appèl sal dien, beskikbaar sal wees.'

As motivering vir die beskrywingspunt word gestel dat prosedurereëlings by appèlle sover moontlik voorsiening behoort te maak vir en diensbaar moet wees aan verantwoordelike regspraak. Daarom moet daar geleentheid wees vir noodsaaklike getuienis en/of toeligting wat 'n appellant of toeligter ter ondersteuning of verduideliking van sy/hulle saak sou wou aanvoer of gebruik. Die sinode gee aan die beskrywingspunt gevolg omdat 'die huidige ordereëlings nie die problematiek van verantwoordelikheid vir getuies aanspreek nie en die beskrywingspunt die verantwoordelikheid van appellante/toeligters duidelik uitspel'[119].

Prosedure 1998

In die Kerkordeboekie van 1998 word 'n oorsig oor en samevatting van al die verskillende sinodebesluite insake appèlprosedures weergegee[120]. Dit word aangebied as 'bylaes by artikel 31'.

In die saamgevatte appèlprosedure word die aandag ook op die Appèlreglement[121] van die

[116] Acta, 1991:540, punt E, motivering 2
[117] Acta, 1991:524-526, artikel 22.12
[118] Acta, 1997:545-546, artikel 21.7
[119] Acta, 1997:546
[120] GKSA, 1998:45-46
[121] GKSA, 1998:45

Algemene Sinode[122] gevestig:

- 'Beroep van 'n Nasionale Sinode op 'n Algemene Sinode is slegs moontlik wanneer 'n beroep gedoen word op die Skrif, Belydenis en Kerkorde of 'n uitspraak van die Algemene Sinode.
- Die appellant moet die gronde van sy besware in eie woorde skriftelik voor die Algemene Sinode lê en daarnaas in die offisiële redaksie die Nasionale Sinode se besluit waarteen geappelleer word. As die appellant verkies, mag hy in persoon verskyn om verdere toeligting op sy besware te gee.
- Die appellant moet aan die korresponderende kerkraad of deputate vir korrespondensie van die betrokke Nasionale Sinode (kyk Artikel 45 KO[123]) kennis gee van sy voorneme om te appelleer, sodat benodigde stukke by die Algemene Sinode beskikbaar kan wees'[124].

Nasionale Sinode 2006

'n Voorstel het by Sinode 2006 gedien waarvolgens 'ondersoek gedoen gaan word na die moontlikheid[125] en werkwyse van Deputate Appèlle en Deputate Beswaarskrifte met behoud van die beginsels vir Appèlsake (Acta 1939:144-145) en beswaarskrifte (Acta 1991:527-528, Acta 1994:53-55)'. Die deputate wat die ondersoek moet doen, word 'geadviseer om by buitelandse kerke met wie die GKSA in ekumeniese eenheid is, navraag oor hulle werkwyse te doen (Artikel 85 KO[126])'. Die studiedeputate moet 'die volgende sinode oor die samestelling, werkwyse en prosedures ten opsigte van sodanige Deputate asook die praktiese prosedures en konsekwensies van appèlle en beswaarskrifte adviseer'. Die voorstel is met 'n enkele wysiging goedgekeur[127].

5.2.3 Appèl in praktyk

Verskeie kerklike vergaderinge handel met appèlle. In die volgende paragrawe word slegs 'n oorsig oor appèlsake wat deur nasionale sinodes hanteer is, gegee. Dit word aanvaar dat die praktyk wat by die nasionale sinodes gevolg word tekenend is van hoe daar oor die algemeen met appèl in die GKSA omgegaan word.

---

[122] Die Algemene Sinode is 'n vergadering van al die nasionale sinodes waarheen elke nasionale sinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos deur die algemene sinode bepaal, afvaardig (Artikel 51 KO).
[123] Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 45 KO.
[124] Acta Algemene Sinode, 1984:31-32, artikel 22
[125] Die sinode het in sy besluit die woord 'moontlikheid' met 'alternatiewe' vervang. Dit maak die sin onleesbaar en verwarrend, en die opdrag onduidelik.
[126] Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 85 KO.
[127] Notule, 2006:63, artikel 286

Algemene Sinodale Vergadering 1907

Die eerste appèl wat voor 'n algemene sinode gedien het was in 1907. Sinode 1907 behandel 'n appèl wat twee broeders teen 'n besluit van die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Transvaal ingedien het. Die acta[128] vermeld dat die appellante ooreenkomstig die vasgestelde reëling van 1894 aanwesig was. Hulle beswaarskrif is gelees en geleentheid vir toeligting is gegee. Die besluit wat geneem is weerspieël die wyse waarop daar met die appèl gehandel is: 'De Synode alles gehoord en overwogen hebbende wat de twee broeders als bezwaar voor den kerkeraad van Pretoria en later voor de Algemeene Vergadering gebracht hebben, – is van oordeel dat de Kerkeraad wel wat meer kon gedaan hebben om hunne bezwaren weg te nemen – maar niet het houden van het Avondmaal langer kon worden uitgesteld. Wat zij, n.l. de bezwaarde broeders, uit oude schrijvers en Dr. A. Kuyper aanhalen, ziet niet op gevallen als het onderhavige, maar op de zelfbeproeving van den Avondmaalganger. De Synode kan dus niet anders dan de uitspraak der Algemeene Vergadering bekrachtigen'[129].

Algemene Sinodale Vergadering 1910

Sinode 1910 behandel 'n appèl van die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Belfast teen 'n besluit van die Algemene Vergadering van Transvaal[130]. Anders as in 1907 word 'n kommissie benoem om die appèl te ondersoek en aan die vergadering verslag te doen[131]. Uit die kommissieverslag[132] word dit duidelik hoe die appèl hanteer is. Die stukke wat oor die oorspronklike geskil tussen die kerkrade van Belfast en Lydenburg gedien het, is ter tafel geneem. Die kommissie het op grond van 'n 'ernstig documentaire onderzoek' sowel as 'het inwinnen van persoonlijke getuigenissen' tot die oordeel gekom dat die uitspraak van die Algemene Vergadering van Transvaal waarteen die kerkraad van Belfast appelleer 'eene nuchtere' was en 'niet in strijd met het recht'. Die advies van die kommissie aan die sinode is dat die uitspraak van die mindere vergadering gehandhaaf moet word en die appèl van die hand gewys word. Die kommissieverslag word 'goedgekeurd en aangenomen'[133].

[128] Acta, 1907:26, artikel 73
[129] Acta 1907:26, artikel 76
[130] Acta, 1910:16, artikel 18
[131] Acta, 1910:41, artikel 96
[132] Bylae H by die Acta, ongepubliseerd, Argief GKSA Potchefstroom.
[133] Acta, 1910:42, artikel 96

Algemene Sinodale Vergadering 1916

Behalwe dat 'n nuwe vertaling van die kerkorde aanvaar is, het Sinode 1916[134] 'n appèl van die kerkraad van Pretoria teen 'n besluit van die Algemene Vergadering van Transvaal ter tafel geneem. Die kerkraad van Pretoria beredeneer in die appèl dat die kerkraad van Johannesburg tydens die Algemene Vergadering van Transvaal as regter in sy eie saak opgetree het, aangesien twee van sy afgevaardigdes oor 'n saak gestem het wat die kerkraad van Johannesburg direk aangegaan het. Die sinode handel die appèl af, sonder om dit vooraf na 'n kommissie te verwys. Op 'n voorstel uit die vergadering besluit die sinode met meerderheid van stemme 'om in deze appèlzaak de Kerkeraad van Pretoria in gelijk te stellen, volgens Art. 33, D.K.O.'.

Algemene Sinodale Vergadering 1920

Op die agenda word aangedui dat 'n appèl van die Gereformeerde Kerk Ladybrand by monde van hulle predikant teen die Algemene Vergadering van die Oranje Vrystaat sal dien. Die oomblik toe die appèl gestel moes word, blyk dat geen stukke ter tafel is nie. Die deputate van die Algemene Vergadering van die Oranje Vrystaat maak beswaar teen eventuele behandeling van so 'n appèl, aangesien die mindere vergadering teen wie se uitspraak geappelleer word, geen kennis gehad het dat die kerkraad van Ladybrand in beroep sou gaan nie. Op grond van die afwesigheid van stukke en die beswaar van die deputate van die mindere vergadering besluit die sinode om nie op die saak in te gaan nie[135].

Algemene Sinodale Vergadering 1924

'n Mosie word voorgehou[136], waarin met leedwese opgemerk word dat daar 'nie minder as 5 appèlsake, en een beswaarskrif' op die agenda van die sinode dien. In die mosie word gewys op die 'meer of minder onaangenaamheid, en die kosbare tyd en krag van die Sinode' wat hieraan opgeoffer word. 'Met volle erkentlikheid van die heilige reg van appèl volgens art. 31, D.K.O. moet die Sinode tog ernstig waarsku teen appèlsug in ons boesem. Dis wel persoonlik reg, maar daarvan mag nie, dan by hoge uitzondering, gebruik gemaak word'. Na enige bespreking word die mosie teruggetrek.

---

[134] Acta, 1916:53
[135] Acta, 1920:51, artikel 114
[136] Acta, 1924:65, artikel 192

Sinodale Vergadering 1933

Voorts behandel Sinode 1933[137] verskeie appèlle en besware wat op die Partikuliere Sinode van Transvaal se besluit insake die indeling van gemeentes in 'n ander klassis betrekking het. 'n Dogmaties-kerkregtelike kommissie doen vooraf ondersoek na die ontvanklikheid van die appèlle en beveel aan dat die sinode 'op die saak ingaan'[138]. 'n Appèlkommissie is benoem om die sinode oor regspraak te adviseer. Uit die rapport van die appèlkommissie[139] blyk dat:

- alle tersaaklike dokumente (appèlstukke van die appellante, notuleboeke van die betrokke kerkraad, klassis en partikuliere sinode) nagegaan is;
- getuienis van 'n predikant asook 'n ander belanghebbende broeder én deputate van die klassis wat direk by die saak betrokke was afgeneem is; daar is eweneens getuienis van die appellante aangehoor;
- 'deeglike ondersoek en bespreking' van die saak plaasgevind het.

In die advies aan die sinode word die regsgronde, waarvolgens die kommissie oordeel, uiteengesit. Die sinode word ter inligting op die aanleiding tot verontregting, wat aan die appèlle ten grondslag lê, gewys: 'minder duidelike inligting' van die kant van die klassis het tot 'tweërlei verklaring' van besluite gelei, met die gevolg dat lidmate wat deur die besluite geraak is, in die duister was. Aan die ander kant 'blyk dat daar ook ongereeldhede was in die optrede van die betrokke broeders (appellante – GJM)'. Uit die gesprekke van die kommissie met al die betrokkenes blyk verder dat almal die 'innige begeerte uitgespreek het dat liefde en Christelike verdraagsaamheid sal bestaan'. Die kommissie adviseer die sinode dat:

- die appèl op kerkregtelike gronde van die hand gewys word;
- 'n ernstige beroep op die appellante gedoen word om by die beslissing te berus en hulleself te onderwerp aan die kerkregtelike bepalinge omtrent grensreëling;
- die betrokke kerkrade tot uiterste lankmoedigheid by die behandeling van sodanige kwessies gemaan word.

'n Tweede appèl wat op die saak betrekking het, en oor die toepassing van die kerklike tug handel, word 'terug verwys na die mindere vergadering waar hulle hul saak aanhangig kan maak'[140].

Met betrekking tot 'n derde appèl adviseer die kommissie die sinode om die kerkraad wat die appèl ingedien het te antwoord dat die sinode 'nie op die Appèl kan ingaan nie aangesien die

---

[137] Acta, 1933:10, artikel 11c
[138] Acta, 1933:53, artikel 64
[139] Acta, 1933:108-109
[140] Acta, 1933:109

kerkraad geen kerkregtelike besware aanvoer teen die besluit nie, maar hulle nie wil onderwerp aan die beslissing van die Meerdere vergadering nie'[141].

As naskrif stel die kommissie: 'Na aanleiding van die advies van die kommissie oor hierdie en ander punte en na aanleiding van die nog bestaande beroeringe en onvrede in die gemeentes van Pretoria en Pretoria Oos gee u kommissie aan die hand dat die Sinode 'n poging aanwend om voor dat hy uitmekaar gaan vrede hier te bewerkstellig sonder dat moontlike aanhangige sake daardeur geprejudiseer word en dat daarvoor 'n kommissie deur die Eerw. Sinode benoem word'[142]. Die sinode het die advies van die kommissie opgevolg en twee afgevaardigdes benoem wat met die betrokkenes 'samesprekings sal hê vir 'n broederlike oplossing'[143].

Sinodale Vergadering 1942

Drie appèlle word ooreenkomstig die prosedure van 1939 deur Sinode 1942 behandel[144].

Die derde appèl[145] 'gaan teen 'n besluit van die Part. Sinode van Johannesburg-Noord 1941, waarin vasgestel is dat "albei partye" gefouteer het (a) in verband met die terugtrekking van die appèlle: Die sinode, wat nie duidelik genoeg gesê het dat die appèlle vir goed en onvoorwaardelik teruggetrek moes word, voordat die versoeningskommissie sy werk kon gaan doen nie, en: Die Appellante, deur nie duidelik genoeg te sê dat hulle die appèl net tydelik en voorwaardelik terugtrek nie. Ook (b) by die versoening te Lichtenburg: Die versoeningskommissie het uitdrukkings gebruik wat die indruk van *dwang* kon skep, en: Die appellante het hierdie versoening aanvaar, en *na* hulle die vrugte van hierdie versoening geniet het, weer begin met besware teen die versoening omdat dit onder dwang geskied het. Hierdie foutering was egter ter goedertrou en daarom moet albei partye nou berus'.

Die appellante versoek dat die uitspraak van die partikuliere sinode om te berus nietig verklaar word, en dat die sinode uitspraak oor die oorspronklike appèl van 1938 sal gee.

Die sinode gee nie aan die versoek van die appellante gehoor nie. Die sinode spreek uit dat 'die aanvaarding van die versoening deur die appellante op Lichtenburg geen ander betekenis kan hê nie, as dat die appèlle daarmee verval het: Hiermee was en bly die saak beëindig, sodat alle verdere voortsetting van appèl op onversoenlikheid neerkom'.

---

[141] Acta, 1933:110, punt 6
[142] Acta, 1933:110-111
[143] Acta, 1933:112
[144] Acta, 1942:166-170, artikels 99-101
[145] Acta, 1942:170, punt 4(a)

In aansluiting by die aanbeveling insake die appèl adviseer die appèlkommissie die sinode 'dat ons meerdere vergaderings, waar appèlle dien, in die toekoms alle syweë sal vermy, waardeur onnodige en pynlike vertraging veroorsaak word, en hulle streng daartoe sal bepaal om uitsprake te gee ooreenkomstig Art. 31 K.O. en Art. 135 Acta van die Generale Sinode 1939'[146]. Die bedoeling met die advies is dat meerdere vergaderings tot die kern van regsake sal deurdring en hulle nie op allerlei syspore laat begeef nie. Indien van die kern wegbeweeg word, word die regsgang vertraag met die waarskynlike gevolg dat onreg en daarmee gepaardgaande ellende toeneem. Die sinode besluit om hierdie teregwysing nie te aanvaar nie, maar 'weg te laat'.

Sinodale Vergadering 1945

Voor Sinode 1945[147] dien 'n appèl van 'n broeder en suster wat meen dat hulle verontreg is omdat 'n klassis en partikuliere sinode die beroep wat op hulle gedoen is om oor 'n saak tussen die broeder en suster en hulle kerkraad reg te spreek, onontvanklik verklaar het. Die sinode oordeel dat die broeder en suster inderdaad deur die mindere vergaderings verontreg is en 'verklaar die appèl as geslaagd'. Afgesien van die appèl het die broeder en suster 'n brief aan die sinode gerig, waarin hulle die sinode versoek 'om 'n weg oop te maak waardeur hulle weer kan deel in die gemeenskap met die medegelowiges. Die sinode besluit op aanbeveling van die kommissie wat oor die appèl advies gegee het 'dat op bogemelde brief vriendelik geantwoord sal word dat die weg om tot kerklike gemeenskap toe te tree die plaaslike Kerkraad is'.

Sinodale Vergadering 1961

Sinode 1961[148] behandel 'n ingewikkelde appèl. In hulle uitspraak bevind die sinode op grond van die aanbeveling van die appèlkommissie wat die saak in diepte ondersoek het 'dat die Appellant reg het om hom verontreg te voel deur die uitspraak van die eerwaarde Part. Sinode Oos-Transvaal. Derhalwe slaag die appèl op al die punte'.

Sinodale Vergadering 1967

Sinode 1967[149] het vier appèlsake in behandeling geneem. Al vier sake is op dieselfde manier hanteer. Nadat die appèl ontvanklik verklaar en aan die sinode gestel is, gee die appellante

[146] Acta, 1942:170, artikel 102
[147] Acta, 1945:189-191, artikel 243
[148] Acta, 1961:137-142, artikel 43
[149] Acta, 1967:68-89, artikel 22

toeligting aan die appèlkommissie wat die vergadering oor regspraak moet adviseer en nie aan die hele sinode nie. Uit die verslag van die appèlkommissie blyk dat die kommissie deeglik na al die stukke ter tafel gekyk het. Die kommissie beredeneer die saak, ondersoek die kern daarvan en adviseer die sinode ooreenkomstig hulle bevindinge. Die besluite van die sinode is in al vier gevalle ten gunste van die advies van die appèlkommissie: die rapport word met dank aanvaar[150].

Sinodale Vergadering 1970

'n Appèl van 'n kerkraad teen 'n partikuliere sinode dien voor Sinode 1970[151]. Bo en behalwe die nagaan van die ter sake stukke, word aan die betrokke partye geleentheid gegee om hulle saak aan die appèlkommissie te stel[152]. Die sinode besluit dat sekere dele van die appèl slaag en ander nie. 'n Tweede appèl wat voor die sinode dien, het op 'n onverkwiklike situasie tussen 'n broeder en sy kerkraad betrekking[153]. Die verontregte broeder het onsuksesvol na die klassis en die partikuliere sinode geappelleer, en doen 'n beroep op die nasionale sinode om regspraak te lewer. Hy lê voor al drie onderskeie meerdere vergaderinge dieselfde gronde vir verontregting neer. Uit die acta van Sinode 1970 word nie duidelik of die appellant en die kerkraad by die sinode teenwoordig was nie. Die appèlkommissie van die sinode het 'die saak nagegaan en uit die massa gegewens dit wat werklik betrekking het probeer uitsif'[154]. Die sinode spreek uit dat die appèl van die broeder op drie van die vyf gronde slaag. Daarmee word die uitsprake van die mindere vergaderings oor dié saak tersyde gestel. Die sinode bedank die appèlkommissie vir hulle werk[155].

Sinode 1973

Voor Sinode 1973 dien verskeie appèlskrifte. In twee gevalle kan die appèlkommissie nie 'n eenduidige aanbeveling maak nie, maar word die sinode met 'n meerderheids- en minderheidsrapport bedien[156]. In beide gevalle word sonder opgaaf van redes aan die meerderheidsrapport gevolg gegee, en besluit dat die appèlle nie slaag nie.

Die appèlkommissies wat die sinode oor regspraak adviseer, maak in hulle rapport vir die eerste keer 'n onderskeid tussen formele en materiële gronde waarop die appèl berus en

[150] Acta, 1967:72, 77, 83, 89
[151] Acta, 1970:152-155, artikel 80
[152] Acta, 1970:153, artikel 80 D2
[153] Acta, 1970:156-167, artikel 85
[154] Acta, 1970:166, artikel 4a
[155] Acta, 1970:167
[156] Acta, 1973:227-23 en 1973:236-241

waarvolgens dit beoordeel moet word[157]. Die *formele* gronde verwys na die regsproses wat die appèl vanaf die mindere vergadering na die meerdere vergadering gevolg het. Die *materiële* gronde bevat 'n kort historiese oorsig oor die agtergrond van die appèl (opsomming van die saak), en die redes waarom die appellant meen dat hy verontreg is. Elke formele en materiële grond word afsonderlik deur die appèlkommissie beredeneer en aan die regsbeginsels getoets, waarna tot 'n bevinding gekom word wat by wyse van advies met die oog op regspraak aan die sinode voorgelê word.

Sinode 1976

'n Appèl word behandel waarin die saak van formalistiese behandeling van regsake aan die orde kom[158]. Alhoewel twee rapporte by wyse van advies voor die sinode gedien het, is almal dit eens dat 'letterknegtelike eerbiediging van 'n prosedurereël' en 'starre formalisme' 'n wesenlike gevaar vir goeie regspraak inhou[159]. In beide rapporte word die mening uitgespreek dat die mindere vergadering die betrokke saak waaroor die appèl handel nie reg hanteer het nie, omdat 'die aanvaarding van 'n bloot formele reël van prosedure as deurslaggewend by hierdie appèl wesentlik die gevaar inhou dat onreg geskied'[160]. Daar word op die nadelige gevolge gewys wanneer 'n vergadering wat moet regspreek 'bloot 'n appèl laat slaag' in plaas daarvan om 'op al die sake in te gaan en die gewenste optrede by die onderhawige partye te bewerkstellig'[161]. Die sinode besluit om geen uitspraak oor die appèl te lewer nie, maar die hele aangeleentheid in die lig van die bevindings na die betrokke kerkraad terug te verwys[162].

Sinode 1979

Drie appèlsake dien voor Sinode 1979[163]. Die inhoud van die drie appèlskrifte, asook die sinode se behandeling daarvan, is ooglopend regstegnies van aard. Die sinode besluit met betrekking tot die drie onderskeie appèlsake dat die adviese van die kommissies, wat ook talle beredeneringe en regsbevindinge insluit, aanvaar word. In een van drie sake moes 'n *ad hoc* kommissie aangewys word om ondersoek te doen na 'n klag van die appellant dat die professor in kerkreg, wat as adviseur op die appèlkommissie gedien het, moontlik gepre-judiseer kon wees[164].

---

[157] Vergelyk Acta, 1973:228, 231-232
[158] Acta, 1976:217-225, artikel 77
[159] Acta, 1976:222, punt 5.4
[160] Acta, 1976:223, punt 6.3
[161] Acta, 1976:225, punt 4.2
[162] Acta, 1976:223, punt 7 en Acta 1976:225 punt E
[163] Acta, 1979:241-245, artikel 62; Acta, 1979:245-261, artikel 63; Acta, 1979:402-407, artikel 118
[164] Acta, 1979:258-260, punt I in samehang met punt H

Sinode 1982

Twee appèlle wat voor die sinode gedien het word weens tegniese redes[165] onontvanklik verklaar[166]. Die sinode neem hierdie besluit nieteenstaande die regskommissie se aanbeveling dat daar vir die appellante geleentheid geskep moet word om die nodige bewyse te lewer dat daar geen nalatigheid ten opsigte van die kennisgewing van appèl was nie.

In 'n ander appèl teen 'n besluit van 'n partikuliere sinode voer 'n kerkraad aan dat hulle predikante ten onregte in 'n staat van beskuldiging gestel word, terwyl 'n klag van leerdwaling nie teen hulle ingebring en behandel is nie[167]. Die sinode gee die appellerende kerkraad gelyk 'en verwys die saak terug om ooreenkomstig art. 79 KO behandel te word'[168].

Die sinode spreek hom ook oor appèl van 'n teologiese kandidaat uit[169]. Die kandidaat meen dat hy verontreg is omdat 'n partikuliere sinode, wat hom met die oog op proponering moes eksamineer, nie 'n ordelike en regverdige besluit oor sy eksamenpreke geneem het nie. Die appèl van die kandidaat slaag op sekere punte[170]. Die sinode spreek nie uit wat die effek van die regspraak is nie.

Twee appèlle wat op tughandelinge oor ampsdraers betrekking het[171] asook 'n verdere twee appèlle in verband met kerkverbandelike aangeleenthede[172] word in diepte bespreek. In sy uitsprake volstaan die sinode met 'n aanvaarding van die onderskeie kommissierapporte.

Nasionale Sinode 1985

'n Sestal appèlle word deur Sinode 1985 behandel[173]. Die reeds gevestigde patroon om die appèl na 'n kommissie te verwys en met 'n besluit oor die kommissierapport te volstaan, word gevolg. Een van die sake vertoon egter 'n uitsondering op die reëlmaat[174]. Drie broeders appelleer in verband met die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar wat as kerk in die kerkverband van die GKSA opgeneem word. In die appèl word onder andere verwys na onafgehandelde tugsake waaraan in die proses van opname in die kerkverband nie

---

[165] Stukke wat klaarblyklik nie betyds ontvang is nie, terwyl appellante kan bewys dat dit per geregistreerde pos afgestuur is.
[166] Acta, 1982:135, punte 2.3 en 2.4
[167] Acta, 1982:141-145, artikel 63
[168] Acta, 1982:145, punt 4.2.2
[169] Acta, 1982:136-141, artikel 62
[170] Acta, 1982:141
[171] Acta, 1982:146-154, artikel 70; Acta, 1982:154-164, artikel 71
[172] Acta, 1982:183-187, artikel 80; Acta, 1982:187-200, artikel 81
[173] Acta, 1985:827
[174] Acta, 1985:173-178, artikel 54

genoegsame en regte aandag geskenk is nie. Die sinode kom tot die slotsom dat die appèl op vyf van die ses punte nie slaag nie, terwyl een appèlgrond goedgekeur word. Die sinode oordeel voorts dat 'die handhawing van die appèl op hierdie een grond egter nie inhou dat die Klassisbesluit insake die opname van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar in die kerkverband nietig verklaar word nie. Dit hou alleen in dat die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar en die Klassis *met die oog op versoening* opnuut aan die 'onskriftuurlike tughandelinge' van 1958 aandag behoort te gee (my kursivering – GJM)'.

Nasionale Sinode 1988

'n Appèl, wat onder andere na die inhoud van 'n beswaarskrif verwys wat deur 'n mindere vergadering onontvanklik verklaar is, dien voor Sinode 1988[175]. Die partikuliere sinode teen wie geappelleer word, het uitgespreek dat 'die beswaarskrif nie *verder* deur die eerw. Part. Sinode behandel word nie en daar ook nie verder op hierdie vergadering met die beswaardes/appellante onderhandel word nie'[176]. Die motivering vir die uitspraak van die partikuliere sinode is: 'Vanaf die oomblik dat bogenoemde appèl (by die Nasionale Sinode – GJM) aanhangig gemaak is, is die saak onder behandeling (*sub judice*) van die Nasionale Sinode'[177]. Die appellante en die partikuliere sinode het sodoende 'n dooie punt bereik. 'n Kommissie van die Nasionale Sinode het volle geleentheid aan die appellante sowel as aan die toeligters van die mindere vergadering gegee om die aangeleentheid toe te lig. Die sinode keur op aanbeveling van die kommissie goed dat die appèlgrond wat op die partikuliere sinode se *formele* hantering van die saak betrekking het, slaag. Die appèlgrond wat na die beswaarskrif, dit wil sê die *materie* van die saak verwys, slaag nie. In sy samevattende uitspraak bepaal die sinode dat die appèl in sy geheel slaag. Die implikasies daarvan vir die appellante en die onderskeie mindere vergaderinge wat met die beswaarskrif moes en moet werk, maar 'n dooie punt bereik het, word nie uitgestippel nie.

Algemene Sinode 1988

Ook die enkele appèlsake wat deur die Algemene Sinode behandel is, dui op 'n soortgelyke handelswyse. Dit het gebeur dat 'n appèl slaag, maar die effek van die uitspraak word nie uiteengesit nie[178]. In een uitsonderingsgeval, waar daar wel by wyse van 'n slotopmerking 'n aanduiding van die effek van die uitspraak gegee word, betree die sinode die versigtige pad deur daarvan kennis te neem[179]. Die slotopmerking word nie goedgekeur nie.

[175] Acta, 1988:565-569, artikel 108
[176] Acta, 1988:568, punt 3.6.4.5.1
[177] Acta, 1988:568, punt 3.6.4.5
[178] Acta, 1988:78-128, artikel 38; vergelyk ook Algemene Sinode Acta, 1980:13-25, artikel 14
[179] Acta, 1988:128, punt 6

Nasionale Sinode 1991

'n *Opvolg-appèl* ná die appèl van 1988 dien voor Sinode 1991[180]. In dié appèl stel die appellante: 'Dit is byna sewe jaar dat hierdie saak skarrel tussen die Klassis Vaalrivier, die Part. Sinode OVS en Natal en die Nasionale Sinode met al die spanning, bitterheid en opoffering wat daarmee gepaard gegaan het. Dit was vir niemand goed nie, allermins vir die gemeente Meyerton. Dit is ooglopend uit die hantering van die beswaarskrifte en appèlle deur beide die Klassis Vaalrivier en die Part. Sinode OVS en Natal dat geen ordelike regspraak van beide instansies verwag kan word nie ...'[181]. Die appellante is van oortuiging 'dat die eerw. Klassis en Part. Sinode reeds so lank in die onderhawige saak betrokke is dat polarisasie ingetree het en dit nie langer wenslik is dat hierdie vergaderings uitspraak moet gee nie'[182]. Kragtens Artikel 30 KO wys hulle die meerdere vergadering op die plig om 'in te gryp in die saak van 'n mindere vergadering by versuim of onwilligheid om op te tree by laasgenoemde'[183]. Die sinode oordeel dat die appellante geen regskrenking beredeneer nie, en spreek uit dat die appèl nie slaag nie[184]. Die oortuiging van die appellante dat die betrokke mindere vergaderinge nie by magte is om in hierdie geval meer reg te spreek nie, en die versoek aan die meerdere vergadering om 'in te gryp' word sonder opgaaf van redes onontvanklik verklaar[185].

In 'n ander appèl wat voor Sinode 1991 dien[186] kla 'n broeder na aanleiding van uitsprake deur 'n klassis en 'n partikuliere sinode dat 'die idee by hom posvat dat met kerksake so omgegaan word dat die wetlike aspekte hoër aansien verdien as die werklike saak waaroor dit gaan ... Ek wil dus eerbiedig aanbied dat hier growwe regskrenking plaasgevind het; dat my appèlle nie aangespreek word nie en sonder meer in die ongelyk gestel word. Daarom wil ek u beleef maar dringend versoek om reg aan my te laat geskied oor die ontvanklikheid van my appèl maar ook om my werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer'. Die sinode gee die broeder gelyk dat hy deur die klassis en die partikuliere sinode verontreg is. Die acta vermeld niks oor die tweede deel van die appellant se versoek, naamlik om sy 'werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer' nie.

---

[180] Acta, 1991:77-87, artikel 12.1
[181] Acta, 1991:83, punt 4.2.1 en 4.2.2
[182] Acta, 1991:84, punt 4.2.3
[183] Acta, 1991:84, punt 4.2.4
[184] Acta, 1991:87, punt 3.5
[185] Acta, 1991:87, punt 4
[186] Acta, 1991:90-95, artikel 12.3

Nasionale Sinode 1994

'n Tweede opvolg-appèl ná die appèlle van 1988 en 1991 dien voor Sinode 1994[187]. Drie formele gronde en nege materiële gronde word in die appèl aangevoer. Die sinode spreek uit dat die appèl op die formele gronde slaag, maar dat die materiële gronde weens 'n gebrek aan bewys van regskrenking nie slaag nie[188].

'n Appèl van 'n broeder en suster dien waarin hulle hul verontregting vanweë 'n uitspraak deur 'n partikuliere sinode uitspreek[189]. Die kern van die saak is dat die broeder en suster teen 'n besluit van die kerkraad oor die wyse van nagmaalviering by die klassis geappelleer het. Die klassis het die broeder en suster gelyk gegee. Sonder medewete van die broeder en suster[190] appelleer die kerkraad teen die klassis na die partikuliere sinode. Die appèl van die kerkraad slaag. Die broeder en suster is in die duister, aangesien hulle gemeen het dat die klassis die saak reeds afgehandel het en nie van die kerkraad se appèl en die uitspraak van die partikuliere sinode weet nie. In hulle beredenering van die appèl by die nasionale sinode stel die broeder en suster onder andere: 'Ons lees in die uitspraak van die Partikuliere Sinode niks van ons saak en die argumente wat ons aangevoer het nie. Ons saak het 'n saak tussen die Klassis en die Kerkraad van Potchefstroom-Noord geword'[191]. 'Ten slotte is ons grootste grond van beswaar: ons het met argumente uit die Bybel na die Klassis gegaan. Ons het gehoor ons Appèl het geslaag. Ons hoor toe weer ons Appèl is verwerp deur die Partikuliere Sinode ...'[192]. Die sinode het die gronde geweeg en bevind dat geen regskrenking bewys is nie. Die appèl slaag nie[193].

Die sinode word ook versoek om uitspraak te gee oor 'n appèl van 'n kerkraad, wat gewortel is in 'n poging om die bestaande appèlprosedure te verfyn[194]. Die betrokke kerkraad het aanvanklik twee beskrywingspunte by die klassis laat dien: een oor die noodsaaklikheid dat appellante teenwoordig of beskikbaar moet wees by die vergaderings wat hulle appèlle behandel; 'n tweede oor die noodsaaklikheid dat vooraf gesprek volgens Matteus 18 (gesprek en poging tot versoening) gevoer word, alvorens die appèl in behandeling geneem word[195]. Die klassis het beide beskrywingspunte afgewys[196]. Die kerkraad appelleer teen die besluit

---

[187] Acta, 1994:55-72, artikel 12.2.1
[188] Acta, 1994:72, punt 4
[189] Acta, 1994:73-79, artikel 12.2.3
[190] Die broeder en suster is die 'derdes' in die appèlsaak wat voor die partikuliere sinode gedien het (sien hoofstuk 4.4.2.2).
[191] Acta, 1994:73, punt 4.1
[192] Acta, 1994:75, punt 4.3.7
[193] Acta, 1994:79, punt 3
[194] Acta, 1994:90-110, artikel 12.2.8
[195] Acta, 1994:94, punt 3.2
[196] Acta, 1994:94, punt 3.3

van die klassis, omdat hulle nie tevrede was met die motivering wat die klassis vir die afwysing gegee het nie[197], hoofsaaklik omdat die klassis nie op die Skrifberoep van die kerkraad ingaan nie[198]. Twee appèlle dien by die partikuliere sinode. Die een word onontvanklik verklaar. Ten opsigte van die tweede appèl is deur die voorsitter van die partikuliere sinode gereël dat slegs een van die kerkraad se twee afgevaardigde toeligters die woord mag voer[199]. Na afloop van die partikuliere sinode gee die afgevaardigde toeligters aan die kerkraad te kenne dat hulle ontevrede is oor die wyse waarop hulle deur die partikuliere sinode behandel is[200]. Die kerkraad gee verder te kenne dat hulle moeite ondervind om die nodige besluite van die *Deputate vir Korrespondensie van die partikuliere sinode te bekom om kennis van appèl te* gee[201]. Die kerkraad meen dat die partikuliere sinode juis dié onreg doen waarteen met name in die beskrywingspunt gewaarsku word: 'dat daar reg gespreek word sonder om te kontroleer of inligting korrek is en sonder dat die appellante en respondente (verweerders) mekaar hoef te ontmoet'[202]. Die kerkraad versoek die nasionale sinode om oor die appèl teen die besluit van die partikuliere sinode uitspraak te gee, en – indien die appèl gehandhaaf word – die beskrywingspunte wat deur die klassis van die hand gewys is, in behandeling te neem. Die kerkraad vestig die nasionale sinode se aandag daarop dat dit vir hulle as kerkraad moeilik sal wees om 'weer die weg deur die Klassis en Partikuliere Sinode te volg omdat die huidige prosedures, soos dit binne die ressort van die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal toegepas word, 'n struikelblok is om die saak op 'n billike wyse te laat behandel'[203]. Die kommissie van die nasionale sinode wat opdrag ontvang het om die sinode oor die appèl te adviseer, het twee woordvoerders van die kerkraad en toeligters van die partikuliere sinode in mekaar se teenwoordigheid aangehoor. Die sinode besluit dat die appèl van die kerkraad op een formele grond slaag, en op al die ander gronde nie slaag nie[204]. Met betrekking tot die kerkraad se versoek aan die sinode om oor die genoemde beskrywingspunte uitspraak te doen, kan niks in die acta teruggevind word nie.

In 'n appèl van 'n ander kerk teen dieselfde partikuliere sinode[205] word eweneens aangevoer dat dokumente wat van die Deputate Korrespondensie aangevra is nie betyds ontvang is nie of van die appellante weerhou is[206]; dat die appellante nie aangehoor is nie[207]; dat die partikuliere sinode nagelaat het om ooreenkomstig die skriftuurlike eis getuienis aan te hoor;

---

[197] Acta, 1994:94, punt 3.4
[198] Acta, 1994:97, punt 4.2.1
[199] Acta, 1994:94, punt 3.5
[200] Acta, 1994:94, punt 3.6
[201] Acta, 1994:94, punt 3.7
[202] Acta, 1994:98, punt 4.2.2.2
[203] Acta, 1994:101, punt 5
[204] Acta, 1994:110, punt 3
[205] Acta, 1994:111-116, artikel 12.2.9
[206] Acta, 1994:112, punt 5
[207] Acta, 1994:112, punt 6

elke party geleentheid te gee om sy kant van die saak te stel, en reg te spreek[208]. Die appellante kla dat hulle deur die voorsitter stief behandel is en selfs by tye die vergadering moes verlaat, terwyl die deputate van die klassis toegelaat is om teenwoordig te bly[209]. Die nasionale sinode oordeel dat die appèl op twee van die vier gronde slaag[210]. Van die appellante se versoek om die oorspronklike appèlskrif wat by die partikuliere sinode gedien het ontvanklik te verklaar en uitspraak daaroor te gee, neem die sinode met verwysing na Artikel 30 KO slegs kennis[211].

Nasionale Sinode 1997

'n Appèl met nege gronde word deur Sinode 1997[212] ter tafel geneem. Op aanbeveling van die appèlkommissie besluit die sinode dat die appèl op twee gronde slaag[213]. Die appèlkommissie voeg 'n punt toe, waarin die konsekwensies van hulle aanbeveling en die sinode se regspraak uitgespel word: 'Omdat die Appèl in sy wese meer oor 'n waarheidsvraag uitsluitsel vra, interpreteer u Kommissie die uitslag van die Appèl soos volg: Nóg die appellante, nóg die Part. Sinode Namibië kan volkome gelyk gegee word. Die waarheid lê tussen dié twee standpunte ...'[214]. Die sinode besluit om nie dié punt van die kommissierapport te aanvaar nie, en volstaan met 'n besluit: 'Die Appèl slaag op kardinale gronde'.

Die aanbeveling van 'n appèlkommissie in 'n ander appèlsaak word sonder opgaaf van redes deur die sinode verwerp[215]. In sy samevatting beredeneer die appèlkommissie dat die appèl op twee van die vier gronde slaag, en voeg daaraan toe: 'Hierdie appèlgronde maak die wese van die appèl uit...'[216]. Die sinode se samevattende besluit lui: 'Die appèl slaag in sy geheel nie'[217].

Nasionale Sinode 2000

Sinode 2000[218] moet oor sewentien appèlsake uitspraak gee. 'n Regskommissie het ooreenkomstig goedgekeurde prosedure[219] die ontvanklikheid van die appèlle nagegaan en verseker dat al die nodige inligting ter tafel is. Regspraak in al sewentien appèlle is op

---

[208] Acta, 1994:112, punt 7
[209] Acta, 1994:113, punt 9.4
[210] Acta, 1994:116, punt 3
[211] Acta, 1994:116, punt 4
[212] Acta, 1997:61-79, artikel 12.3.2
[213] Acta, 1997:79, punt 3.2.1
[214] Acta, 1997:79, punt 3.2.2
[215] Acta, 1997:100-118, artikel 12.3.4
[216] Acta, 1997:118, punt 4.5
[217] Acta, 1997:118, punt 4
[218] Acta, 2000:41-177, artikel 12
[219] Acta, 1991:539-540

dieselfde lees geskoei. In sy rapport gee die appèlkommissie inligting oor die stukke wat ter insae was, toeligting wat deur betrokkenes gegee is, asook 'n kort agtergrondskets van die appèl. Daarna word elke grond wat deur die appellant aangevoer word een vir een bespreek. Die appèlkommissie gee sy beoordeling van die saak (die kern van die vermeende verontregting en die toepaslike regsvrae kom hier aan die orde), sy bevinding en sy aanbeveling op grond waarvan die sinode regspraak lewer.

In een van die appèlle versoek die appellant dat die sinode die besluit van die partikuliere sinode waarteen hy appelleer asook die besluit van die kerkraad, wat die ander party in die geding is, nietig sal verklaar[220]. Hierby aansluitend vra die appellant dat, indien die appèl slaag, die sinode die kerkraad 'sal adviseer hoe om die nietigverklaring van die besluit te bestuur'. Die appellant meen verder dat, indien sy appèl slaag, "n woord van vermaning aan die kerke in Klassis Natal en Part. Sinode OVS/Natal in ons tyd gepas sal wees om die eer van die Here en erns in kerkregering te dien'. Die onreg waaroor dit vir die appellant gaan, is dat die partikuliere sinode – wat uitspreek dat die klassis (as eerste instansie van appèl) onregmatig gehandel het deur sy appèl onontvanklik te verklaar – versuim om self op die materie van die appèl in te gaan. Die appellant is van mening dat dit ooreenkomstig Artikel 30 KO juis die partikuliere sinode (as tweede instansie van appèl) se taak is om die gronde van sy appèl te ondersoek en hom daaroor uit te spreek[221]. Die appèlkommissie van die nasionale sinode oordeel dat 'deur die appèl te laat slaag, die Part. Sinode beslis het dat die Appèlle by die Klassis wel ontvanklik was en dat die Klassis nou die Appèlle moet hanteer. Die appellant se reg is nie hierdeur gekrenk nie, maar juis gehandhaaf. Die vergadering wat om tegniese redes nie sy saak wou aanhoor nie, moet dit nou doen. Die Appèlle moet dus opnuut voor die Klassis dien'[222].

In sy uitspraak oor 'n ander appèl kom Sinode 2000[223] tot 'n gelykluidende slotsom: 'Indien 'n Appèl teen 'n besluit van 'n mindere vergadering slaag, is die saak terug op die Agenda van die mindere vergadering ... Die inhoudelike beoordeling van die Beswaarskrif (die materie van die saak – GJM) was egter nie op die Agenda van die meerdere vergadering nie'.

Nasionale Sinode 2003

Uit die wyse waarop Sinode 2003 appèlle behandel, blyk dat die appèlkommissies deurgaans gepoog het om nie net op grond van stukke te oordeel nie, maar die appellant en toeligters van

[220] Acta, 2000:165, punt 6
[221] Acta, 2000:166, punt 2.1
[222] Acta, 2000:166, punt 2.1.1
[223] Acta, 2000:173, punt 2.2.1

die mindere vergadering in mekaar se teenwoordigheid aan te hoor. Aan al die betrokkenes, asook aan diegene wat die kommissie te woord wil staan, word ruim geleentheid vir vrae en bespreking gebied[224]. Waar nodig, is vir opheldering van sake gevra ten einde duidelikheid en sekerheid oor die feite op tafel te kry[225]. In twee gevalle maak die appèlkommissie 'met groot dank' melding van die 'baie mooi broederlike wyse' waarop die wedersydse aanhoor van die appellant en toeligters van die mindere vergadering kon geskied[226].

Sinode 2003[227] behandel 'n appèl wat betrekking het op 'n broeder wat voorheen predikant was, en opnuut aansoek doen om tot die amp van Woordbedienaar toegelaat te word. 'n Lang proses het aan die appèl voorafgegaan en daartoe aanleiding gegee. Die sinode spreek uit dat die appèl van die broeder slaag[228]. In die acta word ook melding gemaak van die konsekwensie van die uitspraak, naamlik 'dat die hele aansoek van vooraf (*de novo*) begin by die kerkraad van Nigel'. Hiervan neem die sinode kennis[229].

Ten opsigte van 'n ander appèl oordeel Sinode 2003[230] dat dit ook slaag[231]. Weereens vermeld die acta die konsekwensie van die sinode-uitspraak: 'Dat die appèl van vooraf (*de novo*) deur Oostelike Part. Sinode 2003 kragtens artt. 30 en 31 hanteer word. Die Appellant het in die ontmoeting met die Appèlkommissie aangedui dat hy 'n pad van versoening wil loop alreeds vóór Oostelike Part. Sinode 2003. Alle betrokkenes by hierdie saak moet asseblief van hierdie gesindheid deeglik kennis neem'. Die sinode keur dit goed[232].

In 'n uitsonderlike uitspraak keur Sinode 2003[233] goed dat 'n bepaalde appèlsaak, waarby verskeie individuele lidmate en kerke en klasses betrokke is, nie verder behandel word nie. Hierdie uitspraak volg op die rapport van die appèlkommissie wat na deeglike ondersoek van die saak bevind dat die omvang van die materie van die appèl en die verstrengelde aard daarvan sodanig is dat dit vir die sinode onmoontlik gemaak word om in die tyd tot sy beskikking goeie regspraak te lewer. Bowendien oordeel die appèlkommissie dat regspraak in die appèl nie die totale probleem, waarvan die inhoud van die appèl slegs 'n onderdeel is, sal oplos nie. Vir 'n totale oplossing is versoening tussen botsende partye van grondvlak af noodsaaklik[234]. Die sinode besluit om die appèl, sowel as die rapport van die appèlkommissie, na 'n

---

[224] Acta, 2003:49, punt 2.1; Acta, 2003:61, punt 2.1; Acta, 2003:69, punt 2.1.1; Acta, 2003:85, punt 2.1
[225] Acta, 2003:57, punt 2.1
[226] Acta, 2003:69, punt 2.2; Acta, 2003:81, punt 2.1
[227] Acta, 2003:62-72, artikel 12.2.4
[228] Acta, 2003:72, punt 4
[229] Acta, 2003:72, punt 5
[230] Acta, 2003:73-82, artikel 12.2.5
[231] Acta, 2003:82, punt 4
[232] Acta, 2003:82, punt 5
[233] Acta, 2003:101, punt 2.2.1
[234] Acta, 2003:101, punte 2.1.1 en 2.1.4

Synodus Contracta te verwys. Alle betrokkenes word inmiddels gewys op die plig wat op hulle rus om volgens Matteus 5:23-24 die inisiatief te neem in die soeke na versoening. Voordat die *Synodus Contracta* byeenkom, moet die betrokkenes met mekaar vergader. Die sinode wys vier adviseurs aan wat 'n fasiliteringsrol speel en leiding gee ten einde mee te help om 'n oplossing van probleme te verkry en die partye tot versoening te lei[235].

5.3 APPÈLPROSEDURES IN ANDER KERKE

Om die denke en optrede van die GKSA insake appèl binne 'n breër konteks te plaas, word die appèlprosedures en -reëlings van ses kerke in die buiteland weergegee: drie uit Nederland, waar die wortels van die GKSA histories gesproke lê, twee uit die VSA en een uit Skotland[236]. Daar sou met goeie reg en genoegsame rede na die appèlprosedures van talle ander Gereformeerde Kerke, ook in ander wêrelddele, gekyk kon word. Binne die raamwerk en beperkte ruimte van die studie word met hierdie ses volstaan.

5.3.1 Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)

Die *Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)* (GKV) het, na ongeveer tien jaar van studie, in 2003 'n reëling vir die appèlprosedure vasgestel[237]. Die reëling bestaan uit twintig artikels wat in vier dele gegroepeer is.

Indiening van appèlskrif

1. Wanneer 'n kerklike vergadering of 'n lid van een van die kerke kragtens Artikel 31 appelleer, sal die kerk of die lidmaat die appèlskrif so gou as moontlik nadat die besluit geneem is by die kerk wat as roepende kerk vir die eersvolgende generale sinode aangewys is, indien. Die appèl word per e-pos sowel as skriftelik in sewevoud ingedien.
2. Die roepende kerk sal die appèlskrif op die voorlopige agenda van die sinode plaas.
3. 'n Appèlskrif behoort ten minste die volgende elemente te bevat:
   - 'n weergawe van die besluit *en/of* handeling van die partikuliere sinode waaroor die geskil ontstaan het;
   - In uiteensetting van die besware van die appellant, met redes en verduidelikings en feite om die klag te staaf;
   - 'n duidelike omskrywing van wat die appellant van die sinode vra.

---

[235] Acta, 2003:101, punte 2.2.2-2.2.5
[236] Behalwe die PKN, het die GKSA korrespondensie met al die kerke wie se prosedures onder die loep geneem word.
[237] Acta, Generale Sinode Zuidhorn 2002-2003, Artikel 50 bylae III 10

Indien die appèlskrif gerig is teen die uitspraak van 'n partikuliere sinode, bevat die appèlskrif tewens 'n weergawe van die oorspronklike geskil.

Indien 'n appèlskrif nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sal die appellant geleentheid ontvang om sy geskrif aan te vul binne 'n termyn wat deur die deputaatskap appèlsake van die sinode bepaal word. Die deputaatskap vergewis hom daarvan dat die appellant die ander party oor sy beroep op die generale sinode ingelig het.

Benoeming van deputaatskap

4. Vir die voorbereiding van die behandeling van appèlsake sal die generale sinode 'n deputaatskap benoem.
5. Die deputaatskap bestaan uit ses lede en ses *secundi*. Hulle word vir 'n termyn van drie jaar benoem en kan hoogstens twee maal herbenoem word. In die deputaatskap word ten minste twee juriste en twee teoloë benoem. Die generale sinode wys een van die deputate as sameroeper en voorsitter van die deputaatskap aan.
6. Niemand van die deputaatskap wat al voorheen by die hantering van die saak betrokke was, of wat in enige persoonlike verhouding met een of beide partye staan, mag by die verdere behandeling daarvan betrokke wees nie.

Voorbereidende handeling van deputate

7. Die deputate begin so spoedig as moontlik om van die appèlskrif kennis te neem en die behandeling daarvan deur die generale sinode voor te berei. Indien die deputaatskap nie daarin slaag om sy voorbereidende werk af te rond voordat die sinode 'n aanvang neem nie, moet hulle dit tydig aan die sinode meedeel. In oorleg met die moderamen van die sinode sal 'n datum bepaal word waarop die sinode die advies van die deputate kan behandel. Deputate het bevoegdheid om 'n geskil te skik wat tot intrekking van die appèlskrif sal lei.
8. 'n Appèlskrif word eers deur die deputate vir ontvanklikheid getoets. Dit is by voorbaat nie-ontvanklik:
   - as dit nie ingedien is voor die sluitingsdatum wat die roepende kerkraad neergelê het nie, tensy goeie redes vir afwyking gegee kan word;
   - as die appellant geen lid van die kerk meer is nie, tensy dit 'n appèl betref teen onreg wat hom in sy hoedanigheid as kerklid aangedoen is en die gevraagde uitspraak betekenis het vir sy terugkeer na die kerk, of vir herstel van sy goeie naam in die gemeente, of wanneer hy optree in sy kwaliteit as wettige verteenwoordiger van 'n kerklid.
9. Die partye in die geskil is diegene wat by die oorspronklike beswaar betrokke is. Die partye sal alle gevraagde en relevante stukke wat op die geding betrekking het aan die deputate beskikbaar stel en die nodige inligting verskaf. Die deputate is bevoeg om

termyne hieraan te koppel waarbinne daar op samewerking gereken moet kan word. Die deputate sal toesien dat die partye volledig ingelig is oor die stukke en inligting wat van weerskante in die behandeling van die saak ter tafel gebring word. Die onus rus op die deputate om, as die indiener van 'n stuk uitdruklik daarvoor vra, te beoordeel of stukke vanweë hulle vertroulike karakter nie geskik is om aan die ander party voorgelê te word nie. As geoordeel word dat 'n beroep op vertroulikheid tereg is, behoort die deputate slegs die karakter van die vertroulike stukke te noem. Die ander party mag dan vra dat dié stukke by die besluitvorming buite beskouing bly.

10. Die deputate sal so gou as moontlik mondelinge hoor en wederhoor toepas. Partye kry geleentheid om toeligting te gee. Partye word in mekaar se teenwoordigheid aangehoor. Kerklede, wat regstreeks deur die saak geraak word, kan eweneens deur die deputate aangehoor word. Dit geld ook vir visitatore en andere wat tevore in die regsgang by die saak betrokke was. Van laasgenoemde moet die partye kennis kan neem.
11. Die partye het die reg om in hulle skriftelike en mondelinge kontak met die deputaatskap bystand te bekom.
12. Van alle mondelinge besprekings word altyd 'n kort verslag gehou, wat ná die tyd skriftelik aan albei partye beskikbaar gestel word.
13. Die deputate kan advies en hulp van deskundiges inwin, mits die noodsaaklike geheimhouding daarby in ag geneem word.
14. Die deputate stel hulle rapport met 'n volledige konsep vir 'n besluit op. Die rapport word as 'vertroulik' gemerk en ten minste tien dae voor die datum waarop die sinode dit moet behandel ingedien. Die sinode bepaal vervolgens die wyse van behandeling en bring die partye en ander betrokkenes hiervan op hoogte.
15. As die werk van die deputate nie klaarkom nie, moet die sinode betyds in kennis gestel word, sodat 'n nuwe datum vir afhandeling bepaal kan word.

Behandeling en besluitvorming deur die sinode

16. By die behandeling van die appèlskrif deur die sinode sal ten minste twee deputate aanwesig wees om die rapport te stel en toe te lig en die sinode van verdere advies te bedien.
17. Die betrokke partye kry tydens die sinode geleentheid om hulle saak te stel en toe te lig. Die lede van die generale sinode wat by 'n appèlsaak betrokke is (was) – onder wie in elk geval die afgevaardigdes van die partikuliere sinode teen wie die appèl ingestel is – maak geen deel uit van die vergadering wat die appèl behandel nie. Indien 'n sinode besluit om 'n appèlskrif *in camera* te behandel, sal die lede van die sinode wat by die appèlsaak betrokke is (was), die vergadering verlaat voordat die beraadslaging begin. Dieselfde geld vir die partye, as hulle toegestaan word om hulle sienswyse mondeling in die vergadering toe te lig.

18. In die besluit van die sinode behoort die volgende elemente opgeneem te word:
    - 'n weergawe van die besluit en/of handeling van die mindere vergadering waaroor die geskil ontstaan het;
    - 'n samevatting van die besware wat die appellant daarteen ingebring het;
    - 'n samevatting van die gronde, toeligting en *casu quo* verweer van die betrokke mindere vergadering;
    - 'n noukeurige verantwoording van die gronde waarop die uitspraak van die generale sinode berus;
    - 'n duidelike uitspraak van die generale sinode oor die appèlskrif;
    - waar nodig 'n aanwysing van die regsgevolge van die genome besluit;
    - indien van toepassing, nadere aanwysings insake die weg waarlangs herstel van reg en vrede bewerkstellig kan word.

    Die sinode sal binne twee weke op 'n ordelike wyse kennis van sy besluit aan die betrokke partye gee.
19. Indien iemand op grond van Artikel 31 KO by 'n generale sinode in appèl gegaan het en 'n appèlskrif ooreenkomstig die appèlreëling by die deputate ingedien het, is die deputate bevoeg om – indien dit uit 'n oogpunt van spoedeisendheid en ter voorkoming van onherstelbare nadeel absoluut noodsaaklik is – 'n ordemaatreël te tref totdat die generale sinode oor die appèl beslis het. Die appellant moet in daardie geval 'n skriftelik gemotiveerde versoek by die deputaatskap indien. Deputaatskappe sal so 'n versoek sover moontlik in ooreenstemming met die goedgekeurde reëling behandel.
20. As daar omstandighede is waarvoor hierdie reëling geen voorsiening maak nie, beslis die sinode self daaroor.

5.3.2 Protestantse Kerk in Nederland

Die *Protestantse Kerk in Nederland* (PKN) het daarvoor gekies om, waar daar oor geskille beslis moet word, nie die amptelike vergaderinge vir so 'n ondersoek en beslissing verantwoordelik te hou nie[238]. Instansies wat onafhanklik van die amptelike vergaderinge staan, moet vasstel wat in 'n konkrete situasie reg is. Net soos by die burgerlike owerhede, word daar 'n duidelike onderskeid getref tussen vergaderinge waaraan wetgewende en bestuurlike take opgedra word, en kolleges wat spesifiek vir regspraak (dit is: toepassing van die wetgewing) verantwoordelik gehou word. Onafhanklike regters word aangewys om die regsbeskerming van diegene wat by 'n geskil betrokke is, te dien. Die kerklike karakter van die regspraak word verseker deurdat die geskilbeslegting by *kerklike* kolleges rus; dit is kolleges

[238] Van den Heuvel *red.*, 2004:224

wat deur die kerk self ingestel word en waarvan die lede deur die vergadering van belydende lidmate benoem word.

Ordinansie 12 van die PKN-kerkorde[239] het betrekking op die behandeling van besware en geskille. Die ordinansie bestaan uit twaalf artikels, wat elkeen uit verskeie paragrawe saamgestel is. Slegs dele wat direk van toepassing is, word uitgelig.

Artikel 1: Algemeen

1-1. Die behandeling van besware en geskille geskied volgens reg, met inagneming van die regverdigheid en liefde in die gemeenskap van die kerk.

1-2. Die behandeling van besware en geskille word opgedra aan kolleges vir die behandeling van besware en geskille (hierna genoem: kollege), wat dit ooreenkomstig die aanvaarde ordinansie hanteer.

1-3. Afgesien van die reg tot appèl en beswaar bestaan die reg tot revisie.

Artikel 2: Die kolleges vir die behandeling van besware en geskille

2-1. Daar is net soveel regionale kolleges vir die behandeling van besware en geskille as wat daar algemene klassikale vergaderinge is. Die regsgebied van 'n regionale kollege vir die behandeling van besware en geskille omvat die klasses wat in die algemeen klassikale vergadering saamkom.

2-3. 'n Regionale kollege bestaan uit vyf lede, wat deur die algemeen klassikale vergadering benoem word. Hulle word gekies uit die belydende lidmate van die kerke in hulle gebied. Die lede word vir 'n periode van agt jaar benoem en kan nie vir 'n tweede agtereenvolgende periode herbenoem word nie. Ten minste drie lede moet ampsdraers wees. Die drie ampte moet sover moontlik verteenwoordig wees.

2-4. Die voorsitter word deur die algemeen klassikale vergadering aangewys.

2-5. 'n Adviserende lid in die hoedanigheid van meester in die regte word deur die algemeen klassikale vergadering vir 'n periode van vier jaar op die kollege benoem.

2-7. Die generale kollege vir behandeling van besware en geskille bestaan uit vyf lede, wat deur die generale sinode uit die belydende lidmate van die kerke benoem word. Vir die samestelling van die generale kollege geld dieselfde reëls as vir die klassikale kollege.

2-11. Vir elke lid van die kollege word 'n *secundus* en 'n *tertius* aangewys wat dieselfde hoedanigheid as die *primus* besit.

2-12. Iemand kan nie op twee kolleges tegelyk dien of advies gee nie.

---

[239] Van den Heuvel *red.*, 2004:235-253

Artikel 4: Geskille

4-2. 'n Geskil dien by wyse van 'n beswaarskrif[240] by die bevoegde kollege wat daaroor moet oordeel. Die betrokke kollege stuur 'n afskrif van die geskrewe geskil aan die instansie met wie die geskil bestaan.

Artikel 5: Beswaarskrif

5-1. 'n Beswaarskrif moet die volgende bevat:

- naam en woonplek van die beswaarde;
- vermelding van die besluit waarteen die beswaar ingebring word, en indien moontlik die datum van die besluit;
- uiteensetting van gegronde redes vir die beswaar;
- toeligting waarom die beswaarde deur die besluit verongelyk is;
- dagtekening en handtekening van die beswaarde, of – indien dit 'n vergadering is – dié van die voorsitter en skriba van die betrokke vergadering.

5-2. Indien 'n beswaarskrif nie aan bogenoemde voldoen nie, stel die kollege die beswaarde in die geleentheid om sy beswaarskrif met die nodige gegewens aan te vul.

5-3. 'n Beswaarskrif kan deur 'n beswaarde teruggetrek word solank as wat die kollege nog nie daaroor beslis het nie.

Artikel 6: Bevoegdheid

6-3. Indien 'n lidmaat of kerklike vergadering nalatig is in die nakoming of uitvoering van 'n beslissing deur 'n kollege, is die kollege bevoeg om kerklike tug uit te oefen.

Artikel 7: Behandeling in eerste aanleg

7-1. Die kollege lewer binne die termyn wat vooraf aan die beswaardes bekend gemaak is, uitspraak oor die saak wat voor hom dien. Dié termyn kan met opgaaf van redes verkort of verleng word.

7-2. As betrokkenes daarvoor vra, of as die kollege oordeel dat dit nodig is, kan die betrokkenes die hulp van 'n raadsman of -vrou bekom.

7-3. Die behandeling van 'n beswaar of geskil is nie openbaar nie. Die kollege kan uit eie beweging of op versoek van die betrokkenes besluit om die geskil in die openbaar te behandel.

7-4. Die kollege kan na gelang van omstandighede en bevinding van sake 'n bestaande besluit bevestig, geheel of ten dele vernietig, of aanvul.

---

[240] In 8-3 van die ordinansie word na 'n beroepskrif verwys. In hierdie studie word tussen die term beswaarskrif en beroepskrif, soos wat dit in die PKN-kerkorde gebruik word, geen onderskeid gemaak nie. Na beide word verwys as 'n appèlskrif.

7-5. Geen uitspraak kan gedoen word as nie ten minste vier lede van die kollege aanwesig is nie.

7-6. Die kollege beslis by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme oor die saak wat voor hom dien. By staking van stemme het die voorsitter 'n deurslaggewende stem.

7-8. Die uitspraak word op skrif gestel en bevat die volgende elemente:

- naam, amp (indien van toepassing), asook die woonplek van die beswaarde;
- dagtekening van die besluit wat bestry word, tesame met die datum waarop die beswaarskrif by die kollege ingedien is;
- feitlike samevatting van beswaar of geskil;
- regsgronde waarop die uitspraak berus;
- duidelike beslissing insake die beswaar of geskil; indien nodig 'n reëling betreffende die regsgevolge van die uitspraak;
- 'n mededeling óf beroep op 'n meerdere kollege moontlik is;
- dagtekening van die uitspraak, geteken deur die voorsitter en skriba van die kollege.

7-9. Binne dertig dae na lewering van sy uitspraak stuur die kollege skriftelike kopieë aan:

- diegene wat die beswaar ingedien het;
- die kerklike liggaam teen wie die beswaar ingebring is;
- die klein sinode;
- die moderamen van die klassikale vergadering in wie se ressort die plaaslike kerk is;
- die kollege vir visitasie indien gemeen word dat visitatore met oplossing van die geskil moet/kan help.

7-10. 'n Verslag, waarin die persoonlike gegewens rondom die geskil en die uitspraak verwyder is, word vir die vergadering opgestel aan wie die betrokke kollege verantwoording verskuldig is.

Artikel 8: Beroep

8-1. Iemand kan hom teen die uitspraak van 'n regionale kollege op die generale kollege vir die behandeling van besware en geskille beroep.

8-2. So 'n beroep moet skriftelik en gemotiveerd binne dertig dae na die beslissing van die regionale kollege ingestel word.

8-3. Indiening van 'n beroepskrif het geen skorsende uitwerking op die omstrede besluit van die regionale kollege nie. Die voorsitter van die generale kollege kan in bepaalde

omstandighede wel versoek dat die besluit van die regionale kollege opgeskort word, en 'n spoedvoorsiening tref om so gou moontlik uitsluitsel oor die saak te gee[241].

8-4. Ten aansien van 'n uitspraak deur die generale kollege is geen verdere beroep moontlik nie, behalwe dat vir hersiening van die uitspraak aansoek gedoen kan word.

8-5. Insake besware teen prosedures wat gevolg is by die verkiesing van ampsdraers, lewer die regionale kollege finale uitspraak. Geen verdere verlof tot appèl sal teen so 'n uitspraak toegestaan word nie.

Artikel 9: Behandeling van 'n saak in beroep

Dieselfde reëls geld as vir behandeling in eerste aanleg (artikel 7).

Artikel 10: Vernietiging in die belang van eenheid in die behandeling van besware en geskille

10-1. In belang van eenheid ten opsigte van die behandeling van besware en geskille kan die generale kollege binne sestig dae na die dag waarop 'n regionale kollege sy geskrewe uitspraak versend het, die betrokke uitspraak nietig verklaar. In die plek daarvan kan hy sy eie besluit met uiteensetting van regsgevolge aan die betrokkenes bekend maak.

10-2. Die generale kollege kan – ter wille van eenheid in regspraak, en met opgaaf van motiverings – die einduitspraak van 'n regionale kollege onjuis bevind. Die regsgevolge van die uitspraak van die regionale kollege kan egter nie aangetas word nie.

Artikel 11: Hersiening

11-1. Indien 'n generale kollege in verband met 'n uitspraak, waarteen geen verdere beroep meer moontlik is nie, feite en omstandighede ontmoet waarmee tevore geen of onvoldoende rekening gehou is, en daardie feite tot 'n ander uitspraak aanleiding kan gee, is die generale kollege bevoeg om tot hersiening van die saak oor te gaan en 'n nuwe uitspraak te lewer.

11-2. Wanneer 'n generale kollege op hersiening van 'n uitspraak besluit, reël hy – waar en in soverre dit nodig is – die regsgevolge van sy hersiene uitspraak.

Artikel 12: Revisie deur die vergadering wat die besluit geneem het

12-2. Wanneer teen 'n bepaalde besluit 'n versoek vir revisie en terselfdertyd 'n beswaar ingebring word, bepaal die voorsitter van die kollege dat die behandeling van die beswaar opgeskort word totdat die betreffende kerklike liggaam 'n uitspraak oor die revisieversoek gedoen het.

---

[241] Op die oog af is daar 'n kontradiksie in hierdie bepaling. In sy kommentaar op die kerkorde oordeel Van den Heuvel *red.* (2004:242) dat die indiening van appèl, met name waar dit tugsake aangaan, wel 'n skorsende effek het.

12-4. As die revisieversoek afgewys word, word daar met die behandeling van die beswaarskrif voortgegaan.

12-5. 'n Versoek tot revisie word nie ingewillig indien daar geen nuwe materie, wat tot 'n ander besluit kan lei, aan die vergadering voorgelê word nie.

5.3.3 Gereformeerde Gemeenten

Die *Gereformeerde Gemeenten* (GG) het 'n handleiding en toeligting by die kerklike regspraak gepubliseer. Uit die handleiding word duidelik hoe daar in dié kerke met appèl te werk gegaan word. Beskerming van die broederlike karakter, asook openheid en eenvoud van behandeling is fundamenteel vir kerklike regspraak[242]. Kerklike vergaderinge is vanweë hulle amptelike karakter geroep om veral oortuigend, teregwysend, oorredend en leidend op te tree. Herstel van gebroke verhoudings word as doel van kerklike regspraak gestel[243]. Goeie kerklike regspraak moet ten alle tye vir ondersoek deur 'n wêreldlike regter vatbaar wees [244].

Geen volledige appèlprosedure word gegee nie; tog is daar duidelike rigtingwysers waarvolgens kerklike regspraak moet geskied[245]. Kerklike ampsdraers wat moet regspreek moet op hoogte van die reëls van kerkreg wees. Hulle moet teen formalisme, harde en ongevoelige regspraak waak, maar ook teen eiewilligheid[246].

Die belanghebbendes

- Alleen lidmate van die gemeente kan in appèl gaan. Sonder lidmaatskap van die gemeente is daar in beginsel geen appèl moontlik nie.
- Iemand moet persoonlik by 'n beslissing van die kerkraad betrokke wees om van appèlreg gebruik te maak. Persoonlike betrokkenheid is nie beperk tot sake van materiële aard nie, maar kan ook aanwesig wees as daar beswaar oor leeruitsprake gemaak word. Selfs as 'n kerkraad nie binne 'n redelike tyd 'n besluit oor 'n gewigtige saak neem nie, kan dit 'n grond vir appèl wees.

Hoe word appèl ingestel?

- Elke kerklike vergadering is in die lig van die Skrif daartoe verbind om 'n lidmaat tydig oor die moontlikheid van appèl binne 'n bepaalde termyn in te lig.

---

[242] GG, 1999:30
[243] GG, 1999:10,18
[244] GG, 1999:30
[245] GG, 1999:30-78. Ter wille van eenvormigheid in die studie word na die rigtingwysers as 'n prosedure verwys.
[246] GG, 1999:13

- Die appèlskrif vermeld die personalia van die betrokke lidmaat, die besluit waarteen beswaar aangeteken word en 'n so duidelik as moontlike beskrywing van die gronde waarop die appèl rus.
- Kerklike vergaderinge is geroep om daarop ag te gee dat die kerk nie op suiwer formele gronde die regte van die lidmate en die welsyn van die gemeente benadeel nie.

By wie word beroep ingestel?

- Vir die beslissing van die kerkraad is die klassis die beroepsinstansie; vir die besluite van die klassis is die partikuliere sinode, en vir die beslissings van die partikuliere sinode is die generale sinode die beroepsinstansie.
- Geen beroepsinstansie mag oorgeslaan word nie.
- Die lidmaat gee van sy besluit om appèl aan te teken skriftelik kennis aan die skriba van die kerklike vergadering wat die besluit geneem het waardeur die lidmaat meen verongelyk te wees. Die appellant moet sorg dat die betrokke kerklike vergadering tydig oor sy appèlskrif kan beskik.
- Die kerkraad sorg dat die appèlskrif direk ná ontvangs by die skriba van die roepende kerkraad van die meerdere vergadering besorg word. Die skriba oordeel dadelik of die appèlskrif die nodige personalia, die besluit waarteen appèl aangeteken word en die appèlgronde bevat. As sekere gegewens ontbreek, moet die skriba van die roepende kerk die appellant daarop wys en hom of haar versoek om die appèlskrif aan te vul.
- Indien desondanks tog een of meer van die wesenlike gegewens in die appèlskrif ontbreek, verklaar die kerklike vergadering die appèl as onontvanklik.
- Die skriba van die roepende kerk stel, onmiddellik na ontvangs van die appèlskrif, die kerklike vergadering wat die betwiste besluit geneem het in die geleentheid om skriftelike kommentaar in te dien. Na ontvangs van hierdie kommentaar sorg die skriba van die roepende kerk dat die appèlskrif tesame met die kommentaar aan die afgevaardigdes na die meerdere vergadering gestuur word.
- Iemand kan met dieselfde saak slegs een maal by 'n bepaalde vergadering appelleer. Daarom is daar geen regstreekse appèl vanaf een generale sinode op 'n ander moontlik nie.

Termyn van appèl

- 'n Termyn van twee maande word aanbeveel[247]. Hierdie termyn begin op die dag wat volg op die datum van die betwiste beslissing. Indien die appellant nie oor die dag van die beslissing ingelig kon word nie, verskuif die begin van die termyn na die datum waarop die appellant redelikerwys van die beslissing kennis kon neem.

---

[247] 'n Appèl is anders as enige ander ingekome stuk en dra besondere gewig. As sodanig dien dit so spoedig as moontlik op die agenda (GG, 1999:49).

Opskortende werking van appèl

- Kerklike vergaderinge spreek hulle oor die opskortende werking van 'n appèl uit. Daarby word die vraag beantwoord of die besluit wat geneem is onmiddellik uitgevoer moet word en of die uitvoering van die besluit opgeskort kan word solank as wat die besluit vir appèl oopstaan, of 'n appèl wat ingebring is nog nie behandel is nie.
- In besondere gevalle kan dit noodsaaklik wees om besluite direk uit te voer, byvoorbeeld in geval van tug oor growwe, openbare sondes en tug vanweë onsuiwerheid in die leer.

Gronde vir appèl

- Die gronde vir appèl is in die Skrif, belydenisskrifte, leeruitsprake van die generale sinode en/of die kerkorde geleë.
- Dit sluit in dat appèlgronde by geskille van stoflike aard tewens in onvoldoende afweging van die belange van die betrokke gemeente of in die skending van die beginsels van behoorlike kerkbestuur geleë kan wees.

Bystand en advies

- As iemand self bekwaam is om die woord te voer, moet daar gewaak word teen die gebruik van 'n 'mond'. In ander gevalle moet die versoek om bystand van 'n 'mond' gunstig oorweeg word.
- Sodanige 'mond' moet onberispelik in leer en lewe wees, lidmaat van die GG wees of homself met die GG se leer en lewe kan identifiseer.
- Kerklike vergaderinge mag 'n verongelykte lidmaat nie die voorreg ontneem om kerkregtelike advies by 'n deskundige uit eie kring in te win nie.
- Volop geleentheid moet tot mondelinge toeligting van die appèl gegee word.

Die behandeling

a. Algemene uitgangspunte
   - Die behandeling van alle appèlle begin daarmee dat die betrokkenes 'n mondelinge of skriftelike toeligting op die ingediende stukke gee. As die kerklike vergadering dit nodig ag, kan mondelinge toeligting in teenwoordigheid van die wedersydse betrokkenes plaasvind. As 'n betrokkene 'n verklaring aflê, kan die kerklike vergadering bepaal dat die ander betrokkenes daarby teenwoordig mag wees. Indien 'n kerklike vergadering anders besluit, moet hy sorg dat 'n skriftelike en getekende verslag van die afgelegde verklaring aan die ander betrokkenes beskikbaar gestel word.
   - Die kerklike vergadering kan besluit om die appèl in die volle vergadering te behandel of om dit na 'n kommissie vir ondersoek te verwys.

- Die hoor van getuies vind ooreenkomstig elders aangeduide riglyne[248] plaas.

b. Onbevooroordeelde optrede

- Die skriftuurlike beginsel van onbevooroordeelde behandeling van 'n appèlsaak moet onverswak gehandhaaf word.
- Om partydigheid te voorkom, moet 'n persoon wat vanweë besondere vriendskaps- of familiebande by die appellant betrokke is, nie aan die ondersoek deelneem of op enige wyse met die beraad en besluitvorming van die meerdere vergadering inmeng nie.
- Indien 'n aantal afgevaardigdes in 'n vroeëre stadium by die saak betrokke was, wys die voorsitter nadruklik op die noodsaak van die handhawing van 'n objektiewe ondersoek. Waar nodig kan persone wat reeds betrokke was toegang tot die vergadering ontsê word[249].

Uitspraak

- Besluitvorming vind by voorkeur skriftelik plaas. Dit geskied met meerderheid van stemme nadat behoorlike diskussie gevoer is en argumente deeglik geweeg en oorweeg is.
- Die skriftelike uitspraak van die vergadering word, tesame met redes[250] vir die uitspraak, aan die betrokkenes meegedeel. Die skrywe waarin die beslissing meegedeel word, bevat ook inligting wat die betrokkenes nodig sal hê indien hulle verder sou appelleer.
- Elke uitspraak bevat 'n bepaling ten aansien van die eventuele opskortende uitwerking van die appèl[251].
- As die meerdere vergadering vasstel dat die reëls van die kerkreg nie suiwer toegepas is nie, word die gronde daarvoor aangegee en word die mindere vergadering versoek om die saak opnuut te behandel.
- As dit tydens die ondersoek blyk dat die saak gewysig het of dat daar sprake van nuwe omstandighede is, wys die meerdere vergadering die saak terug na die eerste instansie – naamlik die kerkraad – wat dit opnuut in behandeling moet neem.

---

[248] Hoor en wederhoor word as een van die hoofreëls vir kerklike regspraak beskou (De Gier, 1989:378). Indien 'n appèlsaak behandel word en daar na partye geluister word, eis die reëls dat beide kante gehoor word en daar geleentheid gegee word om op mekaar se stellings te reageer. Met die oog op sorgvuldigheids- en gelykheidsbeginsels word sowel die appellant as die mindere vergadering mondeling of skriftelik in 'n hoorsitting gehoor (GG, 1999:16,38).

[249] 'n Derde punt is hieraan toegevoeg, waarin aanbevelings gemaak word met betrekking tot onbevooroordeelde afvaardiging na meerdere vergaderinge en dies meer.

[250] 'n Kerklike vergadering behoort altyd redes vir sy uitsprake te gee en dit sorgvuldig te notuleer. Redes moet in die Woord gegrond wees, sodat kan blyk dat die uitspraak niks anders as bediening van die Woord is nie (2 Korintiërs 4:2; 1 Petrus 5:3; Lukas 22:25-26; 2 Korintiërs 3:5-6; 2 Timoteus 2;15). Weergee van redes gee almal geleentheid om met die uitspraak te konformeer (GG, 1999:42).

[251] Indien 'n geskorste predikant in appèl gaan, kan die klassis twee predikante aanwys om hom in die tyd van appèl by te staan en reëlmatig te besoek. Hierdie bystand het niks te doen met die ampswerk van die kerkraad jeens die betrokke predikant nie en mag ook nie daarmee inmeng nie. Diegene wat pastorale hulp aanbied mag nie met die inhoud van die saak inmeng nie (GG, 1999:56).

5.3.4 Orthodox Presbyterian Church

Die kerkorde van die *Orthodox Presbyterian Church* (OPC) bestaan uit drie dele: *Form of Government*, *The Book of Discipline* en *The Directory for the public worship of God*. In die tweede deel kom appèl ter sprake. As vertrek- en doelpunt van kerklike regspraak word gestel: 'to vindicate the honor of Christ, to promote the purity of his church, and to reclaim the offender'[252].

Hoofstuk 7 handel oor appèlle. Die hoofstuk rus op beginsels wat in hoofstuk 3 onder die titel 'Steps in institution of judicial process' en hoofstuk 4 onder die opskrif 'The trial of judical cases' verwoord is. Hoofstuk 9, paragraaf 3 bepaal dat ander weë van konflikhantering en oplossing van klagte gesoek behoort te word alvorens iemand besluit om te appelleer. Om 'n oorsig oor die appèlprosedure te kry, word tersaaklike gegewens uit die verskillende hoofstukke weergegee.

Hoofstuk 3: Regsproses

1. 'n Saak van verontregting mag deur 'n verongelykte party, deur 'n persoon wat nie die verongelykte party is nie, of deur 'n regsraad (*judicatory*[253]) aanhangig gemaak word. Die inhoud van die klag moet genoeg gewig dra dat dit van belang is om behandel te word.
2. Geen klag sal behandel word as dit langer as twee jaar na die genome besluit ingebring word nie.
3. Elke klag moet in 'n geskrewe vorm wees. Die punt van verontregting moet daarin aangedui wees, sowel as gronde waarom daar van verontregting gekla word. Gronde vir die klag moet met Skrifverwysings en/of die belydenis gestaaf word. Die erns van die karakter van verongelyking moet aangetoon word. Feite waarna in die klag verwys word, moet nader aangedui word met 'n noukeurige verwysing na dag en datum van die gebeure, omstandighede, dokumentêre bewyse en die name van moontlike getuies.
5. Geen klag sal ondersoek word as die regsraad nie daarvan verseker is dat die klaer die pad van Matteus 18:15-17 eers bewandel het nie. Ook al is die saak openbaar, is dit nie verkeerd om steeds na versoening in terme van Matteus 18:15-17, Matteus 5:21-27 of Galasiërs 6:1 te soek nie.
6. Iemand wat 'n klag indien moet deur die regsraad gewaarsku word dat hy gesensureer sal word indien na 'n voorlopige ondersoek bevind word dat dit onnodig was om met 'n regsproses te begin. Sodanige sensuur behels 'n ernstige vermaning.

---

[252] Kerkorde deel 2, hoofstuk 1, paragraaf 3

[253] Onderskeid word tussen 'n *trial judicatory* en 'n *appeal judicatory* getref. Die een regsraad ondersoek besware en geskille, terwyl die ander oor appèlle handel.

7. Alle klagte moet vooraf ondersoek word om vas te stel of 'n juridiese proses ingestel moet word. Hierdie kommissie vir pre-advies moet oorweeg:
   - wat die vorm/gewig van die klag is;
   - of dit relevant is;
   - of daar genoegsaam bewys vir so 'n klag is;
   - of die bewyse wat ingedien word regskrag het;
   - of die bewyse inderdaad die klag ondersteun;
   - of die klag – indien dit substansie bevat – ernstig genoeg is om ondersoek te word.

   Die kommissie vir pre-advies moet ook die feite en sake behoorlik orden, sodat die vergadering sinvol daaroor kan oordeel.

   'n Klag wat ernstig genoeg is om verder ondersoek te word, is 'n klag wat te doen het met versteuring van vrede en eenheid in of die heiligheid van die kerk. 'n Klag is eweneens ontvanklik as dit die leer van die kerk raak.
8. As 'n klag dien, word daar omsigtig mee te werk gegaan. 'n Tweede kommissie ('n ander een as die kommissie van pre-advies) moet ondersoek doen na:
   - die inhoud van die klag;
   - die relevansie van die klag;
   - die vermoë van die getuies om getuienis te kan lewer;
   - die ooglopende outentisiteit, ontvanklikheid en relevansie van enige dokumente of bewysstukke wat die klag vergesel;
   - of die betrokke bewysstukke daadwerklik die klag steun;
   - of die klag ernstig genoeg is om 'n ondersoek te regverdig.

   Hierdie tweede kommissie moet, soos die eerste kommissie, 'n geskrif opstel waarin die lyn van die betoog/klag na vore kom[254].

Hoofstuk 4: Ondersoek

1. Voordat die ondersoek begin, hou die voorsitter 'n openlike verklaring voor waarvolgens die raad hom verbind tot regspraak ooreenkomstig God se Woord. Regspraak is Woordbediening.
2. Die skriba van die raad moet noukeurig opskryf wie almal aan die regspraak deelneem. Die notulering van die saak moet aan die volgende minimum-vereistes voldoen:
   - die klag moet in besonderhede weergegee word;
   - besware teen die klag wat te eniger tyd gedurende die ondersoek ingebring word, moet weergegee word;
   - 'n lys van getuies moet opgestel word;

[254] Die twee kommissies werk onafhanklik van mekaar aan die saak. Die een doen vooraf ondersoek. Die ander berei die saak vir regspraak voor. Daar word in alle opsigte gepoog om nie die kerklike vergadering met sake te belas wat nie daar hoort nie, of wat in 'n kleiner kring opgelos kan word.

- al die besluite van die regsraad moet uitdruklik vermeld word;
- notules van alle persoonlike gesprekke wat met die saak verband hou, moet weergegee word. In geval van appèl moet dit na die meerdere vergadering saamgestuur word.

3. Die aangeklaagde kan van regshulp en -raad gebruik maak. Die raadgewer moet lid van die OPC wees.

   Die regsraad moet ten alle tye onpartydig wees. Iemand wat aan die vooraf ondersoek gewerk het, mag nie op die regsraad dien nie. Net so mag diegene wat in 'n bepaalde regsaak help oordeel nie in 'n daaropvolgende meerdere vergadering in 'n regsraad dien nie.

   Die aangeklaagde is geregtig op die notule van die regsaak.
4. Getuies lê 'n eed af soos in 'n hofsaak. Getuies moet fisies en psigies by magte wees om getuienis te kan aflê.

   Tussen direkte getuienis en omstandigheidsgetuienis moet noukeurig onderskei word. Die regsraad bepaal watter gewig elke stuk getuienis dra.

   Regsittings word noukeurig gereël. Met die eerste sitting word die saak slegs aangehoor. Tydens die tweede sitting, wat nie langer as tien dae na die eerste mag plaasvind nie, vind regspraak plaas.

   Die uitspraak moet helder wees: skuldig of onskuldig. Voordat die uitspraak geëffektueer word, moet die beskuldigde kans kry om appèl aan te teken.

Hoofstuk 7: Appèl

1. 'n Appèl is 'n versoek aan 'n regsraad om by wyse van regspraak die uitspraak van 'n laer regsraad te verander. 'n Appèl mag ingestel word deur 'n verongelykte of deur 'n regsraad wie se oordeel nietig verklaar of deur 'n ander regsraad verander is.
2. Daar kan nie gedurende die loop van die ondersoek teen oordele en reëlings van die regsraad wat die ondersoek doen geappelleer word nie. Nadat uitspraak gelewer is, kan die betwiste oordele en reëlings van 'n laer regsraad as gronde vir appèl voor 'n hoër regsraad dien.
3. Kennisgewing van appèl moet skriftelik binne tien dae na die neem van die betwiste besluit by die skriba of voorsitter van die regsraad teen wie geappelleer word, ingedien word.
4. Om 'n appèl te finaliseer moet die appellant die geskrewe appèl[255] binne dertig dae na kennisgewing daarvan indien. Die appellant gee 'n kopie van die appèl aan die skriba van die regsraad teen wie geappelleer word. Die skriba van die regsraad wat die saak moet ondersoek, sal aan die appellant en die verweerder kennis gee van die tyd, datum en plek waar die appèlverhoor sal plaasvind.

[255] 'n *Pro forma* vir die kennisgewing van appèl, sowel as die appèlskrif is in die *Book of Discipline* opgeneem. Die *pro forma* help appellante om die appèl in die regte vorm te giet.

5. Die skriba van die regsraad teen wie geappelleer word, sal die notule van die besluit asook die chronologie van die gebeure aan die skriba van die regsraad by wie geappelleer word, verskaf.
6. As die regsraad nie die appèl handhaaf nie, word die oordeel van die laer regsraad bevestig. As die regsraad 'n onderdeel van die appèl handhaaf, sal hy oordeel of die betrokke onderdeel van sodanige belang is dat nietigverklaring of verandering van die vorige uitspraak nodig is. 'n Regsraad wat besluit om nie die oordeel van die laer regsraad te steun nie verwys die saak terug vir 'n nuwe ondersoek, verander aan die oordeel, of verklaar die bestaande oordeel nietig.
7. Niemand wat aan die oordeel van 'n laer regsraad deel gehad het mag voorstelle maak of stem in die oordeel van 'n daaropvolgende regsraad nie.

5.3.5 Christian Reformed Church in North America

Artikel 30 van die Kerkorde van die *Christian Reformed Church in North America* (CRCNA) lui soos volg[256]:

a. Vergaderings en kerklidmate mag na 'n eersvolgende meerdere vergadering appelleer as hulle glo dat onreg gedoen is of as 'n beslissing in stryd met die Woord van God of die Kerkorde is. Appellante moet alle kerklike regulasies rakende die wyse en tyd van appèl eerbiedig.
b. Die sinode mag regte vir ander appèlle instel en reëls vir die behandeling daarvan aanvaar.
c. As daar op regspraak beroep gedoen word, is die relevante bepalings van die *Judical Code* vir die behandeling daarvan van toepassing.

By Artikel 30 is drie supplemente gevoeg waarin die prosedure insake appèlle uiteengesit word. Supplement A bevat reëls vir appèlle waarvoor die *Judical Code* geen voorsiening maak nie. Supplement B handel oor appèlsake wat op teologiese opleiding en kandidate in die teologie betrekking het. Supplement C bevat die *Judical Code of Rights and Procedures.* Slegs hoofsake uit Supplemente A en C word kernagtig weergegee.

Supplement A: prosedure-reëls vir appèlsake[257]

A. Appèl van 'n kerklid (appellant) teen 'n beslissing of handeling van 'n kerkraad (respondent)

- Binne ses maande nadat die betwiste besluit geneem of handeling plaasgevind het, moet daar geappelleer word. Die klassis kan, indien daar aanvaarbare redes is, die tydlimiet verslap.

[256] CRCNA, 2005:10
[257] CRCNA, 2005:49-50

- Wanneer die klassis die appèl oorweeg, sal aan die appellant en die respondent redelike tyd gegee word om mondelinge toeligting oor die saak te lewer.
- Die klassis sal elke appèl behoorlik ondersoek en daaroor beslis. Die uitspraak moet binne 'n jaar na ontvangs van die appèl gelewer word.
- Sowel die appellant as die respondent het die reg om teen die beslissing van die klassis op die sinode te appelleer.

B. *Appèl van 'n kerklid of kerkraad (appellant) teen die besluit van 'n klassis (respondent)*
   - Binne negentig dae na die uitspraak van die klassis moet kennis van appèl gegee word.
   - Die appèlskrif moet voor 15 Maart ingedien word om te verseker dat dit dieselfde jaar nog behandel word.
   - Appèlle word normaalweg nie in die agenda van die sinode gedruk nie.
   - Die appellant en respondent het die reg om voor die sinode se kommissie van pre-advies te verskyn om hulle sake duidelik te maak.
   - Die appellant en respondent sal die reg hê om by die sinode teenwoordig te wees ten einde hulle saak te stel.
   - Kopieë van die appèl, wat nie in die agenda ingebind is nie, word so spoedig moontlik na indiening daarvan aan die lede van die kommissie vir pre-advies voorsien.

C. *Algemene reëls*

Die skriftelike appèl moet, so gou as moontlik nadat dit by die betrokkenes van die meerdere vergadering ingedien is, aan die vergadering teen wie geappelleer word beskikbaar gestel word.

Vir die vorm van appèl is daar geen spesifieke voorskrifte nie. Die volgende elemente moet egter daarin voorkom:

- naam van die appellant;
- naam van die liggaam waarteen geappelleer word;
- beslissing waarteen geappelleer word;
- redes waarom gemeen word dat die beslissing verkeerd is;
- agtergrondinligting wat die regsprekende vergadering sal help om die appèl te beoordeel;
- 'n versoek waarin die appellant uitdruklik sê watter aksie hy van die kerkraad, teen wie hy appelleer, verwag.

Die respondent het geleentheid om op die appèl te antwoord. Sodanige antwoord moet binne sestig dae nadat die respondent die appèl ontvang het, aan die betrokkenes van die meerdere vergadering beskikbaar gestel word. 'n Kopie daarvan word aan die appellant gegee.

Dit staan 'n appellant en respondent te eniger tyd vry om hom/hulle deur 'n ander kerklid by die regsprekende vergadering te laat verteenwoordig.

Supplement C: Judical Code of Rights and Procedures[258]

Die doel van die geregskode is om as laaste meganisme vir die oplossing van 'n geskil te dien. Broeders en susters in Christus word opgeroep om alles moontlik te doen om geskille op ander maniere, byvoorbeeld deur arbitrasie of mediasie, by te lê alvorens gekies word om 'n regsproses by wyse van appèl aan te gaan. Die kode beoog om eenheid in regspraak in die kerkverband te bevorder en sodoende aan die wil van God gehoorsaam te wees[259]. Die kode bevat 27 artikels.

Algemeen

1. Appèlle moet altyd skriftelik ingedien word. Appèlle moet handel oor besluite wat dui op afwyking van God se Woord, die belydenis en/of die kerkorde.
2. Appellant en respondent het beide die vryheid om deur 'n ander kerklidmaat verteenwoordig en gehelp te word.
3. Appellant en respondent het beide die reg om die vergadering wat die appèl behandel by te woon, behalwe wanneer die betrokke vergadering tot 'n beslissing kom.
4. Appellant en respondent het beide die reg om van getuies gebruik te maak.
5. Die party wat nie deur die betrokke vergadering gelyk gegee word nie, mag hom op 'n meerdere vergadering beroep.
6. 'n Klag moet skriftelik en met verstrekking van volle besonderhede van vermeende onreg aan die meerdere vergadering voorgelê word. 'n Kopie van die appèl moet onmiddellik aan die vergadering waarteen geappelleer word beskikbaar gestel word. 'n Klag mag nie oor meer as een saak handel nie.
7. Die respondent het geleentheid om sy verweer binne sestig dae na ontvangs van die appèl in te dien.
8. Die behandeling van die appèl mag nie langer as 'n jaar ná indiening daarvan begin word nie.

Appèl by 'n kerkraad

9. Alle ondersoeke sal op 'n christelike manier geskied. Aflegging van die eed word nie vereis nie.

---

[258] CRCNA, 2005:54-63; Brink en De Ridder, 1979:123-128
[259] Deuteronomium 1:16-17; Deuteronomium 16:18-20; Levitikus 19:15; 1 Timoteus 5:19-21

10. Die vergadering oordeel of 'n appèl substansieel genoeg gewig dra al dan nie. Die klaer kan voor die vergadering verskyn ten einde sy saak te stel en toeligting te gee. Die aanhoor van die saak verloop soos volg:
    - elke party kry geleentheid om sy saak te stel;
    - die klaer lewer getuienis en getuies vir sy saak; daarna kry die respondent soortgelyke geleentheid; alle getuies mag deur sowel die klaer as die respondent ondervra word;
    - die klaer en respondent sal ten slotte hulle saak opsom: mondelings of skriftelik;
    - as enigeen van die partye 'n probleem met die prosedure het, moet dit gemeld en genotuleer word; die probleem moet dan aangespreek en opgelos word alvorens die verhoor voortgaan.
11. As die respondent, nadat behoorlik kennis aan hom gegee is, nie by die vergadering opdaag nie, gaan die vergadering sonder sy teenwoordigheid met die verhoor voort.
12. Die finale besluit oor die saak word by wyse van 'n meerderheidstem geneem. Lede van die vergadering wat die hele saak nie persoonlik gevolg het nie, moet hulle by wyse van die notule van die feite vergewis sodat hulle 'n ingeligte en weldeurdagte stem kan uitbring.
13. Nadat tot 'n besluit gekom is, sal die voorsitter die bevindings en besluit van die vergadering bekend maak.
14. Alle getuienisse en geskrifte wat op die saak betrekking het, sal sorgvuldig bewaar word. Die appellant en die respondent behoort redelike toegang daartoe te hê.

Appèl by 'n klassis

15. Dieselfde proses geld soos voorgeskryf in artikel 10.
16. Kennisgewing van appèl moet binne negentig dae nadat die kerkraad sy besluit geneem het, by die klassis asook by die kerkraad waarteen geappelleer word, ingedien word. In die volgende dertig dae moet die geskrewe appèlskrif met sy gronde en ander toevoegings by die deputate korrespondensie van die klassis ingedien word. Die skriba van die kerkraad sal verplig wees om die notules en ander bewyse (artikel 14) aan die deputate beskikbaar te stel. Die verhoor deur die klassis word tot die appèlgronde beperk.
17. 'n Appèl sal nie sonder aanwesigheid van die appellant aangehoor word nie, behalwe as daar baie goeie gronde vir sy afwesigheid bestaan.
18. Indien die appellant intussen tot sterwe gekom het, kan sy erfgename of verteenwoordigers in sy plek optree.
19. Indien 'n appellant addisionele getuienis inbring, waarvoor hy goeie redes kan aanvoer, mag die klassis dit aanhoor. Alternatiewelik kan die klassis die saak vir herverhoor na die kerkraad terugverwys.

20. Kom ooreen met artikel 12. Die klassis kan 'n besluit van die kerkraad in sy geheel of gedeeltelik handhaaf of verander. Die klassis kan die saak ook na die kerkraad terugverwys met die opdrag om dit opnuut in behandeling te neem.
21. Appèl vanaf 'n klassis na 'n sinode is moontlik.

Appèl by 'n sinode

22. Alle appèlle wat na die sinode verwys word, word eers deur die sinodale advieskomitee insake besware en appèlle hanteer sodat hulle dit kan oorweeg en die sinode daaroor kan adviseer.
23. Genoemde komitee word deur 'n vorige sinode aangewys. Ongeveer die helfte van daardie komitee sal uit nie-teoloë bestaan. 'n Lid van die komitee kan wel of geen afgevaardigde na die sinode wees. Die komitee bestaan uit nege lede, waarvan drie jaarliks roteer.
24. Die komitee vergader so dikwels as wat nodig is.
25. Die komitee se aanbevelings, bevindinge en gronde sal skriftelik aan die sinode voorgelê word. Enige party wat by die appèl betrokke is, mag geleentheid kry om die sinode oor die komitee-rapport te spreek.
26. Na deeglike bespreking kan die sinode een van die volgende besluit:
    - gee 'n beslissing oor die saak;
    - verwys na een van sy komitees met die oog op skikking en versoening;
    - verwys tesame met bepaalde adviese terug na die klassis of kerkraad;
    - hanteer sy eie verhoor.
27. Indien die sinode die saak van nuuts af ondersoek, geld die reël van artikel 10.

5.3.6 Free Church of Scotland

In die *Free Church of Scotland* (FCS) bestaan 'n 'conciliar arrangement allowing a gradation of ever enlarging bodies from local Kirk Sessions, through district Presbyteries, regional Synods and a General Assembly'[260]. Hierdie struktuur verseker dat sake van moeilikheidsgraad en dispute verwysbaar is vanaf die kleiner na die groter liggaam. Binne elkeen se sfeer het die liggame 'regulative and disciplinary powers and are on that account described as courts of the Church'.

Geen enkelvoudige artikel oor appèl kom in die Kerkorde van die FCS voor nie. Tog kom dit in verskillende artikels van die Kerkorde ter sprake.

[260] FCS, 1995:4

Deel 2, Artikel 20: Mag en funksie van die kerkraad[261]

Daar mag slegs geappelleer word in geval van sake wat die gewete raak[262]. Die prosedure vir appèlle is bykans dieselfde as vir geskille en klagte. Die onus rus uiteraard op die appellant om te sorg dat sy appèl formeel in orde is. Waar en indien nodig moet die kerkraad help om die appellant se appèl formeel in orde te kry, sodat dit nie weens formele redes deur die meerdere vergadering onontvanklik verklaar word nie[263].

Die kerkraad moet bepaal of 'n appèl 'frivolous'[264] is al dan nie. As 'n appèl wesenlik is, word die besluit waarteen geappelleer word opgeskort totdat die meerdere vergadering uitspraak gelewer het.

Indien die kerkraad bepaal dat 'n appèl 'frivolous' is, word die pad vir die appellant nie geheel en al afgesny nie. Hy word egter sterk ontmoedig om met sy appèl voort te gaan.

Deel 2, Artikel 7.2: Mag en funksie van die klassis[265]

Die *Presbytery* luister na een of twee sprekers van beide partye. As twee gelykluidende appèlle dien, word die twee partye wat appelleer as een party beskou.

Appellante word eers aangehoor, daarna die kerkraad. Dan het die appellant geleentheid tot repliek. Lede van die klassis kan vrae stel. Daarna verlaat die appellante sowel as die kerkraad die vergadering. Niemand van hulle mag die verdere besinning en oorweging van die appèl bywoon nie.

Die klassis bespreek die saak en berei 'n oordeel/uitspraak voor. Elke uitspraak is uniek; geen vaste vorm word voorgeskryf nie.

Die minimum-vereiste waaraan die uitspraak moet voldoen is:

- dit moet uitdruklik vermeld dat die klag of appèl gehandhaaf of afgewys word;
- dit moet uitdruklik stel of die oordeel/besluit van die kerkraad waarteen geappelleer word 'reverse' of 'affirm' word;

---

[261] *Kirk Session*
[262] FCS, 1995:22
[263] Vergelyk die relevante bepaling hieroor in die afdeling oor *Discipline*, deel 4 Artikel 1.1 (FCS, 1995:103).
[264] Ligsinnig, nie-wesenlik, nie-gewigtig, onbelangrik.
[265] *Presbytery*; FCS, 1995:61-63

- in geval van 'reversing' moet addisioneel aangetoon en beskryf word wat dit inhou en hoe dit geskied.

Beide partye word ingeroep en van die uitspraak verwittig. As een van die partye by aanhoor van die uitspraak onmiddellik te kenne gee dat hy nie daarmee kan saamgaan nie, moet dit so genotuleer word. Uittreksels uit die notule moet aan die betrokkenes beskikbaar gestel word, sodat hulle na 'n meerdere vergadering kan appelleer[266].

Deel 2, Artikel 1.1: Mag en funksie van die sinode[267]

Die *General Assembly* is 'n *Court of Review*. In daardie hoedanigheid moet die vergadering die verloop van die appèl wat voor hom dien deeglik ondersoek. Hy moet spesifiek daarop let dat hy nie in die regspraak van mindere vergaderinge inmeng nie. 'No question which belongs to the jurisdiction of any one of the inferior Courts can be determined by the Assembly until it has first been duly brought up by Reference, Complaint, Appeal or Petition.' Sake moet na die mindere vergadering terugverwys word as dit nie daar afgehandel is nie, behalwe in geval van buitengewone dringendheid. In daardie geval moet duidelike gronde aangewys word.

Deel 2, Artikels 19 en 20: Tug[268]

As tug toegepas word, kan 'n kerkraadslid wat in sy gewete nie met die tughandeling kan saamgaan nie, onmiddellik kennis van appèl gee. 'Such appeal will prevent the carrying out of the judgement of the Court and parties will be cited *apud acta* to appear before the Superior Court'. Die tug word in so 'n geval opgeskort tot tyd en wyl die meerdere vergadering daaroor besluit.

Hantering van appèlle[269]

Oor die hantering van appèlle is daar 'n aparte hoofstuk in die kerkorde.

1. Alle appèlle is spoedeisend – sowel in die indiening as die behandeling en afhandeling daarvan. Binne tien dae na 'n uitspraak moet appèl aangeteken word, en die eerskomende meerdere vergadering moet dit behandel. As die appellant in gebreke bly om binne die voorgeskrewe periode te handel, verval sy appèl *ipso facto*.

---

[266] FCS, 1995:63, Artikel C6
[267] *General Assembly*; FCS, 1995:80
[268] FCS, 1995:94
[269] FCS, 1995:188-189

2. As 'n appèl vanaf die kerkraad na die klassis gebring word, moet die klassis oor die gewig van die saak oordeel. Dit bepaal die verdere hantering daarvan. As 'n saak baie gewigtig is, kan die klassis dit behandel en afhandel; anders kan dit na die kerkraad terugverwys word.
3. In bepaalde gevalle kan die klassis die hele saak van vooraf inhoudelik ondersoek.
4. In 'n ander geval kan die appèl van die appellant slaag, alhoewel hy skuldig is aan die misdryf waaroor die kerkraad beslis het. Dit word dan so uitgespreek. Die kerkraad word tereggewys omdat hulle in hulle optrede gefouteer het, maar die appellant word tereggewys omdat hy ongeag die verkeerde formele optrede van die kerkraad steeds tugwaardig is.
5. As bevind word dat 'n kerkraad verkeerd geoordeel het en die oordeel tot nadeel van die appellant strek, moet die kerkraad nie alleen sy verkeerde oordeel terugtrek nie maar ook toesien dat die eer en goeie naam van die appellant in die gemeente herstel word. Sy onskuld moet bekend gemaak word en die 'scandal must be wiped off'.
6. Indien so iets gebeur, moet die klassis met wysheid optree 'doing justice to the innocent, yet so as not to weaken the kirk session's authority in that congregation, if in justice it can be avoided'.
7. In so 'n geval moet die betrokke kerkraad duidelike instruksies van die klassis ontvang. Spesiale visitasie kan tot herstel van reg en versoening bydra.

5.3.7 Resultaat

Die ses appèlprosedures verskil in omvang, inhoud, aanpak en vormgewing van mekaar. Dit is voor die hand liggend, aangesien die onderskeie kerkgemeenskappe elkeen hulle eie historiese agtergrond en tradisie het. Daarbenewens is kerkverbande in verskillende lande aan unieke omstandighede blootgestel. Dit lei daartoe dat – gegewe die eise wat aan elkeen gestel word – praktiese maatreëls vir skriftuurlik-gefundeerde regspraak getref moet word.

Kenmerkend van die appèlprosedure van die PKN is die beduidende Hervormde ondertoon wat daarin na vore kom. Dit is te verstane, gesien die samestelling van die PKN[270]. Die prosedure van die GG is onmiskenbaar Gereformeerd in die tradisie van Dordrecht 1618/19[271]. Die nuwe appèlprosedure van die GKV rus eweneens op eeue-oue Gereformeerd kerkregtelike beginsels, alhoewel die aktiewe samewerking tussen teoloë en juriste en die daarstel van 'n appèldeputaatskap 'n merkbare nuwe ontwikkeling is[272]. Die prosedure van die

[270] Van den Heuvel *red.*, 2004:224
[271] GG, 1999:7-10
[272] Haitsma, 2004:5-12

CRCNA is wat omvang en inhoud betref vergelykbaar met die reglement van die PKN. Die appèlprosedures van die FCS en OPC is beide op die presbiteriaanse lees geskoei[273].

Nieteenstaande heelwat verskille wat aan die oppervlak sigbaar is, is daar bepaalde lyne wat konsekwent deur al ses prosedures loop. Ter wille van die breër oriëntering wat met hierdie deel van die studie beoog word[274], word dié lyne geïdentifiseer en beskryf. Waar van toepassing sal verskilpunte uitgewys en bespreek word.

5.3.7.1 Kennisgewing van appèl

In al ses appèlprosedures word bepaal dat daar so spoedig as moontlik kennis van appèl gegee sal word. Tydlimiete verskil van tien dae (OPC) tot ses maande (CRC).

Dit word as algemene reël aanvaar dat die appellant skriftelik kennis van appèl aan die vergadering teen wie hy appelleer (hierna genoem: vergadering *a quo*), sowel as aan die vergadering na wie hy appelleer (hierna genoem: vergadering *ad quem*) gee. Die GKV beklemtoon die noodsaaklikheid dat die betrokke deputate van die vergadering *ad quem* hulle daarvan vergewis dat die appellant die ander party oor sy beroep op die generale sinode ingelig het.

Die regsprekende vergadering kan, indien daar aanvaarbare en gewigtige redes is, die tydlimiet verslap.

5.3.7.2 Indiening van appèl

Skriftelike appèl

Die appèlprosedures stel almal dat die appèl skriftelik ingedien moet word. Elektroniese beskikbaarheid van die appèlskrif word eweneens deur sommige prosedures as 'n vereiste gestel.

Tyd vir indiening

Die prosedures verskil oor die tyd wat aan 'n appellant gegee word om sy appèlskrif voor te berei en in te dien. Die GKV verwag dat 'n appellant so gou as moontlik sy geskrif sal indien, die PKN bepaal dat die appèlskrif binne dertig dae nadat die betwiste beslissing geneem is

[273] FCS, 1995:4
[274] Sien die inleidende paragrawe onder 5.1 en 5.3.

ingedien moet word, terwyl die OPC aan die appellant ruimte gee om binne dertig dae na kennisgewing van sy appèl die appèl in te dien. Oor die algemeen word indiening van die appèlskrif as 'n spoedeisende saak beskou.

Adres

Die prosedures verskil eweneens oor die adres waar die appèlskrif ingedien moet word. Die GG vereis dat die appellant sy appèl by die vergadering *a quo* (byvoorbeeld die skriba van die kerkraad) indien, wat dit dan aan die vergadering *ad quem* (deputate vir korrespondensie van die meerdere vergadering) besorg. Laasgenoemde stel, onmiddellik na ontvangs van die appèlskrif, die vergadering *a quo* in die geleentheid om skriftelike kommentaar in te dien. Na ontvangs daarvan sorg die deputate vir korrespondensie dat die appèlskrif, tesame met die kommentaar, aan die afgevaardigdes na die meerdere vergadering gestuur word. Die OPC en CRC stel dit as reël dat die appellant sy appèl self en direk by die vergadering *ad quem* besorg, terwyl hy 'n kopie van sy appèl aan die vergadering *a quo* gee.

Die verskil in prosedure is nie wesenlik van aard nie. In alle gevalle word reëlings getref om te verseker dat die vergadering *ad quem* sowel as die vergadering *a quo* die appèlskrif onder oë kry. Bowendien word in sekere prosedures ruimte daarvoor geskep dat die vergadering *a quo* hulle kommentaar op die appèl aan alle betrokkenes beskikbaar stel. Dit bring mee dat die partye sowel as die regsprekende vergadering deeglik op die hantering van die saak kan voorberei.

5.3.7.3 Inhoud van appèl

Al ses prosedures is eenstemmig oor die eenvoud waarmee 'n appèl op skrif gestel moet word, asook die volgende elemente wat daarin vervat moet wees:

- naam van appellant asook die vergadering teen wie geappelleer word;
- 'n weergawe van die besluit en/of handeling van die vergadering waaroor die geskil ontstaan het;
- 'n uiteensetting van die besware (appèlgronde) van die appellant, gesteun deur redes, verduidelikings, agtergrondinligting en feite om die klag te staaf.

Indien die appèlskrif teen die uitspraak van 'n klassis en/of partikuliere sinode gerig is, moet dit ook 'n weergawe van die oorspronklike geskil bevat (GKV).

Uit die appèlgronde moet blyk dat die saak waaroor geappelleer word gewigtig, 'n saak van erns, is. Appèlgronde moet op die Skrif, belydenis en/of kerkorde gebaseer wees. Die FCS

bepaal in hulle appèlprosedure dat slegs geappelleer mag word in geval van sake wat die gewete raak. Die OPC eis dat die erns van die karakter van verongelyking aangetoon moet word.

'n Appèlskrif moet onderteken en gedateer wees.

Die prosedures van die GKV vereis dat die appellant in sy appèl ook duidelik moet stel wat hy van die sinode vra. Die CRC bepaal dat die appellant uitdruklik moet sê watter aksie hy van die kerkraad, teen wie hy appelleer, verwag.

5.3.7.4 Die partye

Slegs drie van die prosedures verwys met name na die partye wat by die appèl betrokke is. Die GKV stipuleer dat diegene wat by die oorspronklike beswaar betrokke is die partye in die geskil is. Die GG bepaal dat alleen lidmate van die gemeente in appèl kan gaan. Sonder lidmaatskap van die gemeente is daar in beginsel geen appèl moontlik nie. Daarteenoor huldig die OPC 'n ruimer siening: 'n saak van verontregting mag deur 'n verongelykte party, 'n persoon wat nie die verongelykte party is nie, of 'n regsraad aanhangig gemaak word.

5.3.7.5 Regsprekende vergadering

Uit al ses prosedures blyk dat *kerklike* vergaderinge regsprekende bevoegdheid en die plig tot regspraak het. Die prosedures verskil egter radikaal oor hóé die plig deur kerklike vergaderinge nagekom moet word.

Wie spreek reg?

Die prosedure van die GG bepaal: vir die beslissing van die kerkraad is die klassis die beroepsinstansie; vir die besluite van die klassis is die partikuliere sinode, en vir die beslissings van die partikuliere sinode is die generale sinode die beroepsinstansie. Die kerklike vergadering kan besluit om die appèl in die volle vergadering te behandel of om dit na 'n *kommissie vir ondersoek* te verwys.

Die CRC maak van *appèlkommissies* gebruik. Alle appèlle wat na 'n sinode verwys word, word eers deur die sinodale advieskomitee insake besware en appèlle hanteer sodat hulle dit kan oorweeg en die sinode daaroor kan adviseer.

Die appèlprosedure van die GKV maak melding van *appèldeputate* aan wie die voorbereiding van die behandeling van appèlsake opgedra word. Op 'n deputaatskap van ses lede word ten minste twee juriste en twee teoloë benoem.

Die PKN het daarvoor gekies om nie die amptelike vergaderinge vir die ondersoek van en beslissing oor 'n appèlsaak verantwoordelik te hou nie. Die behandeling van appèlle word aan *kerklike kolleges* opgedra, wat dit ooreenkomstig die aanvaarde ordinansie hanteer. Op die kollege dien predikante, ouderlinge en diakens, asook 'n meester in die regte as adviserende lid.

Die verskil in prosedure reflekteer die kerkgemeenskappe se onderskeie agtergronde en regeringstelsels. Die PKN het met die instel van aparte regskolleges welbewus wegbeweeg van die presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering, en besluit op die kollegiale wyse van kerkregering[275]. Die ander vyf kerkgemeenskappe het geen aparte regskolleges nie. Die kerklike vergadering op wie 'n beroep gedoen word, spreek reg. Die verskillende wyses hoe daar oor die plek en taak van 'n appèlkommissie en/of appèldeputate as lashebbers van die regsprekende vergadering gedink word, is elders bespreek[276].

Geen regter in eie saak

Al die prosedures is eenstemmig oor die regsreël dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie, en dat onbevooroordeelde regspraak sover moontlik gewaarborg moet word. Dié reël word op verskeie maniere en binne verskillende kontekste toegepas:

- Niemand van die appèldeputaatskap wat al voorheen by die hantering van die saak betrokke was, of wat in enige persoonlike verhouding met een of beide partye staan, mag by die verdere behandeling daarvan betrokke wees nie (GKV).
- Die lede van die generale sinode wat by 'n appèlsaak betrokke is (was) – onder wie in elk geval die afgevaardigdes van die partikuliere sinode teen wie die appèl ingestel is – maak geen deel uit van die vergadering wat die appèl behandel nie. Indien 'n sinode besluit om 'n appèlskrif *in camera* te behandel, sal die lede van die sinode wat by die appèlsaak betrokke is (was), die vergadering verlaat voordat die beraadslaging begin (GKV).
- Iemand kan nie op twee kolleges tegelyk dien of advies gee nie (PKN).
- Om partydigheid te voorkom, moet 'n persoon wat vanweë besondere vriendskaps- of familiebande by die appellant betrokke is, nie aan die ondersoek deelneem of op enige wyse met die beraad en besluitvorming van die meerdere vergadering inmeng nie (GG).

[275] Vergelyk artikels 6, 7, 16, 22 en 63 van die *Algemeen Reglement* van 1816 (Pont, 1991:64-78).
[276] Sien hoofstuk 4.4.4.2

- Indien 'n aantal afgevaardigdes in 'n vroeëre stadium by die saak betrokke was, wys die voorsitter nadruklik op die noodsaak van die handhawing van 'n objektiewe ondersoek. Waar nodig kan persone wat reeds betrokke was toegang tot die vergadering ontsê word (GG).
- Iemand wat aan die vooraf ondersoek gewerk het, mag nie op die regsraad dien nie. Net so mag diegene wat in 'n bepaalde regsaak help oordeel nie in 'n daaropvolgende meerdere vergadering in 'n regsraad dien nie (OPC).
- Niemand wat aan die oordeel van 'n laer regsraad deel gehad het mag voorstelle maak of stem in die oordeel van 'n daaropvolgende regsraad nie (OPC).

5.3.7.6 Behandeling van appèl

Kerklike wyse

Die appèlprosedures benadruk almal die kerklike wyse waarop 'n regsaak aangegaan en behandel behoort te word. Plek-plek word dit uitdruklik vermeld, andersins in 'n indirekte – maar nietemin duidelike – sin.

Broeders en susters in Christus wat in onmin met mekaar leef word opgeroep om alles moontlik te doen om geskille op ander maniere, byvoorbeeld deur arbitrasie of mediasie, by te lê alvorens gekies word om 'n regsproses by wyse van appèl aan te gaan .

Alle appèlle is spoedeisend, sowel wat betref die indiening as die behandeling en afhandeling daarvan. Onreg moet so gou moontlik reggestel word.

'n Broederlike karakter, openheid en eenvoud van behandeling van regsake is fundamenteel vir kerklike regspraak. Kerklike vergaderinge is vanweë hulle amptelike karakter geroep om oortuigend, teregwysend, oorredend en leidend op te tree. Regspraak is Woordbediening. Herstel van gebroke verhoudings word as doel van kerklike regspraak gestel.

Kerklike ampsdraers wat moet regspreek moet op hoogte van die reëls van kerkreg wees. Hulle moet enersyds teen formalisme asook harde en ongevoelige regspraak waak, andersyds teen eiewilligheid.

Goeie kerklike regspraak moet vir ondersoek deur 'n wêreldlike regter vatbaar wees.

Ontvanklikheid van appèl

Die ses appèlprosedures is eenstemmig wat betref die noodsaaklikheid dat 'n appèl vir ontvanklikheid getoets word alvorens dit behandel kan word. Twee moontlikhede word beskryf:

- die deputate vir korrespondensie van die vergadering *ad quem*, wat die appèl in ontvangs neem, doen 'n aanvanklike ondersoek na ontvanklikheid en wys die appellant op formele gebreke in sy appèlskrif indien daar sou wees;
- 'n kommissie vir pre-advies beoordeel die appèl vir ontvanklikheid staande die vergadering.

Die prosedures is eweneens eenstemmig dat 'n appèl nie ligtelik op formele gronde onontvanklik verklaar moet word nie. Daar moet vir die appellant geleentheid gegee word om gebreke wat daar is binne 'n redelike tyd aan te vul.

'n Appèl word onontvanklik verklaar as:

- dit nie ingedien is voor die sluitingsdatum wat die roepende kerkraad neergelê het nie, tensy goeie redes vir afwyking gegee kan word (GKV);
- as die appellant geen lid van die kerk meer is nie, tensy dit 'n appèl betref teen onreg wat hom in sy hoedanigheid as kerklid aangedoen is en die gevraagde uitspraak betekenis het vir sy terugkeer na die kerk, of vir herstel van sy goeie naam in die gemeente, of wanneer hy optree in sy kwaliteit as wettige verteenwoordiger van 'n kerklid (GKV);
- die appellant in gebreke bly om sy onvolledige appèl met die nodige inligting aan te vul (GG).

Drie van die prosedures gee, bo en behalwe voorskrifte van formele aard, materiële rigtingwysers wat op die ontvanklikheid van 'n appèl betrekking het.

- Iemand moet persoonlik by 'n beslissing van die kerkraad betrokke wees om van appèlreg gebruik te maak. Persoonlike betrokkenheid is nie beperk tot sake van materiële aard nie, maar kan ook aanwesig wees as daar beswaar oor leeruitsprake gemaak word. Selfs as 'n kerkraad nie binne 'n redelike tyd 'n besluit oor 'n gewigtige saak neem nie, kan dit 'n grond vir appèl wees (GG).
- Geen klag sal ondersoek word as die regsraad nie daarvan verseker is dat die klaer die pad van Matteus 18:15-17 eers bewandel het nie (OPC).
- 'n Klag moet substansieel sodanig gewigtig wees dat dit 'n juridiese ondersoek regverdig. 'n Klag wat ernstig genoeg is om verder ondersoek te word, is 'n klag wat te doen het met versteuring van vrede en eenheid in of die heiligheid van die kerk. 'n Klag is eweneens ontvanklik as dit die leer van die kerk raak. Iemand wat 'n klag indien moet deur die regsraad gewaarsku word dat hy by wyse van 'n ernstige vermaning gesensureer sal word

indien na 'n voorlopige ondersoek bevind word dat dit onnodig was om met 'n regsproses te begin (OPC, FCS).

Ondersoek

Alhoewel die prosedures van mekaar verskil oor die persone wat die ondersoek behartig (hierna genoem: ondersoek-kommissie), is daar eenstemmigheid oor die wyse van ondersoek.

Die ondersoek begin met deeglike *kennisname* van die appèlstuk.

Daarop volg die proses van *hoor en wederhoor.* Partye kry genoeg tyd om in mekaar se teenwoordigheid toeligting oor die saak te gee. Dit staan enige party vry om tydens die proses van 'n 'mond' gebruik te maak. Geleentheid word vir die lede van die regsprekende vergadering en/of ondersoek-kommissie gegee om vrae te stel ten einde 'n duidelike beeld van die saak te kry. 'n Skriftelike verslag word van die hoor en wederhoor-proses opgestel.

Tydens die ondersoek staan dit die regsprekende vergadering en/of ondersoek-kommissie vry om *getuienis* aan te hoor van diegene wat lig op die saak kan werp. Die partye kan self vra dat getuies van hulle keuse 'n spreekgeleentheid kry. Die vergadering kan self ook besluit om die getuienis van visitatore of 'derdes', wat regstreeks deur die saak geraak word of daarby betrokke is (was), aan te hoor.

As betrokkenes daarvoor vra, of as die ondersoek-kommissie oordeel dat dit nodig is, kan die betrokkenes die *regshulp*, *raad* en *advies* van 'n raadsman of -vrou bekom. Kerklike vergaderinge mag 'n verongelykte lidmaat nie die voorreg ontneem om kerkregtelike advies by 'n deskundige uit eie kring in te win nie. Net so kan die ondersoek-kommissie advies en hulp van deskundiges inwin, mits die noodsaaklike geheimhouding daarby in ag geneem word.

Die ondersoek-kommissie het bevoegdheid om 'n geskil te *skik* wat tot intrekking van die appèlskrif sal lei (GKV). 'n Appèl kan ook deur die appellant teruggetrek word solank as wat daar nog nie 'n besluit oor geneem is nie (PKN).

Na afhandeling van die ondersoek stel die ondersoek-kommissie 'n volledige *rapport* op, wat met die oog op besluitvorming aan die regsprekende vergadering voorgehou word[277]. In die rapport word die klag met sy gronde, asook nodige agtergrondgegewens verwoord. Die

[277] Die PKN is hierin 'n uitsondering, aangesien die appèlkollege die saak behandel én afhandel.

proses waarvolgens die ondersoek-kommissie die ondersoek gedoen het, word volledig beskryf. Die ondersoek-kommissie se regsbevinding word daarin geformuleer, tesame met 'n volledige konsep vir 'n beslissing (GKV, OPC).

Besluitvorming

Oor die noodsaaklikheid van deeglike besluitvorming en -formulering is die onderskeie appèlprosedures eenstemmig. Daar word breedvoerig op bepaalde onderdele daarvan ingegaan.

Punte van ooreenkoms tussen die prosedures kan in enkele hoofsake saamgevat word. Die besluit bevat:

- 'n weergawe van die besluit, die besluit en/of handeling van die mindere vergadering waaroor die geskil ontstaan het;
- 'n samevatting van die besware wat die appellant daarteen ingebring het;
- 'n samevatting van die toeligting van die betrokke mindere vergadering;
- 'n noukeurige verantwoording van die gronde waarop die uitspraak van die regsprekende vergadering berus;
- 'n duidelike uitspraak van die regsprekende vergadering oor die appèlskrif;
- waar nodig 'n aanwysing van die regsgevolge[278] van die genome besluit;
- indien van toepassing, nadere aanwysings insake die weg waarlangs herstel van reg en vrede bewerkstellig kan word[279].

Kennis van die besluit word op 'n ordelike wyse aan die betrokke partye gegee.

Die partye word geleentheid gebied om verder appèl aan te teken as hulle meen dat hulle deur die uitspraak van die kerklike vergadering verontreg is. Die prosedure van die PKN maak in hierdie verband voorsiening vir die oorweging van verlof tot verdere appèl.

Spoedvoorsiening

Twee van die appèlprosedures skep ruimte vir 'n spoedvoorsiening.

---

[278] Onder regsgevolge word ook verstaan of die uitspraak 'n opskortende effek van bestaande besluite (byvoorbeeld oor tugsake) het.

[279] Die FCS bepaal dat, indien die verkeerde oordeel van 'n kerkraad tot nadeel van die appellant gestrek het, die kerkraad moet toesien dat die eer en goeie naam van die appellant in die gemeente herstel word. In so 'n geval moet die betrokke kerkraad duidelike instruksies van die klassis ontvang. Spesiale visitasie kan tot herstel van reg en versoening bydra.

- Appèldeputate is bevoeg om – indien dit uit 'n oogpunt van spoedeisendheid en ter voorkoming van onherstelbare nadeel absoluut noodsaaklik is – In ordemaatreël te tref totdat die generale sinode oor die appèl beslis het. Die appellant moet in daardie geval 'n skriftelik gemotiveerde versoek by die deputaatskap indien. Deputaatskappe sal so 'n versoek sover moontlik in ooreenstemming met die goedgekeurde reëling behandel (GKV).
- Die voorsitter van die generale kollege kan in bepaalde omstandighede versoek dat die besluit van die regionale kollege opgeskort word, en 'n spoedvoorsiening tref om so gou moontlik uitsluitsel oor die saak te gee (PKN).

5.3.7.7 Slotbepaling

As daar omstandighede is waarvoor hierdie reëling geen voorsiening maak nie, beslis die regsprekende vergadering self daaroor (GKV).

5.4 EVALUERING VAN DIE APPÈLPROSEDURE EN -PRAKTYK VAN DIE GKSA

In die volgende paragrawe word die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA aan die norme vir regspraak, soos in hoofstuk 4 beskryf is, getoets. In die toetsingsproses word die norm kortliks gestel, waarna die appèlprosedure en appèlpraktyk afsonderlik van mekaar getoets word. Elke onderdeel van die toets sluit met 'n bevinding af.

5.4.1 Partye

5.4.1.1 Partye: die norm[280]

Identifisering van partye

'n Appèlsaak is 'n twee-partye saak. Die partye in die appèlsaak is, ongeag verdere ontwikkeling van die geskil en geïmpliseerde betrokkenheid van ander persone, diegene wat oorspronklik van mekaar verskil het: deurgaans 'n kerklid (lede) en sy kerkraad.

Betrokkenheid van partye

Omdat appèl 'n gewigtige aangeleentheid is, moet beide partye persoonlik by die behandeling daarvan betrokke wees en bly.

---

[280] Sien hoofstuk 4.6.1

Ingesteldheid van partye

Die appellant moet met 'n suiwer motief en doel appelleer. By die hantering van die appèlsaak moet hy voortdurend sy Godgegewe plek in die gemeenskap van gelowiges in ere hou en koester.

Die ander party (deurgaans 'n kerkraad) moet die appellant in sy verongelyking hoog ag en nie sy motiewe vir die appèlsaak of sy bona fide ligtelik bevraagteken nie. Hulle moet saam met die appellant bereid wees om volgens die ordelike weg na 'n oplossing vir die konflik te soek.

By beide partye moet 'n verlange bestaan om in harmonie en vrede bymekaar uit te kom.

5.4.1.2 Partye: die appèlprosedure aan die norm getoets

Identifisering van partye

Die appèlprosedure is duidelik oor die posisie van die appellant, die eerste party.

Die kerkraad, die tweede party, word nie by name in die prosedure genoem nie. Moontlik word die kerkraad in punt 1.2.2 van die appèlprosedure geïmpliseer. In dié punt word gereël dat die appellant met sy getuies en 'die verdediging van die liggaam waarteen geappelleer word', aangehoor word[281].

Na die moontlikheid van 'derdes'[282] word nie in die prosedure verwys nie.

Die kerklike vergadering wat reeds oor die saak uitspraak gelewer het, en wie se uitspraak by die appèl op 'n meerdere vergadering noodwendig ter sprake is, word nie in die appèl-prosedure vermeld nie. Indien punt 1.2.2 van die prosedure op die toeligters van die mindere vergadering betrekking het, kan dit beteken dat die toeligters (per implikasie die mindere vergadering) 'n party in die saak word.

Betrokkenheid van partye

Oor die betrokkenheid van die partye by die appèl is aanvanklik bepaal dat die appellant persoonlik by die vergadering wat regspreek teenwoordig móét wees [283]. Later is bepaal dat

[281] GKSA, 1998:46
[282] Sien hoofstuk 4.4.2.2
[283] Acta, 1894:42

die appellant, indien hy dit verkies, in persoon voor die regsprekende vergadering mág verskyn om verdere toeligting op sy besware te gee[284]. Oor die ander party, die kerkraad, spreek die prosedure hom nie uit nie.

Ingesteldheid van partye

Die prosedure vermeld niks oor die motief en doel van die appellant en/of die respondent nie.

5.4.1.3 Partye: die praktyk aan die norm getoets

Identifisering van partye

Oor die algemeen blyk dit uit die acta dat daar duidelikheid oor die posisie van die appellant is. Die appellant maak met sy appèlskrif sy klag oor vermeende verongelyking bekend.

In die acta kon niks oor die tweede party (deurgaans die kerkraad) gevind word nie.

Oor die posisie van 'derdes' blyk daar in die appèlpraktyk geen duidelikheid te wees nie. Sinode 1994[285] het in 'n saak waar die appellante voorheen as 'derdes' by betrokke was, geen gegronde regsvinding ten opsigte van hulle betrokkenheid en posisie verskaf nie. Die sinode volstaan daarby dat die 'derde' nie by die regspraak betrokke is nie, ongeag sy belang by die saak[286].

Betrokkenheid van partye

Ooreenkomstig die vasgestelde reëling van 1894 was die appellante as eerste, agerende party by Sinode 1907 aanwesig. Selfs nadat Sinode 1939 die aanwesigheid van die appellant nie meer as 'n vereiste gestel het nie, blyk dit dat appellante deurgaans persoonlik by die vergadering wat moet regspreek teenwoordig is[287].

Dit kan nie uit die acta vasgestel word of die kerkraad teen wie geappelleer word (die tweede party) by die regsprekende vergadering teenwoordig is nie.

---

[284] Acta, 1939:143-145
[285] Acta, 1994:73-79, artikel 12.2.3
[286] Vergelyk in besonder Acta, 1994:77-78, beredenering van eerste grond (punt 2.1.1-2.1.3).
[287] Vergelyk onder andere Acta, 1967:68-89; Acta 2000:41-177

Oor die algemeen is toeligters van die mindere vergadering wat reeds tevore oor die saak uitspraak gelewer het, wel teenwoordig. Ooreenkomstig die goedgekeurde appèlprosedure stel toeligters van die mindere vergadering hulle saak[288].

Ingesteldheid van partye

In verband met die motief waarmee geappelleer word, is 'n mosie wat aan Sinode 1924 voorgehou is, van belang: 'Met volle erkentlikheid van die heilige reg van appèl ... moet die Sinode tog ernstig waarsku teen appèlsug in ons boesem. Dis wel persoonlik reg, maar daarvan mag nie, dan by hoge uitzondering, gebruik gemaak word'[289]. Nieteenstaande die feit dat die mosie na bespreking teruggetrek en gevolglik nie aanvaar of verwerp is nie, is dit tog tekenend van die atmosfeer en gees waarbinne daar verwag word dat daar reggespreek sal word.

Twee appèlle wat voor Sinode 1994 gedien het, kla onafhanklik van mekaar oor die wyse waarop 'n partikuliere sinode reggespreek het. Die appellante gee onder andere te kenne dat hulle moeite ondervind het om die nodige besluite van die deputate vir korrespondensie van die partikuliere sinode te bekom sodat kennis van appèl gegee kon word[290]. Sodoende word hulle reg gekrenk. In die een geval oordeel die sinode dat die appellant nie formeel korrek aangetoon het dat dokumente van die partikuliere sinode wederregtelik van hom weerhou is nie[291]. Oor die ander appèl oordeel die sinode dat die appellante se reg wel gekrenk is omdat daar nie genoegsame toeganklikheid tot die stukke was nie[292]. Dit word nie uit die acta duidelik wat die effek van die geslaagde appèl was nie.

5.4.1.4 Partye: bevinding

Identifisering en betrokkenheid van partye

Uit die bewoording van die appèlprosedure kán afgelei word dat die kerklike vergadering wat reeds oor die saak uitspraak gelewer het, as party in die saak betrek word indien daar verder geappelleer word. Die vermoede dat die mindere kerklike vergadering as party in die appèl beskou word, word versterk deur die gebruik van die begrip *verweerder* instede van *toeligter* in

[288] Vergelyk onder andere Acta, 1933:108-109; Acta 1988:568, punt 4.2
[289] Acta, 1924:65, artikel 192
[290] Acta, 1994:94, punt 3.7
[291] Acta, 1994:110, punt 2.4
[292] Acta, 1994:115, punt 2.1.5

menige sinode-acta[293]. 'n Verweerder is 'n party in 'n geding. Die verweerder moet teen 'n aanklag moet pleit[294]. Die feit dat die appèlprosedure en sinode-acta nie uitdruklik na die kerkraad as die ander party[295] verwys nie, en daar geen positiewe aanduiding is dat die kerkraad – synde die ander party in die konflik – persoonlik by die behandeling van die appèl betrokke is of hoef te wees nie, is 'n verdere aanduiding dat die twee-partye saak eensydig of as 'n meer-partye saak hanteer word.

Die effek hiervan is dat die klem vanaf die appellant en die kerkraad verskuif na die appellant en die toeligters van die vergadering wat reeds uitspraak gelewer het. Dit het tot gevolg dat nie op die konflik, wat tot die appèl aanleiding gegee het, gefokus word nie. As daar nie op dié punt gefokus word nie, word sinvolle en opbouende regspraak van meet af aan bemoeilik – indien nie geheel en al onmoontlik gemaak nie.

Ingesteldheid van partye

Oor die suiwer ingesteldheid waarmee die appellant appelleer en waarmee die kerkraad gedurende die ondersoek van die appèl behoort op te tree, word daar in die appèlprosedure niks vermeld nie. Uit sinode-acta word dit duidelik dat appèl deurgaans met diepgaande geloofsoortuigings, intense gevoelens[296] vanweë verhoudings wat geskend is en 'n geëskaleerde mate van konflik en spanning gepaard gaan[297]. Op 'n enkele uitsondering na[298] word dit nie duidelik of en hoe die sinodes hulle oor die ingesteldheid van die partye uitspreek nie. Daar is wel aanduidings dat daar op formele gronde geen gehoor gegee word indien 'n appellant kla dat hy in sy soeke na reg nie die gewenste medewerking van deputate korrespondensie kry nie[299].

---

[293] Vergelyk onder andere Acta, 1991:77, punt E; Acta, 1994:115, punt 2.1.4; Acta, 1997:80, punt E; Acta, 2000:66, punt H.1.4. Acta, 2003:62, punt E verwys tereg na toeligter instede van verweer.

[294] Odendal en Gouws *red.*, 2000:1202. Visser (1999:143-144) verstaan dit ook so dat die mindere vergadering wat uitspraak gelewer het, homself teen die beskuldiging van regskrenking moet verweer.

[295] Die kerkraad kan ook die eerste party (appellant) wees, indien die kerkraad teen 'n besluit van 'n klassis of partikuliere sinode appelleer.

[296] In die acta word terme soos bitterheid, spanning, polarisasie en ontnugtering gebruik.

[297] Vergelyk onder andere Acta, 1907:26; Acta, 1945:189-191; Acta, 1982:136-141; Acta, 1985:173-178; Acta, 1991:77-87; Acta, 1994:73-79; Acta, 1994:90-110; Acta, 1994:111-116.

[298] Acta, 2003:69 verwys na 'n 'baie mooi broederlike wyse' waarop die wedersydse aanhoor van die appellant en toeligters geskied het.

[299] Acta, 1994:110

5.4.2 Appèlskrif

5.4.2.1 Appèlskrif: die norm[300]

Deur middel van die appèlskrif word die klag van verongelyking aan die meerdere vergadering bekend gemaak.

Kennisgewing en indiening van appèl

Van die indiening van 'n appèl moet tydig kennis gegee word, sodat dit ordelik op die agenda van die regsprekende vergadering geplaas kan word. Daarbenewens gee dit aan die toeligters van 'n mindere vergadering die geleentheid om na behore vir die appèl voor te berei. Dit gee aan die afgevaardigdes na die meerdere vergadering die geleentheid om insae in die saak te kry en deeglik op die behandeling daarvan voor te berei. Moontlike wedywering om te uitoorlê of 'n verrassingselement word sodoende teengewerk.

Vorm en inhoud van appèlskrif

Die appellant moet in sy appèlskrif kort, saaklik en duidelik uiteensit waarom hy kla dat hy verongelyk is. Hy moet die besluit waardeur verongelyking plaasgevind het woordeliks weergee, asook die redes (appèlgronde) waarom hy van verongelyking kla. Die appèlgronde moet in terme van die Skrif, belydenis en/of kerkorde verwoord word. Ter wille van 'n effektiewe regsgang en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif materiële en formele gronde bevat, wat duidelik van mekaar onderskei word.

5.4.2.2 Appèlskrif: die appèlprosedure aan die norm getoets

Kennisgewing en indiening van appèl

Die appèlprosedure is duidelik oor die kennisgewing van appèl. Aanvanklik is bepaal dat, indien iemand wil appelleer, hy veertien dae ná ontvangs van die uitspraak van die kerkraad van sy voorneme om te appelleer aan die kerkraad kennis moet gee[301]. Later is die tydlimiet verslap. As iemand wil appelleer, moet hy binne ses weke na die dag waarop hy skriftelik van die betwiste besluit kennis gekry het, kennis van sy appèl gee[302].

---

[300] Sien hoofstuk 4.6.2
[301] Acta, 1894:42
[302] Acta, 1936:169; Acta, 1939:143-145; Acta, 1967:587

Die appèlprosedure bepaal dat die appellant, waar moontlik, verkieslik veertien dae voor die betrokke meerdere vergadering sy appèl skriftelik beskikbaar stel[303]. Vooraf indiening van 'n appèlskrif is geen *vereiste* nie.

Vorm en inhoud van appèlskrif

Die appèlprosedure bepaal dat die appellant die gronde van sy besware in sy eie woorde skriftelik voor die meerdere vergadering moet lê. Daarnaas moet hy die mindere vergadering se besluit waarteen geappelleer word in die offisiële redaksie weergee[304]. Die appèlprosedure bevat geen praktiese riglyne vir die samestelling van 'n appèlskrif nie.

Die appèlreglement van die algemene sinode bepaal dat appèl op 'n algemene sinode slegs moontlik is wanneer 'n beroep op die Skrif, belydenis en kerkorde of 'n uitspraak van die algemene sinode gedoen word[305]. Hierdeur word die indruk gewek dat appèl op 'n klassis, partikuliere sinode en nasionale sinode op ander gronde as die Skrif, die belydenis of die kerkorde sou kon wees.

5.4.2.3 Appèlskrif: die praktyk aan die norm getoets

Kennisgewing en indiening van appèl

Die vasgestelde tydlimiete en voorwaardes vir indiening van die appèlskrif word oor die algemeen deur appellante eerbiedig. Dit word sodanig aan die sinode gerapporteer.

In 'n enkele geval het dit geblyk dat, toe die appèl gestel moes word, daar geen stukke ter tafel is nie en die mindere vergadering wie se vroeëre uitspraak oor die appèl ter sprake is, geen kennis van die appèl gehad het nie[306]. Op grond van die afwesigheid van stukke en die beswaar van die deputate van die mindere vergadering is daar besluit om nie verder met die saak te handel nie.

In 'n ander geval het die sinode twee appèlle weens tegniese redes onontvanklik verklaar[307]. Die sinode neem hierdie besluit nieteenstaande die regskommissie se aanbeveling dat daar vir die appellante geleentheid geskep moet word om die nodige bewyse te lewer dat daar geen nalatigheid ten opsigte van die kennisgewing van appèl was nie.

---

[303] GKSA, 1998:46, punt 5.1
[304] Acta, 1939:143-145
[305] Acta Algemene Sinode, 1984
[306] Acta, 1920:51, artikel 114
[307] Acta, 1982:135, punte 2.3 en 2.4

Vorm en inhoud van appèlskrif

Uit sinode-acta blyk dat appèlskrifte nie net inhoudelik (materieel) nie, maar ook in vorm baie van mekaar verskil. Appèlskrifte is dikwels omvangryk en op die oog af ingewikkeld saamgestel. Historiese agtergronde word menigmaal met appèlgronde verwar en as sodanig aangebied.

5.4.2.4 Appèlskrif: bevinding

Kennisgewing en indiening van appèl

Die teorie (prosedure) en praktyk (sinodehandelinge) is sodanig dat genoegsaam tyd vir kennisgewing van appèl gegee word. Daar word sorgvuldig gewaak oor die ordelike hantering van die regsaak.

Wat die indiening van die appèl betref, kan dit inderdaad goeie regspraak bevorder as die appèlskrif vroegtydig skriftelik beskikbaar gestel word. Toeligters van die betrokke mindere vergadering sowel as afgevaardigdes na die meerdere vergadering kry dan volop geleentheid om insae in die saak te kry en deeglik op die behandeling daarvan voor te berei. Die besluit om geen vaste reël vir vroeë indiening van die appèlskrif neer te lê nie[308], is egter ter sake. Dit is inderdaad nie altyd prakties uitvoerbaar om 'n appèlskrif veertien dae voor die vergadering in te dien nie. Daarby moet die vertroulike aard van sekere appèlle in gedagte gehou word. Die sensitiewe inhoud van sommige appèlsake bemoeilik wydverspreide publikasie daarvan.

Vorm en inhoud van appèlskrif

Die appèlprosedure is klinkklaar oor die minimum-vereistes waaraan 'n appèlskrif inhoudelik moet voldoen.

Dit blyk egter dat daar 'n leemte is wat betref die geskikte vorm waarin 'n appèlskrif gegiet behoort te word. Lang en ingewikkelde appèlskrifte, waarin nie altyd duidelik uitkom wat die punt van verongelyking is waaroor die appellant(e) kla nie, is moeilik om te behandel en belemmer die proses van regspraak.

---

[308] Acta, 1985:524-525

Ter wille van 'n effektiewe regsgang en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif so eenvoudig as moontlik opgestel word. Met die oog daarop kan daar gebaat word by 'n toevoeging tot die appèlprosedure waarin vormgewing van 'n appèlskrif uiteengesit word.

Appèlgronde

'n Verkeerde en verwarrende indruk word in die appèlreglement van die algemene sinode[309] geskep, asof die gronde vir 'n appèlskrif by 'n klassis, partikuliere sinode en nasionale sinode anders as die Skrif, die belydenis of die kerkorde sou kon wees.

5.4.3 Regter

5.4.3.1 Regter: die norm[310]

Roeping tot regspraak

Meerdere vergaderinge is geroep en bevoeg om as regter uitspraak oor 'n appèlsaak te doen. Elke afgevaardigde by 'n meerdere vergadering moet deeglik daarvan bewus wees dat God in Christus die hoogste Regter is. Afgevaardigdes staan in diens van Christus, die hemelse Regter, terwyl hulle regspreek.

Appèlkommissie en/of -deputate

'n Meerdere vergadering wat moet regspreek kan met vrug van 'n appèlkommissie of -deputate gebruik maak om hom te adviseer.

Geen regter in eie saak

Afgevaardigdes wat voorheen reeds oor 'n betrokke appèl uitspraak gelewer het, mag nie weer aan regspraak oor dieselfde saak deelneem nie, aangesien iemand nie regter in sy eie saak kan wees nie.

---

[309] 5.1 van die reglement bepaal dat appèl op 'n algemene sinode slegs moontlik is wanneer 'n beroep op die Skrif, belydenis en kerkorde of 'n uitspraak van die algemene sinode gedoen word (GKSA, 1998:46).

[310] Sien hoofstuk 4.6.3

5.4.3.2 Regter: die appèlprosedure aan die norm getoets

Roeping tot regspraak

Die appèlprosedure gaan ooreenkomstig Artikel 31 KO daarvan uit dat die kerklike vergadering in 'n appèlsaak reg moet spreek.

Appèlkommissie en/of -deputate

Die appèlprosedure bepaal dat die vergadering ter wille van 'vrugbare prosedure' 'n spesiale appèlkommissie kan aanwys om die nodige ondersoek te doen, en advies oor regspraak te gee[311]. Verskeie sinodes het oor die opdrag en bevoegdheid van sodanige appèlkommissie besin. Die huidige prosedure bepaal dat 'n regskommissie, bestaande uit drie lede wat deur die sinode benoem word en een deputaat van elke partikuliere sinode, aangewys word. Die mandaat van die regskommissie is om die sinode te adviseer insake die ontvanklikheid van alle appèlle. Verder behoort die regskommissie hulle ten volle op die inhoud van die onderskeie appèlle in te werk sonder dat tot enige voorlopige of finale besluit gekom word[312]. In die saamgevatte prosedure wat in 1998 uitgegee is, word nie na die regskommissie verwys nie[313].

Sinode 2006 het besluit om ondersoek na die moontlike aanwys van appèldeputate te doen[314].

5.4.3.3 Regter: die praktyk aan die norm getoets

Roeping tot regspraak

Uit sinode-acta blyk dat sinodes verantwoordelikheid vir regspraak aanvaar.

Appèlkommissie en/of -deputate

Om aan die appellant en sy appèl reg te doen, word – op 'n enkele uitsondering na[315] –

[311] Acta, 1939:143-145
[312] Acta, 1991:539-540
[313] GKSA, 1998:45-46
[314] Notule, 2006:63
[315] Acta, 1907:26

deurgaans van appèlkommissies[316] gebruik maak. Die appèlkommissie kry opdrag om die appèl te ondersoek en met die oog op regspraak aan die sinode verslag te doen.

Oor die funksie, bevoegdheid en taak van die appèlkommissie bestaan daar, vir sover dit in die acta beskryf word, geen twyfel nie.

Geen regter in eie saak

Hoë premie word op die *nemo iudex in causa sua*-beginsel ten opsigte van die regter geplaas. Toe die kerkraad van Pretoria in 'n appèl aantoon dat twee afgevaardigdes van die kerkraad van Johannesburg oor 'n saak gestem het wat die kerkraad van Johannesburg direk aangegaan het, het die sinode sonder meer geoordeel dat die appèl slaag. Sonder om die saak vooraf na 'n kommissie te verwys, is besluit dat die kerkraad van Johannesburg wederregtelik as regter in sy eie saak opgetree het[317].

'n Saak wat met die *nemo iudex in causa sua*-beginsel verband hou, is die prosedure-reël dat die professor in kerkreg, indien hy teenwoordig is, *ex-officio* lid van die appèlkommissie moet wees[318]. Tydens Sinode 1979 het geblyk dat daar onsekerheid oor die posisie en optrede van die professor in kerkreg by die kommissie bestaan[319]. Die onsekerheid het voortgespruit uit 'n klag van 'n appellant dat die professor in kerkreg, wat as adviseur op die appèlkommissie gedien het, moontlik geprejudiseer kon wees, aangesien hy by mindere vergaderinge oor dieselfde saak advies gegee het. Alhoewel die appèl nie geslaag het nie[320], is die appellant se vraag oor die posisie en optrede van die professor in kerkreg nie aangespreek nie. In 1991[321] is besluit dat die professor in kerkreg voortaan geen *ex-officio* lid van die appèlkommissie meer sal wees nie.

5.4.3.4 Regter: bevinding

Roeping tot regspraak

Alles dui daarop dat meerdere vergaderinge van hulle roeping tot regspraak bewus is.

---

[316] Aanvanklik is 'n dogmaties-kerkregtelike kommissie aangewys om ontvanklikheid van die appèl te beoordeel; daarna is 'n appèl-kommissie benoem om die sinode oor die inhoud van die appèl te adviseer (Acta, 1933:53). Sedert 1991 (Acta, 1991:539-540) ondersoek 'n regskommissie die ontvanklikheid van appèlle, waarna die appèlskrifte vir behandeling na 'n appèlkommissie verwys word.

[317] Acta, 1916:53

[318] Acta, 1939:143-145.

[319] Acta, 1979:257-261, punt I in samehang met punt H.

[320] Acta, 1979:261, punt L

[321] Acta, 1991:524-526, artikel 22.12

Appèlkommissie en/of -deputate

Of die vergadering in sy geheel, almal tesame en elke afgevaardigde afsonderlik, tot verantwoorde regspraak oor 'n appèlsaak in staat is, is 'n vraag wat nie so maklik beantwoord kan word nie. Meerdere vergaderinge doen goed daaraan om hulle in hulle regspraak deur 'n appèlkommissie te laat lei. Of sodanige leiding daadwerklik genoeg is om ten volle rekenskap vir regspraak te gee, bly 'n oop vraag.

In die soeke na 'n alternatief is dit prinsipieel nie verkeerd dat appèldeputate aangewys word om regspraak te behartig nie[322]. Sulke deputate kan gedeeltelike of algehele afhandelings-bevoegdheid ontvang[323]. Omdat die appèlkommissie of -deputate volgens 'n welomskrewe opdrag te werk gaan, moet hulle aan die vergadering van wie hulle hulle opdragte ontvang, verslag doen. Sodoende bly die kerklike vergadering ten volle op hoogte van die wyse en inhoud van regspraak, en kan hy hom as lasgewer[324] daaroor uitspreek.

Geen regter in eie saak

Tereg moet daarteen gewaak word dat afgevaardigdes wat voorheen reeds oor 'n betrokke appèl uitspraak gelewer het, nie weer aan regspraak oor dieselfde saak deelneem nie.

5.4.4 Regspraak

5.4.4.1 Regspraak: die norm[325]

Kerklike vergaderinge is verbind tot bereidwilligheid om reg te spreek, ook al verg appèlle deurgaans baie tyd en energie. Kerklike regspraak vereis 'n deeglike ondersoek. Dit moet eerbaar, spoedig en onbevooroordeeld wees. Kerklike vergaderinge moet op 'n geestelike, kerklike wyse regspreek. By dit alles moet aan algemeen geldende regsbeginsels, wat vir die kerke 'n minimum-vereiste behoort te wees, voldoen word.

---

[322] Iemand met ervaring op die terrein van geskilbeslegting kan 'n wesenlike bydrae as appèldeputaat lewer. Dit moet as wins beskou word indien 'n gelowige regsgeleerde sy juris-gawes in die behandeling van die appèlsaak kan aanwend (vergelyk hoofstuk 4.6.3).

[323] Vergelyk die breedvoerige beredenering hieroor in hoofstuk 4.4.4.2.2.

[324] Deputate is lashebbers, en is ten volle verantwoording aan die lasgewende vergadering – wat hulle opdragte aan hulle gee – verskuldig (Meijer, 1995:64).

[325] Sien hoofstuk 4.6.4

Die norme vir praktiese hantering van 'n appèl kan in drie hoofsake weergegee word:

- ***Ontvanklikheid van appèl***
  - Oordeel aan die hand van 'n duidelike maatstaf oor die formele en inhoudelike ontvanklikheid van die appèl.
  - Oordeel oor ontvanklikheid is die eerste van twee[326] uitsprake wat die vergadering oor die appèl gee.
- ***Ondersoek van appèl***
  - Gaan deur die appèlskrif om 'n duidelike geheelbeeld van die appellant se klag te verkry.
  - Stel deur middel van hoor en wederhoor vas wat die feite met betrekking tot die konflik is.
  - Kom by 'n goed gefundeerde en verantwoordbare regsvinding uit.
  - Stel die behandelingsproses in die vorm van 'n rapport op skrif.
- ***Regsuitspraak oor appèl***
  - Verantwoorde, duidelike uitspraak. Met verskaffing van redes word gestel of die appèl slaag al dan nie.
  - Pastorale uitspraak. 'n Beroep word op beide partye in die saak gedoen om in die lig van regspraak met mekaar te versoen.
  - Doelgerigte uitspraak. Die uitspraak in 'n appèlsaak moet sodanig wees dat dit tot beëindiging van die konflik en herstel van reg en vrede kan bydra.
  - Effektiewe uitspraak. Die vergadering reik – indien, en vir sover nodig – 'n helpende hand uit om in die plaaslike omstandighede tot daadwerklike oplossing van die konflik te kom.
  - Regskragtige en skriftelike uitspraak. Die vergadering stel albei partye skriftelik van sy bindende regsuitspraak in kennis.

5.4.4.2 Regspraak: die appèlprosedure aan die norm getoets

Ontvanklikheid van appèl

Die appèlprosedure bepaal *dat* alle appèlstukke met die oog op ontvanklikheid nagegaan en beoordeel moet word[327]. Die prosedure gee geen direkte, welomskrewe aanduiding *volgens watter kriteria* ontvanklikheid getoets word nie. Dit word veronderstel dat ontvanklikheid aan die hand van voorskrifte, wat in die prosedure vervat is, bepaal word: is daar betyds kennis

---

[326] Die tweede uitspraak is die finale uitspraak waarin regspraak oor die inhoud van die appèl gegee word (sien hoofstuk 4.4.5.1).

[327] Acta, 1939:143-145

van appèl gegee[328]; word die oorspronklike besluit waarteen geappelleer word in die appèlskrif weergegee; word die appèlgronde in eie woorde gestel?

Ondersoek van appèl

Die appèlprosedure stel dit as vereiste dat 'die appellant met sy getuies en die verdediging van die liggaam waarteen geappelleer word, gehoor word'[329]: hetsy deur die volle vergadering en/of deur die appèlkommissie wat die ondersoek doen en die vergadering moet adviseer.

Dit word verder as vereiste gestel dat die appellant en 'verweerder' ten volle geleentheid moet kry om repliek op die rapport van die appèlkommissie te lewer[330].

Indien 'n appellant of toeligter meen dat die getuienis of toeligting van enige getuie oor die tersaaklike appèl nodig is, staan dit hom/hulle vry om sulke getuies in te roep[331].

Behalwe dié twee vereistes en een vergunning maak die appèlprosedure geen melding van 'n ondersoek ooreenkomstig algemeen geldende regsnorme nie.

Regsuitspraak oor appèl

Die appèlprosedure verwys nie na die manier waarop 'n kerklike vergadering regspraak formuleer en aan die betrokkenes bekend maak nie.

5.4.4.3 Regspraak: die praktyk aan die norm getoets

Ontvanklikheid van appèl

Sinode-acta wys eenduidig daarop dat ontvanklikheid van 'n appèl vasgestel word, alvorens die saak in behandeling geneem word.

Aanvanklik is 'n dogmaties kerkregtelike kommissie aangewys wat vooraf ondersoek na die ontvanklikheid van appèlle gedoen het[332]. Nadat Sinode 1991[333] 'n beskrywingspunt in dié verband goedgekeur het, is 'n regskommissie vir die ondersoek na ontvanklikheid

---

[328] Acta, 1936:169
[329] Acta, 1939:143-145, punt 4(c)
[330] Acta, 1973:191
[331] Acta, 1997:545-546. Voorwaardes daaraan verbonde is deur die sinode neergelê.
[332] Acta, 1933:10, artikel 11c
[333] Acta, 1991:539-540

verantwoordelik. Die kommissie adviseer die vergadering, en die vergadering neem 'n besluit[334].

Ontvanklikheid van appèlle word aan die hand van die kriteria, soos in die prosedure-reëling vasgelê, bepaal[335]. Die bestaande kriteria is formeel van aard[336]. In 'n enkele geval is ontvanklikheid nie net formeel nie, maar ook op grond van die inhoud van die appèl bepaal. 'n Kommissie adviseer Sinode 1933 dat hy 'nie op die appèl (van 'n kerkraad – GJM) kan ingaan nie, aangesien die kerkraad geen kerkregtelike besware teen die besluit aanvoer nie, maar hulle nie wil onderwerp aan die beslissing van die meerdere vergadering nie'[337]. Die sinode keur die advies goed en gee die kerkraad skriftelik antwoord van sy besluit.

In 'n ander enkele geval word twee appèlle wat voor die sinode gedien het weens tegniese redes onontvanklik verklaar[338]. Die sinode neem hierdie besluit nieteenstaande die regskommissie se aanbeveling dat daar vir die appellante geleentheid geskep moet word om die nodige bewyse te lewer dat daar geen nalatigheid ten opsigte van die kennisgewing van appèl was nie.

Ondersoek van appèl

Tussen 'n menigte appèlsake wat oor baie jare deur talle kommissies ondersoek is, kan vanuit die sinode-acta 'n duidelike, konstante lyn van optrede getrek word. Appèlkommissies het:

- verseker dat al die nodige inligting[339] ter tafel is[340];
- die appèlskrif deurgelees[341];
- ruim geleentheid vir toeligting deur alle betrokkenes[342] gegee[343].

---

[334] Vergelyk onder andere Acta, 1994:51-55

[335] Vergelyk onder andere Acta, 1997:47, punt 3.2

[336] Die drie kriteria is: 1. Die appellant moet van sy voorneme tot appèl kennis gee binne die tyd van ses weke na die datum van kennisgewing waarin hy skriftelik kennis kry van die beslissing waarteen hy appelleer (Acta, 1936:169); 2. Die appellant moet die gronde van sy besware in eie woorde skriftelik voor die meerdere vergadering lê (Acta, 1939:144, punt 1(c); 3. Die appellant moet die mindere vergadering se besluit waarteen geappelleer word, in die offisiële redaksie weergee (Acta, 1939:144, punt 1(c)).

[337] Acta, 1933:110, punt 6

[338] Acta, 1982:135, punte 2.3 en 2.4

[339] 'Nodige inligting' verskil van saak tot saak. Soms was dit nodig dat stukke wat oor die oorspronklike geskil handel, onder oë geneem moes word (Acta, 1910:16, artikel 18). Ander kere word die appèlstukke van die appellante, notuleboeke van die betrokke kerkraad, klassis en partikuliere sinode ter tafel geneem (Acta 1933:108-109).

[340] Acta, 1933:108-109; Acta, 1970:152-155, artikel 80; Acta, 2000:41-177, artikel 12

[341] Acta, 1907:26, artikel 73; Acta, 1910:16, artikel 18 noem dit 'n 'ernstige documentaire onderzoek'; Acta, 1967:68-89, artikel 22.

[342] Met betrokkenes word deurgaans die appellant en toeligters van die mindere vergadering bedoel.

[343] Acta, 1907:26, artikel 73; Acta, 1933:108-109; Acta, 1967:68-89, artikel 22; Acta, 1970:153, artikel 80 D2; Acta, 1988:568, punt 4.2; Acta, 2000:41-177, artikel 12; Acta, 2003:49, punt 2.1; Acta, 2003:61, punt 2.1; Acta, 2003:69, punt 2.1.1; Acta, 2003:85, punt 2.1

- betrokkenes is in mekaar se teenwoordigheid aangehoor[344];
- waar nodig, is vir opheldering van sake gevra ten einde duidelikheid en sekerheid oor die feite op tafel te kry[345];

- persoonlike getuienis ingewin[346];
- die saak deeglik bespreek en beredeneer[347]:
  - in die beredenering van die saak is gepoog om tot die kern van die konflik deur te dring[348];
  - formele en materiële gronde van die appèl word afsonderlik aan die regsbeginsels getoets[349];
- tot 'n bevinding en oordeel gekom[350];
- die sinode van advies met betrekking tot 'n regsuitspraak bedien[351]. Die geskrewe advies bevat:
  - 'n kort agtergrondskets oor die aanleiding tot die appèl[352];
  - die regsgronde, waarvolgens die kommissie oordeel[353];
  - 'n aanbeveling op grond waarvan die sinode regspraak kan lewer[354].

Uitspraak oor appèl

Anders as met die *ondersoek* van die appèl, dui die verskillende sinode-acta nie op 'n eenvormige lyn waar dit by die lewer van 'n *uitspraak* kom nie.

Tot 1945 gee sinodes – waar van toepassing – duidelik omskrewe, begronde uitsprake. Enkele voorbeelde dien ter toeligting:

- Algemene Sinodale Vergadering 1907: 'De Synode alles gehoord en overwogen hebbende wat de twee broeders als bezwaar voor den kerkeraad van Pretoria en later voor de Algemeene Vergadering gebracht hebben, – is van oordeel dat de Kerkeraad wel wat meer kon gedaan hebben om hunne bezwaren weg te nemen – maar niet het houden van het Avondmaal langer kon worden uitgesteld. Wat zij, n.l. de bezwaarde broeders, uit oude schrijvers en Dr. A. Kuyper aanhalen, ziet niet op gevallen als het onderhavige, maar op de

---

[344] Acta, 1994:105, punt 1.3.3; indien die appellant nie teenwoordig is nie, kry die verweerder ook geen geleentheid om die appèlkommissie toe te spreek nie (Acta, 1976:220, punt D).
[345] Acta, 2003:57, punt 2.1
[346] Acta, 1910:16, artikel 18; Acta, 1933:108-109
[347] Acta, 1933:108-109; Acta, 1967:68-89, artikel 22
[348] Acta, 1967:68-89, artikel 22; Acta, 1970:166, artikel 4a
[349] Acta, 1970:228, 231-232; Acta, 2000:41-177, artikel 12
[350] Acta, 1910:16, artikel 18; Acta, 1970:228, 231-232
[351] Acta, 1910:16, artikel 18; Acta, 1967:68-89, artikel 22
[352] Acta, 1933:108-109; Acta, 1970:228, 231-232; Acta, 2000:41-177, artikel 12
[353] Acta, 1933:108-109
[354] Acta, 2000:41-177, artikel 12

zelfbeproeving van den Avondmaalganger. De Synode kan dus niet anders dan de uitspraak der Algemeene Vergadering bekrachtigen'[355].

- Sinodale Vergadering 1933: 'Die Eerw. Sinode besluit, ten eerste, dat aangesien uit die offisiële akte-stukke blyk dat geen offisiële 'vrye-keuse' by die afstigtingsvergadering gewettig is nie, die appèl op kerkregtelike gronde van die hand gewys moet word. In die tweede plek, waar dit nie ontken kan word nie, dat daar redelike grond bestaan het waardeur lidmate onder 'n verkeerde indruk gekom het, nl. dat daar wel 'vrye-keuse' sou bestaan ... word op die broeders wat as innige begeerte uitgespreek het dat liefde en Christelike verdraagsaamheid sal bestaan, 'n ernstige beroep gedoen om by die beslissing te berus en hulle self te onderwerp aan die Kerkregtelike bepalinge omtrent grensreëling. Aan die ander kant word die betrokke kerkrade gemaan tot uiterste lankmoedigheid by die behandeling van sodanige kwessies'[356].
- Sinodale Vergadering 1942: '(a) Die aanvaarding van die versoening deur die appellante op Lichtenburg kan geen ander betekenis hê nie, as dat die appèlle daarmee verval het: Hiermee was, en bly die saak beëindig, sodat alle verdere voortsetting van appèl neerkom op onversoenlikheid. (b) Die uitspraak van die eerw. Part. Sinode van Johannesburg-Noord, soos uitgedruk in sy 'gewysigde rapport' behoort gehandhaaf te word'[357].
- Sinodale Vergadering 1945: 'n Broeder en suster meen dat hulle verontreg is omdat 'n klassis en partikuliere sinode die beroep wat op hulle gedoen is om oor die saak tussen hulle en hulle kerkraad reg te spreek, onontvanklik verklaar het. Die sinode oordeel dat die broeder en suster inderdaad deur die mindere vergaderings verontreg is en 'verklaar die appèl as geslaagd'. Afgesien van die appèl het die broeder en suster 'n brief aan die sinode gerig, waarin hulle die sinode versoek 'om 'n weg oop te maak waardeur hulle weer kan deel in die gemeenskap met die medegelowiges'. Die sinode besluit 'dat op bogemelde brief vriendelik geantwoord sal word dat die weg om tot kerklike gemeenskap toe te tree die plaaslike Kerkraad is'[358].

Vanaf 1961 word uitsprake kort en bondig gestel: 'n appèl slaag of slaag nie. Weereens word slegs na enkele voorbeelde ter toeligting verwys:

- Sinodale Vergadering 1961. Die sinode behandel 'n ingewikkelde appèl[359]. In hulle uitspraak bevind die sinode op grond van die aanbeveling van die appèlkommissie 'dat die Appellant reg het om hom verontreg te voel deur die uitspraak van die eerwaarde Part. Sinode Oos-Transvaal. Derhalwe slaag die appèl op al die punte'. Die sinode spreek sy dank teenoor die appèlkommissie uit, maar gee geen aanduiding hoe die appellant en/of

[355] Acta, 1907:26, artikel 76
[356] Acta, 1933:109
[357] Acta, 1942:170, punt 4(a)
[358] Acta, 1945:189-191, artikel 243
[359] Acta, 1961:137-142, artikel 43

mindere vergadering met die uitspraak verder moet handel ten einde onderlinge rus, vrede en normalisering in geskende verhoudings te bewerk nie.

- Sinodale Vergadering 1967. Die sinode het vier appèlsake in behandeling geneem[360]. Die besluite van die sinode is in al vier gevalle ten gunste van die advies van die appèl-kommissie: die rapport word met dank aanvaar/goedgekeur[361].
- Sinodale Vergadering 1970. 'n Omvangryke appèl oor 'n onverkwiklike situasie tussen 'n broeder en sy kerkraad dien[362]. Die appèlkommissie van die sinode het 'die saak nagegaan en uit die massa gegewens dit wat werklik betrekking het probeer uitsif'[363]. Die sinode spreek uit dat die appèl van die broeder op drie van die vyf gronde slaag. Die sinode bedank die appèlkommissie vir hulle werk[364], maar gee geen verdere aanduiding oor hoe die verontregte broeder en sy kerkraad verder te werk moet gaan nie.
- Sinode 1976. 'n Appèl word behandel waarin die saak van formalistiese behandeling van regsake aan die orde kom[365]. Alhoewel twee verskillende rapporte by wyse van advies voor die sinode gedien het, is almal dit eens dat 'letterknegtelike eerbiediging van 'n prosedure-reël' en 'starre formalisme' 'n wesenlike gevaar vir goeie regspraak inhou[366]. In beide rapporte word die mening uitgespreek dat die mindere vergadering die betrokke saak waaroor die appèl handel nie reg hanteer het nie, omdat 'die aanvaarding van 'n bloot formele reël van prosedure as deurslaggewend by hierdie appèl wesentlik die gevaar inhou dat onreg geskied'[367]. Daar word op die nadelige gevolge gewys wanneer 'n vergadering wat moet regspreek 'bloot 'n appèl laat slaag' in plaas daarvan om 'op al die sake in te gaan en die gewenste optrede by die onderhawige partye te bewerkstellig'[368]. Die sinode besluit om geen uitspraak oor die appèl te lewer nie, maar die hele aangeleentheid in die lig van die bevindings na die betrokke kerkraad terug te verwys[369].
- Sinode 1982. 'n Teologiese kandidaat meen dat hy verontreg is omdat 'n partikuliere sinode, wat hom met die oog op proponering moes eksamineer, nie 'n ordelike en regverdige besluit oor sy eksamenpreke geneem het nie[370]. Die appèl van die kandidaat slaag op sekere punte[371]. Die sinode spreek nie uit wat die effek van die regspraak is nie.
- Nasionale Sinode 1988. 'n Beswaarskrif waaroor die appellante en die partikuliere sinode 'n 'dooie punt' bereik het, dien by wyse van appèl voor die sinode[372]. Nadat die saak

---

[360] Acta, 1967:68-89, artikel 22
[361] Acta, 1967:72, 77, 83, 89
[362] Acta, 1970:156-167
[363] Acta, 1970:166, artikel 4
[364] Acta, 1970:167
[365] Acta, 1976:217-225, artikel 77
[366] Acta, 1976:222, punt 5.4
[367] Acta, 1967:223, punt 6.3
[368] Acta, 1976:225, punt 4.2
[369] Acta, 1976:225, punt E in samehang met Acta, 1976:223, punt 7
[370] Acta, 1982:136-141
[371] Acta, 1982:141
[372] Acta, 1988:565-569

deeglik ondersoek is, keur die sinode goed dat die appèlgrond wat op die partikuliere sinode se formele hantering van die saak betrekking het, slaag. Die appèlgrond wat na die beswaarskrif, dit wil sê die materie van die saak verwys, slaag nie. In sy samevattende uitspraak bepaal die sinode dat die appèl in sy geheel slaag. Die implikasies daarvan vir die appellante en die onderskeie mindere vergaderinge wat met die beswaarskrif moes werk, word nie uitgestippel nie.

- Algemene Sinode 1988. 'n Appèl slaag, maar die effek van die uitspraak word nie uiteengesit nie[373]. In een geval, waar wel by wyse van 'n slotopmerking 'n aanduiding van die effek van die uitspraak gegee word, betree die sinode die versigtige pad deur daarvan kennis te neem[374]; die slotopmerking word nie goedgekeur nie.
- Nasionale Sinode 1991. Appellante kla: 'Dit is byna sewe jaar dat hierdie saak skarrel tussen die Klassis Vaalrivier, die Part. Sinode OVS en Natal en die Nasionale Sinode met al die spanning, bitterheid en opoffering wat daarmee gepaard gegaan het ... Dit is ooglopend uit die hantering van die beswaarskrifte en appèlle deur beide die Klassis Vaalrivier en die Part. Sinode OVS en Natal dat geen ordelike regspraak van beide instansies verwag kan word nie ...'[375]. Kragtens Artikel 30 Kerkorde wys hulle die meerdere vergadering op die plig om 'in te gryp in die saak van 'n mindere vergadering by versuim of onwilligheid om op te tree by laasgenoemde'[376]. Die sinode oordeel dat die appellante geen regskrenking beredeneer nie, en spreek uit dat die appèl nie slaag nie[377]. Die oortuiging van die appellante dat die betrokke mindere vergaderinge nie by magte is om in hierdie geval meer reg te spreek nie, en die versoek aan die meerdere vergadering om 'in te gryp' word sonder opgaaf van redes onontvanklik verklaar[378].
- In 'n ander appèl wat voor Sinode 1991 dien[379] kla 'n broeder na aanleiding van uitsprake deur 'n klassis en 'n partikuliere sinode dat 'die idee by hom posvat dat met kerksake so omgegaan word dat die wetlike aspekte hoër aansien verdien as die werklike saak waaroor dit gaan ... Ek wil dus eerbiedig aanbied dat hier growwe regskrenking plaasgevind het; dat my appèlle nie aangespreek word nie en sonder meer in die ongelyk gestel word. Daarom wil ek u beleef maar dringend versoek om reg aan my te laat geskied oor die ontvanklikheid van my appèl maar ook om my werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer'. Die sinode gee die broeder gelyk dat hy deur die klassis en die partikuliere sinode verontreg is. Die acta vermeld niks oor die tweede deel van die appellant se versoek, naamlik om sy 'werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer' nie.

---

[373] Acta, 1988:78-128, artikel 38; vergelyk ook Algemene Sinode Acta, 1980:13-25, artikel 14
[374] Acta, 1988:128, punt 6
[375] Acta, 1991:83, punt 4.2.1 en 4.2.2
[376] Acta, 1991:84, punt 4.2.4
[377] Acta, 1991:87, punt 3.5
[378] Acta, 1991:87, punt 4
[379] Acta, 1991:90-95, artikel 12.3

- Nasionale Sinode 1994. In 'n appèl van 'n kerkraad teen 'n partikuliere sinode word van ernstige verontregting gekla[380]. Die nasionale sinode oordeel dat die appèl op twee van die vier gronde slaag[381]. Die versoeke van die appellante om met verdere regspraak behulpsaam te wees, word met verwysing na Artikel 30 Kerkorde nie behandel nie.
- Nasionale Sinode 1997. 'n Appèl met nege gronde word deur Sinode 1997[382] ter tafel geneem. Op aanbeveling van die appèlkommissie besluit die sinode dat die appèl op twee gronde slaag[383]. Die appèlkommissie voeg 'n punt toe, waarin die konsekwensies van hulle aanbeveling en die sinode se regspraak uitgespel word. Die sinode besluit om nie dié punt van die kommissierapport te aanvaar nie, en volstaan met 'n besluit: 'Die appèl slaag op kardinale gronde'.
- Nasionale Sinode 2003. 'n Appèl dien wat betrekking het op 'n broeder wat voorheen predikant was, en opnuut aansoek doen om tot die amp van Woordbedienaar toegelaat te word[384]. 'n Lang proses het aan die appèl voorafgegaan en daartoe aanleiding gegee. Die sinode spreek uit dat die appèl van die broeder slaag[385]. In die acta word melding gemaak van die konsekwensie van die uitspraak, naamlik 'dat die hele aansoek van vooraf (*de novo*) begin by die kerkraad van Nigel'. Hiervan neem die sinode kennis[386], sonder om dit goed of af te keur.

Enkele uitsonderings moet ten opsigte van bostaande aangeteken word:

- Sinode 1982. In 'n appèl teen die besluit van 'n partikuliere sinode voer 'n kerkraad aan dat hulle predikante ten onregte in 'n staat van beskuldiging gestel word, terwyl 'n klag van leerdwaling nie teen hulle ingebring en behandel is nie[387]. Die sinode gee die appellerende kerkraad gelyk 'en verwys die saak terug om ooreenkomstig art. 79 KO behandel te word'[388]. Laasgenoemde wyse van optrede kom ooreen met die soort regspraak wat sinodes voor 1961 gelewer het.
- Nasionale Sinode 1985. In 'n appèl met betrekking tot die opname van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar in die kerkverband word verwys na onafgehandelde tugsake waaraan in die proses van opname in die kerkverband nie genoegsame en regte aandag geskenk is

---

[380] Die kerkraad voer aan dat dokumente wat van die betrokke deputate korrespondensie aangevra is nie betyds ontvang is nie of van hulle weerhou is; dat hulle nie deur die partikuliere sinode aangehoor is nie; dat die partikuliere sinode nagelaat het om ooreenkomstig die Skriftuurlike eis getuienis aan te hoor, elkeen geleentheid te gee om sy kant van die saak te stel, en reg te spreek (Acta, 1994:95-101).
[381] Acta, 1994:116, punt 3
[382] Acta, 1997:61-79, artikel 12.3.2
[383] Acta, 1997:79, punt 3.2.1
[384] Acta, 2003:62-72, artikel 12.2.4
[385] Acta, 2003:72, punt 4
[386] Acta, 2003:72, punt 5
[387] Acta, 1982:141-145, artikel 63
[388] Acta, 1982:145, punt 4.2.2

nie[389]. Die sinode kom tot die slotsom dat die appèl op vyf van die ses punte nie slaag nie, terwyl een appèlgrond goedgekeur word. Die sinode oordeel voorts dat 'die handhawing van die appèl op hierdie een grond egter nie inhou dat die Klassisbesluit insake die opname van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar in die kerkverband nietig verklaar word nie. Dit hou alleen in dat die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar en die Klassis met die oog op versoening opnuut aan die 'onskriftuurlike tughandelinge' van 1958 aandag behoort te gee'.

- Nasionale Sinode 2003. Die sinode spreek uit dat 'n appèl slaag[390]. Die acta vermeld tewens die konsekwensie van die sinode-uitspraak: 'Dat die appèl van vooraf (*de novo*) deur Oostelike Part. Sinode 2003 kragtens artt. 30 en 31 hanteer word. Die Appellant het in die ontmoeting met die Appèlkommissie aangedui dat hy 'n pad van versoening wil loop alreeds vóór Oostelike Part. Sinode 2003. Alle betrokkenes by hierdie saak moet asseblief van hierdie gesindheid deeglik kennis neem'. Die sinode keur dit goed[391].

5.4.4.4 Regspraak: Bevinding

Ontvanklikheid van appèl

Die bestaande appèlprosedure insake ontvanklikheid word deurgaans nougeset gevolg.

'n Sinode het per geleentheid, téén die advies van sy regskommissie in, besluit om twee appèlle onontvanklik te verklaar. Dit wek die indruk van formalisme, getuig nie van bereidwilligheid om reg te soek en reg te spreek nie, en bevorder geen goeie regsgang met die oog op regsherstel nie.

Oor die inhoud en omvang van die bestaande kriteria word bevind dat dit eensydig formeel van aard is. In 'n enkele geval is ontvanklikheid nie net formeel nie, maar ook op grond van die inhoud van die appèl bepaal. 'n Kommissie adviseer die sinode dat hy 'nie op die appèl (van 'n kerkraad – GJM) kan ingaan nie, aangesien die kerkraad geen kerkregtelike besware aanvoer teen die besluit nie, maar hulle nie wil onderwerp aan die beslissing van die meerdere vergadering nie'[392]. Die sinode keur die advies goed en gee die kerkraad skriftelik antwoord van sy besluit. Dit getuig van goeie regspraak, te meer omdat die sinode in daardie besondere geval ook twee van sy afgevaardigde predikante aangewys het om 'n broederlike oplossing vir die geskil te help soek[393].

---

[389] Acta, 1985:173-178
[390] Acta, 2003:73-82, artikel 12.2.5
[391] Acta, 2003:82, punt 5
[392] Acta, 1933:110, punt 6
[393] Acta, 1933:110, 112

'n Beskrywingspunt van die Gereformeerde Kerk Brackenhurst aan Klassis Germiston[394] is in hierdie verband eweneens tersaaklik. Die kerkraad stel in die beskrywingspunt dat vooraf gesprek volgens Matteus 18 (gesprek en poging tot versoening) as noodsaaklik geag word, alvorens 'n appèl in behandeling geneem word. Met dié beskrywingspunt vra die kerkraad in effek dat die ontvanklikheid van 'n appèl ook bepaal word deur optrede wat aan die appèl voorafgegaan het. Die klassis het die beskrywingspunt afgekeur[395]. 'n Versoek aan die sinode om wel uitspraak daaroor te doen, het op dowe ore geval[396].

Die slotsom waartoe gekom word, is dat die bestaande ontvanklikheidskriteria vir appèlle onvoldoende is. Goeie regsgang vereis dat appèlle formeel sowel as inhoudelik vir ontvanklikheid getoets sal word, en dat die vergadering wat daaroor moet oordeel terdeë bewus sal wees van die gewig van hulle uitspraak[397]. Indien 'n appèl onontvanklik verklaar word, behoort die besluit gemotiveerd en skriftelik aan die appellant oorgedra te word.

Ondersoek van appèl

Die appèlprosedure bevat slegs twee vereistes en een vergunning ten opsigte van die ondersoek van 'n appèl. Niks anders word oor 'n ondersoekproses ooreenkomstig algemeen geldende regsnorme gemeld nie.

Nieteenstaande die beknopte prosedure het 'n omvangryke ondersoek-praktyk oor baie jare in die kerklike lewe geyk geraak. Gemeet aan die norme vir die ondersoek van 'n appèl, word bevind dat die praktyk die prosedure by verre oortref.

Dit blyk derhalwe noodsaaklik te wees om die appèlprosedure in hierdie opsig grondig te hersien. In die proses van hersiening behoort aan sekere wesenlike sake aandag gegee te word[398], waaronder reëls waaraan 'n regsondersoek moet voldoen[399], asook reëls wat vir regsvinding[400] geld.

---

[394] Acta, 1994:94, punt 3.2
[395] Acta, 1994:95, punt 4.1.2
[396] Acta, 1994:110, punt 3
[397] Vergelyk die slotopmerking by hoofstuk 4.4.5.1
[398] Sien hoofstuk 4.4.5.4
[399] Die ondersoek sluit vorming van 'n geheelbeeld van die saak in, asook die aanhoor van partye en getuies.
[400] Regsvinding het te doen met 'n analise van die feite op tafel, die stel van die toepaslike regsvrae en die bereiking van 'n gebalanseerde bevinding.

Uitspraak oor appèl

Dit is reeds gestel dat die appèlprosedure nie verwys na die manier waarop 'n kerklike vergadering regspraak formuleer en aan die betrokkenes bekend maak nie.

Sinode-uitsprake oor appèlle kan breedweg in twee groepe verdeel word:

- Tot 1945 gee sinodes oor die algemeen duidelik omskrewe, begronde regsuitsprake. Konsekwensies van die uitspraak asook stappe wat onderneem moet word om tot regsherstel by te dra, word deur die sinode in sy uitspraak verwoord. Enkele latere sinodes[401] het eweneens rigtinggewende uitsprake ten opsigte van verdere hantering van die konflik gelewer.
- Vanaf 1961 word uitsprake kort en bondig gestel: 'n appèl slaag of slaag nie. In baie gevalle spreek die sinode sy dank teenoor die appèlkommissie uit, maar gee hy geen aanduiding hoe die appellant en/of mindere vergadering met die uitspraak verder moet handel nie.

Gemeet aan die norm vertoon sinode-uitsprake oor appèlle sedert 1961 oor die algemeen ernstige leemtes. Regsondersoeke deur appèlkommissies is deurgaans baie deegliker en meer veelseggend as die uitsprake van die vergadering. Die indruk word gewek dat die kern van die konflik wat tot die appèl aanleiding gegee het, nie die fokuspunt van regspraak is nie[402]. Die indruk word verder gewek dat regsprekende vergaderinge op 'n tegnies-korrekte wyse oor die rapport van 'n appèlkommissie oordeel in stede daarvan om aan die hand van die kommissierapport effektiewe regspraak te lewer wat tot beëindiging van die konflik kan bydra.

By dit alles blyk dit dat sinodes hulle welbewus daarvan weerhou om hulle oor sake van plaaslike kerke en mindere vergaderinge uit te spreek, al word hulle volgens die ordelike weg vir hulp gevra[403]. Met 'n beroep op Artikel 30 Kerkorde[404] word sake 'terugverwys' na mindere vergaderinge wat tevore reeds daaroor geoordeel het en klaarblyklik nie by magte was om die

---

[401] Sinodes 1982, 1985 en 2003.

[402] Die fokus by sinodes is deurgaans op die regspraak van die mindere vergadering gerig. Indien 'n appèl slaag is die effek daarvan dus dat die mindere vergadering se uitspraak beoordeel is. Daarmee is die kern van die appèl (die konflik tussen die appellant en sy kerkraad) nog nie aangespreek nie.

[403] Sinode 1991 gee 'n broeder gelyk dat hy deur die klassis en die partikuliere sinode verontreg is. Die sinode swyg oor die appellant se dringende versoek om sy 'werklike appèl grondig te ondersoek en uitspraak te lewer' (Acta, 1991:90-95).

[404] Acta, 1994:116, punt 4

konflik bevredigend aan te spreek nie[405]. Te Velde[406] verwys na dié wyse van optrede as 'n 'afskuif-refleks'.

5.4.5 Regsherstel

5.4.5.1 Regsherstel: die norm[407]

Regsherstel is 'n gawe van God. Sover dit die mens se verantwoordelikheid in diens van God aangaan is regsherstel die proses wat uitloop op 'n toestand waarin twee partye wat met mekaar in konflik was, tot só 'n mate die konflik oorkom het dat hulle met mekaar versoen raak en weer in harmonie en vrede met mekaar kan saamleef.

Die uitsig op Godgegewe regsherstel moet almal wat by 'n appèlsaak betrokke is met geloofsverwagting vervul. Die appellant, die kerkraad sowel as die regsprekende vergadering mag vir geen oomblik dié één sentrale mikpunt uit die oog verloor nie. In die soeke na regsherstel sal die appellant eers alle ander moontlikhede van konflikoplossing oorweeg alvorens tot appèl of verdere appèl oorgegaan word. 'n Regsprekende vergadering sal nie onnodig met regspraak sloer nie, maar in gehoorsaamheid aan God die onreg haastig aanspreek en uit die weg ruim.

5.4.5.2 Regsherstel: die appèlprosedure aan die norm getoets

In 'n motivering vir 'n beskrywingspunt wat voor Sinode 1985 gedien het, word beklemtoon dat regspraak diensbaar moet wees aan die 'waarheid volgens Gods Woord wat moet seëvier' en 'die reg van beide partye in 'n appèlsaak'[408].

Die appèlprosedure verwys nêrens in soveel woorde na die uitsig op regsherstel nie.

5.4.5.3 Regsherstel: die praktyk aan die norm getoets

Die appèlkommissie wat die Sinodale Vergadering van 1933 moes adviseer, stel as naskrif by sy rapport: 'Na aanleiding van die advies van die kommissie oor hierdie en ander punte en na aanleiding van die nog bestaande beroeringe en onvrede in die gemeentes van Pretoria en Pretoria Oos gee u kommissie aan die hand dat *die Sinode 'n poging aanwend om voor dat hy*

---

[405] Vergelyk die besluit van Sinode 1976 om geen uitspraak oor 'n appèl te lewer nie, maar die hele aangeleentheid in die lig van die bevindings na die betrokke kerkraad terug te verwys (Acta, 1976:225 punt E in samehang met Acta, 1976:223, punt 7). Met sy 'geen uitspraak'-besluit doen die sinode presies waaroor die appellant kla en waarteen sy eie kommissie hom waarsku.

[406] Te Velde, 1994c:595

[407] Sien hoofstuk 4.6.5

[408] Acta, 1985:524-525, artikel 111

uitmekaar gaan vrede hier te bewerkstellig (my beklemtoning – GJM) sonder dat moontlike aanhangige sake daardeur geprejudiseer word en dat daarvoor 'n kommissie deur die Eerw. Sinode benoem word'[409]. Die sinode het die advies van die kommissie opgevolg en twee afgevaardigdes benoem wat met die betrokkenes 'samesprekings sal hê vir 'n broederlike oplossing'[410].

Die Sinodale Vergadering van 1945 hanteer 'n brief van 'n broeder en suster, waarin hulle die sinode versoek 'om 'n weg oop te maak waardeur hulle weer kan deel in die gemeenskap met die medegelowiges. Die brief gaan gepaard met 'n appèl, waaroor die sinode reeds uitspraak gedoen het[411]. Die sinode besluit 'dat op bogemelde brief vriendelik geantwoord sal word dat die weg om tot kerklike gemeenskap toe te tree die plaaslike Kerkraad is'.

By Nasionale Sinode 1985 appelleer drie broeders in verband met die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar wat as kerk in die kerkverband van die GKSA opgeneem word[412]. In die appèl word onder andere verwys na onafgehandelde tugsake waaraan in die proses van opname in die kerkverband nie genoegsame en regte aandag geskenk is nie. Die sinode kom tot die slotsom dat die appèl op vyf van die ses punte nie slaag nie, terwyl een appèlgrond goedgekeur word. Die sinode oordeel voorts dat 'die handhawing van die appèl op hierdie een grond egter nie inhou dat die Klassisbesluit insake die opname van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar in die kerkverband nietig verklaar word nie. Dit hou alleen in dat die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar en die Klassis *met die oog op versoening opnuut aan die 'onskriftuurlike tughandelinge' van 1958 aandag behoort te gee*' (my beklemtoning – GJM).

Nasionale Sinode 2003 keur goed dat 'n bepaalde appèlsaak, waarby verskeie individuele lidmate en kerke en klasses betrokke is, nie verder behandel word nie[413]. Hierdie uitspraak volg op die rapport van die appèlkommissie wat na deeglike ondersoek van die saak bevind dat die omvang van die materie van die appèl en die verstrengelde aard daarvan sodanig is dat dit vir die sinode onmoontlik gemaak word om in die tyd tot sy beskikking goeie regspraak te lewer. Bowendien oordeel die appèlkommissie dat 'regspraak in hierdie appèl nie die totale probleem, waarvan dit (die inhoud van die appèl – GJM) maar 'n onder-afdeling is, sal oplos nie. *Vir 'n totale oplossing is versoening tussen botsende partye van grondvlak af noodsaaklik* (my beklemtoning – GJM)[414]. Die sinode besluit om die appèl, sowel as die rapport van die

[409] Acta, 1933:110-111
[410] Acta, 1933:112
[411] Acta, 1945:189-191, artikel 243
[412] Acta, 1985:173-178, artikel 54
[413] Acta, 2003:101, punt 2.2.1
[414] Acta, 2003:101, punte 2.1.1 en 2.1.4

appèlkommissie, na 'n *Synodus Contracta* te verwys. Alle betrokkenes word inmiddels gewys op die plig wat op hulle rus om volgens Matteus 5:23-24 die inisiatief te neem in die soeke na versoening. Voordat die *Synodus Contracta* byeenkom, moet die betrokkenes met mekaar vergader. Die sinode wys vier adviseurs aan wat 'n fasiliteringsrol speel en leiding gee ten einde mee te help om 'n oplossing van probleme te verkry en die partye tot versoening te lei[415].

5.4.5.4 Regsherstel: bevinding

Uit al die sinode-uitsprake oor appèlle wat nagegaan is, is slegs vier uitdruklike verwysings na versoening en regsherstel gevind. Die appèlprosedure verwys nie uitdruklik na die uitsig op regsherstel nie.

Dit op sigself is geen bewys dat daar in die regspraak van die GKSA nie na regsherstel gestreef word nie. Met goeie reg kan aanvaar word dat regspraak binne die geheelkonteks van die Skrif, belydenis en kerkorde tot stigting van die kerke plaasvind. Afgevaardigde lede van regsprekende vergaderinge verbind hulle ooreenkomstig die openlike verklaring tot handelinge en besluite wat tot heil en seën van die kerke strek[416].

Met laasgenoemde as basis word bevind dat daar uitdruklik na regsherstel in geval van konflikhantering[417] verwys moet word. Die appèlprosedure moet in dié opsig aangevul word, en regsprekende vergaderinge behoort dit – in ag genome die unieke inhoud van elke appèlsaak – in hulle uitspraak te verwoord.

5.5 LEEMTES EN REMEDIE

In die voorafgaande paragrawe is die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA aan die hand van die norme vir regspraak geëvalueer. Bepaalde leemtes is reeds aangedui. In die volgende paragrawe word 'n oorsig oor al die geïdentifiseerde leemtes gegee.

In ag genome die appèlprosedures van ander kerke, wat in paragraaf 5.3 bespreek is, word 'n remedie voorgestel om die gebreke aan te spreek. Sodoende sal tegelyk aangetoon word hoe die norme vir regspraak konkreet in die praktyk toegepas kan en behoort te word.

---

[415] Acta, 2003:101, punte 2.2.2-2.2.5

[416] GKSA, 1998:85. 'Dit is die wens en bede van bogenoemde sinodale vergadering dat daardeur en deur die werking van die Heilige Gees al die uitverkorenes vergader en al die ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig word'.

[417] Appèl is in wese niks ander as die geskrewe neerslag van 'n konflik nie (vergelyk hoofstuk 4.5.1). Behandeling van appèl kom gevolglik op konflikhantering neer.

5.5.1 Identifisering van leemtes

Leemtes met betrekking tot die partye

Oor die identifisering, betrokkenheid en ingesteldheid van partye word die volgende bevind:

- Die appèlprosedure is nie duidelik genoeg met betrekking tot die identifisering van die partye wat by die appèl betrokke is nie.
- Geen skerp onderskeid word tussen die partye en die mindere kerklike vergadering wat reeds oor die appèl uitspraak gelewer het, getref nie.
- Kerklike vergaderinge verwys deurgaans na die mindere vergadering as 'n *verweerder* in die saak. Dit versterk die gedagte dat die regter as 'n party in die saak betrek word indien daar teen sy uitspraak geappelleer word.
- Dit is 'n leemte dat beide partye wat by die appèl betrokke is nie persoonlik by die behandeling daarvan teenwoordig *moet* wees nie.
- Omdat appèl meestal met diepgaande geloofsoortuigings en intense gevoelens gepaard gaan, is dit 'n gebrek dat die appèlprosedure niks oor die ingesteldheid van die appellant en die ander party vermeld nie.

Leemtes met betrekking tot die appèlskrif

Oor die vorm en inhoud van die appèlskrif en die appèlgronde wat aangevoer word, word bevind:

- Geen riglyne bestaan vir die appellant waarvolgens hy sy appèlskrif in 'n geskikte vorm behoort te giet nie.
- Onduidelikheid bestaan oor die gronde waarop 'n appèlskrif moet rus. Kan daar ander gronde vir verongelyking as die Skrif, die belydenis of die kerkorde wees?

Leemtes met betrekking tot die regter

Oor die regsprekende vergadering en die appèlkommissie wat die vergadering adviseer word bevind:

- Geen duidelikheid bestaan oor die posisie en taak van appèldeputate nie, veral nie oor die vraag of appèldeputate afhandelingsbevoegdheid kan hê nie.

Leemtes met betrekking tot regspraak

Oor die ontvanklikheid en ondersoek ván en uitspraak óór 'n appèl word bevind:

- Bestaande ontvanklikheidskriteria vir appèlle is eensydig en daarom onvoldoende. Goeie regsgang vereis dat appèlle formeel sowel as inhoudelik vir ontvanklikheid getoets word.
- Geen reëls bestaan vir die wyse waarop 'n regsprekende vergadering sy besluit oor onontvanklikheid verwoord, motiveer en aan die appellant beskikbaar stel nie.
- Die appèlprosedure is karig wat betref die wyse waarop 'n appèl ondersoek behoort te word. Reëls waaraan 'n regsondersoek moet voldoen, asook reëls vir regsvinding is twee wesenlike elemente wat nie daarin voorkom nie.
- Die feit dat die appèlprosedure swyg oor die wyse waarop 'n regsuitspraak geformuleer behoort te word, word as 'n ernstige leemte beskou.
- Dié leemte kom nie net in die prosedure voor nie, maar ook in die praktyk. Op enkele uitsonderings na volstaan kerklike vergaderinge met 'n bondige besluit dat 'n appèl slaag of nie slaag nie – asof daarmee reggespreek is.

Leemtes met betrekking tot regsherstel

Oor die soeke na regsherstel word bevind:

- Dit is 'n wesenlike leemte dat die appèlprosedure nie uitdruklik na die uitsig op en aktiewe soeke na regsherstel verwys nie.
- Dié leemte reflekteer in die bondige besluite wat kerklike vergaderinge deurgaans oor appèlsake neem.

Opmerking

In 1924 is met leedwese opgemerk dat daar nie minder nie as vyf appèlsake en een beswaarskrif op die agenda van die meerdere vergadering dien[418]. Dit behoort 'n groter bron van leedwese en kommer te wees dat daar vier appèlle en twintig beswaarskrifte[419], ses appèlle en dertien beswaarskrifte[420], sestien appèlle en sewe beswaarskrifte[421], nege appèlle en twee-en-twintig beswaarskrifte[422], vyf appèlle en ses-en-twintig beswaarskrifte[423] op die tafels van onderskeie sinodes lê. Die bron van kommer neem verder toe as in ag geneem word dat een saak deur twee sinodes (ten minste ses jaar) behandel moet word[424] en 'n ander saak oor drie sinodes (ten minste nege jaar) strek[425].

---

[418] Acta, 1924:65
[419] Acta, 1994:6
[420] Acta, 1997:i-ii
[421] Acta, 2000:ii
[422] Acta, 2003:iii-iv
[423] Aanvullende agenda, 2006:i-ii
[424] Acta, 2003:62-72; Notule, 2006:38, artikel 193
[425] Acta, 1988:565-569; Acta, 1991:77-87; Acta, 1994:55-72

Die oorsaak vir die toename in die getal regsake en die langdurige voortsleep daarvan kan legio wees. Ongeag daarvan dwing die statistieke die kerke eerlikheidshalwe terug na hulle wyse van regspraak.

Met hierdie studie word bevind dat 'n gebrekkige appèlprosedure en -praktyk tot vermeerdering van onreg kan lei in stede daarvan dat onreg reggestel en tot herstel van vrede bygedra word.

5.5.2 Remedie: handhawing van die norm in die praktyk

5.5.2.1 Norm en prosedure

In die Gereformeerde kerkreg word deurgaans gepoog om nie die gelowiges se geloofslewe deur allerlei reglementeringe te blus nie[426]. Op goeie gronde word die gevaar van oor-reglementering van die kerklike lewe, waaronder kerklike appèl, uitgewys[427]. In praktyk werk oor-reglementering wettisisme, kasuïstiek en uiteindelik dooie formalisme in die hand.

Lynreg teenoor die gevaar van *oor*-reglementering bestaan die gevaar van *onder*-reglementering. Reg is van nature formeel van aard[428]. Daar is vaste Godgegewe vorms, waaraan die reg gebonde is en waardeur dit bepaal word. Dié vorms, wat in die Skrif opgeteken is, moet ter wille van goeie regsgang in konkreet-toepaslike reëls *hic et nunc* geformuleer word. Duidelike reëls voorkom verwarring, onsekerheid, skade en eventuele vermeerdering van onreg[429]. Vaslegging van enkele elementêre reëls vir 'n sorgvuldige regsgang is welkome hulpmiddels om die eintlike werk, die herstel van reg en vrede, des te beter en effektiewer te doen[430].

Tussen die gevaar van *oor*-reglementering enersyds en die gevaar van *onder*-reglementering andersyds moet 'n suiwer balans tussen norm en prosedure gevind word. In die soeke na en handhawing van balans geld Artikel 32 NGB as vertrekpunt: 'al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, moet regeerders van die kerk noukeurig oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. Daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens te bind en daardeur te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om

[426] Sien hoofstuk 4.4.3.1
[427] Jonker, 1965:14; Smit, 1984a:103; Smit, 1987:23; Van Dellen en Monsma, 1954:142
[428] Rutgers, 1894:17
[429] Te Velde, 1997:58; Haitsma *ea.*, 2002a:8
[430] Te Velde, 1994b:583

eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou ...'.

Daarby moet in gedagte gehou word dat die kerke met die formulering en vasstelling van reëlings só te werk behoort te gaan dat hulle[431]:

- die gewetens altyd vrylaat;
- alle bepalings altyd met die goeie orde in verband bring;
- God se ordinansies altyd onvoorwaardelik op die voorgrond stel;
- hulle aan die Woord van God hou – as dit moet selfs teenoor alle kerklike ordeninge en beslissings.

5.5.2.2 Die norm in praktyk

Op die basis van bogenoemde behoort 'n diensbare appèlprosedure sekere noodsaaklike elemente te bevat. Ooreenkomstig die indeling waarvan deurlopend in hierdie studie gebruik gemaak is, word dié elemente agtereenvolgens genoem[432].

Die partye

'n Appèlprosedure behoort:

- duidelik te stel wie die partye is wat by die appèl betrokke is. Dat die mindere kerklike vergadering wat reeds oor 'n appèl uitspraak gelewer het geen party in 'n voortgaande appèlsaak word nie, moet eweneens duidelik verwoord word;
- korrekte terminologie vir elke party asook vir die betrokke mindere vergaderinge te bevat. Appellant (eerste party in die saak), respondent (tweede party in die saak) en toeligter (gevolmagtigdes van die mindere vergadering wat reeds uitspraak gelewer het) kan as terme oorweeg word;
- as vereiste te stel dat beide partye wat by die appèl betrokke is persoonlik by die behandeling daarvan teenwoordig sal wees;
- Skrifgefundeerde rigtingwysers oor die ingesteldheid van die appellant en die ander party te bevat;
- die plek van die 'derde' in die appèlsaak te definieer, en te beskryf hoe daar met die 'derde' gehandel word.

---

[431] Rutgers, 1894:25

[432] Die sintese van hoofstuk 4.6 gee 'n breër perspektief op die elemente wat in hierdie paragraaf slegs puntsgewys genoem word.

Die appèl

'n Appèlprosedure behoort:

- uiteen te sit wat die 'verongelyking' van Artikel 31 KO behels;
- die verongelykte op die weg van Matteus 18 as *voorwaarde* vir konflikoplossing te wys, alvorens tot appèl oorgegaan mag word;
- die verongelykte op arbitrasie, mediasie en visitasie as *alternatiewe* vir konflikoplossing te wys om die aangaan van 'n appèlsaak te voorkom;
- die formele minimum-vereistes vir 'n appèlskrif weer te gee[433];
- die gronde vir 'n appèlskrif – die Skrif, die belydenis of die kerkorde – uitdruklik te noem;
- riglyne te bevat waarvolgens die appellant sy appèlskrif in 'n geskikte vorm kan giet. Ter wille van 'n effektiewe regsgang en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif materiële en formele gronde bevat, wat duidelik van mekaar onderskei word.

Die regter

'n Appèlprosedure behoort:

- die posisie, taak en bevoegdheid van 'n appèlkommissie en/of -deputate – wat die regsprekende vergadering in hulle regspraak moet help – uit te spel.

Regspraak

'n Appèlprosedure behoort:

- duidelike ontvanklikheidskriteria, waarin appèlle formeel sowel as inhoudelik vir ontvanklikheid getoets word, neer te lê;
- reëls vir verlof tot appèl te bevat;
- te bepaal hoe 'n regsprekende vergadering sy besluit oor ónontvanklikheid verwoord, motiveer en aan die appellant beskikbaar stel;
- reëls waaraan 'n regsondersoek moet voldoen, asook reëls vir regsvinding neer te lê;
- te bepaal hoe die regsuitspraak met die oog op regsherstel geformuleer word, onder andere hoe die implikasies en praktiese konsekwensies van die uitspraak verwoord word.

---

[433] Onder formele minimum-vereistes tel die tyd waarbinne kennis van appèl gegee word, asook die woordelikse weergee van die besluit waarteen geappelleer word. Dit sal verder nuttig wees om prosedureel vas te stel in watter formaat (verkieslik elektronies en 'n harde kopie wat onderteken is) die appèlskrif ingedien moet word.

Regsherstel

'n Appèlprosedure behoort:

- uitdruklik na die uitsig op en aktiewe soeke na regsherstel te verwys;
- alle betrokkenes by die appèl op te roep en daartoe te verbind om hulle vir regsherstel te beywer.

5.5.2.3 Redaksie van Artikel 31 KO

In paragraaf 5.2.2.1 is beskryf watter redaksionele wysigings Artikel 31 KO in die GKSA ondergaan het.

In dié proses het twee wesenlike veranderinge ingetree:

- die orde van die twee heterogene beginsels wat in die artikel verwoord word, is omgekeer;
- bepaalde terme is anders weergegee as wat dit in die Dordtse Kerkorde vasgestel is.

Dit val buite die bestek van die studie om op die volgorde van die twee onderdele van Artikel 31 KO in te gaan. Daar word volstaan met die opmerkings wat hieroor met betrekking tot die Middelburgse Kerkorde van 1581[434] gemaak is.

In navolging van Artikel 31 Dordtse Kerkorde word die volgende bewoording aan die hand gedoen[435]:

> As iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep. Besluite wat met meerderheid van stemme geneem is, sal vir vas en bindend gehou word, tensy bewys word dat dit met die Woord van God, die belydenis of die geldende kerkorde in stryd is.

[434] Sien hoofstuk 3.5.2.4
[435] Vergelyk Meijer, 1995:182

HOOFSTUK 6
SLOTSTELLINGE

Op grond van bevindinge waartoe in die voorafgaande hoofstukke gekom is, word kort antwoorde op die ses navorsingsvrae, soos wat dit in hoofstuk 1.4.2 gestel is, geformuleer. Die antwoorde dien terselfdertyd as slotstellinge wat die hoofsaak van die studie teties weergee.

6.1 EERSTE VRAAG: SKRIFTUURLIKE GRONDSLAG

Vraag

Is daar in die Skrif sprake van appèl soos dit in Artikel 31 KO verwoord is? Wat word in die Skrif binne die breë konteks van God se geregtigheid oor die reg van die verontregte, die posisie en taak van die regter en oor die proses van regspraak in geval van verontregting geopenbaar?

Antwoord

Ja, daar is in die Skrif sprake van appèl soos dit in Artikel 31 KO verwoord is. Die Skrif gee genoegsame en deurslaggewende getuienis vir die feit dat daar geappelleer kan word, die wyse waarop dit behoort te geskied, asook die behandeling en afhandeling van 'n appèl. Kerklike appèl, soos wat dit in Artikel 31 KO voorkom, is nie – soos deur sommige eksegete en kerkregtelikes beweer word[1] – 'n *non liquet* nie en berus nie op 'n *argumentum e silentio* nie.

Dit is wel so dat die Skrif nie na meerdere vergaderinge en beroep op meerdere vergaderinge, soos wat dit in die Gereformeerde kerkreg bekend is, as sulks verwys nie. Die saak van appèl (beroep op 'n meerdere vergadering) is egter eie aan die Skrif. In geval van verontregting is daar ruimte om dié verontregting uit te wys en op regsherstel aanspraak te maak[2].

Binne die breë konteks van God se geregtigheid openbaar die Skrif die volgende oor die reg van die verontregte, die posisie en taak van die regter en oor die proses van regspraak in geval van verontregting:

---

[1] Deddens, 1953q:19; Roeleveld, 1972a:46; De Kock, 1982:24

[2] Die Ou Testamentiese *tsa'aq 'al* is 'n regsbegrip, wat 'beroep doen op' beteken. *Tsa'aq 'al* gaan uit van iemand wat in 'n staat van onreg is. Die verwante begrip *sjafat* dui op iemand wat verontreg is en kragtens God se verbondsbelofte op regspraak geregtig is. Die Nuwe Testamentiese *boao* en *epikaleomai tina* is eweneens begrippe met 'n juridiese belading, wat met die Latynse *appellare* en *provocare* ooreenkom (sien paragraaf 2.4.1).

- 'n Persoon het 'n reg op regspraak indien hy in terme van God se verbondswet verontreg is.
  - Iemand wat verontreg is moet die regsgronde vir sy verontregting in afhanklikheid van die Here ernstig ondersoek, voordat 'n regskollege genader word om 'n ondersoek in te stel en regspraak te lewer.
  - Regspraak moet met 'n suiwer doel voor oë, naamlik die eer van God en die herstel van die versteurde geloofsgemeenskap, gesoek word.
- God as hoogste Regter bepaal wat reg is en hoe sy reg op aarde bedien moet word.
  - Daar is in die Ou Testament geen eksakte onderskeid tussen 'burgerlike' en 'religieuse' regters en regsake gemaak nie; in die Nuwe Testament word duidelik tussen regters in die burgerlike hof en regters in die *ekklesia* (raad van ouderlinge) onderskei.
  - Plaaslike kerke moet mekaar in die kerkverband met hulp en raad, ook wat regspraak betref, bedien.
  - Regters moet bekwame, wyse, verstandige en ervare manne wees wat amptelike diens kan verrig.
- Regsake moet met omsigtigheid en die grootste noukeurigheid hanteer word.
  - Deur middel van wedersydse ondervraging van die klaer en aangeklaagde moet die regter die inhoud van die klag van verontregting sover moontlik kontroleer en verifieer. Die feite op grond waarvan reg gespreek word, moet vasstaan. Daar mag nie op gerugte afgegaan word nie.
  - Die regter moet deeglik ondersoek doen deur regsvrae te stel en langs dié weg sake onderskei, saamvoeg en met mekaar vergelyk sodat tot die kern van die vermeende onreg deurgedring word.
  - Die saak in geding, naamlik die klag van verontregting, moet aan die hand van God se Woord gemeet word.
  - Na afloop van die ondersoek moet die regter tot 'n regsbevinding kom deur die reg en onreg van alle betrokkenes met duidelike bewyse aan te toon.
- Dit is die taak van die regter om die juridiese ewewig, wat as gevolg van onreg versteur is, te herstel.
  - Regspraak is nog nie afgehandel as die regter bevind het wie gelyk en wie ongelyk het nie. Die einddoel van regspraak is dat alles weer in orde kom, dat mense gelei word op die weg van vrede. In sake waar twee mense op 'n suiwer persoonlike vlak met mekaar bots, moet regters poog om met hulle regsuitspraak tot onderlinge versoening by te dra.

6.2 TWEEDE VRAAG: APPÈL IN DIE KERKORDE

Vraag

Wat is die wese en inhoud van appèl soos dit in 1568 in die Kerkorde van die Gereformeerde kerke opgeneem is en daarna in die Gereformeerde kerkreg tot en met Dordrecht 1618/19 ontwikkel het?

Antwoord

Uit die redaksionele ontwikkeling[3] van Artikel 31 Dordtse Kerkorde word duidelik dat:

- die reg tot appèl van meet af aan kerkordelik deur die sinodes van die Gereformeerde Kerke in die Nederlande vasgelê is;
- *appellare* en *provocare* as wisselterme gebruik word, wat albei sonder enige verdere onderskeiding beroeping op 'n meerdere vergadering aandui;
- daar teen oor-reglementering van die kerkregering oor die algemeen, en kerklike appèl in besonder, gewaarsku en gewaak is;
- daar na 'n meerdere vergadering geappelleer kan word indien iemand verongelyk, verontreg of beswaard is[4];
- appèl aanvanklik primêr aan die kerklike tug verbind is, sonder dat dit tot tugsake beperk is;
- appèl deur latere sinodes uit die direkte konteks van ampstug geneem is, en tussen artikels oor kerklike vergaderinge geplaas is;
- niemand ooit die geleentheid ontneem word om in sy vermeende verontregting aangehoor te word nie;
- appèl so spoedig as moontlik ingestel moet word, veral as dit oor 'n tugsaak handel;
- kerklike vergaderinge bevoeg en daartoe geroep is om uitspraak oor 'n appèl te gee;
- 'n uitspraak oor appèl – soos alle ander besluite wat die vergadering met meerderheid van stemme neem – vas en bindend is, tensy dit met die Woord van God in stryd is;
- indien 'n appèl *sub judice* is, die besluit waarteen geappelleer is nie uitgevoer word nie totdat uitspraak oor die klag van vermeende verontregting gelewer is.

---

[3] Sien hoofstuk 3.5, waar die redaksionele ontwikkeling vanaf Wesel 1568 tot Dordrecht 1618/19 bespreek word.

[4] Verongelyking sluit verontregting (*iniuria*) en beswaard-wees (*gravis*) in. Verongelyking plaas die appellant in die posisie van beswaard-wees (*gravis*).

6.3 DERDE EN VIERDE VRAAG: PRINSIPE EN PRAKTYK

Derde vraag

Wat is volgens die Skrif, die kerkgeskiedenis en die wêreldlike reg die beginsel(s) waarop appèl en regsherstel in die kerklike lewe rus? Uit watter wesenlike aspekte bestaan dit? Hoe kan dié aspekte beskryf word?

Vierde vraag

Hoe funksioneer appèl met die oog op regsherstel in die konteks van die Gereformeerde kerkorde en kerkregering? Wie is geroep om reg te spreek? Watter bevoegdhede het die kerklike regters? Volgens watter kriteria en prosedure moet hulle regspreek? Wat is die grense van hulle regspraak? Op watter wyse moet hulle regspraak deur die betrokkenes in die regsaak ontvang en nagekom word?

Antwoord

Appèl rus op die regsbeginsel dat vermeende verontregting ondersoek en, indien onreg bevind word, reggestel moet word.

Vyf wesenlike aspekte kan rakende appèl met die oog op regsherstel onderskei word. Elkeen van die aspekte word kortliks nader beskryf. Sodoende word die prinsipe in praktyk gebring.

- Die *appellant*
  - Die appellant moet sy gronde en motief vír asook die doel mét sy appèl deeglik oorweeg alvorens hy hom op regspraak beroep.
- Die *partye*
  - Die appellant en respondent (meestal die kerkraad) is die partye betrokke by die appèl. 'n Meerdere vergadering wat oor die appèl uitspraak gelewer het, word geen party nie.
  - Ter wille van regsherstel moet die eventuele posisie van 'derdes' voortdurend in berekening gebring en gehou word.
  - Die appellant mag van 'n 'mond' by die stel van sy appèl gebruik maak.
- Die *appèlskrif*
  - Sonder om in oor-reglementering te verval, is dit ter wille van goeie regsgang noodsaaklik dat daar duidelike reëls vir appèlle neergelê word. Die appellant sowel as die regsprekende vergadering moet oor die vorm, die tyd, die kennisgewing en indiening van die appèl asook die aantal appèlle volkome duidelikheid hê.

- Die *regter*
  - Meerdere kerklike vergaderinge kan as beroepsinstansies dien. Geen vergadering mag oorgeslaan word nie.
  - Meerdere vergaderinge kan van 'n appèlkommissie gebruik maak om hulle te adviseer. Die aanwys van appèldeputate ooreenkomstig Artikel 49 KO kan in baie opsigte tot verbetering van regspraak bydra.
  - 'n Verontregte lidmaat het toegang tot die burgerlike regter, mits hy alles in sy vermoë gedoen het om die weg van kerklike regspraak end-uit te bewandel.
- Die *behandeling van die appèl*
  - Kerklike vergaderinge moet deeglik ondersoek doen na die formele sowel as materiële ontvanklikheid van 'n appèlskrif. Die besluit oor ontvanklikheid moet beredeneerd en gemotiveerd wees.
  - In hulle regspraak moet die vergadering by die grondreëls vir regspraak (waaronder die reëls vir natuurlike geregtigheid) bly. Regspraak moet binne 'n kerklike klimaat en volgens kerklike styl geskied.
  - Die wese van die konflik en die proses waarvolgens die konflik tot op die stadium van die appèl gehanteer is, moet van mekaar onderskei word. Oor beide moet uitsluitsel gegee word.
  - Die proses van behandeling bestaan uit 'n deeglike regsondersoek, regsvinding en die opstel van 'n proses-verbaal.
- Die *uitspraak oor appèl*
  - Regsuitsprake van kerklike vergaderinge moet duidelik en goed gemotiveerd wees.
  - Regspraak dra 'n pastorale karakter. Deur die implikasies van hulle besluit bekend te maak en – indien en waar nodig – advies te gee, moet die regsprekende vergadering die partye help om hulle konflik te oorkom.
  - Partye is ooreenkomstig Artikel 31 KO daartoe verbind om die uitspraak van 'n meerdere vergadering vir vas en bindend te hou.
  - Indien 'n appellant kennis van appèl gegee het, is die saak waaroor hy appelleer *sub judice*.

Aansluitend by die wesenlike aspekte van kerklike appèl is dit van belang om alternatiewe metodes van geskilbeslegting te oorweeg: arbitrasie, mediasie, bindende advies, kommissie van wyse persone en kerkvisitasie.

6.4 VYFDE EN SESDE VRAAG: APPÈL IN DIE GKSA, LEEMTES EN REMEDIE

Vyfde vraag

Wat is die resultaat as die hantering en toepassing van appèl met die oog op regsherstel in die verloop van die geskiedenis van die GKSA aan die hand van die geformuleerde norme geëvalueer word?

Sesde vraag

Watter moontlike leemtes is daar in die hantering van appèl met die oog op regsherstel in die kerkregering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, en hoe kan daardie leemtes aangespreek word?

Antwoord

In hoofstuk 5.4 is die appèlprosedure en -praktyk van die GKSA geëvalueer. In hoofstuk 5.5 is leemtes geïdentifiseer. Die volgende is onder andere bevind:

- *Partye*
  - Die appèlprosedure is nie duidelik genoeg met betrekking tot die identifisering van die partye wat by die appèl betrokke is nie.
  - Geen skerp onderskeid word tussen die partye en die mindere kerklike vergadering wat reeds oor die appèl uitspraak gelewer het, getref nie.
  - Kerklike vergaderinge verwys deurgaans na die mindere vergadering as 'n *verweerder* in die saak. Dit versterk die gedagte dat die regter as 'n party in die saak betrek word indien daar teen sy uitspraak geappelleer word.
  - Dit is 'n leemte dat beide partye wat by die appèl betrokke is nie persoonlik by die behandeling daarvan teenwoordig *moet* wees nie.
  - Omdat appèl meestal met diepgaande geloofsoortuigings en intense gevoelens gepaard gaan, is dit 'n gebrek dat die appèlprosedure niks oor die ingesteldheid van die appellant en die ander party vermeld nie.
- *Appèlskrif*
  - Die teorie (prosedure) en praktyk (soos blyk uit die sinodehandelinge) is sodanig dat genoegsaam tyd vir kennisgewing van appèl gegee word.
  - Die besluit om geen vaste reël vir vroeë indiening van die appèlskrif neer te lê nie, is van belang. Dit is nie altyd prakties uitvoerbaar om 'n appèlskrif voor die vergadering in te dien nie. Daarby moet die vertroulike aard van sekere appèlle in gedagte gehou word.

- Die appèlprosedure is klinkklaar oor die minimum-vereistes waaraan 'n appèlskrif inhoudelik moet voldoen. Dit blyk egter dat daar 'n leemte is wat betref die geskikte vorm waarin 'n appèlskrif gegiet behoort te word. Ter wille van 'n effektiewe regsgang en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif so eenvoudig as moontlik opgestel word.
- Oor die gronde vir 'n appèlskrif bestaan daar nie genoegsaam duidelikheid nie.

- *Regter*
  - Alles dui daarop dat meerdere vergaderinge van hulle roeping tot regspraak bewus is.
  - Of die vergadering in sy geheel tot verantwoorde regspraak oor 'n appèlsaak in staat is, is 'n vraag wat nie so maklik beantwoord kan word nie. Meerdere vergaderinge doen goed daaraan om hulle in hulle regspraak deur 'n appèlkommissie te laat lei. Die alternatief is om appèldeputate met 'n welomskrewe opdrag aan te wys.
- *Regspraak*
  - Ontvanklikheid. Die bestaande ontvanklikheidskriteria vir appèlle is onvoldoende. Goeie regsgang vereis dat appèlle formeel sowel as inhoudelik vir ontvanklikheid getoets sal word, en dat die vergadering wat daaroor moet oordeel terdeë bewus sal wees van die gewig van hulle uitspraak. Indien 'n appèl onontvanklik verklaar word, behoort die besluit gemotiveerd en skriftelik aan die appellant oorgedra te word.
  - Ondersoek. Die appèlprosedure bevat slegs twee vereistes en een vergunning ten opsigte van die ondersoek van 'n appèl. Nieteenstaande die beknopte prosedure het 'n omvangryke ondersoekpraktyk oor baie jare in die kerklike lewe geyk geraak. Gemeet aan die norme vir die ondersoek van 'n appèl, word bevind dat die praktyk die prosedure by verre oortref.
